01

U.O.V.S.
BIBLIOTEEK • LIBRARY

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

UOVS - BIBLIOTEEK

*198807534301220000019*

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

27 OCT 1988

T 284.2685 MER

BIBLIOTEEK

# DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN DIE ORANJE-VRYSTAAT TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG 1899 - 1902

GERT ANDRIES VAN DER MERWE

Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad

*DOCTOR THEOLOGIAE*

in die

Fakulteit Teologie

(Departement Ekklesiologie)

aan die

Universiteit van die Oranje-Vrystaat

...MPLAAR MAG ONDER
...STANDIGHEDE UIT DIE
...VERWYDER WORD NIE

Promotor: Prof. E. P. J. Kleynhans

BLOEMFONTEIN

31 Mei 1988

# DANKBETUIGINGS

Dit is vir enige doktorale student 'n grootse oomblik wanneer die dankwoord van 'n proefskrif as laaste woord geskryf word. So is dit ook inderdaad vir my 'n besondere oomblik; 'n lewensideaal van jare is verwesenlik.

Aan God kom toe die eer en die dank dat Hy my hiertoe in staat gestel het. Ek buig in diepe erkentlikheid teenoor my Hemelse Vader omdat Hy in hierdie studie op 'n besondere wyse vir my gelei en onderneem het. Om, bo en behalwe die verantwoordelikheid en veelvuldige eise van die gemeentelike arbeid in 'n eerste gemeente, in die tydsbestek van vier jaar jou doktorale studie af te handel, verg daadkrag en deursettingsvermoë. Daarom staan die voltooiing van hierdie proefskrif in die teken van genade van die God wat my in sy arms toegevou het.

In my geestelike vorming en akademiese opleiding het twee universiteite 'n onberekenbare rol gespeel. Die vormingsjare op Stellenbosch was ryk en het 'n blywende stempel op my jong lewe gelaat. Dit is opgevolg deur drie betekenisvolle jare aan die nuutgestigte Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Dit was 'n geskiedkundige dag toe die eerste nege teologiese studente op 16 November 1983 gelegitimeer is. 'n Jaar later volg die doktorale studie aan my *alma mater*, wat verdere verdieping bring. Aan die professore aan wie se voete ek kon sit, wil ek in dankbaarheid hulde bring. Ek het hoë waardering vir hulle akademiese en geestelike leiding.

Daar is diepe dankbaarheid teenoor die Hemelse Vader vir die onberekenbare rol wat my geagte promotor, prof. E. P. J. Kleynhans in my lewe speel. As professor en meester op sy vakgebied skep hy die ideale klimaat vir verdere studie en kon hy as eerste hoogleraar in Ekklesiologie die groot en kleiner ratte nie net help olie nie, maar meewerk aan

die vestiging van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. As mens gee hy daagliks inhoud en gestalte aan begrippe soos hoflikheid, beskeidenheid, onkreukbaarheid en bo alles geesvervulde Christenskap. Dit bly 'n voorreg om met hom te kan kommunikeer; hy is meer as 'n promotor: 'n ware vriend en geestelike vader. Die hoë wetenskaplike eise wat hy as professor aan sy studente stel, was vir my intellektueel sowel as geestelik 'n noodsaaklike dissipline, wat steeds my bewondering afdwing. Die gasvryheid en vriendelikheid van sy voortreflike eggenote, mev. Elsa Kleynhans, sal my altyd bybly. Haar menslikheid en meelewing bly mooi herinneringe.

Soos die promotor, is albei mede-eksaminatore in murg en been Vrystaters. In eie reg het elkeen op wetenskaplike gebied 'n bydrae gelewer tot die Vrystaatse kerkgeskiedskrywing. My hartlike dank aan prof. M. C. E. van Schoor, wat as besondere kenner van die Anglo-Boereoorlog, van sy kosbare tyd afgestaan het, en aan prof. P. B. van der Watt, hoof van die Departement Kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, wat met sy vakmanskap, positiewe lewensinstelling en deursettingsvermoë, vir my 'n groot inspirasie is.

'n Onmisbare skakel met die verlede was die onderskeie Kerk- en Staatsargiewe in Kaapstad en Bloemfontein, en die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke. Hartlike dank aan die personeel vir leiding en vriendskap betoon. Mnr. Frans Fouché, bekende in genealogiese kringe, het die navorsing in die Vrystaatse doopregisters gedoen. Hierdie vriendskapsgebaar het my hande gesterk.

'n Besondere woord van dank aan mev. Dora du Plessis van Bloemfontein wat die proefskrif getik het. Sy is meer as 'n tikster, iemand met besondere gawes van hart en hoof. Haar toegewyde diens aan haar Hemelse Vader is navolgenswaardig.

Aan my dierbare ouers 'n woord van hartlike dank. Vyftien jaar lank het hulle die lief en leed van studie meegemaak, my nie net geheel en al finansieel gedra nie, maar ook veel spanning, stryd en geloofs-

avonture meegemaak. Dit het nie net persoonlike verdieping gebring nie, maar ons as gesin geleer om 'n kalm lewensuitkyk met geloofsvertroue te kweek. In dankbare erkentenis dra ek hierdie proefskrif aan hulle op.

Ek boekstaaf graag die feit dat my twee seuns, Gert-Andries (7) en Bentwee (4) 'n wonderlike inspirasie was met die skryf van hierdie proefskrif. Hulle liefdevolle bemoeienis het my laat besef dat sukses nie vanself kom nie, maar alleen deur harde werk, en dat teleurstellings selfs prikkelend kan wees as jy na 'n doel streef.

Ons gee saam die lof aan ons Skepper, want Hy stel ons tot hierdie dinge in staat. *Soli Deo Gloria!*

Gerdrie van der Merwe
Ned. Geref. Pastorie
Smithfield 9966

31 Mei 1988

*Opgedra aan:*
*Pappa en Mamma*

# I N H O U D S O P G A W E

INLEIDING xv

HOOFSTUK 1

DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN DIE ORANJE-VRYSTAAT TOT AAN DIE EINDE VAN DIE REPUBLIKEINSE TYDPERK 1

1.1 LIGDRAERS NA DIE TRANSGARIEP 1

1.1.1 Trekboere 4
1.1.2 Sendelinge 6
1.1.3 Voortrekkers 7

1.2 HOUDING VAN DIE KAAPSE KERK 13

1.3 VESTIGING VAN GEMEENTES IN DIE TRANSGARIEP 20

1.3.1 Winburg (1841) 21
1.3.2 Fauresmith (1848) 25
1.3.3 Smithfield (1848) 27
1.3.4 Bloemfontein (1848) 29
1.3.5 Harrismith (1849) 33

1.4 RING VAN DIE TRANSGARIEP 34

1.4.1 Boshof (1856) 37
1.4.2 Jacobsdal (1860) 38
1.4.3 Kroonstad (1860) 40
1.4.4 Philippolis (1862) 42
1.4.5 Edenburg (1862) 44
1.4.6 Bethulie (1862) 46

1.5 OP PAD NA 'N EIE SINODALE VERBAND 48

1.5.1 Band met die Kaapse kerk verbreek 48
1.5.2 Beraadslaginge met die oog op die toekoms 49
1.5.3 Eie Sinode word werklikheid 53

1.6 BESTENDIGE GROEI OOR MEER AS DRIE DEKADES 54

1.6.1 Bethlehem (1869) 56
1.6.2 Wepener (1870) 57
1.6.3 Ladybrand (1870) 59
1.6.4 Ficksburg (1870) 60
1.6.5 Rouxville (1870) 62
1.6.6 Heilbron (1873) 63
1.6.7 Frankfort (1873) 65
1.6.8 Bultfontein (1873) 66
1.6.9 Brandfort (1875) 68
1.6.10 Lindley (1876) 70
1.6.11 Hoopstad (1876) 71
1.6.12 Senekal (1879) 73
1.6.13 Dewetsdorp (1882) 74
1.6.14 Vredefort (1882) 76
1.6.15 Vrede (1882) 77
1.6.16 Parys (1884) 78
1.6.17 Ventersburg (1890) 79
1.6.18 Reitz (1891) 80
1.6.19 Bothaville (1891) 81
1.6.20 Thaba Nchu (1891) 82
1.6.21 Petrusburg (1892) 83
1.6.22 Luckhoff (1892) 84
1.6.23 Jagersfontein (1892) 84
1.6.24 Zastron (1893) 86
1.6.25 Fouriesburg (1894) 87
1.6.26 Trompsburg (1898) 87

1.7 'N STERK KRAG VOOR DIE KRISIS 88

HOOFSTUK 2

VOORSPEL EN ONTPLOOIING VAN DIE STRYD


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | DIE BOEREREPUBLIEKE GEKONFRONTEER MET OORLOG | 91 |
| 2.2 | DIE KAAPSE KERK DRING AAN OP VREDE | 97 |
| 2.3 | DIE VRYSTAATSE KERK 'N BOODSKAPDRAER IN 'N KRISISTYD | 101 |
| 2.4 | GELOWIGE VOLHARDING NA TERUGSLAE | 108 |


HOOFSTUK 3

DIE OPTREDE EN GEBEURE IN DIE VERSKILLENDE GEMEENTES TYDENS DIE OORLOG : 1899 TOT 1902


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | WINBURG | 114 |
| 3.2 | FAURESMITH | 118 |
| 3.3 | SMITHFIELD | 121 |
| 3.4 | BLOEMFONTEIN | 124 |
| 3.5 | HARRISMITH | 129 |
| 3.6 | BOSHOF | 132 |
| 3.7 | JACOBSDAL | 135 |
| 3.8 | KROONSTAD | 137 |
| 3.9 | PHILIPPOLIS | 140 |
| 3.10 | EDENBURG | 144 |
| 3.11 | BETHULIE | 147 |
| 3.12 | BETHLEHEM | 150 |
| 3.13 | FICKSBURG | 153 |
| 3.14 | ROUXVILLE | 154 |
| 3.15 | WEPENER | 157 |
| 3.16 | LADYBRAND | 159 |
| 3.17 | FRANKFORT | 161 |
| 3.18 | HEILBRON | 165 |
| 3.19 | BULTFONTEIN | 168 |
| 3.20 | BRANDFORT | 170 |
| 3.21 | LINDLEY | 172 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.22 | HOOPSTAD | 176 |
| 3.23 | SENEKAL | 179 |
| 3.24 | DEWETSDORP | 181 |
| 3.25 | VREDEFORT | 183 |
| 3.26 | VREDE | 186 |
| 3.27 | PARYS | 189 |
| 3.28 | VENTERSBURG | 192 |
| 3.29 | REITZ | 195 |
| 3.30 | BOTHAVILLE | 198 |
| 3.31 | THABA NCHU | 200 |
| 3.32 | PETRUSBURG | 201 |
| 3.33 | LUCKHOFF | 202 |
| 3.34 | JAGERSFONTEIN | 204 |
| 3.35 | ZASTRON | 206 |
| 3.36 | FOURIESBURG | 207 |
| 3.37 | TROMPSBURG | 209 |

HOOFSTUK 4

DIE KERK AANVAAR SY VERANTWOORDELIKHEID IN DIE PROSES VAN HEROPBOU Ná DIE OORLOG 211

4.1 OP SINODALE VLAK 213

- 4.1.1 Verslae maar hoopvol 213
- 4.1.2 Oproep om kerkeenheid 213
- 4.1.3 Kerk en staat 214
- 4.1.4 Stand van die godsdiens 215
- 4.1.5 Knelpunte 216
  - 4.1.5.1 Bywoning van eredienste 216
  - 4.1.5.2 Die gebruik van die sakramente 216
  - 4.1.5.3 Finansiële toestand 217
- 4.1.6 Herderlike Brief 218

4.2 OP RINGSVLAK 218

4.2.1 Die Sentrale Ring 218
4.2.2 Die Westelike Ring 219
4.2.3 Die Noordelike Ring 221
4.2.4 Die Oostelike Ring 222
4.2.5 Die Suidelike Ring 224

4.3 OP GEMEENTELIKE VLAK 225

4.3.1 Winburg 225
4.3.2 Ficksburg 229
4.3.3 Ladybrand 232
4.3.4 Brandfort 234
4.3.5 Senekal 236
4.3.6 Ventersburg 238
4.3.7 Thaba Nchu 240
4.3.8 Fauresmith 242
4.3.9 Bloemfontein 243
4.3.10 Boshof 246
4.3.11 Jacobsdal 247
4.3.12 Petrusburg 249
4.3.13 Jagersfontein 251
4.3.14 Luckhoff 252
4.3.15 Kroonstad 255
4.3.16 Heilbron 256
4.3.17 Bultfontein 257
4.3.18 Hoopstad 259
4.3.19 Vredefort 263
4.3.20 Parys 265
4.3.21 Bothaville 267
4.3.22 Harrismith 269
4.3.23 Bethlehem 271
4.3.24 Frankfort 274
4.3.25 Lindley 277

4.3.26 Vrede 282
4.3.27 Reitz 283
4.3.28 Fouriesburg 285
4.3.29 Smithfield 287
4.3.30 Philippolis 290
4.3.31 Edenburg 293
4.3.32 Bethulie 295
4.3.33 Rouxville 297
4.3.34 Wepener 300
4.3.35 Dewetsdorp 302
4.3.36 Zastron 304
4.3.37 Trompsburg 306

4.4 SAMEVATTING 308

HOOFSTUK 5
SLOTSOM EN BEVINDINGE 309

Bylae A Brief van M. T. Steyn, Staatspresident van die Vrystaatse Republiek, aan ds. P. A. Roux met sy besoek aan die kommando's aan die westelike front 324

Bylae B Amptelike brief van die moderator, ds. J. J. T. Marquard, aan sir Alfred Milner 326

Bylae C Amptelike brief van die moderator, ds. J. J. T. Marquard, aan die owerheid te Bloemfontein insake finansiële sake 335

Bylae D Omsendskrywe aan alle Vrystaatse predikante oor die aflê van die eed van getrouheid aan Engeland 339

Bylae E 'n Kopie van 'n Britse telegram aan Lord Roberts wat aan ds. Geo Thom oorhandig is 341

| | | |
|---|---|---|
| Bylae F | Brief van ds. Colin Fraser van Philippolis | 343 |
| Bylae G | Brief van ds. J. A. Joubert, predikant van Vredefort, geskryf vanuit die konsentrasiekamp buitekant die dorp | 352 |
| Bylae H | Brief geskryf deur ds. J. G. Kühn van Thaba Nchu, aan "Myne Mede Leerards in de Kaap en Elders", vir publikasie in die *Bloemfontein Post* | 354 |
| Bylae I | Brief van ds. J. C. Hefer, predikant van Parys, geskryf vanuit die konsentrasiekamp naby Vredefort | 357 |
| Bylae J | Brief van ds. H. E. du Plessis van Lindley, geskryf vanuit die konsentrasiekamp te Kroonstad | 359 |
| Bylae K | Brief van ds. P. H. Roux van Senekal, geskryf vanuit die kamp te Groenpunt, Kaapstad, op 15 Augustus 1900 | 362 |
| Bylae L | Gedig van ds. Geo Thom van Frankfort, geskryf in ballingskap te Ceylon, waar dit die moraal van die manne gesterk het | 364 |
| Bylae M | Sertifikaat dat J. P. le Roux in Ceylon as lidmaat aangeneem het en Gedenkspreuk dat H. S. M. Britz voorgestel is as lidmaat in die konsentrasiekamp te Bethulie deur ds. H. C. J. Becker, 20 April 1902 | 366 |
| Bylae N | Dokument waarin ds. Geo Thom die eed van getrouheid aan Brittanje onderteken | 368 |
| Bylae O | Brief van ds. Geo Thom uit die Paarl, waar hy in ballingskap verkeer, waarin hy die owerheid versoek om na sy gemeente terug te keer, meer as 'n jaar ná die Vrede van Vereeniging | 370 |

| | | |
|---|---|---|
| Bylae P | Permit uitgereik aan ds. Geo Thom om vanaf Paarl na sy gemeente te Frankfort te reis | 372 |
| Bylae Q | Uittreksels uit die notuleboek van die Ned. Geref. Gemeente Ventersburg, gedateer 27 Desember 1902, en die notuleboek van die Ned. Geref. Gemeente Rouxville, gedateer September 1902 | 374 |
| Bylae P | Aannemingsertifikaat uitgereik op 18 Maart 1902 te Bermuda aan A. C. Erasmus vir inhandiging aan die kerkraad van die gemeente Heilbron | 376 |
| Bylae S | Telegramme van ds. J. J. T. Marquard aan die koloniale sekretaris in Bloemfontein | 378 |
| Bylae T | Brief van ds. D. Bosman van Boshof, geskryf vanuit 'n kamp te Kimberley | 380 |
| Bylae U | Aanstelling van ds. A. A. L. Albertyn van Rouxville as huweliksbevestiger ná die oorlog | 382 |
| Bylae V | Telegram ds. J. H. Enslin van Vrede op 15 Julie 1902 die eed van getrouheid in 'n konsentrasiekamp te Natal onderteken het | 384 |
| Bylae W | Brief van die moderator, ds. J. J. T. Marquard, waarin hy onder meer kennis gee dat ds. D. J. Viljoen van Reitz na sy gemeente teruggekeer het | 386 |
| Bylae X | Brief van ds. D. J. Minaar van Heilbron insake sy aanstelling as huweliksbevestiger ná die oorlog | 388 |

Bylae Y Brief van die moderator, ds. J. J. T. Marquard, aan elke Vrystaatse gemeente, insake skade wat gedurende die oorlog gely is 390

Bylae Z Brief van ds. Colin Fraser van Philippolis, aan sy dogter, Tibbie Steyn, voormalige presidentsvrou van die Vrystaat 393

BRONNE EN BIBLIOGRAFIE 398

OPSOMMING 436

SUMMARY 439

# INLEIDING

Die Anglo-Boereoorlog (1899 tot 1902) was sonder twyfel een van die ingrypendste gebeurtenisse wat die Afrikanervolk beleef het. Met name is die twee Boererepublieke in die Transvaal en die Oranje-Vrystaat ten diepste daardeur geraak. Kragtens sy innige verweefdheid met die Afrikanervolk kon die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat nie aan die geweld van die aanslag ontkom nie. *"Toe die voortbestaan van die volk in gedrang kom, moes die Ned. Geref. Kerk noodwendig baie nou daarby betrokke raak."*[1] Dié betrokkenheid blyk baie duidelik uit artikels wat in dié tyd in *De Fakkel*, amptelike kerkblad van die Vrystaatse kerk, verskyn het. Telkens word die volk, en veral ook die burgers te velde, opgeroep om op God te vertrou in die verdediging van goed en bloed: *"Blijf alzoo geduldig strijden, op Gods tijd is de overwinning de onze."*[2]

'n Studie van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat tydens die Anglo-Boereoorlog is derhalwe van aktuele aard en betekenis.

Dit is verblydend dat daar in die afgelope twee dekades 'n merkbare oplewing in die bestudering en optekening van die kontemporêre kerkgeskiedenis was. Die intreerede van prof. dr. P. B. van der Watt by die aanvaarding van die professoraat in, en die hoofskap van die Departement Kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria op 17 Februarie 1975, het hieraan sonder twyfel 'n groot stoot gegee. Sy rede *Gedagtes rondom 'n kontemporêre kerkgeskiedenis - met besondere verwysings na die Ned. Geref. Kerk*, wil, soos die titel aandui en soos

---

1 Van der Watt, P. B., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824-1905, bl. 195.
2 De Fakkel, 28 Desember 1899.

hyself dit stel, *"dat hierdie nuwe terrein, dié van die eietydse, betree moet word"* omdat dit vir 'n sinvolle en volledige blik op die Vaderlandse Kerkgeskiedenis noodsaaklik is.[3] Die geagte hoogleraar het inderdaad self die daad by die woord gevoeg. Sy vrugbare pen bring die een na die ander boek op die mark - soveel so dat hy in 1988 die Totiusprys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir sy bydrae tot die kerkgeskiedskrywing ontvang. Sy vierdelige werk oor *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk* bied 'n oorsigtelike beeld van dié kerk se geskiedenis van die begin tot die resente tyd. Die houding en optrede van die kerk teenoor krygsoperasies word daarin ook aangesny en dit prikkel die leser tot verdere besinning en navorsing.

In die onderhawige studie word die aandag gevestig op *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902.* Oor die oorlog self is verskillende boeke geskryf. 'n Indringende studie van die verband tussen die oorlog en die Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat het egter tot hiertoe uitgebly. Drie akademiese dissertasies het weliswaar in dié rigting beweeg. In 1960 behaal J. H. Louwrens die B.D.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch op sterkte van 'n verhandeling oor *Die geestelike bearbeiding van die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te velde, in krygsgevangenekampe en konsentrasiekampe, gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) : 'n histories-kerkregtelike studie.* 'n Dekade later skryf J. F. Potgieter 'n D.D.-proefskrif oor *Die militêre kapelaan. Die ontstaan en die ontwikkeling van die amp, taak en organisasie van militêre kapelane in die geskiedenis van die Christelike kerk, met besondere verwysing na Suid-Afrika.* In 1979 behaal G. van H. Rauch die M.Th.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch met die verhandeling *Die optrede en verantwoording van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika met betrekking tot die Tweede Vryheidsoorlog.*

---

3 Van der Watt, P. B., Gedagtes rondom 'n kontemporêre kerkgeskiedenis - met besondere verwysings na die Ned. Geref. Kerk, bl. 13.

Melding moet verder gemaak word van 'n artikel van prof. E. Brown van Stellenbosch, *Die oorlog van 1899-1902 en die problematiek van die vaderlandse kerkgeskiedenis van die twintigste eeu, veral met verwysing na die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, wat in 1982 verskyn het.

Wat die beskrywing van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat tydens die Anglo-Boereoorlog (1899 tot 1902) betref, bestaan daar min gepubliseerde gegewens. Benewens die feesboek van *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat*, waarin J. J. Oberholster en M. C. E. van Schoor die geskiedenis beskryf ter herdenking aan die honderdjarige feesviering van die kerk in Sinodale verband (1864 tot 1964), is gemeentelike feesalbums die enigste ander gepubliseerde bronne. Periodieke publikasies soos *De Fakkel* en *De Kerkbode* het belangwekkende gegewens verskaf. In 'n groot verskeidenheid boeke wat oor die oorlog as geheel handel, lê 'n magdom getuienisse van mense wat self op een of ander tydstip deel van die stryd was. Party het van buite af waargeneem en ander het van binne af saamgeleef. Uit die aard van die saak is die argivale bronne die belangrikste boustowwe, waar die warm hartklop van die kerk self beleef word.

In hierdie proefskrif word daar gepoog om 'n beeld van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat in oorlogstyd te gee. Terwyl werksaamhede op Sinodale en Ringsvlak ook aandag kry, is dit veral die bestaande 37 gemeentes wat aan die orde kom. In besonder word gekyk na elke gemeente voor, tydens en ná die stryd. Aandag word gegee aan die funksionering van die ampte, in besonder aan die bediening van die Woord en die sakramente, en verder aan alle kerklike werksaamhede.

In 'n bespreking van die indelingsprobleem van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis gaan T. N. Hanekom van die beginsel uit dat dit afgelei moet word uit die lotgevalle van die kerk self en die selfstandige gang van die kerklike lewe, los van enige ander instituut en eiesoortig in sy

lewe, hoe verweefd dit ook al met die wêreld en die lewe is.[4]

In die lig van hierdie uitgangspunt lê dit voor die hand dat die onderhawige studie in vier hoofmomente moet verloop:

[1] **Die historiese ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat tot aan die einde van die Republikeinse era**, word eerste aan die orde gestel.

Die aanvanklike noordwaartse beweging van trekboere, verder gevoed deur die Groot Trek in die dertigerjare van die negentiende eeu, lei tot die vestiging van 'n kerklike gemeenskap noord van die Oranjerivier. Dit loop uit op gemeentestigting. Teen 1849 is reeds vyf gemeentes gestig, naamlik Winburg (1841), Fauresmith (1848), Smithfield (1848), Bloemfontein (1848) en Harrismith (1849).

In 1850 gee die Sinodale Kommissie van die Kaapse kerk verlof tot die totstandkoming van die Ring van Transgariep. Trou aan sy roeping, gee hierdie Ring momentum aan die stigting van verdere gemeentes. Aan die eerste vyf word ses ander toegevoeg: Boshof (1856), Kroonstad (1859), Jacobsdal (1860), Philippolis (1862), Edenburg (1862) en Bethulie (1862).

Die uitspraak in die Loedolff-saak in 1862 lei tot 'n eie Sinodale verband vir die Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat. Hierna volg bestendige groei. In die tydperk van iets meer as dertig jaar word 26 verdere gemeentes gestig. In dié tydperk ontwikkel die Oranje-Vrystaat tot 'n modelrepubliek en kom 'n besondere band tussen kerk en staat tot stand. Die kerk gedy en ontwikkel tot 'n sterk krag voor die krisis. Die studie volg hierdie spoor van stap tot stap.

---

4 Hanekom, T. N., Ons vaderlandse kerkgeskiedskrywing, Ned. Geref. Teologiese Tydskrif, deel XVII, no. 4, September 1976, p. 43.

[2] Voorts verdien **die voorspel en ontplooiing van die stryd** aandag. Terwyl die twee Boererepublieke met oorlog gekonfronteer word, dring die kerk tot op die laaste aan op vrede. As die oorlog onafwendbaar blyk te wees, tree die kerk op as 'n boodskapdraer in die krisistyd. Die ampsdraers gaan die lidmate voor in die openbaring van geloofsvertroue en volharding. Die kerk is bewus van sy roeping om die volk geestelik te bedien en te versorg. Hier is die uitspraak van T. N. Hanekom van toepassing: *"Hulle dien dieselfde volk en tree op in dieselfde land, sodat, al het ons geen Volkskerk nie, ons Afrikaanse volk nogtans nie sonder sy eie Kerk is nie."*[5] Hierdie gesindheid en stand van sake word in die tersaaklike gegewens nagespoor.

[3] Vervolgens word **die optrede en gebeure in die verskillende gemeentes tydens die oorlog** van naderby betrag. In volgorde van stigting val die lig op elkeen van die 37 gemeentes: die hou van kerkraadsvergaderinge, bediening van Woord en sakramente en die voortsetting, waar moontlik, van ander gemeentelike werksaamhede. Nadruk word gelê op die rol wat die onderskeie predikante in oorlogstyd, ook buite gemeenteverband, gespeel het. Die totstandkoming van konsentrasiekampe en arbeid wat daar verrig is, word as deel van die gemeentelike opset beskrywe. Die verdeeldheid onder kerklidmate, soos dit as ongelukkige gevolg van die oorlog in verskillende gemeentes tot openbaring kom, ontvang aandag.

[4] Ten slotte word aangetoon **hoe die kerk sy verantwoordelikheid in die proses van heropbou ná die oorlog aanvaar het.**

Van groot betekenis was die eerste Sinodale vergadering ná die oorlog. Die omstandighede waaronder die Sinode van 1903 vergader

---

5 Hanekom, T. N., Kerk en volk, p. 123.

het; die probleme waarmee dit moes worstel; die opname van die stand van die kerklike lewe wat dit moes maak; die boodskap van geloof en hoop wat dit aan die gemeentes deurgegee het en die sterk oproep tot kerkeenheid is van die sake wat aandag geniet. Van die verskillende Ringe, wat so gou moontlik ná die oorlog vergader het, het eweneens belangrike inisiatiewe en besieling uitgegaan. Dáárop word ingegaan. Maar die belangrikste werk moes op gemeentelike vlak verrig word. Daarom word aan die hand van die beskikbare argiefmateriaal, andermaal by elkeen van die 37 gemeentes vertoef en word die proses van gemeentelike heropbou in oënskou geneem.

[5] 'n Kort samevatting van die belangrikste bevindinge word in die slothoofstuk aangebied.

Die studie in sy geheel berus in hoofsaak op **bronnenavorsing.** Handelinge van Sinodes, notules van Rings- en kerkraadsvergaderinge en toeligtende tydskrifartikels is intensief deurgewerk. Daarbenewens is gebruik gemaak van 'n uitgebreide literatuurlys. Slegs op enkele uitsonderinge na, is van die outentieke bronne gebruik gemaak. Gegewens wat verkry en verwerk is, is deurgaans van so 'n aard dat die betroubaarheid daarvan nie te betwyfel is nie.

---oOo---

# HOOFSTUK 1

# DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN DIE ORANJE-VRYSTAAT TOT AAN DIE EINDE VAN DIE REPUBLIKEINSE TYDPERK

## 1.1 LIGDRAERS NA DIE TRANSGARIEP

Aan die begin van die negentiende eeu was die teenswoordige Oranje-Vrystaat bykans onbewoon. Die enigste teken van menslike lewe was groepies Boesmans wat onder die groot troppe wild 'n onbekommerde jagtersbestaan gevoer het. *"Nêrens op die eindelose uitgestrektheid was 'n teken van beskawing, van menslike beplanning en arbeid te bespeur nie, en die verlatenheid was byna beklemmend."*[1]

Een van die vroegste sendelinge, John Edwards, beskryf die hele gebied as *"a vast extent of country, inhabited by nothing but Bushmen and wild animals"*.[2] Dit sou egter nie so bly nie. Binne die eerste dekades van dieselfde eeu sou die eerste golwe van die noordstuwende blanke beskawing die gebied bereik. Dit is beslis nie maklik om te bepaal watter blankes eerste die Vrystaatse vlaktes betree en verken het nie. Aangesien sulke verkenningstogte of jagtogte nooit aangeteken is nie, kan alleen op die grensboere en avonturiers se latere getuienis

---

1 Oberholster, J. J. en Van Schoor, M. C. E., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat, bl. 13; Hofstede, H. J., Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat, bl. 87 e.v.; Boon, M. J., The history of the Orange Free State, bl. 1-2.

2 Edwards, John, Reminiscences, bl. 54.

staatgemaak word. M. A. Oberholzer, vroeër veldkornet van die Winterveld in Victoria-Wes, erkende leier van die trekboere aan die Rietrivier, skryf dat daar reeds vanaf 1815 versoeke was van boere wat die Oranjerivier wou oorsteek. Hy skryf ook dat die boere in daardie tyd reeds vee aan die Boesmans oorkant die rivier gegee het om *"het land in swaare tijden met hun vee te moogen gebruijken"*.[3] Dit is ook bekend dat in 1819 'n sekere Gert Coetzee met 'n jaggeselskap, onder wie Stephanus en Casper Kruger was, uit die distrik Graaff-Reinet die Oranjerivier oorgesteek het. Ons lees dat *"the party proceeded as far as the Koesbergen between the Oranje and the Caledon Rivers, meeting no other inhabitants than small groups of Bushmen"*.[4] In 1823 trek dieselfde Gert Coetzee met nog 'n groter jaggeselskap al langs die Caledonrivier op tot by Jammerberg naby die huidige Wepener. Hulle reis verder tot by Beyersberg en Kliphuis, vanwaar hulle oor Marsfontein al langs Slijkspruit tot by Bethulie die omgewing verken. Gert Coetzee verklaar: *"... we saw no natives except small clumps of Bushmen. There were no kraals or anything that indicated that the land had been previously occupied by tribes possessing cattle."*[5]

Terwyl die blanke jagters en boere ongesteurd die Transgariep verken en besoek het, was daar skaars driehonderd kilometer noord van hulle in die omgewing van die huidige Harrismith 'n hewige stryd tussen verskeie swart stamme aan die gang. In Natal was Tsjaka, die Zoeloehoof, besig om die omliggende stamme met groot geweld en onvergelyklike wreedheid aan sy gesag te onderwerp. Duisende swartes is in die proses gedood en talle stamme het gevlug om aan hulle wraak te ontkom.[6] Intussen het die swartes weens die bloeddorstige oorloë na die Transgariep begin vlug om daar 'n nuwe tuiste te vind. Hulle het

---

3 Viviers, J. H., Die vennootskap kerk en staat en die Nederduitse Gereformeerde Kerke in die Oranje-Vrystaat tot 1862, bl. 22.

4 Midgley, J. F., The Orange River Sovereignty 1848-1854, bl. 67. Vgl. Malan, J. H., Die opkoms van 'n Republiek, bl. 10; Van Aswegen, H. J., Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranje-Vrystaat 1854-1902, bl. 30.

5 Theal, G. M., Basutoland records II, bl. 424; Malan, J. H. a.w., bl. 11.

6 Theal, G. M., a.w., bl. 425 e.v.; Muller, C. F. J., Die oorsprong van die Groot Trek, bl. 71-72; Venter, I. S. J., Die Anglikaanse Kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat, bl. 13-14.

rowerbendes gevorm wat 'n groot bedreiging vir die groepies Boesmans ingehou het.[7] Namate die gebied stelselmatig deur veeboere beset is, neem hulle hul toevlug tot bergvestings in die Oos-Vrystaat. In 1824 vlug Mosjesj met 'n klein groepie verhongerde volgelinge na Thaba Bosigo, vanwaar hy jarelank vyandige swart stamme afweer. Met die koms van die blankes word hierdie druk verlig en word die boere 'n buffer teen vyandelike aanslae.[8] Die vestiging van swart stamme lei 'n nuwe era in, met verreikende gevolge vir die veeboere wat die Transgariep as nuwe vaderland beskou.

Die eerste draers van die Christendom na dié gebied was die trekboere, sendelinge en Voortrekkers. As ligdraers van die Evangelie sou die saad wat hulle saai, op vrugbare grond val en uitloop op kerklike uitbreiding.[9] In die harte van hierdie pioniers het 'n kragtige besef van hulle afhanklikheid van 'n Hoërhand en 'n diepe godsdienssin geleef. Dit is byna daagliks deur afsondering, die bedreiging van inheemse volke en deur magteloosheid teenoor natuurverskynsels verstewig. Die bekende dr. Tobie Muller skryf soos volg oor die godsdiens: *"Dat ons volk in die binnelande nie heeltemal verwilderd en ongeletterd geword het nie, het ons te danke aan die godsdiens. Want hoe eenvoudig ons voorouers ook al somtyds was, het die meeste tog altyd gesorg dat hulle nageslag die Bybel sou kan lees. In die woeste wilde streke en afgeleë eensame plekke waarheen ons vaders getrek het, was daar meestal geen skole te vind nie, geen boeke of selfs koerante om hul verstand vir algemene verstomping te bewaar nie. Maar amper oral was die Bybel die laaste skans wat ons volk beskerm het teen 'n volslae ongeletterde barbarisme."*[10]

---

7 Stow, G. W., The native races of South Africa, bl. 310.

8 Theal, G. M., a.w., bl. 430; Oberholster, J. J., Wepener 1869-1969, bl. 19.

9 Faure, A., Redevoering by het tweede eeuw-feest, bl. 25, 31 e.v.; Moorrees, A., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, bl. 144, 297; Crafford, D., Aan God die dank, bl. 36.

10 Keet, B. B., Tobie Muller, bl. 159; Nepgen, C. C., Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes, bl. 58-65, 152; Spoelstra, B., Die "Doppers" in Suid-Afrika (1760-1899), bl. 22-23.

### 1.1.1 Trekboere

Op die spore van die vroeë jagters en avonturiers het die trekboere die Transgariep binnegetrek. Aanvanklik was dit periodiek, maar dit het spoedig seisoenmigrasies geword. Die Grootrivier is al hoe meer by talle driwwe oorgesteek, op soek na beter weiding en volop water.[11] Teen hierdie tyd was die trekboere al goed bekend met die grasvelde van die Suid-Vrystaat. Dieselfde faktore, soos beskryf in P. J. van der Merwe se standaard werk oor die herkoms van die trekboere, het ook noordwaartse uitbreiding na die Transgariep verhaas.[12]

Die natuurlike aanwas van die bevolking, die vermeerdering van die veestapels en die aanhoudende droogtes in Noord-Kaapland, was aanleidende oorsake dat die trekboere mettertyd permanent die Kolonie verlaat het om 'n nuwe begin in die Transgariep te maak. Die uitgestrekte en onbewoonde Vrystaatse vlaktes met volop weiveld en fonteine, asook die swaar verliese met die heen-en-weer-trekkery, het hulle oorkoms verhaas.[13] Daar was ook ekonomiese en landboukundige redes vir hierdie migrasies. In die onbewoonde Vrystaat kon diegene wat in die oorbevolkte Kolonie nie grond kon koop nie, dit gratis kry. Boere kon in die vreemde beter plase uitsoek as wat hulle in die verlede besit het en ook beter voorsiening in terme van grond vir hulle kinders maak.[14] In 1832 rapporteer dr. J. Philip dat daar reeds 1 500 boere in die Transgariep woonagtig is, terwyl eerwaarde G. Kolbe van Philippolis in 1834 bereken dat daar ongeveer 1 120 boeregesinne alleen tussen die Oranje- en Modderrivier woonagtig is.[15]

Hierdie vroeë baanbrekers met hulle vaste Calvinistiese lewens-

---

11 Du Plooy, F. J., Aliwal-Noord : eenhonderd jaar, bl. 9-10; Malan, J. H., Boer en barbaar, bl. 98 e.v.; Van der Watt, P. B., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834-1866, bl. 1-7.

12 Van der Merwe, P. J., Die noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842), bl. 1-384.

13 Land applications, C.O. 4343, vol. II, Kaapse Argief (hierna vermeld as K.A.); Land matters, G.R. 13/14, 13/15, 13/16,( K.A.); Van der Merwe, P. J., a.w., bl. 135, 205.

14 Van der Merwe, P. J., a.w., bl. 364.

15 Oberholster, J. J., a.w., bl. 23; Van Schoor, M. C. E., Edenburg : grepe uit die geskiedenis van die dorp en distrik, bl. 25-26.

beskouing, wou ten alle koste die noue verbintenis met die kerk handhaaf. Die trekboere het nog steeds lidmate van die gemeentes in die Kaapse kerk gebly en is ook deur die kerk self hierin voorgegaan. Daar was geen formele onderskeid tussen lidmate suid en noord van die Grootrivier nie. Die meeste was afkomstig uit die gemeentes van Graaff-Reinet, Cradock en Beaufort-Wes, en het gereeld ten minste een keer per jaar daarheen teruggekeer om hulle kinders te laat doop, belydenis van geloof te doen en in die huwelik te tree.[16] Die Doopregister van Colesberg toon aan dat hulle veral gedurende groot feesdae soos Kersfees saamgetrek het. By een so 'n geleentheid is daar nie minder nie as 28 kinders, met die kantaantekening "Over de Grenze", gedoop.[17]

In 1826 word die Ned. Geref. Gemeente Colesberg gestig, vroeër as Torenberg (Toverberg) bekend.[18] Colesberg was die direkte en trouens enigste skakel vir die trekboere langs die Riet- en Modderrivier met die Kaapkolonie. Met die stigting van die gemeente is die kerk tot by die verafgeleë pioniersgrense gebring en kon die verkondiging van die Evangelieboodskap voortgaan. Byna 'n dekade lank is die gemeente getrou deur ds. Andrew Murray (sr.) as konsulent bedien. Hy lê op 14 Januarie 1827 die eerste doopregister aan en besoek die gemeente minstens twee keer per jaar.[19] Eers in 1836 word die eerste leraar, ds. Thomas Reid, met groot blydskap ontvang en bevestig.[20] Die verlange en drang van die trekboere om hulle kerklike en kulturele bande met die Kaapkolonie te behou, is deur hierdie stap verder versterk.

---

16 Van der Watt, P. B., Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1862-1962, bl. 9. (Hierna aangehaal as Loedolff-saak.)

17 Doopregister, Colesberg, 1827-1837, 1837-1844, Kaapse Kerkargief G 3/1, G 3/2 (Hierna vermeld as K.K.A.).

18 Longland, H. D., Die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Colesberg 1825-1875, bl. 207; De Jongh, P. S., Die lewe van Erasmus Smit, bl. 54-56.

19 Oberholster, J. J., Eeufeesgedenkboek van die N.G. Gemeente Jacobsdal 1860-1960, bl. 20; Doopregister, Colesberg (K.K.A. G 3/1).

20 Van Rensburg, N. A. J., Ons kerk - Ned. Geref. Kerk Colesberg : ingewy 1866, bl. 1-6.

## 1.1.2 Sendelinge

Die rol wat sendelinge as draers van die Christendom na die Transgariep gespeel het, verdien vermelding.[21] Dit was die Londonse Sendinggenootskap wat eerste op 'n georganiseerde wyse begin het met Evangelieverkondiging in die Transgariep. In 1823 word die sendingstasie onder leiding van eerwaarde James Clarke van Colesberg na Philippolis verskuif. Dit was veral gedurende die dertigerjare dat 'n toevloei van sendelinge, veral die Franse en Duitse Sendinggenootskappe, na die Vrystaat ondervind is.[22]

In 1833 begin Eugene Casalis, Thomas Arbousset en Constant Gosselin met sendingwerk onder die Basoeto-volk op versoek van Mosjesj. Die baanbrekerswerk op Thaba Bosigo en Morija verdien vermelding.[23] Die bekende Jean Pierre Pellissier begin in dieselfde tyd met sendingwerk onder die Boesmans op Bethulie. Hy doen goeie werk en bou 'n mooi verhouding met die boere op, iets wat nie van al die sendelinge gesê kan word nie.[24] Samuel Rolland stig in 1835 die sendingstasie Berseba, naby die huidige Smithfield. Met die stigting van die gemeente Smithfield in 1848 was Berseba reeds 'n bloeiende sendingstasie met meer as vyfhonderd Christene, sowat driehonderd en vyftig skoolkinders en 'n eie drukpers. Die opkomste Sondae het meestal die duisendtal bereik.[25] Onder leiding van die Berlynse Sendinggenootskap begin August Gebel

---

21 Du Plessis, J., A history of Christian missions in South Africa, bl. 108-109, 137-153; Odendaal, A. A., Die Nederduitse Gereformeerde Sending in die Oranje-Vrystaat 1842-1910, bl. 33-57, De Villiers, D. W., Reisbeskrywings as bronne vir die kerkgeskiedskrywing van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika tot 1853, bl. 141 e.v.

22 Theal, G. M., History of South Africa since September 1795. II, bl. 412; Bosch, J. A., Eeufeesgedenkboek van die N G Gemeente Philippolis 1862-1962, bl. 13; Van der Merwe, G. A., Colin McKensie Fraser 1837-1911, bl. 31,32.

23 Ellenberger, V., A century of mission work in Basutoland, bl. 11 e.v.; Boegner, A., Livre de la Mission du Lessouto, bl. 163 e.v.

24 Pellissier, S. H., Jean Pierre Pellissier van Bethulie, bl. 161 e.v.

25 Schoeman, K., Samuel Rolland : pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873, bl. 69-90. (Die oorspronklike Franse teks is deur Frantz Balfet geskryf. Karel Schoeman het dit vertaal en geredigeer.) Gerdener, G. B. A., Deur 'n eeu gelei : N G Gemeente Smithfield 1848-1948, bl. 4.

met sendingwerk op Bethanie naby die huidige Edenburg.[26] Die Wesley-aanse Sendinggenootskap doen goeie werk onder leiding van James Archbell op Thaba Nchu.[27] Daar is al baie geskryf oor die onderlinge verhouding tussen die sendelinge en die boere. Wat die Basoeto's betref, het die sendelinge as raadgewers van Mosjesj opgetree en was indirek verantwoordelik vir die probleme tussen die groepe in die Vrystaat.[28] Aan die ander kant het daar van die begin af 'n goeie verhouding tussen die Franse sendelinge en die Kaapse kerk bestaan. Baie blanke boere wat hulle in die Caledonrivierdistrik gevestig het, handhaaf 'n gesonde verhouding met die sendelinge.[29] Alhoewel die boere in die nagelate sendingliteratuur altyd in die beskuldigdebank geplaas word, bly die Christelike karakter wat albei aan die donker Transgariep verleen het, 'n blywende ligbaken.

### 1.1.3 Voortrekkers

Dit is belangrik om 'n duidelike onderskeid te tref tussen die Trekboere en die Voortrekkers. M. C. E. van Schoor dui aan dat die verskil onder andere lê in die lojaliteit en idealisme waarmee elkeen van hierdie groepe besiel was. Die Trekboer het trek beskou as 'n bestaanswyse, terwyl dit vir die Voortrekkers net 'n middel tot 'n doel was. Daar was by eersgenoemde 'n totale gemis aan 'n politieke vryheidstrewe met die Vrystaat as onafhanklike staat, terwyl laasgenoemde wou klaar trek om in die vreemde los van die Britse owerheid 'n nuwe lewe te begin.[30] In die praktyk was die trekboere deel van 'n spontane noordwaartse beweging van blankes wat reeds meer as 'n eeu aan die gang was. Daarteenoor het die Voortrekkers op 'n doelbewuste, georga-

---

26 Zölner, L. en Heese, J. A., Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika, bl. 89; Schoeman, K. (red.), Die huis van armes - die Berlynse Sendinggenootskap in die O.V.S., bl. 39 e.v.; Crafford, D., a.w., bl. 44.

27 Kotze, D. J., Letters of the American missionaries 1835-1838, bl. 140, 171, 215.

28 Viviers, J. H., a.w., bl. 23.

29 Odendaal, A. A., Die Nederduitse Gereformeerde sending in die Oranje-Vrystaat 1842-1910, bl. 425 e.v.

30 Van Schoor, M. C. E., Nasionale en politieke bewuswording, bl. 76-92; Cory, G. E., The rise of South Africa, vol. IV, bl. 282-285.

niseerde wyse die Kolonie verlaat om in die binneland 'n onafhanklike vaderland te vestig.

Die Voortrekkers het die Kolonie in trekgroepe verlaat. Aan die einde van 1834 trek Louis Trichardt en sy geselskap deur die Grootrivier by Buffersvleidrift (Aliwal-Noord) en vertoef 'n jaar lank in die omgewing van die Caledonrivier. Trichardt word opgevolg deur die trekgeselskappe van Hendrik Potgieter, Gert Maritz, Piet Retief en Jacobus en Petrus Uys.[31] Die eksodus van trekkers uit die Kolonie het by Thaba Nchu geëindig, waar die groepe bymekaargekom het om te besin oor die toekoms. Dit is bekend dat daar op die trekpad na die Vrystaat heelwat nuwe lede by die trekgeselskappe aangesluit het, sodat by Thaba Nchu ongeveer 1 000 waens en 1 600 weerbare manne byeen was.[32] Die trekgeselskappe het in die winter van 1837 uit ongeveer 5 000 siele bestaan wat in die omgewing van die Vetrivier gelaer was.[33] Alles het daarop gedui dat die Voortrekkers permanente vestiging in die Transgariep beplan het.

Die hele Groot Trek het in die teken en gees van totale afhanklikheid van die Almagtige, en onderworpenheid aan God se wil gestaan. Piet Retief verklaar: *"... wij gaan met een vast vertrouen op een alzienden, rechtvaardigen en genadigen God, dien wij altoos vreezen zullen, en in alle nederigheid zullen trachten te gehoorzamen."*[34] Dit is veelseggend dat hierdie boodskap van geloofsvertroue ook vrugte na buite gelewer het. Dit word treffend geïllustreer toe Engelse inwoners van Grahamstad 'n groot Statebybel met die volgende inskripsie aan een van die trekleiers oorhandig het: *"Dit Heilige Boek is gepresenteerd aan den Heer Jacobus Uys, en zijn vertrokkene landgenoten, door de inwoonders van Grahams' Stad en omtrek tot een Vaarwel Gedenkteeken van hun*

---

31 Prinsloo, A., Die geskiedenis van Smithfield en die Caledonrivierdistrik, 1819-1951, bl. 27-32; Uys, C. J., Rouxville 1863-1963 : Eeufeesgedenkboek van die suidoostelike Vrystaat, bl.. 37.

32 Nathan, M., The Voortrekkers of South Africa from the earliest times to the foundation of the Republics, bl. 137.

33 Van der Watt, P. B., a.w., bl. 33.

34 Preller, G. S., Piet Retief, bl. 63.

*hoogachting, en hartelijke leedwezen op hun vertrek. De angstvalligheid welke zij heden betoond hebben om te trachten een Prediker te verkrijgen en hunne stiptelijke nakoming der heilige Instelligen, zij duidelijke bewijzen dat in hunne wandelingen om een ander land te zoeken, zij zich zullen laten geleiden door de Bevelen in dit Heilig Boek begrepen, en standvastiglijk aankleven aan deszelfs heilige wetten, de strenge Besluiten van den schepper van het heelal - Den God van alle Natiën en Volkeren."*[35] Hierin word verskeie belangrike dinge aangeraak, onder meer die innige begeerte na 'n eie leraar. Helaas, geen geordende predikant van die Kaapse kerk kon oorreed word om die onsekere bestaan en die gevare wat die Groot Trek sou meebring, saam met die trekkers te trotseer nie.[36]

Op die trekpad was elke trekgeselskap 'n "gemeente" in die kleine, met die trekleier as godsdienstige leier, terwyl die aanlê van doop- en lidmaatregisters krag aan die opvatting verleen het dat die trekgroepe as gemeentes-op-reis beskou is.[37] In dié tyd kon die trekgeselskappe van die dienste van eerwaarde Erasmus Smit gebruik maak. Hy was die swaer van die trekleier, Gert Maritz, en sluit op aandrang van verskillende mense op Graaff-Reinet by die trek aan. Hy het waardevolle geestelike werk onder die trekkergemeenskap gelewer met die eredienste op Sondae, die weeklikse bidure en die aandgodsdiens.[38] Dit is bekend dat Erasmus Smit nie 'n gewilde persoon onder die Voortrekkers was nie. Die gebrek aan 'n innemende persoonlikheid, asook die feit dat hy 'n tyd lank aan die Londense Sendinggenootskap verbonde was, het hom die gramskap van baie op die hals gehaal.[39] 'n Verdere beperking aan sy werksaamhede was dat hy geen sakramente kon bedien nie, want sy *"inseëning was nie 'n amptelike ordening met handoplegging deur geordende evangeliedienaars nie. Die sendeling het dus nie deur hierdie*

---

35 Cory, G. E., The rise of South Africa, vol. III, bl. 402.
36 Oberholster, J. J. en Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 27.
37 Van der Watt, P. B., Loedolff-saak, bl. 23; Die Kerkbode, 26 Januarie 1949 en 15 Februarie 1956.
38 De Jongh, P. S., Die lewe van Erasmus Smit, bl. 112 e.v.
39 Engelbrecht, S. P., Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika, bl. 42-47; Moorrees, A., a.w., bl. 704 e.v.; Oberholster, J. J. en Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 27.

*seremonie bevoegdheid verkry om die Heilige Sakramente, te wete die Heilige Doop en die Heilige Nagmaal, te bedien nie."*[40] Ten spyte van teenkanting het hy die mense in die laers besoek om hulle te vertroos en geestelik te versterk. Hy het 'n nougesette en toegewyde lewe gelei en sy geestelike krag geput uit die stiltetye wat hy gereeld in die oop veld gehou het. Erasmus Smit het homself beskou as "Calvinisties en Hervormd of Nederduits Gereformeerd" en het sy prediking daarvolgens ingerig. Hy het sy preke voorberei met behulp van veral die Heidelbergse Kategismus en die Bybelse konkordansie van A. Trommius, terwyl die preekbundels van onder andere Helperus Ritzema van Lier en Bernardus Smytegelt ook gebruik is.[41] In dié tyd het ander persone in die laers ook voorgegaan met die godsdiensoefeninge, dink maar aan die vrome Sarel Cilliers en eerwaarde James Archbell, 'n sendeling onder die Marokko's op Thaba Nchu. Daar het 'n gespanne verhouding tussen E. Smit en laasgenoemde ontstaan, omdat hy die vermoede gehad het dat Archbell sy plek wou inneem.[42] Hierdie en ander kerklike struwelinge sou verdeeldheid op die trekpad bring op 'n stadium toe dit allermins bekostig kon word.

Die feit dat daar nie 'n geordende predikant onder die geledere van die Voortrekkers was nie, verhinder nie kerklike organisasie nie. Hierdie organisasie is gedoen volgens die riglyne in die Kaapkolonie, waarvolgens die kerk aan die staat onderworpe was. In sy proefskrif wys E. P. J. Kleynhans op die stremmende invloed wat dit op die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gehad het.[43] Die stelsel van plaaslike besture is gevolg, waar elke trekgeselskap aanvanklik 'n eie administrasie en militêre eenheid gevorm het. Die trekleier as hoof van sy groep, was dan ook

---

40 De Jongh, P. S., a.w., bl. 15.

41 Smit, E., Uit het dagboek van Erasmus Smit, predikant bij de Voortrekkers, bl. 8-15. (Die dagboek is in 1897 uitgegee en geredigeer deur ds. H. F. Shoon van Ladysmith, Natal); De Jongh, P. S. a. w., bl. 118.

42 Gerdener, G. B. A., Sarel Cilliers, bl. 49; Preller, G. S., Voortrekkermense, deel II, bl. 76-83, 108.

43 Kleynhans, E. P. J., Die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1795-1962, bl. 102-104.

verantwoordelik vir kerklike eenheid en gepaardgaande godsdienstige handelinge.[44]

In die Transgariep het die trekgroepe 'n amptelike bestuur vir die verenigde Voortrekkergemeenskap gestig. Dit sou ook 'n verenigde kerkorganisasie veronderstel, want die lede was daarvan oortuig *"dat de Openbare Godsdienst de eerste grondslag moet zijn waarop een Christelijke Maatschappij moet gegrondvest worden"*.[45] Op 16 November ontvang Gerrit Maritz besoek van lede van die trekgeselskap van Hendrik Potgieter om toestande te bespreek, asook *"over de daarstelling van 'n goede godsdienstige en burgerlike maatschappelijke inrichting"*.[46] Die eerste stap van kerklike organisering was die kies van die eerste kerkraad, 'n voorvereiste volgens die gereformeerde kerkorde. As ouderling is verkies Johannes S. Maritz, en as diakens Sarel Cilliers en Christiaan Viljoen. Volgens kerklike tradisie het die ouderling in die afwesigheid van 'n eie leraar al die noodsaaklike werk verrig, soos sieke- en huisbesoek. Ons glo dat die broeder ook bygestaan is deur die diakens, onder meer die bekwame Sarel Cilliers.[47] Uit beskikbare gegewens blyk dit dat hierdie eerste kerkraad, vanweë die onbestendigheid van die trekkerslewe, nooit amptelik vergader het nie.[48]

Met die aankoms van die Retief-trek het Gerrit Maritz besef dat die verkiesing van 'n nuwe bestuur nie meer uitgestel kon word nie. Die algemene vergadering word op 17 April 1837 gehou, waartydens Piet Retief as "goewerneur" verkies is. Hy beloof *"om as Opperhoof van die Verenigde Laers die Christelike geloofsbelydenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te alle tye te beskerm"*.[49] Op kerklike gebied sou dit die wiel aan die rol sit, sodat, na veel drama, Erasmus Smit, deur bemiddelling van Piet Retief op 21 Mei 1837 *"als de eerste leraar voor*

---

44 Van der Watt, P. B., Die Ned. Geref. Kerk 1834-1866, bl. 36-37.
45 Dreyer, A., Die Kaapse kerk en die Groot Trek, bl. 10.
46 Smit, E., Dagboek, bl. 5 (soos geredigeer deur ds. H. F. Schoon).
47 Spoelstra, C., Het kerkelijk en godsdienstig leven der boeren na den Grooten Trek, bl. 25.
48 Die Kerkbode, 15 Desember 1937.
49 Thom, H. B., Die lewe van Gert Maritz, bl. 147; Du Plessis, A. J., Die Republiek Natalia, bl. 177.

*de reizende gemeente der Gereformeerde Kerk naar Port Natal"* bevestig word.[50] Dit is opmerklik dat op 'n kollektelys wat vir sy salaris geopen is, ook sy teenstanders uit die Potgietergroep bygedra het.[51] Aan die einde van 1837 word die eerste kerkraad bestaande uit Francois Retief en Carel van der Merwe as ouderlinge, en Christiaan Liebenberg en Roelof Dreyer as diakens, bevestig. Hiermee het daar meer orde in die kerklike lewe gekom en kon die leraar ná sy bevestiging die sakramente bedien en huwelike bevestig. Die *"Trouwboek van de Lager van De Commedant A. H. Potgieter, Den 22 April 1838"* toon die begeerte aan om kerklike sake so gou as moontlik te orden.[52]

In die Doopregister wat Erasmus Smit tydens die trek aanlê, lees ons die volgende opskrif: *"Doop Register van de Gereformeerde Kerk Reizende door Z.O. Africa Aan Modder Rivier Bij de Bles Berg aan de Noord Oost zeiden."* Hier het ons 'n reisende gemeente wat na nuwe horisonne en 'n beter toekoms reik. Beskrywend is die byskrifte wat Erasmus Smit in die register maak: *"De ouders zijn thans Ryssende en hebbende geen vaste woonplaats."* Verder beskryf hy die ouers *"thans woonachtig als Reisigers ..."*[53] Op 28 Oktober 1838 word die Nagmaal bedien, en dit plaas die formele ordening van die kerk in die Transgariep op 'n vaste baan.[54]

Spoedig sou die meeste Voortrekkers oor die Drakensberge na Natal trek om daar 'n nuwe heenkome te vind. Ander trekgroepe het hulle aan die Mooirivier naby die huidige Potchefstroom gevestig, terwyl nog ander noordwaarts getrek het. In dié tyd was daar nog geen sprake van 'n georganiseerde kerk in die Transgariep nie. Dit sou eers ná die lotgevalle en ontberings van die Voortrekkers in Natal, met hulle terugkeer georganiseer word.[55] Ná die oorwinning oor Dingaan trek die laers aan

---

50 De Jongh, P. S., a.w., bl. 129,132; Smit, E., Dagboek, bl. 22.
51 Preller, G. S., a.w., bl. 97.
52 Van der Watt, P. B., Loedolff-saak, bl. 22; Gerdener, G. B. A., Ons kerk in die Transgariep, bl. 25.
53 Doopregister, Voortrekker 1837-1849 (K.K.A. G 1/1); Scholtz, G. D., Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885, bl. 18-20.
54 Van der Watt, P. B., a.w., bl. 16.
55 Walker. E. A., The Great Trek, bl. 133 e.v.; Gerdener, G. B. A., Ons kerk in die Transgariep, bl. 25-27.

die begin van 1839 na Pietermaritzburg en *"daar het die reisende gemeente die eindpunt van die weg bereik en hom aldaar gevestig as die eerste gevestigde gemeente in Natal"*.[56]

## 1.2 HOUDING VAN DIE KAAPSE KERK

Die Groot Trek het verwydering gebring tussen die Trekkers en die Kaapse kerk. Dit is belangrik om vooraf te onderskei tussen die kerk se houding teenoor die veeboer, enersyds, en sy standpunt teenoor die Groot Trek, andersyds. In die noordwaartse beweging van die boere het die kerk nie agterweë gebly nie. Gemeentestigting het op die trekspore gevolg, terwyl die veeboere kerklik en polities hul verbondenheid aan die Kaapkolonie gevoel het. Van tyd tot tyd het hulle die grense van die Kolonie oorgesteek, maar hulle het steeds lidmate van die kerk gebly. Daarom het die trekboere gereeld na hulle gemeentes teruggekeer om kerklike voorregte te geniet.

Van der Watt stel dit tereg dat daar by die deelgenote aan die Groot Trek ook beslis geen idee was *"om hulle van die Ned. Geref. Kerk te emansipeer nie"*. Weliswaar was die Groot Trek 'n doelbewuste politieke emansipasie, maar die Trekkers het geensins beoog om 'n nuwe kerk te stig of om van die lidmaatskap van die kerk in die Kaapkolonie afstand te doen nie. Dit blyk duidelik uit individuele uitsprake van Voortrekkers soos die Graaff-Reinetse veldkornet, G. D. Joubert, wat in 'n brief, gedateer 25 Februarie 1836, die name van Christiaan Liebenberg, Chaarl Cilliers en Stephanus Liebenberg noem as voorbeelde van mense in sy wyk wat hulle verset teen die gedagte dat die trek 'n breuk met die Kaapse kerk inhou. Die inrigting van die Voortrekkerkerk, die getroue handhawing van die leer en belydenis, asook die kerk-staat-verhouding wat in die Kaap gangbaar was, die herhaalde versoeke om leraars uit die Kaap, en die naam wat aan die kerk op die trekpad gegee is, dien ter verdere bevestiging.[57]

---

56 Van der Watt, P. B., a.w., bl. 23.
57 Van der Watt, P. B., Die Ned. Geref. Kerk 1834-1866, bl. 20-24.

Die proef op die som is die feit dat ook baie van die Voortrekkers - soos die trekboere vroeër - periodiek na hulle onderskeie gemeentes teruggekeer het om aanspraak te maak op hul kerklike voorregte. Daarvan getuig die Doopregister van Colesberg. Op 17 Maart 1839, drie maande na die Slag van Bloedrivier, laat Sarel Cilliers sy seun, Dirk Pretorius, daar doop. Tussen 1840 en 1845 is 687 persone in hierdie gemeente gedoop by wie se name die woorde *"over de Grense"* in die opmerkingskolom aangeteken staan.[58] Soortgelyke gevalle kom ook elders voor. Die kerk in die Kolonie het dus steeds in hoe mate die liefde en lojaliteit van die Voortrekkers behou.

Ongelukkig was daar, aanvanklik altans, 'n ander gesindheid by die Kaapse kerk. Namate dit duidelik geword het dat die Groot Trek iets anders as die noordwaartse beweging van trekboere was, is standpunt téén die Trekkers ingeneem.

1.2.1 Aangespoor deur 'n publieke kennisgewing van goewerneur Napier op 27 April 1838, waarin hy 'n sterk beroep doen op predikante om hulle gemeentelede teen die Trek te waarsku, laat **individuele predikante** in hierdie verband van hulle hoor. 'n Inwoner van Cradock skryf soos volg in *De Zuid-Afrikaan: "Op den 18 Maart 1.1 nam onzer leraar (ds. J Taylor) zijne text uit de Profeet Jona, dat hy vluchte voor God, en bragt het over op diegenen, die nu Staat Emigranten te worden."*[59] Van die **kansel** is dus teen die Groot Trek standpunt ingeneem.

1.2.2 Ook in **pastorale gesprekke** kom hierdie onderwerp sterk na vore. Dit is bekend dat dr. William Robertson die uitgestrekte gemeente van Swellendam deurgery het om met huisbesoek voornemende Trekkers te oorreed om liewer in die Kolonie te bly. Ds. Andrew Murray van Graaff-Reinet probeer om Gert Maritz van sienswyse te laat verander. Maritz laat hom egter nie voorskryf nie en belet boonop die dominee sy huis![60]

---

58 Doopregister, Colesberg 1837-1844 (K.K.A. G 3/2).
59 De Zuid-Afrikaan, 1 Julie 1838.
60 Van der Watt, P. B., Ned. Geref. Kerk 1834-1866, bl. 11.

**1.2.3 Die Sinode van 1837** neem sterk standpunt in teen die Groot Trek. Dit is belangrik om te let op die samestelling van die Sinode, wat op 17 Oktober 1837 in Kaapstad vergader. Van die predikante wat die Sinode as afgevaardigdes bygewoon het, was elf Skotte, een 'n Nederlander, een 'n Duitser en nege Suid-Afrikaners. Die Skotte was dus in die meerderheid en het boonop die grensgemeentes bedien. Kwalik kon van hulle verwag word om die nasionale gevoel en vryheidsideaal van die Voortrekkers te begryp.[61] G. D. Scholtz skryf soos volg oor hierdie Sinode: "*Hierdie samestelling toon al dadelik aan hoe vreemdelinge destyds nog die kerk oorheers het. Bowendien kon van sommige Afrikaanse predikante ook nouliks veel simpatie met die beweegredes van die Voortrekkers verwag word, aangesien hulle nie uit die oostelike dele van die Kaapkolonie afkomstig was nie.*"[62]

Die Sinode se siening ten opsigte van die Groot Trek kom duidelik deur in die herderlike skrywe wat uitgestuur is. Dit is deur ds. T. J. Herold opgestel en is op 20 November 1837 met 'n groot meerderheid op die vergadering goedgekeur. Dit lui onder meer soos volg: "*Te regt bedroeft zich de Synode over den tegenwoordigen toestand van zoo vele Ledematen der Hervormde Kerk, die hunne haardsteden en altaren hebben verlaten, zonder eene Mozes en Aaron de woestyn introkken, en zonder belofte of aanwijzing thans een Canaän voor zich opzoeken. De Synode houdt die allen verantwoordelijk voor hun gedrag, en wil hen slechts, bij deze gelegenheid herinnerd hebben aan hunne dure verplichting, de zij bij den doop hunner kinderen op zich namen, en aan de belijdenis, die zij zelve vrijwillig aflegden, toen zij tot leden der kerk werden toegelaten. Zo kan ook de Synode hare goedkeuring geenszins hechten aan het voornemen van velen, die deze Nomaden op 't spoor wenschen te volgen ...*"[63]

Dat die Sinode so sterk teen die Groot Trek gekant is, is ewenwel begryplik in die lig van sy bekommernis oor die gemeentes op die

---

61 Dreyer, A., Die Kaapse kerk en die Groot Trek, bl. 1-3.
62 Scholtz, G. D., a.w., bl. 20-21; Dreyer, A., a.w., bl. 1-3.
63 Acta Synodi 1837 (K.K.A. S 1/6, bl. 1370); Dreyer, A., a.w., bl. 3-4.

oosgrens wat diep geraak is deur die Groot Trek en die gevaar van verwildering by kerklidmate wat op die Trek meegegaan het. Daarby moet onthou word dat die Kerkorde van De Mist nog die vigerende Kerkorde was. In die lig van die owerheid se standpunt teen die Groot Trek, kan die kerk nie 'n ander weg opgaan nie. Die kerk was immers aan die owerheid onderworpe.

**1.2.4** Uiterse versigtigheid kenmerk die optrede van die **Ring van Graaff-Reinet** wanneer die onderhawige saak op die vergaderinge van 1838, 1839 en 1840 aan die orde kom. By die Ringsitting van 1838 kom die predikant van Colesberg, ds. Thomas Reid, met twee vrae na die vergadering. Hy wil weet:

*"(1) Hoe men handelen moet met degenen die de Colonie verlaten hebben, en boven een jaar ver buiten de grenzen woonachtig zijn geweest, indien de zodanigen terugkeeren en de voorregten der Kerk eischen zouden?*

*(2) Hoe men handelen moet met degenen die alhier tot ledematen aangenomen zijn geworden, en nog aan de Hervormde Kerk gehect zijn, die door armoede en andere oorzaken zijn genoodzaakt buiten de limieten der gemeente te zwerven of the wonen?"* [64]

'n Grondige bespreking vind na aanleiding van die vrae plaas. Die Ring besluit egter dat hy geen vaste reël wil neerlê nie, *"maar dat de Vergadering ieder Kerkeraad recommandeert om in elk bijzonder geval van dien aard waarop bedoelt wordt, te handelen zooveel als mogelijk met de grootste voorzigtigheid en tevens met Christelijke toegevendheid, overeenkomstig met de bestaande wetten en gebruiken der Kerk."* [65] Die onbelistheid van die Ring moet gesien word in die lig van die Sinodebesluit van die vorige jaar. As mindere vergadering kon hy kwalik 'n ander standpunt as die Sinode van 1837 aanneem. Daarby moes rekening gehou word met die siening van die owerheid, terwyl die vergadering andersyds tog ook ongeneë was om die emigrante kerkloos en herderloos aan hulle eie lot oor te laat.[66] J. H. Viviers is van mening

---

64 Dreyer, A., Die Kaapse kerk en die Groot Trek, bl. 27-28.
65 Notule, Ring van Graaff-Reinet 1838 (K.K.A. R 3/2, bl. 9).
66 Van der Watt, P. B., Die Loedolff-saak, bl. 13.

dat ds. Reid nog steeds geglo het dat die uitgewekenes hulle net tydelik buite die Koloniegrense bevind het. Die predikant van Colesberg sou tewens voortgaan om diesulkes as gewone lidmate van die gemeente te behandel. Hy kon nie begryp dat heelwat boere toe reeds 'n permanente tuiste oorkant die Oranjerivier gevind het nie.[67] Dit verklaar dan ook nie dat ds. Reid sy vrae by die Ringsvergadering van 1839 herhaal nie. Op voorstel van ds. A. Murray word die besluit van die vorige jaar egter opnuut bekragtig.[68] By die vergadering van 1840 word die Ring ewenwel gedwing om sy ware kleur te wys. Op 20 November dien die volgende versoek van ds. Reid: *"Zal het met de toestemming en goedkeuring van de Eerw. Rings Vergadering zijn dat de leraar van Colesberg een gedeelte van de Uitgetrokkene thans woonachtig langs Riet-, Zand- en Kaffer Rivieren bezoeke om alleenlijk het Evangelie onder dezelve te verkondiging."*[69] Aan hierdie versoek voldoen die Ring, egter met die uitdruklike voorbehoud dat ds. Reid die vermelde lidmate mag besoek *"om alleenlik het Evangelie onder hem te verkondigen"*.[70]

Na aanleiding van skriftelike versoeke wat hy van emigrante-lidmate ontvang het, lê ook ds. John Taylor van Cradock aan die Ring van Graaff-Reinet in 1840 'n versoek voor om die sodaniges te mag besoek, met die bevoegdheid om ook, waar daarom gevra, die sakramente te bedien. Hy kry dieselfde antwoord as ds. Reid: toestemming om die Evangelie te verkondig op voorwaarde *"dat hij aldaar de Heilige Sacramenten neit zal uitdeelen noeh ledematen aannemen"*.[71] Die besluit van die Ring van Graaff-Reinet kom daarop neer dat die Voortrekker-gemeenskap die gebruik van die sakramente ontsê is - 'n sydelingse toepassing van sensuur op belydende lidmate wat geen werklike oortreding begaan het nie.

**1.2.5** Binne die eerste dekade ná die Groot Trek sou daar egter by die Ring van Graaff-Reinet én die res van die Kaapse kerk 'n wesenlike

67 Viviers, J. H., a.w., bl. 70-72.
68 Notule, Ring van Graaff-Reinet 1839 (K.K.A. R 3/2, bl. 80).
69 Notule, Ring van Graaff-Reinet 1840 (K.K.A. R 3/2, bl. 238).
70 Notule, Ring van Graaff-Reinet 1840 (K.K.A. R 3/2, bl. 238).
71 Notule, Ring van Graaff-Reinet 1840 (K.K.A. R 3/2, bl. 242).

gesindheidsverandering ten opsigte van die Trekkers kom. Verskillende faktore het daartoe bygedra. Met die uitvaardiging van Ordonnansie No. 7 - 1843 het die kerk 'n groot mate van vryheid gekry en kon meer onbelemmerd aandag gegee word aan die geestelike behoeftes van lidmate buite die Koloniegrense. Dit het tewens teen hierdie tyd duidelik geword dat die Groot Trek 'n voldonge feit is en dat 'n gevestigde kerklike gemeenskap buite die Kaapkolonie tot stand gekom het. In Augustus 1943 is ds. A. Faure, predikant van Kaapstad en aktuarius van die Sinode deur sir George Napier versoek om die Voortrekkers in Natal te besoek. Aan dié versoek is voldoen en aan die goewerneur is later uitvoerig verslag van die stand van sake gelewer.[72] Die optrede van die owerheid moes stellig vir die kerk tot voorbeeld en aansporing gedien het om ook op sy beurt met die uitgewekenes kontak te soek. Deur die koms van jong Suid-Afrikaanse predikante het daar bowendien 'n belangrike verandering in die samestelling en houding van die Ring van Graaff-Reinet plaasgevind. In 1843 word ds. J. F. Berrangé predikant van Richmond, in 1844 ds. W. A. Krige van Victoria-Wes en in 1845 ds. P. K. Albertyn van Prins Albert.[73]

Op 18 Oktober 1844 besluit die Ring van Graaff-Reinet om 'n briefwisseling met die Voortrekkers aan te knoop ten einde te verneem op welke wyse geestelike hulp aan hulle verleen kon word. Terselfdertyd sou die goedkeuring van die goewerneur met die oog op 'n moontlike besoek aan die emigrante aangevra word.[74] Met goedkeuring van die goewerneur rig die Ringskommissie op 21 Oktober 1844 'n skrywe aan die Voortrekkers. Namens die Voortrekkers word antwoorde van kommandant M. A. Oberholster en J. G. Mocke ontvang.[75]

Op 14 Oktober 1845 besluit die Ring van Graaff-Reinet eenparig om 'n afvaardiging van twee predikante en een ouderling na *"de Uitgewekene Boeren"* te stuur. Di. C. Fraser en W. A. Krige en ouderling B. Burger van Graaff-Reinet word benoem.[76] Die Sewende Kafferoorlog (1846 tot 1848) verhinder ds. Colin Fraser (senior) en ouderling Burger om te

72 Dreyer, A., Die Kaapse kerk en die Groot Trek, bl. 40-70.
73 Van der Watt, P. B., Die Ned. Geref. Kerk 1834-1866, bl. 49-50.
74 Dreyer, A., Die Kaapse kerk en die Groot Trek, bl. 74-75.
75 Dreyer, A., Die Kaapse kerk en die Groot Trek, bl. 77-79.
76 Dreyer, A., Die Kaapse kerk en die Groot Trek, bl. 80-81.

gaan, maar ds. W. A. Krige voer die opdrag uit en hy lê dan ook aan die Ringsvergadering op 13 Oktober 1846 'n verslag van sy werksaamhede voor.[77] Die Graaff-Reinetse Ring het hierdie verslag met dank aanvaar, maar geen verdere opvolgwerk beplan nie. Daarom neem ds. Krige die inisiatief om die saak verder te voer. Namens homself en die kerkraad van Beaufort-Wes word 'n beskrywingspunt opgestel ten einde die aandag van die Sinode van 1847 *"te bepalen bij de geestelijke aangeleentheden van de Uitgewekenen aan de Rietrivier; - dat middelen in het werk mogen worden gesteld om ze zoo spoedig mogelijk onder de zegeningen des Evangelies te brengen."*[78] Wanneer hierdie beskrywingspunt aan die orde kom, gebruik ds. W. A. Krige die geleentheid om die Sinode in te lig oor sy besoek en bevindinge op las van die Graaff-Reinetse Ring. Op voorstel van ds. A. Faure word die volgende besluit eenparig geneem: *"dat namens de Synode eene Commissie worde benoemd om de uitgewekenen te bezoeken, met volle magt, om alle zoodanige maatregelen in vereeniging met hen te nemen, waardoor in hunne geestelijke behoeften op eene geregelde wijze kan worden voorzien ..."* Op die volgende dag, 23 Oktober 1847, word die kommissie dan ook soos volg aangewys: Di. Andrew Murray en P. K. Albertyn, vergesel van ouderlinge B. Pienaar en D. J. de Wit. Tewens, word op voorstel van ds. Murray besluit om namens die Sinode 'n versoek aan die bestuur van die Bybelvereniging te rig *"om eene genoegzame hoeveelheid Bijbels, Nieuwe Testamenten, Psalmboeken en Traktaten kosteloos naar Colesberg te doen verzenden ten diensten dien Commissie, om met dezelve naar welgevallen te kan delen."*[79]

Hierdie besluit spreek in duidelike taal van die groot gesindheidsverandering wat daar by die Kaapse kerk ten opsigte van die uitgewekenes gekom het. En vir die vestiging van die kerk in die Transgariep was dit van die grootste betekenis. Hierdie eerste, en daaropvolgende deputasies, sou immers inisiatief neem by die stigting van 'n hele aantal gemeentes.

---

77 Dreyer, A., Die Kaapse kerk en die Groot Trek, bl. 82-85.
78 Acta Synodi 1847 (Gedrukte), bl. 298.
79 Acta Synodi 1847 (Gedrukte), bl. 272-273.

## 1.3 VESTIGING VAN GEMEENTES IN DIE TRANSGARIEP

Nadat die Voortrekkers ná die slag van Bloedrivier Natal in besit geneem het, word die Republiek van Natalia uitgeroep met Pietermaritzburg as hoofstad.[80] Ná 'n kortstondige bestaan word die hele gebied in 1843 tot Britse kolonie verklaar, met hoofkommissaris H. Cloete in beheer.[81] Die hele aangeleentheid bring heelwat ontevredenheid onder die Voortrekkers en heelparty trek terug oor die Drakensberge om 'n nuwe bestaan in die Transgariep te begin. Intussen aanvaar eerw. Erasmus Smit op 9 Februarie 1941 sy emeritaat en vestig hom permanent op Pietermaritzburg.[82]

Die Voortrekkers het steeds tevergeefs gesoek na 'n vaste leraar uit die Kaapkolonie. Met die lees van die dokumentasie in dié verband kom 'n mens diep onder die indruk van die behoefte *"aan een goeden en bekwamen Leraar"*.[83] Die bekende generaal Andries Pretorius skryf 'n brief aan ds. G. W. A. van der Lingen van die Paarl, waarin hy gesmeek word om vir die Voortrekkers 'n eie leraar te vind.[84] Hierdie en ook ander dringende pogings was onsuksesvol. Ten einde laaste neem die Voortrekkers hulle toevlug tot 'n "geliefde vreemdeling",[85] eerw. Daniël Lindley. Hierdie Amerikaanse sendeling kom in 1834 na Suid-Afrika en begin werk onder die Matebele te Mosega in die huidige Transvaal. Nadat die Matabele in 1837 deur die trekkers verslaan is, trek Lindley en sy metgeselle saam met die boere tot in Natal. Reeds toe al het die innemende en forse persoonlikheid van Daniel Lindley 'n diep indruk op die trekkers gemaak. In Natal begin hy onder die Zoeloes werk, waarna hy die uitnodiging en roepstem aanvaar as herder en leraar van die Voortrekkers.[86]

---

80 Du Plessis, A. J., Die Republiek Natalia, bl. 117 e.v.

81 Cloete, H., The history of the Great Boer Trek, bl. 166-196.

82 De Jong, P. S., a.w., bl. 173.

83 Dreyer, A., a.w., bl. 12.

84 Kitshoff, M. C., Gottlieb Wilhelm Antony van der Lingen - Kaapse predikant uit die negentiende eeu, bl. 63, 65.

85 Van Schoor, M. C. E., Lindley 1876-1976, bl. 9. (In die gelukwensing namens die Vrystaatse kerk, verwys dr. E. P. J. Kleynhans na hierdie geëerde titel.)

86 Kotze, D. J., Daniël Lindley, in Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel II, onder redaksie van Krüger, D. W., bl. 410-413.

Onder leiding van ds. Daniël Lindley sou kerklike vestiging in die Transgariep 'n werklikheid word. As enigste predikant, het sy arbeidsveld vanuit Natal oor die Drakensberge tot by Winburg, en van daar tot by Potchefstroom gestrek. Hy het gedurende die sewe jaar as predikant van die Voortrekkergemeente te Pietermaritzburg, drie keer die ganse gebied deurreis. Hy was 'n gebore predikant en het hom hart en siel in diens van die Here gegee. Daarom skryf hy in 'n brief aan sy vrou: *"My heart's desire and prayer to God is, that this people may be saved."*[87] Hy is op sy reise oorlaai met liefde en die boere aanvaar hom as hulle geestelike leidsman en raadgewer, en *"sy naam is een naam die lieflik klinkt in Afrikaner ooren"*. Hy is op sy reise gewoonlik deur ouderlinge Sarel Cilliers en Gert Naudé vergesel, waar hy oral die Woord verkondig en op talle plekke lidmate aanneem, kinders doop en die Nagmaal bedien. In dié tyd doop hy alleen 1 303 kinders in die Vrystaat.[88] Die naam van ds. Daniël Lindley sal altyd met dankbaarheid verbind word aan die wordingsgeskiedenis van die kerk in die Transgariep.

### 1.3.1 Winburg (1841)

Die omgewing van Winburg was reeds so vroeg as 1830 aan veeboere bekend, terwyl sendelinge in dié tyd ook in die gebied gewerk het. Dit is egter die Voortrekkers wat as eerste blankes hulle in die omgewing gevestig het. *"Teen 1837 het die Voortrekkers min of meer op 'n streep gestaan vanaf die boloop van die Modderrivier oor die boloop van die Vetrivier na Sandrivier toe, met die oorgrote meerderheid egter aan die Vetrivier."*[89] Reeds teen die einde van 1837 verlaat die meeste Trekkers die gebied om hulle in Transvaal en Natal te gaan vestig, terwyl 'n kerngroep boere hulle permanent tussen die Vet- en die Vaalrivier vestig. *"Hulle word voortdurend aangevul deur Trekkers uit die Kaapkolonie en Voortrekkers wat uit Natal na die groot moorde aan die*

---

87 Smith, Edwin, The life and times of Daniël Lindley (1801-1880), bl. 193.
88 Oberholster, J. J. en Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 43.
89 Venter, W. H., Die geskiedenis van Winburg tot 1902, bl. 30.

*begin van 1838 teruggekeer het."*[90] Die inwoners in die omgewing skryf op 24 September 1841 'n brief aan die Natalse Volksraad, die regeerders van die Voortrekkerstaat, waarin hulle versoek *"dat aan hun mag worden vergund op de plaats van Fk. de Beer genaamd Waayvontein een drosdy opterichten ..."* Ná goedkeuring word die dorp *Wenburg* gestig, wat later in die skryftaal na *Winburg* sou verander. Uit die Notule van die Natalse Volksraad blyk dit dat Winburg eers in 1842 offisieel as dorp genoem word.[91]

Daar is verskil van mening oor die stigtingsdatum van die gemeente te Winburg. Die eerste verwysing na kerklike organisasie vind ons in die Notule van die Natalse Volksraad, wat op 16 Januarie 1841 die eerste kerkrade vir die gemeentes Potchefstroom, Winburg en Pietermaritzburg benoem.[92] Dit is bekend dat ds. Daniël Lindley met sy eerste besoekreis aan die gebied wes van die Drakensberge, die eerste Doop- en Lidmaatregister op 31 Maart 1842 op Winburg aangelê het.[93] Die eerste kerkraadslede word dan ook op dié datum deur ds. Lindley in hulle onderskeie ampte bevestig.[94] Heel waarskynlik het hy die jong gemeente in dié tyd met raad en daad bygestaan, sodat hierdie eerste gemeente onder die genadige hand van die Koning van die Kerk sy weg kon vind. Die eerste beskikbare notule van Winburg dateer vanaf 31 Maart 1848, toe die kommissie van die Kaapse kerk onder leiding van di. Andrew Murray en Pieter Albertyn die gemeente besoek het. Benewens die hou van eredienste en die bediening van die doop, word kerkraadslede ook bevestig.[95]

---

90 Van der Walt, L. B., Die ontstaan en groei van Winburg, bl. 7; Van Rensburg, A. P. J. en Van Schoor, M. C. E., Die geskiedenis van Bethlehem 1864-1964, bl. 9-10; Venter, W. H., a.w., bl. 31 e.v.

91 Van der Walt, L. B. en Botha, S. J., Die ontstaan en groei van Winburg, bl. 7-9, 53.

92 Breytenbach, J. H. (red.), Notule van die Natalse Volksraad 1838-1845, 16 Januarie 1841, bl. 73-74; Dreyer, A., a.w., bl. 62; Botha, S. J., Gedenkboek van die Ned. Geref. Gemeente Winburg, bl. 5; Hanekom, T. N. (red.), Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk, bl. 96, 142. (Die onderskeie medewerkers aanvaar ook die stigtingsdatums van die gemeentes Pietermaritzburg en Winburg as 1841.)

93 Gerdener, G. B. A., Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep, bl. 77.

94 Botha, S. J., a.w., bl. 5.

95 Dreyer, A., Die Voortrekkers en hul kerk, bl. 44.

Kerkhistorici soos Gerdener[96] en Van der Watt[97] beskou 31 Maart 1842 as stigtingsdatum van die gemeente Winburg, toe die eerste Doop- en Lidmaatregister deur ds. Daniël Lindley aangelê is. Venter[98] en Botha[99] handhaaf egter 16 Januarie 1841 as stigtingsdatum weens die besluit van die Natalse Volksraad. In hierdie studie wil ons graag by laasgenoemde aansluit op grond van die volgende motivering. Dit is algemeen bekend dat die Trekkers in die Transgariep, wat kerksake betref, noue aansluiting gevind het by gebruik in die Kaapse kerk. So tree die landdros van Pietermaritzburg dan ook op as kommissaris-politiek by alle kerkraadsvergaderings. Vroeër op die trekpad het Piet Retief hierdie taak vervul.[100] In dié tyd is nuwe gemeentes deur die owerheid gestig en kerkraadslede ook deur die owerheid aangestel. In die lig daarvan dat Ordonnansie No. 7 van 1843 nog nie gegeld het nie, kàn aanvaar word dat die Volksraad van Natal volgens algemene praktyk opgetree het met die stigting van die gemeente Winburg op 16 Januarie 1841. In dié unieke situasie het die gemeente reeds gefunksioneer voor die koms van ds. Daniël Lindley in 1842.

Ná die vertrek van ds. Daniel Lindley sou daar 'n tyd lank geen herderlike versorging wees nie. Die ampswerk van die ouderling, onder meer van die godvresende Sarel Cilliers, sou die leemte vul. Ná die bevestiging van die jong ds. Andrew Murray op 6 Mei 1849 as predikant van Bloemfontein, die eerste gevestigde leraar van die Transgariep, besoek hy as konsulent die gemeente Winburg.[101] Die eerste predikant van Winburg, ds. Dirk van Velden, word op 15 Desember 1850 deur ds. Andrew Murray van Bloemfontein bevestig. Hy begin sy bediening onder moeilike omstandighede, met geen doeltreffende pastorie en kerkgebou nie en groot onenigheid in sy gemeente tussen die Republikeine en Lojaliste, sodat hierdie eerste jare baie moed en inspanning verg. Die hele gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier word in 1848 Britse gebied, en

---

96 Gerdener, G. B. A., Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal, bl. 148.

97 Van der Watt, P. B., Die Loedolff-saak, bl. 49.

98 Venter, W. H., Die geskiedenis van Winburg tot 1902, bl. 43.

99 Botha, S. J., Gedenkboek van die Ned. Geref. Gemeente Winburg, bl. 5.

100 De Jongh, P. S., a.w., bl. 146,147.

101 Du Plessis, Het leven van Andrew Murray, bl. 103.

omdat hy deur hulle vergoed word, is hy genoodsaak om 'n neutrale houding te handhaaf.[102] Op 8 Oktober 1853 word die hoeksteen van die eerste kerkgebou gelê en sou die leraar met vasberadenheid sy taak verder aanpak. Hy word beskryf as *"een wakkeren en getrouwen Evangeliedienaar"*.[103] Ds. Dirk van Velden neem aan die begin van 1854 'n beroep aan na die gemeente Ladismith in die Kaapprovinsie.[104]

Die gemeente bly vyf jaar lank vakant en word getrou deur die nuwe konsulent, ds. Pieter Roux van Smithfield, bedien. Hy neem ook die plegtige inwyding van die nuwe kerkgebou in 1858 waar. Eers op 15 Augustus 1861 word die volgende leraar, ds. Hermanus van Broekhuizen as leraar bevestig.[105] Tydens sy vyfjarige bediening op Winburg onderskei hy hom as 'n yweraar vir die onderwys soos hy in een van sy briewe skryf: *"Op Winburg althans verheugen wy ons sinds eenige maanden in een deugdelyk onderwys voor het opkomende geslacht. Reeds wordt het schoollokaal te klein ..."*[106] Weens swak gesondheid bedank hy in 1866 en gaan vestig hom in Holland. Hy word in 1867 opgevolg deur die eksentrieke ds. Pieter van Heyningen, wat as predikant van Lydenburg deur twis en tweedrag in kerklike geledere, bekendheid verwerf. In teenstelling daarmee sou sy bediening op Winburg in die teken van kalmte en groot vrug staan. Op die wyere kerklike terrein sou hy die Vrystaatse kerk met onderskeiding dien, onder meer as Moderator in die jare 1881-1882.[107] Hy sou hom veral beywer vir die sending; daaroor getuig sy dogter treffend: *"My father was the head of the Native Dutch Reformed Church and held a conference or synod for them in Winburg even now and then. On one of these occasions he invited all the Black clergy to a dinner party at the parsonage. The White clergyman of Bethlehem was staying at the parsonage at the time and rather jibbed at sitting down to a meal with all the Black clergy, until my father pointed out to him that they were all brothers in*

---

102 Heese, J. A., Ds. Dirk van Velden, in Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel II, onder redaksie van Krüger, D. W., bl. 831.

103 Moorrees, A., a.w., bl. 751.

104 Badenhorst, W. T., Gedenkskrif by die eeufees van die gemeente Ladismith, K.P., bl. 11.

105 Gerdener, G. B. A., a.w., bl. 154.

106 Botha, S. J., a.w., bl. 7.

107 Strydom, M. J., Ds. P. A. C. van Heyningen, in Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel I, onder redaksie van De Kock, W. J., bl. 863-864.

*Christ, no matter what colour they were."*[108] Dit blyk dat ds. Van Heyningen, wat dít betref, sy tyd ver vooruit was. Hy aanvaar op 18 Desember 1893 sy emeritaat, waarna hy tydelik na Holland terugkeer.[109] Hy word op 7 September 1894 opgevolg deur ds. J. J. T. Marquard, wat nie net in die gemeente Winburg nie, maar in die Vrystaatse Kerk met waardigheid help skryf aan die laaste bladsye van hierdie eeu.

### 1.3.2 Fauresmith (1848)

Dit is reeds vermeld dat die Kaapse Sinode in 1847 besluit om 'n deputasie na die boere in die omgewing van die Riet- en Modderrivier te stuur. Tydens die besoek van ds. W. A. Krige, namens die Ring van Graaff-Reinet, het hy reeds die goedgesindheid van die inwoners in die omgewing ervaar. Hy verkondig nie net die evangelie en bedien die doop nie, maar berei ook die weg voor vir gemeentestigting. Op huisbesoek open hy 'n fonds vir die aankoop van 'n kerkplaas, wat tot £700 aangroei en 'n waarborglys van £124,5s jaarliks vir vyf jaar as salaris vir 'n predikant. 'n Kommissie van nege lede word ook benoem, wat die weg tot gemeentestigting moes voorberei deur onder meer die uitsoek van 'n geskikte kerkplaas.[110]

Ná vele voorbereidings kom die afgevaardigdes op 11 en 12 Maart 1848 op die plaas Groenkloof, naby die teenswoordige Fauresmith, byeen. Die Woord word aan "een talrijk skare" verkondig, wat dit met blydskap ontvang.[111] Nadat aan die kommissie verslag gedoen is aangaande die vordering sedert die besoek van ds. W. A. Krige, word daar oorgegaan tot gemeentestigting. Op 11 Maart 1848 word *De Gemeente aan de Riet-rivier*, deur ds. Andrew Murray van Graaff-Reinet en ds. P. K. Albertyn van Prins Albert gestig. Daarbenewens word twee ouderlinge en vier diakens gekies, terwyl die kommissie ook die plaas Koffiefontein (die

---

108 Van Heyningen, Caroline, Orange days - memoirs of eighty years ago in the old Orange Free State, bl. 34-35.
109 De Kock, W. J., a.w., bl. 864.
110 Dreyer, A., a.w., bl. 83-84.
111 Dreyer, A., a.w., bl. 98.

huidige dorp) besoek.[112] Dieselfde week nog besoek hulle die plaas Hex Rivier, naby die huidige Reddersburg aan die Bo-Rietrivier. Op versoek van die inwoners word een ouderling en twee diakens verkies om dié gebied in die kerkraad van die nuut gestigte gemeente te verteenwoordig.[113] Een van die diakens, A. A. Venter, word later een van die stigterslede van die Gereformeerde Kerk ná die stigting in 1859 te Reddersburg. Na byna drie maande keer die kommissie na hulle onderskeie tuistes terug. Op 9 Mei 1848 rig die Kerkraad van Fauresmith 'n brief van dank aan die Kaapse Sinode, maar versoek *"om zo spoedig als het de Bestier der Synode mogte gelegen zijn"*, 'n verdere kommissie van twee leraars na die gebied te stuur.[114] Dit is betekenisvol dat hulle met hierdie versoek kom, want dit werk verdere kerklike ontwikkeling in die hand.

'n Verdere kommissie, bestaande uit dr. P. E. Faure van Wynberg en dr. W. Robertson van Swellendam, bereik Groenkloof nog in dieselfde jaar. Op 10 November 1848 word die plaas Sannahspoort (Fauresmith) vir £1 050 deur die kerkraad as dorp gekoop. Daar word dadelik begin met die bou van 'n tydelike grasdak-kerkie met grondvloere.[115] Die kommissie getuig dat *"allen bezield schenen met eene opregte begeerte om zich van hunne gewigtige pligten met ijver en getrouwheid te kwijten ..."*[116] Volgens die kerkraadsnotule van die gemeente word die naam Sannahspoort sedert 30 Augustus 1851 vervang met Fauresmith, 'n samevoeging van die name van dr. P. E. Faure en sir Harry Smith.[117]

Die gemeente sou byna sewe jaar lank vakant bly tot en met die bevestiging van ds. A. A. Louw op 14 April 1854. In dié tyd het ds. Andrew Murray van Bloemfontein, en sedert 1853 ds. Pieter Roux, die

---

112 Alheit, J. R., 'n Kort oorsig van die geskiedenis van Fauresmith 1848-1948, bl. 7. In 1898 vier die gemeente sy vyftigjare bestaan feestelik. In die gesamentlike feesgeskrif van Fauresmith, Smithfield en Bloemfontein word die stigtingsdatum verkeerdelik as 10 November 1848 aangegee. Dit is wel die stigtingsdatum van die dorp Fauresmith, maar nie van die gemeente nie. Vgl. Bam, C. D. e.a., Ons jubelfeest 1848-1898, bl. 5.

113 Dreyer, A., a.w., bl. 99.

114 Dreyer, A., a.w.., bl. 108.

115 Alheit, J. R., a.w.., bl. 9-10.

116 Bam, C. D., e.a., bl. 13.

117 Notule, Kerkraad Fauresmith, 30 Augustus 1851.

gemeente as konsulente bedien.[118] Onder leiding van ds. A. A. Louw word 'n nuwe kerkgebou op 28 Julie 1860 ingewy, 'n saak waaraan hy hom hart en siel gewy het. Sy koms na die Oranje-Vrystaat val saam met die pioniersjare van die kerk in die gebied. Hy beskik, benewens sy jeugdige ywer, ook oor 'n kragtige persoonlikheid wat, tesame met sy diepe menslikheid, van hom 'n uitmuntende pastor maak. Op wyer kerklike gebied is hy 'n staatmaker wat die jong kerk sien groei tot 'n afsonderlike Sinode in 1865.[119] Die gemeente van Fauresmith neem op 19 Mei 1867 met hartseer afskeid van 'n geliefde leraar wat 'n beroep na Murraysburg aanvaar het.[120]

Op 16 Mei 1868 word die jong ds. H. J. Lückhoff, ná voltooiing van sy studies in die buiteland, die tweede predikant van Fauresmith. As gevolg van die liberale stryd in die Kaapse kerk, skryf die kerkraad aan hom 'n brief waarin hulle van hom verneem waar hy staan. Sy antwoord was beslis en duidelik *"dat hy by die volle Woord van God en die Belydenisskrifte van die Ned. Geref. Kerk staan en die dwalinge van die Liberaliste verwerp"*.[121] Tydens sy bediening word diamante in 1870 te Koffiefontein en Jagersfontein ontdek, wat ook besondere eise aan sy bediening sou stel.[122] Gedurende 1892 is hy getuie van drie gemeentes wat afstig: Jagersfontein, Luckhoff en Petrusburg.[123] Ná 'n geseënde dienstyd van vyf en twintig jaar in 'n gebied wat vandag uit ses gemeentes bestaan, aanvaar hy demissie weens swak gesondheid.

### 1.3.3 Smithfield (1848)

Ná 'n geseënde verblyf aan die Rietrivier vertrek die kommissie *"naar Smithfield de zetel der magistrature onlangs aldaar gevestigd voor het*

---

118 Gerdener, G. B. A., a.w., bl. 157; Cloete, J. J. J., Ds. A. A. Louw - sy lewe en bediening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1827-1908, bl. 9.

119 Van der Watt, P. B., Ds. A. A. Louw, in Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel II, onder redaksie van Krüger, D. W., bl. 422-423.

120 Alheit, J. R., a.w., bl. 14; Horn, E., Ds. A. A. Louw (1827-1908) en sy gesin, bl. 71.

121 Alheit, J. R., a.w., bl. 16.

122 Jacobs, J. F., Oranje Blanje Blou, die romantiek van die Vrystaatse dorpe, bl. 80 en 122.

123 Olivier, P. L., Ons gemeentelike feesalbum, bl. 338, 339, 392.

*District Caledon Rivier, al waar men voornemens was eene kerk te stichten".*[124] Op 25 November 1848 word die gemeente Smithfield gestig, wat saamval met die verkiesing en bevestiging van die eerste kerkraad, bestaande uit twee ouderlinge en vier diakens. Meer as 350 persone het die eredienste bygewoon waartydens die sakramente ook bedien is; *"voor de eerste maal, zoo wij meenen, in dit gedeelte van Zuid-Afrika, voor eene gemeente van leden en aanhangers van ons dierbaar Kerkgenootskap".*[125] By dié geleentheid neem drie sendelinge van die Franse sending aan die Nagmaalsviering deel. Dit was 'n moeilike tyd waarin die kommissie met hulle taak moes voortgaan, in die lig van die Slag van Boomplaas en die daaropvolgende anneksasie van dié deel as Britse grondgebied.[126]

Reeds op 15 Mei 1848 word die eerste landdros op Waterval, die plaas waarop die nuwe gemeente gestig sou word, aangestel. Met die aankoms van dr. Faure en dr. Robertson was daar reeds 'n nedersetting, met die gevolg dat die stigting van 'n kerksentrum die toekoms van die nuwe dorp sou verseker. In dié tyd lê sir Harry Smith ook die hoeksteen van die eerste kerkie. Ten spyte van al die voorbereidings misluk Waterval as dorpsaanleg omdat dit nie die goedkeuring van die inwoners van die omgewing wegdra nie.[127] Die kerkraad maak by maj. Warden beswaar en vra dat die nuwe dorpsaanleg na die plaas Rietpoort (die huidige Smithfield) verskuif moet word. Hy beskou dit ook as 'n meer geskikte plek om 'n kerk te bou, wat noodwendig tot dorpstigting aanleiding sou gee, aangesien hy daar die sterkste fontein vind wat hy nog in die Vrystaat gesien het.[128] Met die kommissie se terugkeer vanaf Bloemfontein doen hulle weer Smithfield aan, bedien die Woord aan meer as 400 persone, doop 28 kinders en neem 52 nuwe lidmate aan. Tydens 'n kerkraadsvergadering word leiding gegee aan die derde oudste gemeente in die Vrystaat,[129] as ligbaken in die Caledonrivierdistrik.

---

124 Bam, C. D., a.w., bl. 12.
125 Gerdener, G. B. A., Deur 'n eeu gelei : N.G. Gemeente Smithfield 1848-1948, bl. 9.
126 Dreyer, A., a.w., bl. 121.
127 Gerdener, G. B. A., a.w., bl. 11-13.
128 Viviers, J. H., a.w., bl. 141.
129 Bam, C. D., a.w., bl. 16.

Die eerste leraar, ds. Pieter Roux, word op 21 Mei 1853 deur die konsulent, ds. Andrew Murray, bevestig.[130] Tydens sy lang bediening het hy 'n onberekenbare rol in die kerklike ontwikkeling van die hele gebied gespeel. Meer as enige ander persoon sou hy die grondslag van die kerk en die samelewing in die suidoostelike Vrystaat lê. In dié tyd deurkruis hy die hele gebied met kar en perde om sy lidmate te besoek. Ook tydens die grensoorloë moedig hy die burgers aan en is hy by die belangrikste veldslae teenwoordig. Ná 'n bediening van twee en twintig jaar aanvaar hierdie leraar, bekend vanweë 'n forse stem en besondere welsprekendheid, sy emeritaat in 1875 en vestig hom in Seepunt te Kaapstad.[131] Hy word in 1877 opgevolg deur ds. S. J. M. van Niekerk, wat op 'n spontane en onderhoudende wyse as vriend van oud en jonk met sy gemeente omgaan. Ná slegs tien jaar sterf hy in die jeugdige ouderdom van 34 jaar na 'n kort siekbed. In 1888 word ds. D. J. J. van Velden bevestig, wat as 'n besondere begaafde mens en prediker bekend staan. Hy word in 1896 opgevolg deur ds. J. H. van Wyk wat getrou en met oorgawe die gemeente dien.[132] In sy tyd vier die gemeente in 1898 sy vyftigjarige bestaan, wat gepaard gaan met groot belangstelling. Kort voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, neem ds. Van Wyk 'n beroep aan na Adelaide in die Kaapkolonie.[133] So eindig die eeu dan ook terwyl die gemeente van Smithfield nog herderloos is.

### 1.3.4 Bloemfontein (1848)

Ná die slag van Swartkoppies raak die Britse owerheid aan die Kaap al hoe meer betrokke by die wel en wee van die inwoners van die Oranje-Vrystaat. In 1846 word majoor Henry Warden as Britse resident aangestel en hy vestig hom in Bloemfontein. Op 3 Februarie 1848 word die hele gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier Britse gebied.[134] Ná die slag van Boomplaas word die militêre mag vergroot: spekulante, winkeliers, smouse en fortuinsoekers vestig hulle in die dorp Bloemfontein. Dit

---

130 De Wet, D. R., Inwydingsprogram, nuwe kerkgebou, Ned. Geref. Gemeente Smithfield, bl. 9-13.
131 Uys, C. J., a.w., bl. 7.
132 Gerdener, G. B. A., bl. 30-31; Prinsloo, A., a.w., bl. 404 e.v.
133 Schoeman, K., Die herinneringe van J. C. de Waal, bl. 72. (Oorspronklike manuskrip deur Schoeman geredigeer.)
134 Haasbroek, J., Die rol van die Engelse gemeenskap in die Oranje-Vrystaat, bl. 2-3; Schoeman, K., Bloemfontein - die ontstaan van 'n stad 1846-1946, bl. 1-5.

sou voortaan as hoofsetel van die Oranjerivier-Soewereiniteit dien.[135]

Tydens die besoek van dr. P. E. Faure en dr. W. Robertson word die gemeente op 30 November 1848 gestig. Die kerklike kommissie was die gaste van die Britse resident en sy gade, wie se vriendskap en gasvryheid baie bygedra het om hulle verblyf aangenaam te maak. Benewens die eredienste word die sakramente ook bedien en meer as dertig nuwe lidmate aangeneem, terwyl kerkraadslede ook gekies en bevestig is.[136] Ná die kommissie se terugreis vanaf Transvaal, word die hoeksteen van die eerste kerkgebou op 6 Januarie 1849 deur maj. Warden gelê. Die gemeente sou die eerste gemeente in die Transgariep word om 'n eie vaste herder en leraar te kry. Op 6 Mei 1849 word die jeugdige ds. Andrew Murray deur sy vader bevestig.[137] Met ywer en toegewydheid het hy sy uitgestrekte gemeente deurkruis. Hy het belang gestel in elkeen, arm en ryk, belangrik sowel as onbelangrik. Met sy huisbesoek was hy getrou en het hy die Woord tydig en ontydig verkondig. By Nagmaalsgeleenthede is soms vier dienste gehou, met die bywoning so groot dat ses verskillende Nagmaalstafels gebruik moes word, terwyl die dienste weens gebrek aan ruimte buite gehou moes word.[138] Ten spyte van sy geweldige arbeidsveld in die Vrystaat, bekommer hy hom oor die geestelike welsyn van duisende boere wat hulle oorkant die Vaalrivier in Transvaal bevind. Hy gebruik ses weke van sy verlof en besoek aan die einde van 1849 die Transvaal waar hy 1 280 kilometer met 'n ossewa aflê tot veel seën vir almal.[139] Die inwyding van die eerste kerkgebou, waaraan di. J. H. Neethling, J. Murray en D. van Velden deelneem, word op 29 Mei 1852 luisterryk gevier. Op 23 Februarie 1854 kom die Vrystaatse Republiek tot stand. Die tweespalt in die gemeente daarna het korrekte hantering gevra. Ds. Murray tree op 2 Julie 1856 in die huwelik met Emma Rutherfoord en hulle neem hul intrek in 'n gerieflike pastorie, een van die beste huise in Bloemfontein.[140] Ná 'n geseënde

135 Van Schoor, M. C. E., Die Tweetoringkerk - vyf en sewentig jaar, 1880-1955, bl. 15-21.

136 Boshoff, P., Gedenkboek Ned. Geref. Kerk Bloemfontein 1880-1930, bl. 7-10; Gerdener, G. B. A., a.w., bl. 162.

137 Van Loggerenberg, J. H., Bakens op die pad van die Tweetoringkerk van Bloemfontein 1880-1980, bl. 7.

138 Venter, W. A., Die geskiedenis van die Ned. Geref. Gemeente Bloemfontein gedurende die pioniersjare 1848-1880, bl. 188.

139 Du Plessis, J., Het leven van Andrew Murray, bl. 106 e.v.

140 Murray, J., Young Mrs. Murray goes to Bloemfontein, bl. 19 e.v.

bediening van meer as 'n dekade, neem ds. Murray 'n beroep aan na Worcester. Hy lewer op 1 April 1860 sy afskeidspreek, waartydens die gemeente met jammerte, maar ook met groot waardering van hom afskeid neem.[141]

Ná verskeie onsuksesvolle beroepe word ds. Gilles van de Wall op 25 Mei 1862 deur ds. A. A. Louw van Fauresmith as predikant van Bloemfontein bevestig. Hy word beskou as 'n besondere aanwins vir die kerk in die Vrystaat en sou ook deur woord en daad 'n kampvegter vir 'n eie selfstandige Sinode word. Hy word ook die eerste moderator van die Vrystaatse Sinode en as gelowige kerkman gee hy geloofwaardigheid aan die amp.[142] Sy bediening in Bloemfontein was nie net jare van storm en drang op kerklike gebied nie, maar ook op staatkundige gebied laat hy hom geld as 'n ware volksman en kampvegter vir die Vrystaatse Republiek.[143] As hy in 1867 'n beroep na Kaapstad ontvang, is die Vrystaatse hoofstad in rep en roer. Versoekskrifte van gemeentelede en ander kerkgenootskappe, met nagenoeg duisend handtekeninge daarop, dring daarop aan dat hy vir die beroep moet bedank. Selfs die Staatspresident en die Volksraad het hom per brief versoek om vir die beroep te bedank. Hulle bring ook hulde aan sy *"echt Christelijken zin en ijver"*, asook sy arbeid in die jongste Basoeto-oorlog.[144] Hy neem egter die beroep aan, waarna die Volksraad met hom in gesprek tree, onder meer oor die invoering van die vrywillige beginsel. Hierna skryf hy 'n brief aan die Kerkraad van Kaapstad, waarin hy die aanvaarding van die beroep terugtrek.[145] In die volgende paar jaar sou hy hom verder onderskei as 'n geestelike leier en bewaker van die gereformeerde leer. Weens sy vurige en voortvarende geaardheid het hy soms met gemeentelede verskil, maar met sy besondere mensekennis is daar altyd tot 'n vergelyk gekom. Hy aanvaar in 1870 'n beroep na die Strooidakkerk in die Paarl en bedank die kerkraad en gemeente op 'n gevoelvolle wyse, waarna hy hulle aan die Here se troue sorg opdra en hulle verseker van sy liefde. Verteenwoordigend van die waardering van die Vrystaatse

---

141 Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 18-21.

142 De Kerkbode, 28 Junie 1862; The Friend, 30 Mei 1862; Acta Synodi, O.V.S.1865, bl. 3.

143 The Friend, 19 Mei 1865; De Tijd, 25 Mei 1867; De Kock, W. J., a.w., bl. 858-859 (biografiese skets van ds. G. van de Wall deur ds. H. C. J. Flemming).

144 De Tijd, 25 Mei 1867; Venter, W. A., a.w., bl. 207.

145 The Friend, 5 Julie 1867.

kerklike publiek is die volgende woorde: *"Wij twijfelen of de H G Kerk in Zuid-Afrika een predikant bezit van meerdere bekwaamheid of een beter prediker, hetzij in de Hollandsche of Engelsche talen als de Hr Van de Wall."*[146]

Ná die vertrek van ds. Gilles van de Wall sou ds. F. G. T. Radloff die eerste gebore Vrystaatse predikant van Bloemfontein word. Na verdere studie in die buiteland aanvaar hy in 1869 die rektorskap van Grey-Kollege in Bloemfontein en gou word hierdie bekwame man 'n kampvegter vir onderwys in die Vrystaat.[147] Hy word in 1871 as predikant van Bloemfontein bevestig en sy bediening sou gekenmerk word deur nougesetheid waar dit beginselsake raak, met strenge toepassing van die kerklike tug. *"By geleentheid skroom hy selfs nie om president J. H. Brand op sy plig as lidmaat te wys toe sy kerkbesoek nie na wense was nie."*[148] Met die oprigting van die geskiedkundige Tweetoringkerk speel hy 'n groot rol, maar neem kort ná die inwyding 'n beroep aan na die gemeente Hoopstad, wat hy vanaf 1881 tot 1898 sou bedien. Aan die einde van sy lewe sou hy verklaar: *"Ik ben jong geweest en nu oud geworden, maar nog nooit word de liefde tot mijn geboortegrond, den dierbaren ouden Vrijstaat, uitgewischt."*[149]

In 1881 word ds. C. S. Morgan van Middelburg, Kaap, as predikant van Bloemfontein bevestig. Op die voetspore van sy voorgangers sou hy 'n steeds groeiende gemeente met Skotse vroomheid bedien, tot met sy bedanking as leraar van Bloemfontein aan die begin van 1893.[150] Hierna gaan werk hy onder die melaatses op Robbeneiland tot met sy aftrede in 1906.[151] Hy word in 1895 opgevolg deur ds. H. T. Kriel, 'n bekwame man wat onder moeilike omstandighede en met swak gesondheid sy weg in die gemeente moes vind. Tydens sy bediening vind die luisterryke vyftigjarige herdenking van die gemeente plaas, waar oud-leraars soos die

146 Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 20-21; Gerdener, G. B. A., a.w., bl. 147; The Friend, 13 Januarie 1870.

147 De Kock, W. J., a.w., bl. 695 (biografiese skets van ds. F. G. T. Radloff deur dr. W. A. Venter); Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 21.

148 De Kock, W. J., a.w., bl. 695.

149 Venter, W. A., a.w., bl. 229.

150 Van Schoor, M. C. E., Die Tweetoringkerk 1880-1955, bl. 27-28.

151 Dreyer, A., Kerksoewenier van Middelburg K.P. 1852-1927, bl. 15.

gryse ds. Andrew Murray optree.[152] Hy was geroep om as geestelike leier in die Vrystaatse hoofstad die fakkel van die Woord in krisistye brandend te hou.

### 1.3.5 Harrismith (1849)

Reeds op 23 Februarie 1842 besluit die Natalse Volksraad om 'n dorp in die omgewing van die Elandsrivier aan te lê. Die stigting van 'n dorp sou egter eers werklikheid word ná die anneksasie van die gebied in 1848 as die Oranjerivier-Soewereiniteit met die goedkeuring van sir Harry Smith, sodat die eerste erwe reeds op 16 Mei 1849 verkoop word.[153] Daar bestaan nie klinkklare bewys wanneer en deur wie die gemeente Harrismith gestig is nie. Sommige beweer dat die gemeente deur dr. Faure en Robertson gedurende hul besoekreis gestig is, terwyl Gerdener meen dat hulle net nuwe kerkraadslede aangestel het. Hy is van mening dat ds. Andrew Murray die gemeente kort ná sy aankoms in 1849 gestig het. As eerste ouderling word die welbekende Sarel Cilliers aangestel, wat ongetwyfeld 'n groot rol in die wordingsgeskiedenis van die gemeente speel.[154] Baie jare lank sou hulle van die dienste van konsulente afhanklik wees. Hierin sou di. Andrew Murray en Dirk van Velden hulle voorgaan. Toe sir Harry Smith laasgenoemde in 1850 na Harrismith as predikant stuur, noem die ontstoke ds. Andrew Murray dit *"beginsellose roverij! Zulk een verlagen van de dienstknechten van Christus om de dienaars van politieke spekulasie te zijn."*[155] Ds. Andrew Murray wys hom daarop dat Winburg sedert 1841 herderloos is met meer as 3 000 siele, terwyl op Harrismith skaars 30 lidmate is. Sir Harry Smith verander daarna sy strategie en stuur ds. Dirk van Velden na Winburg as predikant.[156]

---

152 Boshoff, P., a.w., bl. 22.

153 Steytler, F. A., Die geskiedenis van Harrismith, bl. 27 e.v.

154 Gerdener, G. B. A., Ons kerk in die Transgariep, bl. 177; Basson, A. P., Onder die wolk van genade : gedenkboek Ned. Geref. Gemeente Harrismith 1849-1949, bl. 27. Aangesien die eerste beskikbare kerkraadsnotule eers op 19 Maart 1859 begin, kon dit geen lig werp op die stigtingsdatum van die gemeente Harrismith nie.

155 Basson, A. P., a.w., bl. 30-31; Du Plessis, J., a.w., bl. 115.

156 Basson, A. P., a.w., bl. 31.

Op 13 September 1862 word ds. Dugald Macmillan die eerste predikant van Harrismith, ná 'n vakature van meer as twaalf jaar. Die skoolgebou dien as aanbiddingsplek tot met die inwyding van die eerste kerkgebou op 29 Junie 1873. Nadat hy en sy gade onder moeilike omstandighede en in 'n vreemde land die gemeente Harrismith met onderskeiding gedien het, vertrek hulle in 1874 terug na Skotland.[157] Op 15 Mei 1875 word ds. A. A. van der Lingen, pas afgestudeer aan die Teologiese Seminarium te Stellenbosch, as nuwe leraar bevestig. Sy belangstelling in die politiek laat hom twee keer as kandidaat vir die presidentskap in die Vrystaatse Republiek staan, die eerste keer ná die dood van pres. J. H. Brand en in 1893 teen pres. F. W. Reitz ná sy eerste dienstermyn. Nie een keer kon hy die paal haal nie, ook nie toe hy in 1893 as predikant bedank om hom voluit aan die verkiesing te wy nie.[158] In die gemeente was dit 'n netelige saak wat sy eie probleme sou lewer. Die gemeente kon egter die vreugde smaak met die oprigting van 'n nuwe kerkgebou, waarvan die hoeksteen reeds in 1892 gelê is.[159]

Op 13 Januarie 1894 word ds. J. D. Kestell as nuwe predikant bevestig. Hy sou op 'n besondere wyse nie net eenheid in die gemeente bring nie, maar ook die geweldige skuldlas stelselmatig afwerk.[160] Te gou sou die oorlogswolke 'n einde aan sy arbeid op Harrismith bring.

## 1.4 RING VAN DIE TRANSGARIEP

Toe die Kaapse Sinode in 1847 tot 1848 sy leraars afgevaardig het om die lidmate van die Ned. Geref. Kerk in die Transgariep en verder noord te besoek, was daar geen kerkverband onderling of met die Kaapse kerk nie. *"Op gereformeerde grondslag sou gemeentes wel sonder 'n kerkverband kon bestaan, maar vir die beste belange en die welwese van die gemeentes in die noorde was dit tog nodig dat hul verhouding met die Kerk in die suide ook kerkregtelik beslag sou verkry."*[161]

157 Notule, Kerkraad Harrismith, 8 Desember 1861; Basson, A. P., a.w., bl. 32-33.
158 Basson, A. P., a.w., bl. 33-35.
159 Basson, A. P., a.w., bl. 35.
160 Van Schoor, M. C. E., Vader Kestell die Godsman, in Die Fakkel, 1981, bl. 15; Basson, A. P., a.w., bl.40.
161 Van der Watt, P. B., Die Loedolff-saak, bl. 62.

Op 'n vergadering van die Sinodale Kommissie van die Kaapse kerk in 1850 te Swellendam, word besluit om die gemeentes in die Transgariep en in Natal saam te snoer in die Ring van Transgariep.[162] Dit was nie net 'n logiese nie, maar ook noodsaaklike kerkinrigting op gereformeerde grondslag. Met die totstandkoming van die Ring van die Transgariep bestaan dit slegs uit ses gemeentes: Pietermaritzburg, Winburg, Fauresmith, Smithfield, Bloemfontein en Harrismith, met net twee leraars, di. Andrew Murray van Bloemfontein en Dirk van Velden van Winburg.[163] 'n Versoek van die Transvaalse gemeentes, naamlik Potchefstroom, Rustenburg, Lydenburg en Soutpansberg, om deel van die Ring van Transgariep te word, dien voor die Kaapse Sinode van 1852 en word goedgekeur. Weens die spanning wat daar sedert 1853 in die Transvaalse kerk ontstaan, realiseer hierdie inskakeling nie onmiddellik nie.[164]

Die Notuleboek van die Ring van Transgariep, wat sedert die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog verlore was en in 1980 weer gevind is, dien as kosbare bron van inligting wat die vroeë historiese ontwikkeling van die kerk in die Transgariep betref. Reeds tydens die eerste vergadering op 13 Oktober 1853 te Bloemfontein, is dit duidelik dat een van die belangrikste doelstellings die uitbou en die vestiging van kerklike lewe sou wees. Dit sou telkens op die vergaderings van die belangrikste beskrywingspunte uitmaak.[165] Tydens die Kaapse Sinodes van 1852, 1857 en 1862 sou afgevaardigdes die Ring van Transgariep verteenwoordig.[166] Die Ring het in sy kortstondige bestaan van slegs tien jaar 'n onberekenbare rol in die kerklike lewe gespeel, soos blyk uit die M.Th.-tesis van C. F. le R. Stodart, wat in diepte die ontstaan, samestelling en werksaamhede van die Ring van Transgariep beskryf.[167]

---

162 Die Gereformeerde Kerkbode, September 1850, bl. 470.

163 Notule, Ring van Transgariep, 13 tot 14 Oktober 1853; Van der Watt, P. B., Die Loedolff-saak, bl. 62.

164 Acta Synodi, 1852 (K.K.A. S 1/9, bl. 79).

165 Notule, Ring van Transgariep, 13 tot 14 Oktober 1853 en daaropvolgende vergaderings. 'n Artikel oor die vind van die verlore notule word in Die Kerkbode, 24 September 1980 beskryf: Ferreira, I. L. , "Groot vonds in die kerkargief", Bloemfontein.

166 Van der Watt, P. B., Die Loedolff-saak, bl. 65.

167 Stodart, C. F. le R., Die Ring van Transgariep, veral hoofstukke 3 en 4.

Die verhouding waarin die Ring van die Transgariep tot die staat gestaan het, verdien ook vermelding. J. H. Viviers toon in sy doktorale proefskrif in watter mate die Ring en die staat mekaar sou aanvul en ondersteun in belang van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat. In die totstandkoming van die Ring sou die politieke agtergrond van die tyd ook 'n rol speel. *"Dit wil tog lyk asof die vennootskap waarin die Kaapse Kerk op daardie stadium (1850) tot die Britse regering gestaan het, bygedra het tot die aanvanklike uitsluiting van die Transvaalse gemeentes."*[168] Dit is belangrik om daarop te let dat die Ring as "Vrystaats" beskryf kan word omdat dit hoofsaaklik en oorheersend deur gemeentes uit dié gebied saamgestel is. Uit die Notule is dit duidelik dat belangrike sake rakende die Vrystaat die agenda van vergaderings oorheers, soos byvoorbeeld die afstigting van nuwe gemeentes.[169] Kort ná die totstandkoming van die Ring begin die gety teen die Britse Soewereiniteit in die gebied draai, en dit loop uit op die stigting van die Vrystaatse Republiek op 23 Februarie 1854. In 'n herderlike skrywe van die Ring van die Transgariep word die posisie van predikante weerspieël teen die agtergrond van die feit dat leraars in die Kaapse kerk die eed van getrouheid aan die Britse regering moes aflê. *"Hier in den Vrijstaat staan de Kerk en de leraars in geene betrekking, hoe genaamd, tot de Engelsche Regering, en erkennen zij geene andere Overheid in werelsche saken, dan hun' eigen Volksraad en President."*[170] Dit is bekend dat die kerk in die Vrystaat 'n besondere bydrae tot die opbou van die Republiek gelewer het. *"Sy aandeel in die sosiale wetgewing en die onderwys was deurslaggewend, maar waarskynlik was sy grootste bydrae 'n indirekte, nl. die skepping van 'n Christelike gees van ordelikheid en onderdanigheid wat die regering se taak grootliks vergemaklik het."*[171]

Dit is veral by die stigting van nuwe dorpe en gemeenskappe dat noue samewerking tussen die staat en die Ring van die Transgariep na vore kom. Met die eerste samekoms in 1853 was daar reeds vyf gemeentes in

---

168 Viviers, J. H., a.w., bl. 232.
169 Viviers, J. H., a.w., bl. 232-236.
170 De Kerkbode, 27 Oktober 1855.
171 Oberholster, J. J. en Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 63.

die Vrystaat, naamlik Bloemfontein, Winburg, Fauresmith, Smithfield en Harrismith. Die patroon van gemeentestigting het gewoonlik begin wanneer die Ring die stigting daarvan inisieer en die grense bepaal, waarna die dorpe uitgelê en die regering 'n ondersteunende rol speel en mettertyd die plek administreer.[172] Unieke omstandighede sou ook 'n eiesoortigheid aan elke gemeenskap gee wat sy stigting en ontwikkeling betref.

### 1.4.1 Boshof (1856)

Reeds tydens die eerste sitting van die Ring van die Transgariep maak ds. Andrew Murray melding van pogings tot dorpstigting te Van Wijksvallei, sonder om die kerkraad in terme van artikel 45 in die saak te ken. Die vergadering *"besloten den eigenaar der plaats aan dat artikel te herinneren"*.[173] Die saak sou gou in die reine gebring word, want reeds op die tweede ringsvergadering op 18 Oktober 1855 word 'n voorstel van ds. Murray goedgekeur om *"eene nieuwe gemeente op te rigten te van Wijks Vallei"*. 'n Kommissie word benoem om nie net die grense vas te stel en 'n kerkraad te verkies nie, maar ook die plaas te koop vir die aanlê van 'n dorp en die oprigting van 'n kerkgebou.[174] Ds. Andrew Murray stuur ook 'n versoekskrif aan die Vrystaatse Volksraad waarin hy hulp en ondersteuning vir die aanlê van die nuwe dorp vra, wat dan ook deur die Vrystaatse Volksraad gegee word.[175] Daar word met pres. J. N. Boshof onderhandel en hy gee sy goedkeuring dat die nuwe dorp as Boshof bekend mag staan.[176]

Ds. Andrew Murray speel in hierdie tyd 'n enorme rol in die vestiging van die gemeente Boshof, maar dit sou veral die eerste konsulent, ds. A. A. Louw van Fauresmith wees wat die herderlose gemeente met raad en daad sou bedien. Hy neem ook die bevestiging van ds.

---

172 Viviers, J. H., a.w., bl. 239-241.
173 Notule, Ring van Transgariep, 13 tot 14 Oktober 1853.
174 Notule, Ring van Transgariep, 18 Oktober 1855.
175 Notule, Vrystaatse Volksraad, 14 Februarie 1856, bl. 31.
176 Van der Vyver, W. B., 'n Eeu van genade : Boshof 1856-1956, bl. 34; Brosjure deur kerkraad uitgegee, Die Ned. Geref. kerkgebou te Boshof 1874-1974, bl. 2.

H. W. Brandt, eerste leraar van die gemeente, op 23 April 1864 waar.[177] Daar sou telkens tydens die nuwe leraar se bediening onaangenaamhede kom, soos botsings met die kerkraad en gemeentelede wat hom selfs in die tronk laat beland het. Hy word in 1869 by die Ring aangekla, bedank daarna as predikant van Boshof en keer terug na Nederland.[178] Hy word op 11 November 1871 opgevolg deur ds. J. H. van Wyk, wat kort tevore as predikant op Stellenbosch gelegitimeer is. Hierdie jongman was geroep om onder moeilike omstandighede die herderstaf in 'n verwarde gemeente op te neem, maar sou gou die bedagsaamheid en tegemoetkomendheid van die kerkraad en gemeente ondervind. Die geskiedenis sou oor hom oordeel as die regte man op die regte tyd en op die regte plek. Na verskeie beroepe aanvaar hy in 1884 'n beroep na Murraysburg.[179] Op 26 Junie 1885 word ds. P. S. van Heerden as nuwe leraar ontvang en bevestig; die aanvang van 'n geseënde verbintenis van meer as veertien jaar. Hy het die hele gemeenskap met liefde gedien. Kort voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog aanvaar hy 'n beroep na Ladybrand, waar hy tot in 1935 arbei en as kerkleier in die Vrystaat gewaardeerde leiding gee. Sy swaer, ds. J. D. Kestell, getuig van hom as prediker en mens: *"Ek sien hom op die kansel! Hoe span hy hom tog in. Hy leef in die woord wat hy as boodskap ontvang het om af te lewer. Dit gloei. Dit slaan in vlamme uit. So was dit met hom. Pieter Schalk van Heerden was homself, en soos hy was, kon niemand anders wees nie."*[180]

### 1.4.2 Jacobsdal (1860)

Reeds gedurende die vroeë vyftigerjare het die behoefte aan 'n dorp laer af langs die Rietrivier al hoe sterker na vore gekom. 'n Kommissie, bestaande uit gemeenskapsleiers, is aangestel om na 'n geskikte plaas vir die aanleg van die dorp te soek. Die plaas Kalkfontein word van C. J. Jacobs gekoop omdat dit so sentraal geleë was, daar vyf fonteine

---

177 Maeder, G. A., Ons kerkalbum, bl. 162.
178 Van der Vyver, W. B., a.w., bl. 107-108.
179 Van der Vyver, W. B., a.w., bl. 108-110.
180 Van der Vyver, W. B., a.w., bl. 111. Tydens sy bediening op Boshof skryf ds. Van Heerden op aandrang van sy skoonvader, prof. N. J. Hofmeyr, 'n geskiedenis van die gedeelte van die Vrystaat. Dit verskyn in 1908 onder die opskrif "Herinneringen uit den tijd der Vrijstaatsch Voortrekkers.

was, en dit boonop aan die grootpad na Colesberg gelê het. Hulle noem die nuwe dorp Jacobsdal.[181] Reeds op 7 Maart 1859 word die eerste erwe verkoop, terwyl dertig droë erwe vir "eene Hollandse Gereformeerde Kerk" en twee vir 'n pastorie afgesonder word.[182] Tydens 'n vergadering van die Ring van die Transgariep op 14 Oktober 1859 te Fauresmith, *"Wordt gelesen eene Memorie van eenige leden uit de Gemeenten Fauresmith en Boshof, kennis gevende aan de vergadering van de oprichting van een nieuwe dorp op de plaats Kalkfontein onder Riet Rivier en verzoekende om de Sanctie van den Ring omtrent hetgeen daarin gedaan is geworden"*.[183] 'n Kommissie onder voorsitterskap van ds. A. A. Louw van Fauresmith besoek die gebied en op 25 Februarie 1860 word die gemeente Jacobsdal gestig.[184] As konsulent sou hy ses jaar lank die gemeente bedien.

Tydens 'n kerkraadsvergadering op 23 Januarie 1866 word proponent E. G. du Toit as leraar beroep en hy lewer op 29 September 1866 sy intreepreek. Hierdie *"jeugdige, sterk gebouwde en goed met baard voorsiene leraar [het] een gunstige indruk op allen gemaakt"*.[185] Benewens 'n indrukwekkende voorkoms, word hy beskryf as 'n minsame persoon met 'n te sagte geaardheid vir dié harde boeregemeenskap. Kort na sy aankoms word die eerste diamant in 1867 te Hopetown ontdek. Dit lei tot verdere ontdekkings aan die oewers van die Vaalrivier en die uiteindelike anneksasie van Griekwaland-Wes deur Engeland. Hierdeur verloor die gemeente 'n derde van sy vroeëre grondgebied, met geweldige finansiële nadele.[186] Die gemeente sou ewenwel weer moed skep en na vele probleme word die nuwe kerkgebou aan die einde van 1879 ingewy. Kort hierna, in 1880, neem ds. E. G. du Toit 'n beroep aan na Brandfort, en dit bring 'n einde aan die ontevredenheid wat tydens sy bediening ontstaan het.[187]

---

181 Oberholster, J. J., Eeufeesgedenkboek van die N.G. Gemeente Jacobsdal 1860-1960, bl. 25.
182 De Vriend van den Vrystaat en Bloemfonteinsche Coerant, 18 Maart 1859.
183 Notule, Ring van Transgariep, 14 Oktober 1859.
184 Notule, Kerkraad Fauresmith, 5 Maart 1860.
185 Oberholster, J. J., Eeufeesgedenkboek Jacobsdal 1860-1960, bl. 55.
186 Oberholster, J. J., Die anneksasie van Griekwaland-Wes, bl. 206-208.
187 Hanekom, H. A., Jubelfees-gedenkboek van die gemeente Jacobsdal 1879-1929, bl. 53; Notule, Kerkraad, Jacobsdal, 28 Junie 1880.

In 1881 word ds. Andrew Murray, 'n seun van prof. John Murray van Stellenbosch, as nuwe herder en leraar ontvang.[188] Tydens sy agtienjarige bediening op Jacobsdal het die stil en bestendige groei van die Vrystaatse Republiek onder leiding van pres. J. H. Brand ook voorspoed vir die gemeente Jacobsdal gebring.[189] In 1888 kan die leraar weens "ernstige krankheid" nie 'n kerkraadsvergadering bywoon nie, maar herstel blykbaar weer om sy werk voort te sit.[190] In 1898 is daar ook sprake van 'n gespanne verhouding tussen hom en die gemeente, wat hy soos volg in die kerkraad beskryf: *"De treurige ondervinding van het voorledene heeft geleerd waar er geen vertrouwen is, er ook geen zamewerking zijn kan."*[191] Dit knak sy gesondheid nog meer, sodat in weerwil van 'n vakansie in Transvaal, hy nie kan herstel nie. Hy sit egter sy werk met groot volharding voort, maar neem aan die begin van 1899 'n beroep aan na die Hervormde Gemeente Ventersdorp, waar hy arbei tot met sy emeritaat in 1921.[192]

### 1.4.3 Kroonstad (1859)

Ná die totstandkoming van die Oranjerivier-Soewereiniteit in 1848 is twee distrikte in die lewe geroep: Winburg en Harrismith. Alhoewel die latere dorp Kroonstad baie nader aan Winburg as aan Harrismith lê, het dit kerklik onder Harrismith geval. Daarom word daar reeds vroeg 'n ouderling en twee diakens vir die gebied tussen die Vals- en Vaalrivier as lede van die Kerkraad van Harrismith gekies. Hieronder tel die bekende Sarel Cilliers, wat as ouderling oral bekendheid verwerf het. Reeds so vroeg as 1849 word 'n aparte doop- en lidmaatregister vir die lidmate in die "Valschrivier"-gebied aangelê.[193] Die eerste Notuleboek

---

188 Die Kerkbode, 14 Mei 1930.
189 Oberholster, J. J., Eeufeesgedenkboek Jacobsdal 1860-1960, bl. 59.
190 Notule, Kerkraad Jacobsdal, 10 Desember 1888.
191 Notule, Kerkraad Jacobsdal, 8 November 1897.
192 Oberholster, J. J., Eeufeesgedenkboek Jacobsdal 1860-1960, bl. 60.
193 Van Schoor, M. C. E., Gedenkskrif ter viering van die honderdjarige bestaan van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Kroonstad 1860-1960, bl. 18-20; Artikel van ds. D. S. Snyman, Behoefte aan kerk lei na dorp, in Eeufees Kroonstad 1855-1955, bl. 18 e.v.; Artikel deur Pieter J. Germishuys, Die stigting, in Eeufees Kroonstad 1855-1955, bl. 2-3.

word byna 'n dekade voor die stigting van die gemeente aangelê tydens 'n gekombineerde kerkraadsvergadering op die "kerkplaats" Kleinfontein.[194] Op 2 Augustus 1852 word 'n kerkraadsvergadering op Doornkop, waarskynlik die plaas van Sarel Cilliers, gehou. Die veelseggende titel lui: *Doornkop, Wyk Valschrivier, Gemeente Harry Smith.* Dit blyk dat hulle toe reeds die gedagte bespreek het *"met betrekking tot den bouw eener kerk, overeenkomstig het algemeen gevoel van behoefte daaraan ..."*[195] Op 21 Augustus 1854 tree ds. A. A. Louw tydens 'n kerkraadsvergadering op, aangesien ds. Van Velden 'n beroep aangeneem het na Ladismith. Dit is ook die laaste inskrywing in die Notuleboek tot en met 23 September 1861. Hierdie leemtes maak dit moeilik om 'n kerklike beeld te rekonstrueer.

Reeds op 6 September 1854 neem die Vrystaatse Volksraad 'n besluit dat die koop *"van eene plaats voor eene Kerk aan die Valschrivier"* deurgevoer kan word.[196] So verskyn daar in *The Friend* 'n kennisgewing dat die eerste erwe op *"Cronstad, the new town at Klip Plaat Drift"* sou plaasvind.[197] Wat die stigtingsdatum van die gemeente Kroonstad betref, gee die Notuleboek van die Ring van die Transgariep die volgende weer: *"op voorstel van den ouderling van Valschrivier werd besloten dat de Gemeente Cronstadt eene afzonderlijke gemeente verklaard sal worden ..."*[198] Ons kan dus aanvaar dat die gemeente kort na **14 Oktober 1859** gestig is. Die eerste aangetekende kerkraadsnotule hierna, 23 September 1861, skep die indruk dat die gemeente reeds gevestig is. Op 3 Januarie 1863 word die eerste kerkgebou ingewy, wat tydens die Basoeto-oorlog ook as fort vir die gemeenskap dien.[199]

Die eerste leraar, ds. P. A. C. van Heyningen, se bediening sou slegs vanaf sy bevestiging op 11 Februarie 1866 tot met sy vertrek aan die

---

194 Notule, Kerkraad Kroonstad, 11 Junie 1852.
195 Notule, Kerkraad Kroonstad, 2 Augustus 1852.
196 Notule, Volksraad O.V.S., 6 September 1854, bl. 50.
197 The Friend, 17 Maart 1855.
198 Notule, Ring van Transgariep, 14 Oktober 1859.
199 Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 20.

einde van 1877 strek toe hy 'n beroep na Winburg aanvaar het. Die jong en energieke ds. H. W. van der Merwe wat pas sy studies op Stellenbosch voltooi het, word beroep en aan die begin van 1870 bevestig. Ná ses jaar neem hy 'n beroep aan na Sutherland. Uit die bronne blyk dit dat dit geseënde jare was waarin hy, veral toe so baie Vrystaters na die diamantvelde gestroom het, belangrike konsolidasiewerk binne die gemeente verrig het.[200] Hierna begin die byna veertigjarige bediening van die alom geliefde ds. G. W. B. van der Lingen, seun van die legendariese predikant van die Paarl, ds. G. W. A. van der Lingen. Net soos sy vader *"sou hierdie dienskneg van die Here 'n besondere warm plek in die harte van gemeentelede inneem, en so verknog was hy aan hulle dat hy in die loop van die volgende 38 jaar nooit die vrymoedigheid gehad het om 'n beroep na elders te aanvaar nie".*[201] Hy sou die bloeitydperk saam met die Vrystaatse Republiek beleef, maar ook die stryd om behoud van onafhanklikheid wat sou uitloop op die vernietigende Anglo-Boereoorlog.

### 1.4.4 Philippolis (1862)

Dit is bekend dat daar reeds in 1823 'n sendingstasie op Philippolis gestig is, so genoem ter ere van dr. John Philip, die superintendent van die Londonse Sendinggenootskap in Suid-Afrika.[202] In 1826 word die hele gebied en sendingstasie skriftelik aan die Griekwas gegee, terwyl voortgegaan word met sendingwerk onder die inwoners. Boere vestig hulle al hoe meer in die gebied, wat na verloop van tyd hoofsaaklik deur blanke veeboere beset sou word. Op 26 Desember 1861 word die oorblywende grond van die Griekwas deur die Volksraad gekoop en word dit deel van die Vrystaatse Republiek.[203]

---

200 Van Schoor, M. C. E., Gedenkskrif N.G.Gemeente Kroonstad 1860-1960, bl. 20-22; Snyman, D. S., a.w., bl. 18-19.

201 Van Schoor, M. C. E., Gedenkskrif N.G. Gemeente Kroonstad 1860-1960, bl. 24.

202 Bosch, J. A., Eeufeesgedenkboek van die N.G. Gemeente Philippolis, 1862-1962, bl. 13.

203 Bosch, J. A., Die geskiedenis van die N.G. Gemeente van Philippolis en die invloed daarvan op die Vrystaatse Kerk tot 1907, bl. 19.

Na die koopkontrak het die gedeelte outomaties deel van die gemeente Fauresmith geword. Reeds in Maart 1862 word 'n versoekskrif, onderteken deur 58 persone, aan die Kerkraad van Fauresmith voorgelê, waarin versoek word *"om Philippolis tot eene afzonderlijke Gemeente te verklaren"*.[204] Die Kerkraad van Fauresmith was in dié stadium teen afstigting gekant, maar het nogtans met 'n meerderheid van stemme besluit om goedkeuring aan die stap te verleen.[205] Tydens 'n buitengewone vergadering van die Ring van die Transgariep, tydens die sitting van die Sinode van 1862 te Kaapstad, word 'n *Memorie van een gedeelte der gemeente Fauresmith* voorgelees waarin gevra word dat die dorp Philippolis *"als eenen afzonderlijke gemeente te worden erkend"*.[206] Ds. A. A. Louw van Fauresmith word ná die stigting konsulent van Philippolis en sou voortgaan om die gemeente te bedien, totdat 'n eie leraar op 18 April 1863 bevestig is.[207]

Die koms van ds. Colin McKenzie Fraser, seun van die reeds bekende ds. Colin Fraser van Beaufort-Wes, is die aanvang van 'n verbintenis van vier en veertig jaar, wat gekenmerk sou word deur ongekende seën, nie net op kerklike gebied nie, maar op byna elke terrein van die samelewing. Hy sou die "vader" van sy gemeente genoem word, want aan die einde van sy bediening sou feitlik die hele gemeenskap deur hom gedoop, aangeneem en deur hom in die eg verbind wees. As prediker en pastor staan hy hoog aangeskrewe en as herder en leraar is sy gemeentelike bediening ingestel op die lidmaat en sy behoeftes. Ds. J. D. Kestell verwys na hom as *de Nestor der Sijnode*, waarvan hy, sedert die totstandkoming van 'n eie sinodale verband, 'n medebouer was. Dit is byna onmoontlik om sy krag en invloed op die Vrystaatse kerk te begroot. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog sou 'n dogter uit die pastorie op Philippolis, as presidentsvrou meer as een met haar geloofsmoed besiel. Ook in die stryd as grysaard, sou ds. Colin Fraser

---

204 Notule, Kerkraad Fauresmith, 3 Maart 1862.
205 Notule, Kerkraad Fauresmith, 3 Maart 1862.
206 Notule, Ring van Transgariep, 22 Oktober 1862.
207 Van der Merwe, G. A., Colin McKenzie Fraser 1837-1911 : die lewensbeeld van 'n Vrystaatse predikant uit die negentiende eeu, bl. 39.

getrou bly aan sy eerste en enigste gemeente tot met die aanvaarding van sy emeritaat op 5 Julie 1907.[208]

### 1.4.5 Edenburg (1862)

Reeds tydens die besoek van di. Andrew Murray en P. K. Albertyn aan die *wyk Boven-Rietrivier* ná die stigting van die gemeente Rietrivier (Fauresmith) op 11 Maart 1848, het die behoefte aan geestelike bearbeiding sterk na vore getree. By dié geleentheid word 'n ouderling en twee diakens verkies om die inwoners van die gebied groter meelewing in kerksake, as deel van die gemeente Fauresmith te gee.[209] Tydens 'n vergadering van die Ring van die Transgariep op 21 Oktober 1861 te Ladysmith, word 'n versoekskrif gelees *"van leden der Fauresmithsche gemeente om eene afzonderlijke kerkplaats aan Rietfontein op te rigten"*. By die vergadering word die Vrystaat verteenwoordig deur ouderling Sarel Cilliers van Kroonstad en twee ouderlinge van Harrismith. Die Ring besluit om die saak aan di. A. A. Louw van Fauresmith en P. Roux van Smithfield op te dra *"om in vereeniging met hunne Kerkraden de zaak te beslissen"*.[210] Van Schoor meld dat die kerkraadsnotule van Fauresmith deur 'n brand verwoes is en die kerkraadsnotules van Smithfield nie hiervan melding maak nie, weet ons nie wat die kerkrade hieroor besluit het nie.[211] Tydens 'n vergadering van die Ring van die Transgariep op 22 Oktober 1862 in Kaapstad, word die saak weer aangeroer: *"De Predikant van Smithfield brengt voorts eene memorie voor de vergadering tot het stichten van de gemeenten Edinburg en Bethulie."* Die Ringskommissie word aangestel om die saak te hanteer.[212] Volgens die notule van die Ring wat in November 1862 in Kaapstad vergader het,

---

208 Van der Merwe, G. A., a.w., bl. 25 e.v.

209 Dreyer, A., a.w., bl. 99.

210 Die Notule van die Ring van Transgariep se sesde vergadering te Ladysmith is nooit in die notule opgeneem nie. Daarom maak ons gebruik van die verslag wat in De Kerkbode van 1861 verskyn, bl. 407.

211 Van Schoor, M. C. E., Edenburg 1863-1963, bl. 43.

212 Notule, Ring van Transgariep, 22 Oktober 1862.

is ds. P. Roux van Smithfield benoem as konsulent *"van dat nieuwe dorp genoemd Edinburg"*, terwyl 'n spesiale kommissie aangestel word om *"de grens lynen van die nieuwe gemeente te bepalen"*.[213]

Tydens die eerste kerkraadsvergadering op 26 September 1863 word daar reeds melding gemaak van sake wat dui op 'n gevestigde gemeente. Toe reeds het ds. Gilles van de Wall as konsulent by ds. P. Roux oorgeneem. Hy het hom as 'n knap konsulent onderskei. Op 10 Junie 1866 word die eerste leraar, ds. A. P. Meiring, as herder en leraar bevestig. Hy sou tot met sy dood op 28 Mei 1892 die gemeente met geesdrif en besondere toewyding bedien. Hy sien die gemeente groei vanaf sy kinderskoene tot met die bloeitydperk kort voor sy heengaan. Hierin sou hy 'n leidende rol speel en met sy helder insig menige probleemsituasie ontlont.[214] Met die inwyding van die sierlike nuwe kerkgebou, is een van ds. Meiring se grootste ideale verwesenlik. Dit dien as blywende monument totdat dit in 1953 afgebreek word.[215] Hierdie bekwame leraar sou ook as skriba, argivaris, actuarius en quaestor van die Vrystaatse Sinode vaste fondamente lê. Hy het met toewyding en waardigheid aan die kerk in die Oranje-Vrystaat help bou en het as kenner van die gereformeerde kerkreg uitgemunt. Ná sy dood skryf die redakteur van die amptelike kerkblad in die Vrystaat, *Die Fakkel*, soos volg: *"De naam van A. P. Meiring is onafscheidelik verbonde aan de geschiedenis der Ned. Geref. Kerk van den Oranje-Vrystaat."*[216] Ná sy dood word ds. Piet du Toit op 7 Julie 1893 as predikant bevestig, 'n verbintenis wat langer as drie dekades sou duur tot en met die aanvaarding van sy emeritaat in 1924.[217]

---

213 Notule, Ring van Transgariep, November 1862.

214 Notule, Kerkraad Edenburg, 26 September 1863; Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 45-48.

215 Van Loggerenberg, J. H., Gedenkboek van die N.G. Gemeente Edenburg, O.V.S. 1863-1938, bl. 12-13. Sien ook die volgende programme met kort historiese sketse oor die kerkgeboue: Afskeidsplegtighede en program : Ned. Geref. kerkgebou en orrel : Edenburg 1877-1953; Program vir die plegtige hoeksteenlegging van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Edenburg op Saterdagmiddag 14 November 1953; Inwydingsprogram, Nederduitse Gereformeerde Kerk Edenburg, Saterdag 19 Junie 1954.

216 De Fakkel, 1891; Van Schoor, M. C. E., Edenburg 1863-1963, bl. 53.

217 Van Loggerenberg, J. H., a.w., bl. 16-25.

## 1.4.6 Bethulie (1862)

Gedurende Mei 1828 begin twee sendelinge, J. Clark en G. A. Kolbe, 'n sendingstasie onder die Boesmans op die terrein van die latere dorp Bethulie. Op 2 Julie 1833 verlaat hulle die sendingstasie en gee dit oor aan die Franse Sendinggenootskap wat onder leiding van eerwaarde Jean Pierre Pellissier met sendingwerk voortgaan, hierdie keer onder die Betsjoeana. In 1835 word die sendingstasie Bethulie genoem.[218] Hier sou eerwaarde Pellissier sy lewe in diens van die sending wy en sou sy werk en lewe onafskeidbaar verbonde wees aan die vestiging van die Christelike beskawing in die Suid-Vrystaat. In 1860 word die oorspronklike sendingstasie en grond deur 'n sindikaat gekoop vir die stigting van 'n dorp, terwyl die eerste erwe reeds op 25 Junie 1862 verkoop word.[219] Dit sou op sy beurt weer die wiel aan die rol sit vir die stigting van 'n eie gemeente.

Op 'n vergadering van die Ring van die Transgariep, op 22 Oktober 1862 te Kaapstad, word die saak bespreek. *"De Predikant van Smithfield brengt voorts eene memorie voor de vergadering tot het stichten van de gemeenten Edinburg en Bethulie."*[220] Uit die Notuleboek van Bethulie blyk dit dat ds. Pieter Roux as konsulent 'n notuleboek vir die nuut gestigte gemeente aangelê het, maar nooit die gebeure genotuleer het nie.[221] Op 22 Oktober 1864 word 'n kerkraadsvergadering deur die waarnemende konsulent, ds. Colin Fraser van Philippolis, gehou. In sy netjiese handskrif teken hy op versoek van die vergadering die belangrikste gebeurtenisse sedert die stigting in 1862 aan. Hy skryf,

---

218 Pellissier, S. H., Jean Pierre Pellissier van Bethulie, bl. 168-212.
219 Pellissier, S. H., a.w., bl. 498-533.
220 Notule, Ring van Transgariep, 22 Oktober 1862.
221 Notule, Kerkraad, Bethulie, 22 Oktober 1864; Pellissier, S. H., Eeufeesalbum Bethulie 1863-1963, bl. 79.

onder andere, *"dat deze gemeente opgerigt werd in het jaar 1862"*, en dat twee vrugtelose beroepe reeds uitgebring is.[222] Daar sou hegte liefdesbande tussen ds. Fraser en die gemeente Bethulie gesmee word, want oor 'n tydperk van meer as vier dekades is hy as konsulent aan die gemeente verbonde.[223]

Die eerste predikant, ds. J. H. Cloete, word op 18 Maart 1868 op Heidelberg, soos die dorp enkele jare genoem is, bevestig. Hy trou in 1869 met 'n dogter van ds. Pieter Roux van Smithfield, wat haar onderskei as 'n getroue lewensmaat deur al die krisisse tydens hulle kort maar gelukkige huwelik.[224] Ná 'n kort bediening lê ds. Cloete tydens 'n kerkraadsvergadering op 16 September 1872 die bediening neer en word later as onderwyser deur die regering op Bethulie aangestel. In die beskikbare gepubliseerde bronne word sy bedanking in verband gebring met swak gesondheid, maar die Ringsnotule van Fauresmith wys die werklike toedrag van sake uit. Ds. J. H. Cloete is naamlik by die Ring aangekla *"over misbruik van sterken drank gedurende de laatste 17 maanden"*.[225] Ná hierdie episode word ds. J. G. Olivier van Franschhoek beroep. Hy aanvaar die beroep en word op 26 April 1873 bevestig. Na meer as tien jaar van toegewyde diens, ten spyte van 'n swak gestel en voortdurende ongesteldheid, sterf hy op 10 Maart 1884. Hierdie geesdriftige dienskneg van die Here het sy gemeente met harde werk en deursettingsvermoë besiel. Sy preke word in 1885 gepubliseer en beleef verskeie herdrukke.[226] Hy word op 3 Mei 1885 opgevolg deur die begaafde ds. J. J. T. Marquard. In sy tyd word die tans historiese kerkgebou ingewy, ná 'n treffende feesrede deur ds. Colin Fraser van Philippolis. Hy aanvaar op 2 Julie 1894 'n beroep na Winburg, en sou

---

222 Notule, Kerkraad Bethulie, 22 Oktober 1862.
223 Van der Merwe, G. A., a.w., bl. 110-111.
224 Pellissier, S. H., a.w., bl. 85-90.
225 Notule, Ring van Fauresmith, 13 April 1872, 9 April 1873.
226 Pellissier, S. H., Briewe uit Bethulie : negentig jaar gelede, bl. 10; Pellissier, S. H., a.w., bl. 91-93; Nagelatene leerredenen van Johannes Gerhardus Olivier - in leven herder en leeraar der Ned. Geref. Kerk Franschhoek en Bethulie, bl. iii.

hom gaandeweg onderskei as 'n merkwaardige kerkleier in die Vrystaatse kerk.[227] Hy word in die begin van 1895 opgevolg deur ds. G. S. Malan, wat reeds weer in 1897 vertrek. Op 3 April 1898 word ds. H. C. J. Becker bevestig,[228] 'n ernstige en vroom man, God se dienskneg vir die donker tyd wat sou kom.

## 1.5 OP PAD NA 'N EIE SINODALE VERBAND

### 1.5.1 Band met die Kaapse kerk verbreek

Op Woensdag, 26 November 1862, is in die Kaapse Hooggeregshof uitspraak gelewer in die geding waarin die here H. H. Loedolff en H. H. Smuts beswaar aangeteken het teen die sitting van ds. A. A. Louw van Fauresmith in die Kaapse Sinode. Die saak is teen die Sinode en ten gunste van die klaers uitgewys. Nog dieselfde aand is die kennisgewing oor die uitspraak deur die moderator, ds. A. Murray (jr.) aan die Sinode voorgelees: *"That the said Andries Adriaan Louw be declared not entitled to sit, deliberate, and vote at the meetings of the said Synod, or to take any part in their proceedings. No costs."*[229]

Hierdie hofsaak is as 'n toetssaak beskou. Die uitsluiting van ds. A. A. Louw van die sinodale verrigtinge het ook die ander predikante en ouderlinge van gemeentes buite die grense van die Kaapkolonie geraak.[230] Dat dit 'n droewige oomblik vir die afgevaardigdes was, spreek vanself. Tewens is ook die ander lede van die Sinode deur die gebeure diep geraak. In 'n kragtige gebed het die Moderator, wat enkele jare vantevore nog predikant van Bloemfontein was, die broers van wie afskeid geneem moes word, aan God opgedra. Di. G. van de Wall van Bloemfontein en P. Huet van Pietermaritzburg het elk by

---

227 De Fakkel, 30 September 1887; Van der Merwe, G. A., Enkele leierfigure van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat gedurende die Republikeinse tydperk : 1854-1902, bl.26-35.

228 Pellissier, S. H., a.w., bl. 95-98.

229 Acta Synodi, 1862-1863 (K.K.A. S 1/11, bl. 1419-1422).

230 Van der Watt, P. B., Die Loedolff-saak, bl. 109, 227.

wyse van afskeid 'n paar woorde gespreek.[231] *"Toe die afgevaardigdes van die Ring van die Transgariep opstaan om die kerkgebou te verlaat, het die trane oor die wange van menige leraar en ouderling gerol ... Hier is 'n skeiding op die Kerk afgedwing wat deur die meerderheid van sy geestelike leiers of lidmate nooit begeer is nie."*[232] Die sinodale verband van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Kaapse kerk) met die gemeentes noord van die Oranjerivier is daarmee beëindig.

### 1.5.2 Beraadslaginge met die oog op die toekoms

Met beswaarde gemoedere, onsekerheid en vertwyfeling in die hart, het die afgevaardigdes na hul onderskeie gemeentes teruggekeer. Beslissinge oor kerklike en geestelike sake sou voortaan op eie verantwoordelikheid en gesag geneem moes word, sonder die ervaring en meerdere kennis van die broeders in die Kaapse kerk.[233] Die onbestendigheid en al die onsekerheid wat met pioniersomstandighede saamhang, het in dié jare reeds 'n eie stempel aan die kerklike lewe in die Vrystaatse Republiek gegee. *"Uiterste versigtigheid, rype oorleg en beraadslaginge, sowel as 'n innige begeerte om ware eensgesindheid te verseker ... sou ook in hierdie oorgangsperiode geld."*[234]

Dat die gemeentes in die Oranje-Vrystaat ewenwel bereid was om hul verantwoordelikheid moedig en gelowig te aanvaar, blyk reeds op die Sesde Vergadering van die Transgariepse Ring wat op 16 September 1863 in Bloemfontein 'n aanvang neem. Een van die sake wat die aandag van die vergadering geniet en indringend bespreek word, sonder om tot finaliteit daaromtrent te kom, is soos Gerdener dit stel,*"die toekoms van die kerk"*.[235] Hy praat van hierdie byeenkoms as 'n *"kerkvergadering"*, *"'n Vrystaatse samekoms om oor die toekoms van die kerk te beraad-*

---

231 Du Plessis, J., a.w., bl. 225; Kleynhans, E. P. J., a.w., bl. 323.
232 Oberholster, J. J. en Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 70; Moorrees, A., a.w., bl. 906,907.
233 Hanekom, T. N., Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk : gedenkboek by die derde eeufees 1952, bl. 142.
234 Oberholster, J. J. en Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 71.
235 Gerdener, G. B. A., a.w., bl. 148.

*slaag".*[236] Hoewel al die gemeentes in die Vrystaat nog nie oor eie leraars beskik het nie, was hulle nogtans almal verteenwoordig. Dit blyk ook uit die aanwesigheid van diakens op die vergadering. Naas diaken H. W. Pienaar van Edenburg, maak die Notule ook melding van die *"diaken van Fauresmith"*. Briewe van verskoning vir afwesigheid van *"den eerw. McCarter te Weenen Natal"* en *"den eerw. Cachet van Ladysmith Natal"* dien voor die vergadering.[237]

Van besondere betekenis is 'n versoekskrif onderteken deur 187 lidmate uit die gemeentes Bloemfontein, Winburg, Boshof, Jacobsdal en Bethulie, wat vra vir die *"oprigting van eene afzonderlijke Sijnode in den Vrystaat"*. By dié geleentheid is ds. Gilles van der Wall van Bloemfontein aan die woord: *"Wij zijn uitgeworpen en waarom dan weer gesmeekt om aangenomen te worden? Wij zijn een afzonderlijk land en regering en door geene ordonnantie aan den Staat verbonden. De Kaapsche regering zegt, predikt het Evangelie tot aan Grootrivier, doch de Heere Jezus gebiedt om het Evangelie aan alle creaturen te brengen."*[238]

Uit die Notule van die Ring van Transgariep is dit duidelik dat daar veral twee gedagterigtings oor die belangrike saak onder bespreking was. Argumente ten gunste van 'n afsonderlike sinode kom op die volgende neer:

- Die Vrystaatse lidmate leef onder 'n afsonderlike bestuur en afsonderlike wette.

- 'n Onafhanklike posisie sou in die gemeentes 'n sterker gevoel van verantwoordelikheid opwek; dit sou meer lewe inboesem en die kerk sou meer vir die Meester onder die heidene in en rondom die Vrystaat kon doen.

---

236 Gerdener, G. B. A., a.w., bl. 147-149.
237 <u>Notule</u>, Ring van Transgariep, 17 September 1863.
238 <u>Notule</u>, Ring van Transgariep, 17 September 1863. Daar bestaan 'n meer volledige verslag van die gebeure in die Vrystaatse koerant <u>De Tijd</u> van 30 September 1863. Dit word net so weergegee in: Gerdener, G. B. A., <u>Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep</u>, bl. 184-150.

- Afgesien van die onkoste daaraan verbonde, was al die predikante in die Vrystaat al om die vyf jaar van drie tot vier maande uit hul gemeentes afwesig as hulle die Sinode in Kaapstad gaan bywoon.

- Die Vrystaat was sterk genoeg om tot onafhanklikheid te kom; ses predikante was reeds in gemeent-es werksaam, 'n sewende sou spoedig te Boshof verwag word en die pas gestigte gemeentes was besig om te beroep; die jong staat groei en bloei en dit was die waarborg dat nuwe dorpe en gemeentes steeds 'n afsonderlike sinode sou versterk.

- Al sou 'n afsonderlike sinode in die lewe geroep word, kon nog met die Moederkerk in Kaapstad deur middel van korrespondensie en afgesante kontak gehou en saamgewerk word.[239]

Aan die ander kant het di. Colin Fraser (Philippolis), A. A. Louw (Fauresmith), P. Roux (Smithfield) en H. van Broekhuizen (Winburg) hulle geskaar by die groep wat sterk aangetrokke gevoel het tot die Kaapse kerk.[240] Hulle het dan ook by dié geleentheid hulle besware teen 'n afsonderlike sinode geopper. Argumente teen die skepping van 'n eie afsonderlike sinode kan so saamgevat word:

- Die Kaapse Sinode sou in Oktober 1863 sy onderbroke sitting voortsit en ongetwyfeld reëlings tref om die verbroke bande te herstel, en wel deur die Kaapse Parlement te versoek om Ordonnansie No. 7 van 1843 te herroep.

- Die voordele van die ondervinding en godsvrug van menige leraar binne die Kaapse sinodale ressort sou vir die Vrystaatse kerk verlore gaan.

---

239 Kleynhans, E. P. J., a.w., bl. 324-325.
240 Gerdener, G. B. A., a.w., bl. 197.

- Die getal geestelikes in die Vrystaat was te klein, die ligging, jeug en beperkte geestelike en opvoedkundige middele was ernstige hinderpale teen die bestaan "eener onafhankelijke kerk".

- Verdeling verswak: Eendrag maak mag.[241]

Teenoor hierdie twee hoofrigtings het ds. Lion Cachet in 'n skrywe aan die Ring te kenne gegee dat hy *"eene vereeniging van den Ring van Natal met die van Transgariep"* begeer.[242]

Ná 'n lang bespreking word op voorstel van die predikante van Winburg en Philippolis besluit: *"Deze vergadering hare moëlijke positie na de afscheiding van de Kaapsche Synodi beseffende wenscht eers aftewachten den uitslag der vergaderingen van dat Hoog Eerwaardig Lychaam in Oktober aanstaande omtrent zyne toekomstige verhouding tot haar, alvorens de kerk stappen neme tot het zamenstelle eene zelfstandige Synode."*[243] In aansluiting daarby word besluit om 'n kommissie te benoem *"tot het schryven van een brief aan den Hoog Eerw. Synode insluitend evengemeld voorstel"*. Die "Eerw. Ring van Natal", so word verder ooreengekom, sou ook van hierdie besluit verwittig word, met vermelding van die feit dat die Bloemfonteinse vergadering *"op het onderwerp der vereeniging in den brief zyns afgevaardigden vervat nog geen voldoend antwoord kunnen geven"*.[244]

Die Vrystaatse versoek word deur die Kaapse Sinode na 'n tydelike kommissie verwys wat, ná ernstige oorweging, op 30 Oktober 1863 sy rapport ter tafel lê. Bewus van die feit dat herstel van die kerkverband met gemeentes buite die grense van die Kaapkolonie alleen moontlik sou wees indien die Kaapse Parlement tot die wysiging van Ordonnansie No. 7 van 1843 sou instem, beveel die kommissie aan dat sodanige versoek nie aan die Parlement gerig moet word nie. Die enigste

---

241 Kleynhans, E. P. J., a.w., bl. 324-325.
242 Notule, Ring van Transgariep, 17 September 1863.
243 Notule, Ring van Transgariep, 17 September 1863.
244 Notule, Ring van Transgariep, 17 September 1863.

tegemoetkoming aan die kerk noord van die Oranjerivier is dat aan die begeerte om "in naauwste vereeniging" met die gemeentes te verkeer, voldoen word deur lidmate wedersyds te erken, predikante oor en weer te beroep en deputasies na mekaar se vergaderings te nooi.[245] Die Sinode vereenselwig hom met die aanbevelings van die kommissie.[246]

### 1.5.3 Eie Sinode word werklikheid

Hierdie besluit van die Kaapse Sinode het die deur na die suide vir die Vrystaters finaal gesluit. Vir hulle bly daar geen ander keuse oor as om aan 'n eie sinode te dink nie. So staan dit ook in die Sinodale Handelinge van die Vrystaatse kerk opgeteken: *"Ten gevolge deur uitspraak van het Hooge Geregtshof in Kaapstad, November 1862, dat naamlik de leden der. Ned. Ger. Kerk buiten de Kaapkolonie geen deel mogten uitmaken dier Hoog-Eerw. Synode, werd dit deel des vroegeren Transgariepschen Rings (de leden van den O. Vrijstaat) genoodzaakt op eigen zelfstandigheid bedacht zijn."*[247]

Alhoewel die eerste formele sinodale vergadering eers op 10 Mei 1865 te Bloemfontein plaasgevind het, lei dit geen twyfel nie dat die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat reeds op 15 November 1864 te Smithfield gestig is. Dit het saamgeval met 'n kerklike konferensie wat vanaf 10 tot 15 November 1864 deur 11 gemeentes met 33 afgevaardigdes bygewoon is. Ds. A. A. Louw van Fauresmith het as voorsitter opgetree, in die afwesigheid van ds. Gilles van de Wall, wat weens ongesteldheid nie teenwoordig kon wees nie. Gerdener tipeer hierdie vergadering as die oorgang van die Transgariepse Ring na 'n eie selfstandige kerk in die Vrystaatse Republiek.[248] Tydens hierdie vergadering is daar veral aandag gegee aan die finale redigering van die kerkwet, wat kort daarna in druk verskyn het. Daar is ook

---

245 Acta Synodi, 1862-63 (K.K.A. S 1/11, bl. 1682-1686).
246 Acta Synodi, 1862-63 (K.K.A. S 1/11, 30 Oktober 1863).
247 Acta Synodi, O.V.S. 1865, bl. iii.
248 Gerdener, G. B. A., a.w., bl. 198.

besluit dat Sondag, 4 Desember 1864 'n sinodale dank- en biddag sou wees. *"Als Dankdag, omdat de Heer haar verwaardigd zich te constitueren als Kerklijk Lichaam op de meest eenstemmige wijze, zoo zij hoopt tot heil der Gemeenten. Als Bededag, opdat het den Heer behage ons van het verwoestend sprinkaanheir te verlossen, die als een oordeel Gods land verderven."*[249]

Die jong Vrystaatse kerk word voor groot uitdagings geplaas. Maar die Koning van die kerk is getrou. Dit blyk ook uit die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat. Die Here het wonderlik voorsien, onder meer deur die manne wat in hierdie pioniersjare in die vestiging en uitbouing van 'n eie sinodale verband die voortou sou neem. In dié verband sou 'n kenner van die kerkgeskiedenis, G. B. A. Gerdener, soos volg getuig: *"Keer op keer as ons die lywige boekdele deurblaai waarin die notule van die Vrystaatse Sinodes vir ons bewaar is, beny ons die Vrystaatse Kerk sy kalme atmosfeer. Die gang van sake is selfs hier en daar eentonig: daar is nie veel wat verras en prikkel nie; daar word geen besondere geskiedenis gemaak nie; dinge gaan jaar na jaar hulle gewone gang, veral in die Vrystaat, waar die N.G. Kerk meer as in enige ander Transgariepse gebied so te sê die hele volkslewe beheers en die hele seggenskap het."*[250]

## 1.6 BESTENDIGE GROEI OOR MEER AS DRIE DEKADES

Ná die sitting van die eerste Sinode vanaf 10 tot 13 Mei 1865 te Bloemfontein, word 'n bestendige groei gehandhaaf en sou hierdie Vrystaatse Kerkvergadering tydens die Republikeinse tydperk twintig keer vergader. In dié tyd sou slegs tien leraars die amp van moderator beklee: di. C. M. Fraser (Philippolis) vyf keer, P. A. Winter (Bultfontein) en J. G. Olivier (Bethulie) elk vier keer; G. van de Wall (Bloemfontein), P. Roux (Smithfield), C. S. Morgan (Rouxville), P. A. C. van Heynigen

249 The Friend, 25 November 1964.
250 Gerdener, G. B. A., a.w., bl. 205.

(Winburg), C. P. Theron (Bethlehem), J. J. T. Marquard (Winburg) en G. Raddloff (Bloemfontein).[251] Ds. A. P. Meiring van Edenburg sou oor 'n tydperk van 'n kwart eeu as skriba van die Sinode bestendigheid aan die moderatuur verleen. Sy bekwaamheid, deeglikheid en presiesheid word in die sinodale stukke weerspieël en dien as blywende monument vir sy arbeid.[252]

Met die totstandkoming van 'n eie sinodale verband was die gemeentes in die Vrystaat slegs in een Ring saamgesnoer. Voortaan sou die gemeentes deur twee ringe bedien word, naamlik die Ring van Winburg en die Ring van Fauresmith. Tot en met 1877 het die gemeentes vanaf 11 na 22 vermeerder, wat akkommodasie in twee Ringe bemoeilik het. Met die oog op verdere uitbreiding en meer intieme en effektiewe bediening, besluit die Sinode van 1877 om die sinodale gebied in vier Ringe te verdeel, naamlik 'n Noordelike, Oostelike, Westelike en Suidelike Ring.[253] Die Sinode van 1895 besluit om weens verskeie redes om 'n vyfde, die Sentrale Ring, in die lewe te roep.[254]

In die drie dekades ná 1865 groei die Vrystaatse kerk vanaf elf tot sewe-en-dertig gemeentes, terwyl die kerk hierin ook deur die voortreflike staatsbestuur gesteun is. 'n Gesonde wisselwerking wat tot albei se voordeel aangewend is, laat enersyds die kerk tot volle wasdom kom en aan die ander kant die Vrystaatse Republiek tot 'n modelstaat ontwikkel. Die woorde van ds. A. A. Louw, vroeër leraar van Fauresmith, tydens sy groeteboodskap namens die Kaapse kerk aan die Vrystaatse Sinode in die laat Republikeinse era, spreek vanself: *"Destijds betreurde hy het dat de afscheiding was ontstaan, maar nou moet hij het uitvinden, dat wat men toen als kwaad beskouwde, door den Heer ten goede beskikt. De Vrijstaatsche Kerk, zelfstandig geworden zijnde, is wat het uiterlijke althans betreft met verbazende schreden vooruitgegaan ..."*[255]

---

251 Acta Synodi, O.V.S. 1865-1897, Deel I en II.
252 Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 54.
253 Acta Synodi, O.V.S. 11 April 1877; De Fakkel, 1877, bl. 200-203.
254 Acta Synodi, O.V.S., 20 September 1895.
255 De Fakkel, 15 Junie 1884.

### 1.6.1 Bethlehem (1869)

Met die stigting van die dorp Bethlehem op 27 Februarie 1864 het die gemeenskap nog deel uitgemaak van die wyk *Witte Bergen* met Harrismith as kerksentrum. Sedert 1862 is die gebied kerklik bedien deur 'n Skotse leraar, ds. D. McMillan, wat geen moeite ontsien het om selfs met lewensgevaar deur vol riviere, ook tydens die Basoeto-oorlog, die verspreide laers te besoek nie. Hy het gereeld na Bethlehem gekom om eredienste te hou en lidmate geestelik te versorg. Hy sou ook die lidmate tot gemeentestigting lei.[256]

Die vernaamste struikelblok in die weg van gemeentestigting was die oorloë met die Basoeto's wat die samelewing oor die jare heen ontwrig het, en die daarmee gepaardgaande onsekere landsomstandighede. Ná die laaste oorlog het toestande so verbeter dat 'n aansoek op 9 April 1869 aan die Ringskommissie van Winburg gerig is *"dat het nog de eenparige begeerte was van de inwoners, op en om het dorp Bethlehem, om tot eene afzonderlijke Gemeente te worden gevormd".*[257] Op 25 April 1869 word die gemeente Bethlehem deur die Ringskommissie van Winburg as afsonderlike gemeente gestig, die eerste ná die totstandkoming van 'n eie sinodale verband.[258]

Die eerste kerkraadsvergadering word op 19 Julie 1869 onder leiding van ds. D. McMillan gehou *"om als zelfstandig Kerkeraad de belangen van Christus Kerk alhier te bevorderen".*[259] Daar word ook besluit om gedurende Oktober 'n kerkbasaar te hou. 'n Interessante feit is dat die afgevaardigdes van die kerkraad om een of ander rede klokslag 'n verskoning vind om ds. McMillan nie na sinodale vergaderings te vergesel nie. Die Sinode van 1871 *"wenscht bij de Gemeente aan te dringen op de noodzakelijkheid om in dit opzicht eenen anderen weg in te*

---

256 Maeder, G.A., a.w., bl. 168; Van Rensburg, A. P. J. en Van Schoor, M. C. E., Die geskiedenis van Bethlehem 1864-1964, bl. 26-27.

257 Notule, Ring van Winburg, April 1869 (V.K.A.); Acta Synodi, O.V.S., 9 April 1869.

258 Van Rensburg, A. P. J., "En jy Bethlehem ..." : eeufees-album van die Ned. Geref. Gemeente Bethlehem 1869-1969, bl. 38 e.v.

259 Notule, Kerkraad Bethlehem, 19 Julie 1869.

*slaan".*[260]

Die jong ds. C. P. Theron word op 14 Desember 1872 as eerste leraar van Bethlehem bevestig. Daarmee begin 'n bediening wat hy met geesdrif en toewyding veertig jaar lank vervul, tot met sy aftrede in 1912.[261] Hy was geen onbekende nie, want 'n jaar of wat voor sy bevestiging was hy en proponent J. R. Albertyn per ossewa oor Bethlehem na Natal op reis. Hulle span een aand in die nabyheid van die dorp uit, en maak 'n kampvuur wat ná 'n hewige rukwind die omliggende veld aan die brand steek. Die vrederegter, E. Bruwer, beboet die twee en bepaal dat een van hulle met hul terugkoms een Sondag op Bethlehem moes preek. Prop. Theron neem die erediens waar en raak só bekend by sy latere gemeente.[262] In sy lewe word ds. Theron reeds 'n legende vanweë sy geestelike bouwerk op Bethlehem, waar hy hom onderskei as 'n herder en leraar van formaat. Onder sy leiding word 'n nuwe kerkgebou op 11 November 1882 ingewy, volgens ds. J. D. Kestell *"in zijn tijd het mooiste bouwerk in de Vrijstaat".*[263] Hierdie begenadigde dienskneg, wat 'n intieme verhouding met sy gemeentelede gehandhaaf het, is getrou bygestaan deur 'n godvresende lewensmaat. Die Vrystaatse kerkblad, *De Fakkel*, berig soos volg oor sy verbintenis met die gemeente: *"Deze gemeente is zeer verkleefd aan haren leeraar."*[264] Selfs in die krisistyd by 'n eeuwisseling sou hulle getrou aan mekaar bly.

## 1.6.2 Wepener (1870)

Met die verdrag van Thaba Bosigo in April 1866, is die Basoeto-oorlog nie net beëindig nie, maar het Mosjesj ook afstand gedoen van die

---

260 Acta Synodi, 12 April 1871.
261 Notule, Kerkraad Bethlehem, 15 Julie 1872.
262 Van Rensburg, A. P. J. en Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 29-30.
263 Van Rensburg, A. P. J., a.w., bl. 45-47; Die Kerkbode, 18 Julie 1924.
264 De Fakkel, Augustus 1877; Stadsraad: Bethlehem - Van Riebeeck fees - 2 tot 5 Februarie 1952, bl.27-33.

sogenaamde Verowerde Gebied.[265] Hier sou in die loop van die volgende paar jaar nie net nuwe dorpe ontstaan nie, maar drie gemeentes sou ook gedurende 1870 gestig word. Wepener is sonder twyfel die oudste van die drie gemeentes in die verowerde gebied. Ná verskeie vertoë, besoek die Ringskommissie van Fauresmith die dorp op 29 Julie 1870 *"en verklaarde Wepener en omstreken onder bepaalde grensscheiding, namens de Ned. Geref. Kerk van den Oranjevrystaat, voor eene afzonderlijke gemeente"*.[266] Die dorp en gemeente sou vernoem word na die boereheld Louw Wepener, wat tydens die bestorming van Thaba Bosigo gesneuwel het.[267]

Tydens die eerste kerkraadsvergadering op 1 Augustus 1870 word besluit om 'n kerkgebou op te rig, wat ná 'n jaar in gebruik geneem is. Ds. Pieter Roux (Smithfield) en ds. Colin Fraser (Philippolis) gaan 'n dankbare gemeente by dié geleentheid voor.[268] Ds. J. W. Louw word op 10 Mei 1874 as eerste leraar bevestig en sou tydens sy dienstyd op Wepener veral as yweraar vir die sending bekend word. Hy neem in 1880 'n beroep na Ladysmith aan.[269] Die eerste beroep daarna word uitgebring op proponent G. R. Keet, wat toe pas sy teologiese opleiding te Stellenbosch voltooi het. *"Tydens ds. Keet se ampstyd het die kerkraad hom ten nouste met die behoeftes en aspirasies van die dorp vereenselwig en dit is ook wel te begrype, omdat die leiers op kerklike gebied ook die leiers op maatskaplike gebied was."*[270] Die leraar beywer hom ook vir die oprigting van 'n nuwe kerkgebou, waarvan pres. J. H. Brand in 1884 die hoeksteen lê. Ná tien jaar is die kerkie te klein en word dit vergroot en van 'n sierlike toring voorsien. Ook by dié geleentheid word 'n staatspresident vereer met die hoeksteenlegging, naamlik pres. M. T. Steyn. Op 14 Julie 1899 word hierdie kerkgebou,

---

265 Oberholster, J. J., Wepener 1869-1969, bl. 39.

266 De Tijd, 24 November 1870; Acta Synodi, O.V.S., 1871, bl. 120. Aangaande die stigting van gemeentes in die verowerde gebied, raadpleeg Flemming, H. C. J., Eeufeesgedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Ladybrand 1870-1970, bl.12-19.

267 Jacobs, J. F., a.w., bl. 88-89.

268 Notule, Kerkraad Wepener, 1 Augustus 1870; Kayser, F., Eeufees-album van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wepener 1870-1970, bl. 8-9.

269 Notule, Kerkraad, Wepener, Januarie 1879; Kayser, F., a.w., bl. 9.

270 Oberholster, J. J., Feesalbum N.G. Kerk Wepener 1870-1970, bl. 143.

wat vandag nog 'n sieraad en baken op Wepener is, ingewy.[271] Dit was ds. Gysbert Keet nie gegun om hierdie glansryke gebeurtenis, waarvoor hy hom so beywer het, te beleef nie. Hy sterf ná 'n siekbed op 21 April 1899. Hy sou ook as digter bekendheid verwerf deur sy digbundel *De Pastorie Bloemen*, wat gretig gelees is.[272] So sou hierdie gemeente ook in die stryd van 'n naderende oorlog homself sonder 'n leraar moes handhaaf.

### 1.6.3 Ladybrand (1870)

Tydens die sitting van die Ring van Winburg op 14 April 1870, word aansoek gedoen om twee nuwe gemeentes, Ladybrand en Ficksburg, te stig. Ds. H. C. J. Flemming is van mening dat die gemeente Ladybrand tussen 29 Julie 1870 en 15 November 1870 gestig is.[273] Die eerste leraar, proponent Louis Hugo, word op 8 April 1876 in die gemeente bevestig. *"Op sy skouers het die reusetaak gerus om die jong gemeente in die belangrike pioniersjare te vorm en te bou."* Ná 'n vrugbare bediening van vyf jaar, neem hy in 1876 'n beroep na Beaufort-Wes aan.[274] As opvolger word ds. J. H. Cloete, voorheen predikant van Bethulie en later skoolhoof te Lady Grey, as herder en leraar beroep. Hy en sy gesin arriveer op 19 Julie 1877 op Ladybrand, waar hy vanweë siekte egter nie bevestig kan word nie. Sy siekte vererger en hy sterf op 22 Augustus 1877 in die jeugdige ouderdom van ses-en-dertig jaar.[275]

Ds. G. A. Maeder word op 20 April 1878 te Ladybrand bevestig en sou as seun van 'n Franse sendeling te Morija, waardevolle diens as baanbreker-sendeling te Witzieshoek lewer.[276] Soos telkens tevore sou hy ook op Ladybrand bekendheid verwerf deur sy blanke opregtheid,

---

271 Kayser, F., a.w., bl. 10-11.
272 Maeder, G. A., a.w., bl. 170.
273 Notule, Ring van Winburg, 14 April 1870; Flemming, H. C. J., a.w., bl. 12-19.
274 Bosch, J. A., Ladybrand 1867-1967, bl. 124.
275 Flemming, H. C. J., a.w., bl. 81.
276 Ross, J. J., Die sending te Witzieshoek - Paulus Mopeli en andere sake rakende die sending aldaar, bl. 19-29.

blymoedigheid, ruimhartigheid en egte volks- en vaderlandsliefde. As prediker en skrywer was hy bekwaam en stel nieteenstaande afnemende krag, *Ons Kerkalbum* op, 'n monumentale naslaanbron oor die herkoms van ons gemeentes.[277] Hy word opgevolg deur ds. J. A. Joubert, wat as proponent sy bediening op Ladybrand begin. Ná sy bevestiging op 14 Maart 1885 leer almal hom as 'n nederige, vroom en toegewyde dienskneg van die Here ken. Hy neem op 27 November 1897 afskeid van die gemeente nadat hy 'n beroep na Vredefort aanvaar het.[278] Die volgende leraar, ds. P. S. van Heerden, word op 25 Februarie 1899 bevestig. Daarmee word 'n vrugbare verbintenis van ses-en-dertig jaar op Ladybrand ingelui.[279] Hy sou kort ná sy bevestiging veel lief en leed met die gemeente tydens die oorlog beleef.

### 1.6.4 Ficksburg (1870)

Tydens 'n vergadering van die Ring van Winburg op 14 April 1870 te Winburg *"komt der tafel een lastbrief des kerkraads van Ficksburg ten behoeven van den heer J. Cilliers, diaken aldaar en tevens eene memorie des bewoners van Ficksburg om als een gemeente gekonstitueerd te worden"*.[280] Hierin moet ons "des kerkraads van Ficksburg" vertolk as lede van die kerkraad van Winburg wat op Ficksburg woonagtig is, terwyl diaken Cilliers 'n spreekbuis vir die lidmate was.[281] Dit is dus duidelik dat die gemeente Ficksburg nie in 1869 gestig is soos sekere bronne beweer nie, maar wel in 1870.[282] Die eerste kerkraadsvergadering word op 1 Junie 1872 deur ds. P. A. C. van Heyningen

---

277 Maeder, G. A., a.w., bl. 172; Die Kerkbode, 29 Augustus 1918.

278 Die Kerkbode, 17 Oktober 1923.

279 Flemming, H. C. J., a.w., bl. 84.

280 Notule, Ring van Winburg, 14 April 1870.

281 Flemming, H. C. J., a.w., bl. 14.

282 Die volgende twee bronne dui die stigtingsdatums as 1869 aan: Stockenström, A., Historiese oorsig van die gemeente Ficksburg 1869-1969, bl. 21; Olivier, P. L., Ons gemeentelike feesalbum, bl. 321. Die volgende bronne dui 1870 as stigtingsdatum aan: Maeder, G. A., Ons kerkalbum, bl. 171; De Almanak, 1872 en volgende jare gee 1870 aan. Dit word later Die Jaarboek, wat ook konsekwent tot 1987 die stigtingsdatum as 1870 weergee; Feesuitgawe van die geskiedenis van Ladybrand ter herdenking aan die 300-jarige Van Riebeeck-feesvieringe 1952, bl. 9.

waargeneem, terwyl die hoeksteen van die eerste kerkie reeds die volgende dag gelê word.

Op 11 Desember 1876 word prop. R. H. van de Wall beroep, die derde beroep ná die stigting van die gemeente, wat hy aanvaar tot groot vreugde van almal. Sy vader, die bekende ds. Gilles van de Wall, 'n geestelike bouer van die Vrystaatse kerk, moedig sy seun aan om in diensbaarheid homself nie te spaar nie, met die gevolg dat die geskiedenis ook van sý geseënde arbeid op Vrystaatse bodem melding maak. Hy aanvaar in 1881 'n beroep na Simonstad, maar sou gou weer terugkeer om die eerste leraar van Senekal te word.[283]

Ná verskeie beroepe misluk het, word ds. H. van Broekhuizen, voorheen predikant van Winburg en toe woonagtig in Holland, as leraar na Ficksburg beroep. Hy neem die beroep aan tot groot blydskap van almal: *"De geheele vergadering verblydt zich over 't aangenaam nieuws en hoop dat de nieuwe leeraar binnen enige maanden veilig in Afrika zal landen."*[284] Hy aanvaar self verantwoordelikheid vir sy onkostes tot in Durban, waar die kerkraad hom en sy gesin met twee bokwaens gaan haal het. Hy word op 22 April 1882 bevestig en sterf op 23 Oktober 1893 ná meer as twaalf jaar in diens van die gemeente, *"naar een trouw en gezegend arbeid"*. Tydens sy begrafnis het verskeie leraars hulde gebring aan 'n diensbare lewe en vroeë baanbreker as predikant van die Vrystaat.[285] Hy word op 2 Augustus 1895 opgevolg deur ds. P. J. J. Boshoff van Ventersburg, een van die sewe seuns van Philippolis wat tydens die bediening van ds. Colin Fraser tot die bediening toegetree het. Kort ná sy aankoms word aanstaltes gemaak vir die bou van 'n kerk, maar dit word gekortwiek deur die uitbreek van die oorlog.[286] Ná enkele jare bedank ds. Boshof as leraar van Ficksburg, vanweë *"'n droewige tugsaak wat groot beroering in die gemeente teweeggebring het"*.[287] Kort hierna aanvaar hy 'n beroep na Boshof

283 Notule, Kerkraad Ficksburg, 1 Junie 1872; Van Rijn, P. H. en Klopper, A. H., Die geskiedenis van Ficksburg 1867-1967, bl. 62.
284 Notule, Kerkraad Ficksburg, 9 Januarie 1882.
285 Stockenström, A., a.w., bl. 29-32; Maeder, G. A., a.w., bl. 171.
286 Maeder, G. A., a.w., bl. 171.
287 Stockenström, A., a.w., bl. 39.

en sou later as leierfiguur 'n groot rol in die Vrystaatse kerk speel.[288] Voordat 'n beroep na Ficksburg kon slaag, breek die oorlog uit, en dit laat die gemeente in dié moeilike tyd herderloos.

### 1.6.5 Rouxville (1870)

Die naam van ds. Pieter Roux, eerste predikant van Smithfield, is onafskeidbaar verbonde aan die dorp en gemeente van Rouxville. Sedert sy bevestiging in 1853 het hy onder moeilike omstandighede die lidmate tussen die Caledon- en Oranjerivier bedien, en het hy hom beywer vir die stigting van die kerkdorp Rouxville, wat heel gepas na hom vernoem is.[289] Reeds op 11 Maart 1865 word die eerste kerkgebou ingewy, vyf jaar voor gemeentestigting. Hierdie kerkgebou sou tot 1881 gebruik word en dien die gemeente tot vandag toe as kerksaal.[290] Die gemeente word in 1870 op aanbeveling van die Ring van Fauresmith gestig. Nadat die Ringskommissie die "kerkplaats" besoek het, beveel hulle by *"den Ring aan maatregelen te nemen ten einde de gemeente tot eene afzonderlijke gemeente verklaard te hebben"*.[291] Ná die stigting sou ds. Roux die gemeente as konsulent met groot getrouheid en nougesette ywer bedien. Op 6 Junie 1870 word die eerste kerkraadsvergadering gehou, waar die kerklike ontwikkeling op 'n vaste basis geplaas word.[292]

Op 26 Augustus 1872 slaag 'n beroep op ds. Charles Morgan van Middelburg, een van die eerste vier kandidate wat hulle teologiese studie aan die Teologiese Seminarium op Stellenbosch voltooi het. Aanvanklik bedank hy vir die beroep, maar nadat hy 'n derde keer beroep is, gee hy gehoor aan die Macedoniese roepstem.[293] Hy kan as getroue bedienaar

---

288 Boshof, P., Gedenkboek Ned. Geref. Kerk Bloemfontein 1880-1930, bl. 23 e.v.

289 McNeil, J. H., Jubilee souvenir 1863-1913, bl. 1-9; Uys, C. J., Rouxville 1863-1963 - eeufeesgedenkboek van die suidoostelike Vrystaat, bl.7, 105.

290 Brosjure, Kerkraad Rouxville, Nederduitse Gereformeerde Kerk Rouxville 1881-1981 : ter herinnering aan die 100-jarige bestaan van die kerkgebou, 16-17 Mei 1981.

291 Notule, Ring Fauresmith, 13 April 1870.

292 Notule, Kerkraad Rouxville, 6 Junie 1870.

293 Notule, Kerkraad Rouxville, 26 Augustus 1872; Henning, O., Rouxville N.G. Gemeente - eeu van genade 1870-1970, bl. 19.

van die Woord getipeer word en sou hom op Rouxville veral beywer vir die bou van 'n doelmatige pastorie en 'n sierlike kerkgebou.[294] Die behoefte aan 'n doelmatige kerkgebou gee aanleiding tot 'n gemeentevergadering op 28 Maart 1875, waartydens daar sonder teëstem besluit word om tot die oprigting van 'n nuwe kerkgebou oor te gaan.[295] Ds. C. S. Morgan het hom ten doel gestel dat met die inwyding van die kerkgebou, daar geen skuld sal wees nie. Die hoeksteenlegging vind op 11 Julie 1879 plaas, 'n voorspel tot die luisterryke inwyding van die kerkgebou op 11 Maart 1881, sonder enige skuld. Die preekstoel is deur mnr. E. A. L. Schmidt gemaak, wat ook verantwoordelik was vir die preekstoele van Philippolis en die Tweetoringkerk in Bloemfontein.[296]. Dit sou ook nie sonder spanning en stryd verloop nie, want op 9 Januarie 1882 vertrek ds. Morgan na Bloemfontein waarheen hy 'n beroep aanvaar het. *"Sonder enige seremonie, afskeidsgeselligheid of 'n begeleidende ouderling het ds. Morgan stil vertrek na Bloemfontein."*[297] Hy word op 8 Desember 1883 opgevolg deur ds. A. A. L. Albertyn van Steynsburg, wat tot met sy dood in 1906 diep spore in Rouxville trap.[298] As skriba van die Ring en as meelewende predikant, sou hy gedurende die donker tye van stryd kosbare leiding aan die kerk in die hele gebied gee.

**1.6.6 Heilbron (1873)**

Op 11 Mei 1865, tydens die eerste Sinodesitting in Bloemfontein, dien 'n memorie voor die vergadering om *"op de plaats Rietfontein een nieuw dorp op te richten"*.[299] Die saak word na die Ring van Winburg verwys, wat dit op 10 April 1872 tydens 'n vergadering in behandeling

---

294 Notule, Kerkraad Rouxville, 8 Desember 1873; Notule, Kerkraad Rouxville, 20 Januarie 1879.
295 Notule, Kerkraad Rouxville, 28 Maart 1875 (gemeentevergadering).
296 Botha, H. S. M., Souvenier van die plegtige feesviering van die 75-jarige bestaan van Ned. Geref. Kerk Rouxville 1870-1945, bl. 5-6; Heymann, H. F., Nederduitse Gereformeerde Kerk Rouxville 1880-1960 : ter herinnering aan die vernuwing van die tagtigjaar-oue kerk.
297 Notule, Kerkraad Rouxville, 18 Maart 1879; Heymann, H. F., a.w., bl. 2.
298 Henning, O., a.w., bl. 6.
299 Acta Synodi, O.V.S., 11 Mei 1865.

neem. Die aansoek word goedgekeur aangesien *"de gemeente van Kroonstad meer dan 6 000 zielen bedraagt en dat memoralisten 17 tot 18 uur te paard van het dorp Kroonstad verwyderd zijn"*.[300] Volgens 'n verslag van die Ringskommissie van Winburg, is die gemeente op 15 September 1873 gestig, waartydens die grenslyne ook vasgestel en kerkraadslede benoem is.[301] Op die eerste bladsy van die Notuleboek van Heilbron lees ons egter *"Notulenboek der N.G. Kerkraads vergaderingen te Heilbron, O.V.S. aangelegd 31 July 1873."*[302]

Die eerste leraar van Heilbron, ds. D. J. Minnaar, voltooi sy teologiese opleiding op Stellenbosch en word in Desember 1877 beroep, en eers op 28 Junie 1879 met oplegging van hande in die gemeente bevestig. Alhoewel die gemeente lank vir ds. Minnaar moes wag, sou hy 'n leeftyd van diensbaarheid aan Heilbron wy tot met sy aftrede in 1915.[303] Twee dae ná sy bevestiging besluit die kerkraad om geld in te samel vir die bou van 'n nuwe kerkgebou, 'n besluit wat op 'n gemeentevergadering bekragtig word.[304] Op 10 September 1880 nooi ds. Minnaar die staatspresident, adv. J. H. Brand, skriftelik uit om die hoeksteen van die kerkgebou op 27 November 1880 te lê.[305] Die groot en heuglike dag van die inwyding van die pragtige kerkgebou breek op 26 Junie 1885 aan. Die feesrede word deur ds. P. A. Winter van Bultfontein gehou. Die Vrystaatse kerkblad maak melding van dié gebeurtenis: *"Blijdskap was te lezen op het gelaat van ieder. Immers zij bezit een godsgebouw dat niet alleen een sieraad is voor het district, maar wat het vernaamste is, dat ook zeer doelmatig is. Met gemak kan men er in preken en aangehoord worden ..."*[306] Hierdie kerkgebou sou ook as monument dien van samewerking tussen leraar en gemeente, want reeds in Julie 1894 is

---

300 Notule, Ring van Winburg, 10 April 1872; Flemming, H. C. J., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk Heilbron : 'n eeu van genade en diens : 1873-1973 : eeufeesgedenkboek, bl. 10.
301 Flemming, H. C. J., a.w., bl. 10.
302 Notuleboek, Kerkraad Heilbron.
303 Flemming, H. C. J., a.w., bl. 91; Erasmus, D. F., Heilbron 1873-1973 : feesalbum ter viering van sy honderdjarige bestaan, bl. 25.
304 Notule, Kerkraad Heilbron, 30 Junie 1879.
305 Flemming, H. C. J., a.w., bl. 32.
306 De Fakkel, Augustus 1885.

die koste van £12 000 betaal.[307] Ds. D. J. Minnaar het met sy optrede en werk altyd die agting, respek en samewerking van die kerkraad en gemeente ervaar en sou ná 'n lang bediening van ses-en-dertig jaar sy emeritaat aanvaar.[308] In die krisisuur van sy kerk en volk, sou hy onverpoos met sy geestelike werk voortgaan en deur sy kalmerende liefde 'n boodskap aan vriend en vyand deurgee.

### 1.6.7 Frankfort (1873)

Die Ring van Winburg vergader op 10 April 1873 op Kroonstad, en gee onder meer aandag aan *"eene talryk getekende Memorie van lidmaten woonachtig aan Wilgerivieren verzoekende een zelfstandig gemeente te mogen uitmaken".*[309] Op dié tydstip was die gebied deel van die gemeente Harrismith en het die leraar, ds. D. McMillan, die versoek gemotiveer, wat dan ook deur die vergadering aanvaar is.[310] Die Ringskommissie vergader op 16 Augustus 1873 op Frankfort en gaan tot gemeentestigting oor.[311] Dit sou meer as 'n dekade duur voordat die gemeente 'n eie predikant sou kry, aangesien daar onder die twee-en-twintig Vrystaatse gemeentes, meer as tien in 1876 vakant was. Geen wonder dat iemand skryf: *"dit word waarlijk tijd dat iemand zich over't arme Frankfort ontferme, want deze gemeente beroept steeds voor de laaste acht jaren en herhaaldelijk wordt het beroep van de hand gewezen en men begin zeer moedeloos te worden".*[312] In dié tyd staan die gemeente nie stil nie, maar benewens geestelike ontwikkeling, word die hoeksteen van die nuwe kerkgebou op 3 November 1883 deur pres. J. H. Brand gelê.[313]

---

307 Notule, Kerkraad Heilbron, 30 Desember 1893; Feesbrosjure : ingebruikneming van herstelde kerkgebou van die Ned. Geref. Gemeente Heilbron, 2 en 3 Maart 1963.

308 Olivier, P. L., a.w., bl. 226; Maeder, G. A.,a.w., bl. 174.

309 Notule, Ring van Winburg, 10 April 1873.

310 Basson, A. P., a.w., bl. 30; Notule, Ring van Winburg, 10 April 1873.

311 Van der Merwe, J., Ons eerste eeu : Frankfort, O.V.S. 1873-1973, bl. 18; De Necker, J. J., 'n Aandenking : driekwart-eeufees N.G. Gemeente Frankfort 1873-1948, bl.1-2. Aangesien die Notuleboek 1873-1899 in die Anglo-Boereoorlog verbrand het, moet ons op ander bronne staatmaak.

312 De Kerkbode, 24 Junie 1876; De Fakkel, Oktober 1881.

313 Van der Merwe, J., a.w., bl. 23.

'n Beroep op prop. George Thom, wat pas sy studies aan die Teologiese Seminarium op Stellenbosch voltooi het, slaag. Hierdie merkwaardige bedienaar van die Woord lewer op 7 Junie 1884 sy intreepreek en sou die gemeente en gemeenskap met voortreflike toewyding dien tot met sy dood in 1908.[314] Meer as 'n jaar na sy intreepreek word die sierlike nuwe kerkgebou op 7 November 1885 ingewy, met pres. J. H.Brand as eregas. Die indrukwekkende inwydingsrede word deur ds. G. Thom, na aanleiding van Eksodus 33 vers 15 gelewer.[315] Soos in die res van die Vrystaat, het nie net die gemeenskap nie, maar ook die gemeente ongekende voorspoed geniet. *"Daar was rus en vrede. Armoede was ongekend. Pragtige plaaswonings uit blou ysterklip of sandsteen is opgerig. Vrugteboorde is aangelê. Groot veetroppe het die plase versier. Oral het geluk en voorspoed geheers, maar reeds was Milner in Kaapstad besig met sy ondermyningswerk. Onheilspellend stapel die oorlogswolke op buite die grense van die Republiek van die Oranje-Vrystaat."*[316] Ds. George Thom het in hierdie tyd voortreflike diens aan kerk en volk gelewer.

## 1.6.8 Bultfontein (1873)

Die oorspronklike plaas Bultfontein het sy naam ontleed aan 'n sterk fontein wat teen 'n bult bokant die plaasopstal ontspring het. Dit sou later ook aanleiding gee tot die naam van die gemeente en dorp.[317] Reeds voor die stigting van die dorp rig 'n aantal gemeentelede, onder leiding van J. M. Theunissen, 'n versoekskrif aan die gemeente Bloemfontein, waarin hulle versoek dat 'n gemeente op Bultfontein gestig moet word. Weens die geweldige afstande word die versoek goedgekeur, ook deur die kerkraad van Winburg wat 'n soortgelyke aansoek hanteer.[318] Tydens die sitting van die Ring van Winburg in November 1873, word

---

314 De Necker, J. J., a.w., bl. 10.
315 De Express, 19 November 1885.
316 Van der Merwe, J., a.w., bl. 24.
317 Breytenbach, M. N. en Coetzee, S. J. J., Bultfontein 1874-1974 - grepe uit die geskiedenis, bl. 13.
318 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 2 Junie 1973; Notule, Kerkraad Winburg, 5 Julie 1873.

die stigting van die gemeente Bultfontein goedgekeur. Die eerste doopsbediening vind op 11 Januarie 1874 op Bultfontein onder 'n bokseiltent plaas.[319] Soos elders in die Vrystaatse Republiek, sou die gemeente ook nie gou 'n eie leraar ontvang nie. Tydens die Sinode van 1879 word ds. P. A. Winter na *Colloquium Doctum* tot die evangeliebediening van die Nederduitse Gereformeerde Kerk toegelaat. Tot op dié stadium was hy leraar van die Lutherse gemeente in Bloemfontein, nadat hy op voetspoor van sy vader as Berlynse sendeling onder toesig van eerw. C. F. Wuras op die sendingstasie Bethanie, naby die huidige Edenburg, werksaam was.[320]

Sy oorkoms na die Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat het met ongekende seën gepaard gegaan. Hy word op 6 Desember 1879 as eerste predikant van Bultfontein bevestig. Hy sou nie net 'n toonaangewende rol in die kerklike lewe en gemeenskap speel nie, maar ook as moderator en veral in Ringsverband as voorsitter van die Noordelike Ring. Hy was 'n skitterende kanselredenaar, 'n deeglike pastorale arbeider, 'n vertroude kerkman en 'n gebore leier.[321] Tydens 'n gemeentevergadering op 2 Maart 1895 word besluit om 'n nuwe kerkgebou te bou, waarna die bekende volksraadslid vir die omgewing, J. M. Theunissen, wat ook die nestor van die dorp- en gemeentestigting genoem kan word, die hoeksteen op 11 Januarie 1896 lê. Ds. P.A. Winter se teksgedeelte by dié geleentheid was: *"Deze steen zal ulieden zijn tot eene getuienis."*[322] Tydens die inwydingsgeleentheid kondig ds. Winter aan dat hy 'n beroep na Hartebeesfontein aanvaar het, waar hy met groot vrug in die krisisjare gearbei het tot met sy vertrek

---

319 Olivier, P. L., a.w., bl. 327; Breytenbach, M. N., a.w., bl. 70-71. Daar bestaan verskil van mening oor die stigtingsjaar van die gemeente. Ons Kerkalbum en die Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke 1987, dui dit as 1874 aan. Die Almanak voor de Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika voor het jaar 1876, dui die stigtingsdatum as 1873 aan. Uit die beskikbare gepubliseerde bronne en dokumente van die Ring blyk dit die korrekte stigtingsdatum te wees. Ook die Notules van die kerkraad van Bultfontein het in die Anglo-Boereoorlog verlore geraak.

320 Flemming, H. C. J., P. A. Winter, in Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel IV, onder redaksie van Beyers, C. J., bl. 831; Zöllner, L. en Heese, J. A., a.w., bl. 470-471.

321 Breytenbach, M. N., a.w., bl. 71-74.

322 Breytenbach, M. N., a.w., bl. 73.

in 1903 na Middelburg, Kaap.[323] 'n Vyfde beroep slaag op proponent J.A. Pienaar en hy word op 29 Januarie 1898 as tweede leraar van Bultfontein bevestig. Hier sou hy as jong leraar kon voortbou op die werk van sy voorganger, ook in die donker tye waarin hy as man van God die lig van die ewige Woord kon laat brand. Ná 'n bediening van vier-en-veertig jaar op Bultfontein, 'n tydperk van ongekende stryd en worsteling, aanvaar hy sy emeritaat in 1942.[324]

### 1.6.9 Brandfort (1875)

Reeds so vroeg as 1865 het die inwoners van die gebied wat later Brandfort sou heet, pogings aangewend om 'n dorp te stig. Dit is egter deur ds. Gilles van de Wall en die kerkraad van Bloemfontein in die kiem gesmoor, want dorpstigting sou uitloop op gemeentestigting, wat hulle op daardie oomblik nie begeer het nie.[325] Hierdie stoere boeregemeenskap sou met die een versoekskrif na die ander kom, totdat daar in 1871 onder leiding van ds. Radloff van Bloemfontein besluit word om die plaas Keerom as kerkplaas te erken, waar tot en met gemeentestigting dienste gehou is.[326] Tydens 'n kerkraadsvergadering op 5 Junie 1875 te Bloemfontein word bekend gemaak dat *"de Ringscommissie op 17 Junie aanstaande te Brandfort zal vergaderen om de grenslynen dezer nieuwe Parochie te bepalen ..."*[327] So word die gemeente Brandfort op 17 Junie 1875 gestig en die eerste kerkraadslede verkies. Tydens die eerste kerkraadsvergadering op 31 Julie 1875 word onder meer besluit om veranderings aan die bestaande kerkgebou aan te bring, 'n kanselbybel, nagmaalservies en 'n doopvont aan te koop.[328]

---

323 Dreyer, A., Kerksoewenier van Middelburg, K.P., bl. 23-27.
324 Breytenbach, M. N., a.w., bl. 74; Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, 1967, bl. 539.
325 Heese, J. A., Eeufees gedenkboek N.G. Gemeente Brandfort, 1875-1975, bl. 19.
326 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 6 April 1871.
327 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 5 Junie 1875.
328 Notule, Kerkraad Brandfort, 31 Julie 1875.

'n Agste beroep op ds. E. A. J. du Toit van Jacobsdal, die konsulent van Brandfort, slaag. Hy sou sy taak met geesdrif aanpak; binne vyf maande na sy aankoms is hy reeds een keer deur die gemeente. Hierna hou hy 'n gemeentevergadering waar besluit word dat 'n nuwe kerkgebou opgerig gaan word.[329] Maar spoedig sou hieroor groot spanning oplaai, wat nie deur die inwyding van die kerkgebou op 21 Januarie 1887 uitgewis kon word nie. Die leraar van Bloemfontein, ds. C. S. Morgan, het die inwydingsrede gelewer na aanleiding van Haggai 2 vers 9: *"En in deze plaats zal Ik vrede geven."* Met die bou en inwyding van die kerkgebou het die gemeente 'n belangrike mylpaal bereik, waarvoor ten spyte van die probleme, die poging van die leraar en kerkraad met sukses bekroon is. In die jare wat kom, sou daar onaangename rusies tussen die leraar en 'n groot deel van die gemeente ontstaan. Die saak het so 'n ernstige wending geneem dat die Ring tydens 'n spesiale vergadering besluit het dat die band tussen leraar en gemeente losgemaak moet word. *"Hy sou R2 500 in kontant ontvang en het die vooruitsig van 'n vaste pensioen."*[330] Sy afskeid gaan met groot drama gepaard, soos blyk uit sy afskeidswoord aan die gemeente: *"Ik vergeef myne tegenstanders - of de Heer ze vergeve, dat weet ek niet."*[331] Op dié wyse is die band tussen die pastorie en die gemeente verbreek.

'n Beroep op ds. J. G.C. de Bruyn slaag, en hy word in Julie 1894 in die gemeente bevestig. Onder sy bekwame leiding word daar reeds tydens die eerste kerkraadsvergadering besluit om die verskille in die gemeente in die reine te bring. Stelselmatig het versoening in Christus geseëvier en het die gemeente op alle gebiede vooruitgegaan. Die inwyding van 'n nuwe pastorie op 19 April 1897 sou die samehorigheidsgevoel in die gemeente verder versterk. Spoedig sou die Vrystaatse Republiek in 'n stryd betrokke raak wat ook die kerk in Brandfort diep sou raak. Hierin sou ds. J. G. C. de Bruyn uitmunt as 'n toegewyde dienskneg van die Here.[332]

---

329 Heese, J. A., a.w., bl. 31-32.
330 De Lange, P. N., Nederduitse Gereformeerde Kerk Brandfort 1875-1975, bl. 19-31; Heese, J. A., a.w., bl. 32-44.
331 De Express, 6 Maart 1894.
332 De Lange, P. N., a.w., bl. 33-35; Heese, J. A., a.w., bl. 45-47.

### 1.6.10 Lindley (1876)

Reeds vroeg in die sewentigerjare word daar pogings aangewend om 'n dorp in dié omgewing te stig. In die Volksraad tree P. W. Smit, lid van die wyk Onder-Valsrivier, in die bresse toe daar oor dorpstigting gepraat word. Hy meld dat dit *"bepaald noodzaaklijk is om op Brandhoek een dorp te stichten zijnde in het midden van de woeste velden"*.[333] Tydens 'n sitting van die Ring van Winburg word besluit dat die ringskommissie tot die stigting van die gemeente Lindley moes oorgaan. Hierna blyk dit dat die kommissie Lindley op 27 Julie 1876 besoek, die gemeente stig en kerkraadslede verkies. Die gemeente sou die naam dra van ds. Daniël Lindley *"wat as 'n begenadigde uit die vreemde 'n ruk lank sy lot by dié van die Voortrekkergemeenskap sou inwerp toe hulle geestelike nood die hoogste was"*.[334]

Tydens die eerste kerkraadsvergadering op 13 Augustus 1876, wat deur die konsulent, ds. C. P. Theron van Bethlehem waargeneem word, is daar nog geen sprake van 'n oorhaastige besluit om 'n leraar te beroep nie. Die eerste leraar is eers vier jaar ná die stigting van die gemeente beroep, aangesien hulle nie sonder 'n voltooide kerkgebou, pastorie en finansiële middele 'n predikant wou beroep nie.[335]

Op 28 Junie 1880 word die eerste beroep uitgebring op proponent Adriaan Moorrees, die latere bekende professor aan die Teologiese Seminarium op Stellenbosch. 'n Verdere tien beroepe is onsuksesvol, totdat proponent A. J. B. Albertijn op 29 Desember 1883 beroep word.[336] Ná sy bevestiging het daar veel meer gang en reëlmaat in die gemeente se geestelike werksaamhede ingetree. Die gemeente, soos die res van die kerk in die Oranje-Vrystaat, sou hom ook nie kon losmaak van die politieke en sosiale gebeure van die Republiek nie. Die moeilike diamantveldvraagstuk, asook die ontdekking van goud aan die Witwatersrand, sou ook sy

---

333 Van Schoor, M. C. E., Eeufeesgedenkboek N.G. Gemeente Lindley 1876-1976, bl. 22-23.
334 Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 28.
335 Notule, Kerkraad Lindley, 13 Augustus 1876; Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 27-28.
336 Notule, Kerkraad Lindley, 28 Junie 1880.

invloed op die kerk laat.[337] Hy aanvaar in 1894 'n beroep na Utrecht en ontvang demissie. Daarmee word 'n geseënde dienstyd afgesluit.[338]

Hy word op 24 November 1894 opgevolg deur ds. H. E. du Plessis van Standerton. Hy onderskei homself as 'n toegewyde en bekwame leraar, wat ten spyte van die verwydering wat daar gedurende en ná die Anglo-Boereoorlog sou ontstaan, onthou sal word as 'n harde werker. Hy wou die gemeentelike sang verbeter en deel die kerkraad mee *"dat besloten is den laatste Zaterdag in de maand na de Catechisatie een zangklas te hebben tot verbetering van het Kerkzang".*[339] Daar word ook 'n geraamde foto van ds. Daniël Lindley in ontvangs geneem, *"als een gedenkstuk van Christelijke liefde en hulpvaardigheid".*[340] Met en ná die uitbreek van die oorlog, sou dit in die besonder die gemeente Lindley wees wat in die spervuur sou staan.

### 1.6.11 Hoopstad (1876)

Reeds in 1862 word 'n versoekskrif, onderteken deur 365 persone, aan die Vrystaatse Volksraad voorgelê met die oog op die stigting van 'n dorp, wat eers ná verdere vertoë in 1876 realiseer.[341] Op 13 April 1876 vergader die Ring van Winburg op Boshof en *"vervolgens komt de stichting van de Gemeente Hoopstad in behandeling. Na langdurende discussies wordt het volgende voorstel besluit: Op voorstel van den ouderling van Ficksburg gesecondeerd door dien van Heilbron: Op aanbeveling van de Rings Commissie besluite de vergadering eene gemeente te stichten in de wyk onder Vet en Vaalrivier."*[342] Aanvanklik het ds.

---

337 Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 35.
338 Notule, Kerkraad Lindley, 26 Mei 1894.
339 Notule, Kerkraad Lindley, 13 Januarie 1896; Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 35-36.
340 Notule, Kerkraad Lindley, 29 Mei 1897.
341 Van Rensburg, M. L. J., Jubileumfees - Nederduitse Gereformeerde Gemeente Hoopstad, O.V.S. 1876-1951, bl. 13 e.v.
342 Notule, Ring van Winburg, 13 April 1876. Die Notules van Hoopstad is gedurende die Anglo-Boereoorlog verbrand.

J. H. van Wyk as konsulent die gemeente getrou bedien, tot met die bevestiging van die eerste leraar, ds. F. G. Radloff. Hy aanvaar die beroep nadat dit 'n tweede keer op hom uitgebring is en word in 1881 op Hoopstad bevestig. Onder die bekwame leiding van ds. Radloff het die jong gemeente van krag tot krag gegroei en word die fondamente stewig gelê. 'n Onderlinge samehorigheidsgevoel is gekweek en dit het hartlike samewerking tot stand gebring. Ná die egpaar se aankoms, verduur hulle baie ongerief in die primitiewe brakdak-pastorie, en die inwyding van 'n groot en gerieflike pastorie op 24 Mei 1883 is dan ook 'n gebeurtenis van groot blydskap.[343]

Die hoeksteen van die nuwe kerkgebou word op 6 Junie 1891 deur president F. W. Reitz gelê, terwyl die inwydingsgeleentheid op 2 Desember 1892 met groot swier gepaard gaan. Nie minder nie as tien predikante is teenwoordig wanneer ds. C. H. Radloff van Pearston die wydingsrede lewer.[344] Ná 'n bediening van sewentien jaar neem hy in 1898 'n beroep aan na Krugersdorp. Dit was jare van lief en leed, aangesien hy in 1883 sy lewensmaat aan die dood moes afgee. Hy beskou aan die aand van sy lewe sy verblyf op Hoopstad as van die aangenaamste jare van sy lang en vrugbare bediening: *"Op sy siekbed, verlustig hy hom nog altyd in soete herinneringe van die ou Vrystaat, en vernaam van Hoopstad."*[345] Sy vertrek laat die gemeente in 'n moeilike tyd herderloos, alhoewel die konsulent, ds. T. C. Dönges van Bothaville, wat ná die oorlog Hoopstad se nuwe predikant sou word, die gemeente met toewyding versorg.

---

343 Olivier, D. P. M., Jubelfees - Ned. Geref. Gemeente Hoopstad, O.V.S., 1876-1926, bl. 6-10; Flemming, H. C. J., Eeufeesgedenkboek Hoopstad 1875-1975, bl. 136-137.

344 Olivier, D. P. M., a.w., bl. 11; Van Rensburg, M. L. J., a.w., bl. 19. Die volgende twee brosjures bevat ook onder meer gegewens oor die kerkgebou: Program - viering van die vyf-en-sewentigjarige bestaan van die gemeente Hoopstad, 1876-1951, vanaf 1-3 Junie 1951; Feesprogram - ingebruikneem van herstelde kerk en orrel, 17 en 18 Augustus 1960.

345 Olivier, D. P. M., a.w., bl. 12; Maeder, G. A., Ons kerkalbum, bl. 176.

## 1.6.12 Senekal (1879)

Dit is bekend dat, ná die stigting van Senekal as dorp in 1877, die ideaal van 'n eie kerk waarin dienste gehou kon word, spoedig 'n werklikheid geword het. Op 17 Augustus 1878 word die eerste kerkgebou ingewy, waartydens ds. P. A. C. van Heyningen in sy wydingsrede die volgende meld: *"Wij waren verrast zulk een aanzienlijk kerkgebouw alhier te zien en te vernemen dat het gebouw buiten schuld, en er zelfs geld over is. De gemeente bestaat nog niet zelfstandig, doch de wensch om de Evangelie prediking in bereik van allen te brengen, heeft aan het goede plan uitvoering gegeven."*[346] Daar sou binne 'n jaar tot gemeentestigting oorgegaan word. Die Ringskommissie gaan op 3 Julie 1879 oor tot die stigting van die gemeente Senekal.[347]

Na ses onsuksesvolle beroepe word ds. R. H. van de Wall van Simonstad beroep, wat dit aanvaar en op 19 Augustus 1882 deur ds. G. A. Maeder bevestig word. Hy sou *"die volgende dertien jaar die fondamente lê waarop die toekoms van die gemeente gebou sou word"*.[348] In 1883 word 'n ruim pastorie betrek en die begeerte na 'n sierlike kerkgebou het in die jare wat sou kom, al hoe sterker na vore getree. Op 6 Julie 1895 vind die hoeksteenlegging van die nuwe kerkgebou plaas, 'n voorspel tot die inwydingsgeleentheid op 17 Desember 1896. By dié geleentheid het ds. P. A. Winter van Bultfontein die feesrede gelewer na aanleiding van Openbaring 21 vers 5: *"Zie Ik maak alle dingen nieuw."*[349] Alhoewel ds. R. H. van de Wall hom beywer het vir die bou van die nuwe kerkgebou, sou hy tydens die inwyding nie meer leraar van Senekal wees nie. 'n Stryd het rondom die persoon van die leraar gewoed, so erg dat 'n petisie aan die kerkraad voorgelê is waarin ernstige kommer uitgespreek is oor die geestelike toestand in die gemeente en dat *"door de prediking des Woords onder den plaatslijke leraar van geen genot en*

---

346 De Fakkel, Augustus 1878, bl. 166; Oberholster, J. J. en Stemmet, J., Senekal 1877-1977, bl. 129 e.v.

347 Olivier, D. P. M., a.w., bl. 26.

348 Oberholster, J. J., a.w., bl. 133.

349 Olivier, D. P. M., a.w., bl. 32.

*zegening kunnen getuigd worden"*[350] Die krisis sou tydens 'n kerkraadsvergadering op 29 Mei 1896 breekpunt bereik. Wanneer die geleentheid tot stemming gebring word, word daar met twaalf stemme teenoor drie besluit dat daar geen kans op herstel van die betrekkinge tussen leraar en gemeente is nie.[351] Hierna het ds. R. H. van de Wall bedank as leraar van Senekal en is hierdie hartseer hoofstuk in die geskiedenis van die gemeente afgesluit.

'n Derde beroep op ds. Paul H. Roux van Vredefort slaag en hy word op 14 Maart 1897 as die nuwe herder en leraar bevestig. In die bestaande krisis het hy as toegewyde kind van die Here sy lewenstaak en roeping met geloofsmoed en volharding volvoer. Spoedig sou onder sy bediening kalmte en rustigheid kom, wat soos kosbare salf op die geslane wonde was. Dít alles, ten spyte van 'n swak keel wat 'n doring in sy vlees was.[352] Hy was bereken om 'n besondere rol te speel in die stryd om die behoud van die onafhanklikheid van die Boererepublieke.

## 1.6.13 Dewetsdorp (1882)

Reeds aan die begin van 1876 ontstaan daar die begeerte om 'n dorp te stig op die plaas Kareefontein, waarna erwe verkoop word en die eerste kerkgebou opgerig word. In die omgangstaal sou dit as *Kerkplaats Kareefontein* bekend staan, die voorloper van die huidige Dewetsdorp.[353] Hierna vorm die kerkplaas 'n deel van die gemeente Wepener, met twee ouderlinge en drie diakens. Alhoewel die dorp reeds in 1880 gestig is, sou die stigting van 'n afsonderlike gemeente eers in 1882 werklikheid word. Dit blyk dat dit veral die kerkraad van Wepener was wat

---

350 Notule, Kerkraad Senekal 1879, bl. 32; Oberholster, J. J., a.w., bl. 137.
351 Notule, Kerkraad Senekal, 29 Mei 1896.
352 Moll, C. J., Ds. P. H. Roux, In Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel IV, onder redaksie van Beyers, C. J., bl. 50; Heyns, A. M., Lewenskets van generaal ds. Paul H. Roux, bl. 5-7; Oberholster, J. J., a.w., bl. 137-138.
353 Maeder, G. A., a.w., bl. 179.

beswaar teen 'n eie gemeente op Dewetsdorp gemaak het.[354] Ná vele onderhandelings gee die Suidelike Ring tydens sy sitting in 1882 te Philippolis, goedkeuring tot die stigting van'n afsonderlike gemeente op Dewetsdorp.[355] Die Ringskommissie vergader op 15 Desember 1882 te Dewetsdorp, wat dan ook die amptelike stigtingsdatum van die gemeente is.[356]

Hierna sou die gemeente onder leiding van die konsulent, ds. G. R. Keet, sy eie pad loop. Eers na drie jaar word die eerste beroep uitgebring, maar dit slaag nie. Op 17 November 1884 word proponent W. A. du Toit beroep. Hy aanvaar die beroep en as eerste leraar van Dewetsdorp trap hy diep spore. 'n Gerieflike pastorie word in 1886 met 'n *"dankstond en openzetting van het geboue ter bezichtiging voor de leden van het gemeente"*, in gebruik geneem.[357] Die bou van 'n kerk sou ook spoedig die aandag van die leraar en kerkraad verg. Reeds tydens 'n gemeentevergadering op 2 Maart 1891 word besluit om 'n nuwe kerkgebou tot eer van God en tot uitbreiding van sy Koninkryk op te rig. 'n Bouer van Colesberg, Schimpers, is vir die bouwerk verantwoordelik, terwyl ds. W. A. du Toit self die planne vir die nuwe kerk opgetrek het.[358] Dit blyk spoedig dat die leraar besondere talente in hierdie verband het, aangesien hy ook verantwoordelik is vir die optrek van die planne van ander kerke in die Vrystaat. Op 26 Mei 1894 word die hoeksteen gelê, waarna die inwyding op 22 Junie 1895 op 'n feestelike wyse geskied, met ds. Colin Fraser van Philippolis as feesredenaar.[359] Hierdie kerkgebou kan as monument van ds. W. A. du Toit se onbaatsugtige liefdesarbeid op Dewetsdorp gesien word.

---

354 Notule, Kerkraad Wepener, 2 April 1877, 13 Oktober 1879; Hattingh, I., Dewetsdorp 1880-1980, bl. 3; Boshoff, Z. C. P., Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Dewetsdorp 1882-1907, bl. 23-28.

355 De Fakkel, Februarie 1883, bl. 577.

356 Notule, Gemeentevergadering Dewetsdorp, 15 Desember 1882.

357 Notule, Kerkraad Dewetsdorp, 17 November 1884, 22 Februarie 1886; Boshoff, Z. C. P., a.w., bl. 52.

358 Notule, Gemeentevergadering Dewetsdorp, 2 Maart 1891; Boshoff, Z. C. P., a.w., bl. 61-62.

359 Boshoff, Z. C. P., a.w., bl. 63-64.

Op 16 Augustus 1898 sterf ds. en mev. W. A. du Toit en hulle dogtertjie tragies in 'n treinongeluk naby Laingsburg. Die gemeente was stom geslaan. Hierdie leraarspaar het die gemeente van Dewetsdorp byna veertien jaar getrou gedien en *"innig en nauw was de band die er gelegt was tusschen hem, zijn kerkeraad en gemeente; iedereen beminde hem teederlijk".*[360] Die roudiens word op Sondag, 21 Augustus 1898, in 'n stampvol kerkgebou deur ds. G. R. Keet waargeneem. *"Zeker was er nooit in eene gemeente in ons geliefd vaderland zooveel geweend as op dien dag in de kerk van Dewetsdorp."*[361] 'n Preekbundel ter nagedagtenis van ds. W. A. du Toit word in 1899 deur die kerkraad uitgegee. Die dood van die geliefde leraar sou die gemeente tot ná die oorlog herderloos laat.

### 1.6.14 Vredefort (1882)

Reeds in 1876 gee die kerkraad van Kroonstad toestemming dat 'n kerkplaas op Vischgat gestig kon word. Dit loop eers op 14 Januarie 1882 op iets uit, wanneer die gemeente van Vredefort gestig word. By dié geleentheid het ds. P. A. C. van Heyningen van Winburg, ds. P. A. Winter van Bultfontein en ouderling G. Prinsloo opgetree en is die eerste kerkraadslede ook verkies.[362] Ná gemeentestigting is daar by die Sinode van 1882 beswaar aangeteken deur die inwoners van Parys, wat nie hulle goedkeuring aan die stap wou heg nie. Dit was jare van storm en drang, waarin die jong gemeente nie net sy voete gevind het nie, maar ook geestelik ontwikkel het.[363]

Na meer as vyf jaar word die eerste leraar, ds. G. S. Malan, in 1887 op Vredefort bevestig. Ná twee jaar vertrek hy na Montagu, maar sou tog in die kort tydjie onthou word as 'n persoon wat goeie werk in

---

360 Kerkraad van Dewetsdorp, Nagelatene leerredenen van W. A. du Toit, bl. 3-4.
361 Kerkraad van Dewetsdorp, Nagelatene leerredenen van W. A. du Toit, bl. 3-4.
362 Ferreira, I. L., Vesting vir vrede, bl. 17-18; Kriel, J. D., Vredefort - driekwarteeufees, 25-28 April 1957, bl. 8. Die Notules van Vredefort is gedurende die Anglo-Boereoorlog verbrand.
363 Acta Synodi, O.V.S. 1882; Ferreira, I. L., a.w., bl. 18-19.

belang van die Koninkryk op Vredefort gedoen het.[364] Hy word op 14 Februarie 1891 opgevolg deur proponent P. H. Roux, die latere bekende kerk- en volksleier. Tydens sy sesjarige bediening sou die dorp ontwikkel tot 'n betreklike sterk plattelandse gemeenskap. *"In die gemeente van Vredefort het hy spoedig uitgeblink as 'n skitterende ster wat die gemeente in volle glans tot 'n nuwe bloei en herlewing op geestelike gebied sou voortlei. Hy was by uitstek leidsman, sonder om hom te laat oorheers of 'n outokraat te wees."*[365] Ds. Roux neem in 1897 'n beroep aan na Senekal, en antwoord ná 'n vraag met sy afskeid wat van die gemeente sal word, *"dat al neem die Here sy Werkers weg, set hy nogtans sy werk voort".*[366] Hy word in September 1897 opgevolg deur ds. J. A. Joubert wat op die geseënde werk van sy voorgangers voortbou, ook tydens die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog en daarna.[367]

## 1.6.15 Vrede (1882)

Die interessante geskiedenis van die stigting van die gemeente en die ontwikkeling van die kerklike lewe op Vrede, lê ongelukkig verborge agter die sluiers van die vergetelheid.[368] *De Fakkel*, amptelike kerkblad van die Vrystaatse kerk tot 1909, verhaal egter aan ons die stigting van die gemeente van Vrede: *"De Ringscommissie van den Oostelyken Ring, vergaderde op 't dorp Vrede, op Zaturdag den 4den Maart, 1882, en stichtte de gemeente Vrede. De predikant van Harrismith werd benoemd tot Consulent. De Kerkraadsleden werden in hun ambt op denzelfden dag door den Consulent bevestigd en op den volgende dag het Heilig Avondmaal bediend door de tegenwoordige zynde Leeraren aan de nieuwe gestichte gemeente."*[369] Die eerste leraar, proponent J. H. Enslin, word op 11 Julie 1885 as nuwe predikant van Vrede bevestig. Hy begin sy bediening as jong proponent in die gemeente

---

364 Ferreira, I. L., a.w., bl. 21.
365 Kriel, J. D., a.w., bl. 8; Heyns, A. M., a.w., bl. 4.
366 Heyns, A. M., a.w., bl. 5.
367 Maeder, G. A., a.w., bl. 180.
368 Olivier, P. L., a.w., bl. 333. Alle Notules en ander belangrike stukke is tydens 'n brand in die pastorie in 1916 vernietig.
369 Botha, P. R., Geskiedenis van Vrede 1879-1979, bl. 32.

en sou sy hele bediening tot met sy dood op 14 Oktober 1916 daar arbei.[370]

Onder sy leiding vind die gemeente sy voete en groei die eerste kwart-eeu van sy bestaan met krag. Tydens sy bediening word daar nie net 'n nuwe pastorie gebou nie, maar ook 'n sierlike kerkgebou wat tans nog gebruik word. Die hoeksteen daarvan word op 31 Oktober 1885 deur pres. J. H. Brand gelê en die inwyding gaan met groot luister gepaard. Die gemeente kon, deur 'n reuseveiling wat moontlik gemaak is deur die gee van beeste, die kerkgebou en die pastorie sonder skuld inwy.[371] Na meer as 'n dekade van voorspoed en vooruitgang het die oorlog uitgebreek, wat byna bomenslike eise aan die leraar en gemeente sou stel, maar hulle krag sou in innerlike vrede lê.

## 1.6.16 Parys (1884)

Aan die wilger-omsoomde oewer van die Vaalrivier het daar reeds in 1876 'n dorpie met die naam Parys ontstaan. Daar het vroeg reeds 'n stryd ontstaan oor die stigting van 'n eie gemeente, wat ná die stigting van Vredefort, net eenvoudig voortgesit is. Nadat die Vrystaatse Sinode ook in die saak geken is, besluit die Noordelike Ring tydens sy sitting van 30 Oktober 1883 te Kroonstad *"dat er eene gemeente gesticht zou worden"*. So word die gemeente Parys op 8 Maart 1884 gestig, onder leiding van die ywerige ds. P. A. C. van Heyningen van Winburg en ds. D. J. Minnaar van Heilbron.[372]

Gedurende die eerste ses jaar is die gemeente getrou deur ds. D. J. Minnaar van Heilbron as konsulent bedien. Die eerste leraar, proponent T. C. Dönges, word op 8 Maart 1890 met handoplegging in sy eerste gemeente bevestig. Nadat ds. P. A. Winter 'n treffende

---

370 Botha, P. R., Geskiedenis van Vrede 1879-1979, bl. 32.
371 Botha, P. R., a.w., bl.33-35.
372 Van Eeden, J. H., Parys 1876-1976, bl. 10-13; Odendaal, B. J., Die Ned. Geref. Gemeente Parys 1884-1959 : gedenkboek by die driekwarteeufees (7-8 Maart 1959), bl. 11-13.

bevestigingsrede gelewer het, kon 'n dankbare gemeente met hulle eerste leraar 'n besondere geseënde pad begin. Aangesien die eerste Notuleboek van Parys nie opgespoor kan word nie - blykbaar het dit tydens die Anglo-Boereoorlog verlore geraak - bestaan daar min gegewens oor kerklike werksaamhede tydens sy bediening. Uit die Staat van Godsdiens wat voor die Vrystaatse Sinode van 1895 dien, blyk dit egter dat hierdie leraar diep geestelike spore getrap het.[373] Ná verskeie onsuksesvolle beroepe, aanvaar ds. J. C. Hefer van Rustenburg 'n beroep na Parys. Dit was 'n dringende roepstem, want die volgende versugting word uitgespreek: *"De Heer neige het hart van dien broeder om toch tot ons over te komen."*[374] Hierdie leraar sou met besondere ywer in diens van die Heer sy talente in belang van die Koninkryk gebruik. Een van die blywende bakens is sekerlik die bou van 'n sierlike kerkgebou. Die hoeksteenlegging vind reeds op 14 Januarie 1899 plaas, terwyl daar fluks gewerk word om die fondse vir die reuseprojek in te samel. By dié groot geleentheid sou die moderator, ds. J. J. T. Marquard, die rede lewer. Hierna was daar net een lewende ideaal: die beplande luisterryke inwyding op 14 Oktober 1899. Dit sou plaasvind drie dae nadat die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899 uitgebreek het.[375] In dié tyd sou ds. J. C. Hefer na vore tree as 'n pastor en geestelike krag onder sy mense.

### 1.6.17 Ventersburg (1890)

Die dorp word reeds in 1873 aangelê en is grotendeels deur die Gereformeerde Kerk, wat reeds in 1863 'n eie gemeente op die latere dorp begin het, tot selfbestuur gebring.[376] Uit die aard van die saak sou daar ook in die omgewing lidmate van die Nederduitse Gereformeerde

---

373 Ferreira, I. L., Genade op die Vaaloewer : Ned. Geref. Gemeente Parys 1884-1984, bl. 24-26; Acta Synodi, O.V.S. 1895.

374 De Fakkel, 27 Augustus 1896.

375 Ferreira, I. L., a.w., bl. 101-102; De Fakkel, 10 Augustus 1899.

376 Scholtz, G. D., Eeufees : die geskiedenis van Ventersburg en sy omgewing 1873-1973, bl. 41-42; Opgetekende geskiedenis van die gemeente voor in Die Kanselbybel van Ventersburg. Hierdie Gemeentekroniek is geskryf deur P. W. van Zyl (hierna aangehaal as Kanselbybel).

Kerk woon, wat in 1880 daarin kon slaag om die bestaande kerkplein van die Gereformeerde Kerk te koop. Die hoeksteen van die kerkgebou waarin aanvanklike dienste gehou is, is op 15 Januarie 1880 gelê.[377] Op 13 Desember 1890 is hierdie gemeente afgestig van die gemeentes Winburg en Kroonstad. Die eerste konsulent was ds. P. A. C. van Heyningen van Winburg, wat gereeld elke drie maande vir kerklike werksaamhede oorgekom het.[378] In Mei 1892 word die eerste leraar, ds. P. J. J. Boshof van Soutpansberg (Pietersburg) bevestig as bedienaar van die Woord. Hy sou die uitgestrekte gemeente, wat indertyd omgrens is deur die gemeentes Winburg, Senekal, Kroonstad en Hoopstad, met groot getrouheid bedien. Ná 'n kort dienstyd, vertrek hy in Julie 1895 na Ficksburg.[379] In sy tyd het hy die gemeente in baie opsigte voorgegaan, onder meer in die bou van 'n stewige pastorie ten bedrae van £600. Hy is opgevolg deur ds. C. J. Snyman wat in Januarie 1896 bevestig is, soos sy voorganger ook 'n seun van Philippolis. Aangesien onder andere die kerkraadsnotules gedurende die oorlog verbrand is, is die feitelike gegewens oor sy bedieningstyd skraal.[380] Dit blyk egter dat hy besonder getrou was, ook in die donker ure van die Anglo-Boereoorlog.

### 1.6.18 Reitz (1891)

Op 14 Februarie 1891 vergader die Oostelike Ring op Reitz onder voorsitterskap van ds. R. H. van de Wall van Senekal. Tydens die vergadering, wat ook deur 120 manlike lidmate bygewoon is, gaan die Ringskommissie oor tot die stigting van die gemeente Reitz. Die eerste kerkraad word ook verkies met ds. C. P. Theron van Bethlehem as konsulent.[381] Tydens 'n gemeentevergadering op 16 April 1892 word besluit dat die kerkraad daartoe moet oorgaan om 'n predikant vir

---

377 Scholtz, G. D., a.w., bl. 41; Kanselbybel.
378 Olivier, P. L., a.w., bl. 335. Ons Kerkalbum gee die stigtingsdatum as 1891 aan.
379 Maeder, G. A., a.w., bl. 181; Olivier, P. L., a.w., bl. 335.
380 Maeder, G. A., a.w., bl. 181; Kanselbybel.
381 De Lange, J. T., Jubelfees gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Reitz 1891-1941, bl.3-4.

die gemeente van Reitz te beroep.[382] 'n Tweede beroep slaag op ds. D. J. Viljoen van Waterberg. Hy word deur lede van die kerkraad op die stasie van Heilbron ontmoet, en op 29 Oktober 1892 as predikant van Reitz bevestig.[383] By sy aankoms was daar reeds 'n kerkgebou, wat nog voor gemeentestigting gebou is. Weens gebrek aan ruimte word die kerkgebou in 1894 vergroot en *"onder zijn wakkere leiding werd eene pastorie gebouwd"*.[384]

Dit blyk dat die gemeente in hierdie tyd van krag tot krag gegroei het, want tydens die eerste plaaslike kerksensus is daar alreeds 650 belydende lidmate en 'n sieletal van 1 500. In Oktober 1896 word 'n orrel ingewy, waartydens die eerste kerkkoor ook optree. Daar sou ook aandag gewy word aan die belange van die jeug, toe die eerste Christelike Jongeliede Vereniging in Februarie 1899 gestig is.[385] .Spoedig sou die rustigheid in die Riemlandse dorp onderbreek word met die uitbreek van die oorlog. Ook tydens die krisistyd sou ds. D. J. Viljoen die gemeente getrou bedien tot met sy vertrek in 1904 na Bredasdorp.

### 1.6.19 Bothaville (1891)

Teen die jaar 1890 was daar in die wyk Onder-Valsrivier reeds 'n bevolking van 1 700 blankes. Kerklik is hulle deur ds. G. W. B. van der Lingen bedien en *"is vier keer per jaar 'n tent van bokseile opgeslaan om Nagmaal te hou"*.[386] Kort ná die stigting van Bothaville in 1890, sou daar ook oorgegaan word tot gemeentestigting. Die nuwe gemeente word op 28 Julie 1891 gestig.[387]

---

382 De Lange, T. J., a.w., bl. 4; Notule, Kerkraad Reitz, 16 April 1892.
383 Notule, Kerkraad Reitz, 25 Julie 1892.
384 Maeder, G. A., a.w., bl.177.
385 De Lange, T. J., a.w., bl. 18; Kerkraad, Ned. Geref. Kerk Reitz Jubileumfees 1891-1966, bl. 6.
386 Hoops. O. W. A., Bothaville 1891-1966, bl. 26.
387 Hoops, O. W. A., a.w., bl. 27.

Die eerste konsulent van die nuwe gemeente was ds. G. Radloff van Hoopstad, wat voor en na die stigting waardevolle hulp verleen het. Op 7 Oktober 1893 word die eerste leraar, ds. C. J. Snyman, onder blyke van feesvreugde bevestig. Hy vertrek egter in 1896 na Ventersburg.[388] Die jong ds. T. C. Dönges van Parys bou verder voort, waarna die gemeente in 1898 'n sierlike pastorie bou *tot sieraad van het dorp"*.[389] Kort hierna breek die oorlog uit, wat geweldige offers van die gemeente sou vra, nie net op tydelike gebied nie, maar ook op geestelike gebied.

## 1.6.20 Thaba Nchu (1891)

Die omgewing wat later die gemeente Thaba Nchu sou insluit, het so vroeg as 1834 as bymekaarkomplek van die vroegste Voortrekkers gedien. Vanaf 1836 het die trekgroepe van Hendrik Potgieter, Gert Maritz, Piet Retief en Pieter Uys by Thaba Nchu aangedoen. Op 11 Junie 1837 is Piet Retief daar as goewerneur en hoofkommandant beëdig en is die eerste doopregister aangelê.[390] Daar het 'n mooi verhouding tussen die Voortrekkers en die Barolongs bestaan, maar om 'n einde te maak aan die langdurige twis tussen Sepinare Moroko en Samuel Moroka (jr.) annekseer pres. J. H. Brand die grond as Vrystaatse gebied, *"for the promotion of peace and not as a conquered territory"*. Die vrede en veiligheid wat daarna geheers het, het Thaba Nchu (Berg van die nag) soos 'n vuurtoring in die donker laat skyn.[391]

Die gemeente word in 1891 gestig, maar reeds op 26 April 1890 word die hoeksteen van die eerste kerkgebou deur ds. P. van Heyningen van Winburg gelê. Die stigting van die dorp vind op 24 Mei 1892 plaas.[392] Die eerste leraar, ds. J. G. Kuhn, word in 1894 in sy eerste en enigste gemeente bevestig. Hy aanvaar in 1904 sy demissie na 'n kort, maar

---

388 Maeder, G. A., a.w., bl. 182; Olivier, P. L., a.w., bl. 336.
389 Maeder, G. A., a.w., bl. 182.
390 Walker. E. A., a.w., bl. 106 e.v.; De Jongh, P. S., a.w., bl. 116 e.v.
391 Olivier, P. L., a.w., bl. 337; Maeder, G. A., a.w., bl. 179.
392 Olivier, P. L., a.w., bl. 337; Maeder, G. A., a.w., bl. 179; Notule, Westelike Ring 21 Oktober 1892.

blykbaar spanningsvolle bediening, veral gedurende die oorlogsjare.[393]

## 1.6.21 Petrusburg (1892)

Onder leiding van die Ringskommissie van die Westelike Ring op 29 Junie 1892 top Petrusburg, word die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Petrusburg gestig.[394] Die eerste kerkraadsvergadering vind op 15 Augustus 1892 plaas, waar die gemeentelike werk georganiseer word onder leiding van die konsulent, ds. A. Murray van Jacobsdal. Daar word besluit om 'n jaar lank te wag voordat 'n predikant beroep sou word, wat later sou blyk die korrekte besluit te gewees het.[395] Op 30 Januarie 1893 word 'n gemeentevergadering gehou waar besluit word om dadelik 'n leraar te beroep. Nog dieselfde dag word ds. William Robertson van Calvinia as eerste herder en leraar beroep. Hy word kort daarna bevestig.[396] Met sy jarelange gemeentelike ondervinding was hy nie net op Petrusburg nie, maar ook op Ringsvlak 'n beduidende krag. Hy was 'n pastor by uitnemendheid: *"alhoewel hy 'n deftige prediker was, het hy daarin geglo dat die krag van die leraar lê onder die kansel"*.[397]

Die behoefte aan 'n eie kerkgebou het sterk in die harte van die gemeente geleef, soos blyk uit verskeie kerkraadsnotules.[398] Die hoeksteen van die nuwe kerkgebou word op 14 Januarie 1899 deur die president van die Vrystaatse Republiek, M. T. Steyn, gelê. Weens die uitbreek van die oorlog, moet die inwyding van die nuwe Godsgebou

---

393 Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke 1967, bl. 532. Daar bestaan geen kekraadsnotule nie, aangesien 'n nuwe Notuleboek eers op 10 Desember 1904 deur ds. C. J. Snyman aangelê is. Die vermoede bestaan dat na die uittrede van ds. Kuhn, hy nooit die Notuleboek aan die kerkraad besorg het nie, weens die spanning in die gemeente. Dit is deur mnr. A. Prinsloo, iemand wat lank navorsing oor die dorp gedoen het, genoem.

394 De Fakkel, Julie 1892.

395 Notule, Kerkraad Petrusburg, 15 Augustus 1892, 3 Oktober 1892, 30 Januarie 1893.

396 Notule, Kerkraad Petrusburg, 30 Januarie 1893; Esterhuysen, A. M. de V., Ned. Geref. Gemeente Petrusburg O.V.S. : jubileum: 29 Junie 1892 - 28 Junie 1942, bl. 4, 20-21.

397 Esterhuysen, A. M. de V., a.w., bl. 5.

398 Notule, Kerkraad Petrusburg, 8 Julie 1893, 6 Junie 1896, 9 Oktober 1897, 9 April 1898; Esterhuysen, A. M. de V., a.w., bl. 24.

uitgestel word tot ná afloop daarvan.[399] Die nuwe kerkgebou, trots van die gemeente Petrusburg, sou as baken van hoop in die driejarige krisistyd dien.

### 1.6.22 Luckhoff (1892)

Tydens 'n vergadering van die Westelike Ring op 22 Oktober 1892 te Brandfort, word 'n *"memorie van een Comitee vragende de stichting eener gemeente te Koffykuil"* aan die vergadering voorgelê.[400] Die gemeente was aanvanklik 'n buitewyk van die gemeente Fauresmith en is jarelank deur ds. H. J. Luckhoff getrou bedien. Uit dankbaarheid word die nuwe dorp en gemeente Luckhoff genoem.[401] Kort na die stigting van die gemeente aanvaar hy sy demissie en word ds. A. Murray van Jacobsdal die konsulent tot met die bevestiging van die eerste leraar. 'n Beroep op proponent E. G. Malherbe slaag en hy word op 6 April 1895 met handoplegging bevestig. Aan die plegtigheid neem deel, ds. C. Rabie van Malmesbury, sy skoonvader wat ook die bevestigingsrede hou, ds. C. D. Bam (Fauresmith), ds. A. J. Malherbe (Jagersfontein) en ds. A. Murray (Jacobsdal). Dieselfde middag lewer hy sy intreepreek in die ou buitekerkie na aanleiding van Romeine 1 vers 16.[402]

Die gemeente belewe saam met die leraarspaar verdere groei en ontwikkeling. Ds. Malherbe was self die argitek en boumeester van die nuwe pastorie wat in 1898 luisterryk ingewy word.[403]

### 1.6.23 Jagersfontein (1892)

Die plaas Jagersfontein het oorspronklik aan die Griekwa, Kobus Jagers,

---

399 De Fakkel, 5 Oktober 1899.

400 Notule, Westelike Ring, 22 Oktober 1892. Die kerkraadsnotules het blykbaar verlore geraak en kan nie opgespoor word nie.

401 Malherbe, J. A., Predikante-prestasies en petaljes, bl. 52; Alheit, J. R., a.w., bl. 18.

402 Malherbe, J. A., a.w., bl. 52 e.v.

403 Malherbe, J. A., a.w., bl. 59.

behoort. Hy verkoop dit in 1856 aan C. J. Visser, sonder om te weet dat dit een van die rykste diamantmyne in die Vrystaat sou word. Jacob de Klerk ontdek in 1870 'n pragdiamant van 50 karaat, wat die voorspel word tot die ontginning van diamante.[404] Die dorp Jagersfontein word reeds in 1882 deur die Vrystaatse Regering geproklameer. Kerklik het dit as 'n wyk van die gemeente Fauresmith gefunksioneer. Vroeg reeds is daar 'n eie kerkgebou opgerig en het ds. H. J. Luckhoff die dorp gereeld besoek.[405] Die begeerte na gemeentestigting het ook vroeg al onder die lidmate geleef, met die gevolg dat 'n versoek aan die Westelike Ring om tot gemeentestigting oor te gaan, op 22 Oktober 1892 goedgekeur word.[406]

Dit blyk verder dat daar reeds tydens 'n gemeentevergadering op 1 November 1892 tot die stigting van die gemeente Jagersfontein oorgegaan is. Aanvanklik was daar teenkanting van die gemeente Fauresmith, maar dit is op 'n broederlike wyse tydens 'n vergadering op 21 November 1892 in die kerkgebou te Jagersfontein opgeklaar.[407] Die eerste kerkraadsvergadering word op 6 Februarie 1893 gehou onder leiding van die konsulent, ds. H. J. Luckhoff, terwyl 'n beroep reeds op 11 Maart 1893 op proponent A. J. Malherbe uitgebring word.[408] Hierdie jongman word op 1 Junie 1894 as eerste herder en leraar van die gemeente bevestig. Hy sou hom spoedig as toegewyde dienskneg van die Heer onderskei. Hy beywer hom veral vir die sending en daar is *"selfs in hierdie vroeë jare al besin oor die wenslikheid al dan nie om Swartes toe te laat om kerkdienste by te woon"*.[409] Met die uitbreek van die oorlog het hy, getrou aan sy roeping, voortgegaan, soms onder baie moeilike omstandighede.

---

404 Barnard, S. L. (red.), Jagersfontein 1882-1982, bl. 11; Jacobs, F.. J., a.w., bl. 80.
405 Barnard, S. L. (red.), a.w., bl. 17, 23.
406 Notule, Westelike Ring, 22 Oktober 1892.
407 Olivier, P. L. (red.), a.w., bl. 339.
408 Notule, Kerkraad Jagersfontein, 6 Februarie 1893, 11 Maart 1893.
409 Barnard, S. L. (red.), a.w., bl. 47.

## 1.6.24 Zastron (1893)

Reeds in 1876 word 'n gedeelte van die plaas Verliesfontein in erwe opgemeet om die dorp Zastron te vorm, vernoem na die eggenote van pres. J. H. Brand. Aanvanklik word geweldige teenstand ondervind, sodat die dorp eers in 1882 amptelik erken word.[410] Reeds sedert 1884 word daar pogings aangewend om 'n afsonderlike gemeente te stig, maar geweldige teenstand word van die gemeente Rouxville ervaar. Die belangrike saak word telkemale op Ringsvergaderings van die Suidelike Ring ter sprake gebring, maar dit sou jare lank sloer. Onder leiding van die Ringskommissie van die Suidelike Ring op 29 November 1893 te Zastron, word die Ned. Geref. Gemeente Zastron gestig.[411] Ds. A. A. L. Albertyn tree as konsulent op.

Op 16 Junie 1894 word die eerste beroep uitgebring op proponent J. du Plessis, die latere bekende Stellenbosse hoogleraar. Deur harde werk en intense belangstelling in die wel en wee van sy gemeente, verower hy 'n ereplek in die harte van sy gemeentelede. Hy neem in 1898 'n beroep aan na Seepunt en sou gedurende sy lang loopbaan altyd met tere liefde aan Zastron dink.[412] Hierna word proponent P. A. M. de Vos as herder en leraar beroep. Hy aanvaar die beroep, maar kan weens tydelike werk op Kakamas eers op 19 Oktober 1899 te Zastron bevestig word. Weens die uitbreek van die oorlog word hy dié dag net deur vroue, kinders en bejaarde burgers, wat nie op kommando kon gaan nie, ontvang.[413] Soos later sal blyk, het hierdie jongman hom heelhartig met die lief en leed van die hele gemeente vereenselwig en was hy 'n ware vriend in die nood.

---

410 Rabie, J., Jubileumfees Zastron, van die Ned. Geref. Gemeente Zastron, O.V.S. 1893-1943, bl. 6-11; Zastron eeufeesprogram 1882-1982, 13-16 Mei 1982; Die Baken - driekwart eeufees-uitgawe; Gemeenteblad van die N.G. Kerk Zastron, Oktober 1968.

411 Korrespondensieboek Zuidelike Ring (1893); Rabie, J., a.w., bl. 8-11. In dié tyd was ds. A. A. L. Albertyn van Rouxville skriba van die Suidelike Ring. Dit blyk uit korrespondensie dat die Notuleboek saam met die res van die leraar se boekery tydens die oorlog verlore geraak het.

412 Rabie, J., a.w., bl. 11-14; Gerdener, G. B. A., Prof. J. du Plessis, In: De Kock, W. J., a.w., bl. 274.

413 Rabie, J., a.w., bl. 14.

### 1.6.25 Fouriesburg (1894)

Die dorp Fouriesburg word in 1892 op die plaas Groenfontein van Rooistoffel Fourie gestig. Dit is voorafgegaan deur 'n kommissie van ondersoek deur die Vrystaatse Volksraad, wat daarna dorpstatus aan Fouriesburg verleen.[414] Voor gemeentestigting het lidmate by die gemeentes Ficksburg en Bethlehem ingeskakel as deel van die Oostelike Ring. Op 10 Februarie 1894 gaan die Ringskommissie oor tot gemeentestigting, met ds. H. van Broekhuizen van Ficksburg as konsulent. In die loop van 1894 word die eerste kerkgebou feestelik in gebruik geneem, wat 'n bewys is van die offervaardigheid van die dankbare gemeentelede. Die kerkgebou is opgerig waar Paul Kruger in 1865 tydens die Tweede Basoeto-oorlog sy laer opgeslaan het.[415] Gedurende 1894 word proponent Michiel Heyns, 'n boerseun uit die distrik van Senekal, as eerste herder en leraar bevestig. Nadat hy in 1893 aan die Teologiese Seminarium op Stellenbosch afstudeer het, vertrek hy na Europa waar hy enkele maande onder die bekwame en inspirerende leiding van dr. R. A. Torrey aan die Moody Bible Institute in Chicago studeer. Dit het sy kort maar geseënde bediening in sy enigste gemeente, Fouriesburg, merkbaar beïnvloed.[416] Gedurende die jare voor die wisseling van die eeu het hy hom onderskei as 'n besonder knap leraar en pastor wat homself volkome aan die diens van die Here gewy het.

### 1.6.26 Trompsburg (1898)

Met die ontdekking van diamante op Jagersfontein en goud aan die Witwatersrand, het die Vrystaatse Volksraad die bou van 'n spoorlyn na die noorde as noodsaaklikheid beskou. Die stasie Jagersfontein Road was naby die teenswoordige Trompsburg geleë, met die gevolg dat

---

414 Notule, Vrystaatse Volksraad, 17 Junie 1892, 1 Junie 1893; Inligtingstuk oor Fouriesburg in die Van Riebeeckversameling van die Vrystaatse Argiefbewaarplek.

415 Eloff, C. C., a.w., bl. 176.

416 Olivier, D. P. M., a.w., bl. 139-140.

transportryers na die diamantvelde hulle op die plaas Middelfontein vestig om die diamantmyne van Jagersfontein en Koffiefontein te bedien.[417] Reeds sedert 1891 is daar pogings om 'n kerkdorp te stig, wat aanvanklik nie die goedkeuring van die omliggende gemeentes wegdra nie.[418] Onder leiding van die Ringskommissie van die Suidelike Ring word op 21 Desember 1898 tot gemeentestigting oorgegaan nadat goedkeuring deur die aangrensende gemeentes verkry is.[419] Mnr. Bastiaan Tromp, die eienaar van die plaas waarop die nuwe dorp en gemeente gestig is, skenk die kerkplein en twee watererwe aan die Ned. Geref. Gemeente Trompsburg.[420]

Die eerste kerkraadsvergadering word op 23 Januarie 1899 onder leiding van die konsulent, ds. P. du Toit van Edenburg, gehou. Op 17 Junie 1899 word ds. A. J. Pelser van Venterstad beroep, maar hy wys dit van die hand.[421] Tydens 'n gemeentevergadering word besluit om 'n pastorie te bou, terwyl die verkoop van erwe steeds genoegsame aandag geniet.[422] Die uitbreek van die oorlog verhinder hulle om weer eens 'n beroep uit te bring, wat die jongste gemeente van die kerk in die Vrystaatse Republiek in 'n tyd van storm en drang herderloos laat.

## 1.7 'N STERK KRAG VOOR DIE KRISIS

Die groei en ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat gedurende die Republikeinse tydperk getuig van die seën van die Here wat op die kerk gerus het. 'n Oorheersende kenmerk is die rustige en kalme wyse waarop die Vrystaatse kerk oor dekades heen

---

417 De Wet, H. C., Jubileumfees Trompsburg van die Ned. Geref. Gemeente Trompsburg, O.V.S. 1898-1948, bl. 62; Feesbrosjure, Ned. Geref. Kerk Trompsburg : plegtige ingebruikneming van herstelde kerkgebou op Saterdag en Sondag 6-7 Desember 1975.

418 Notule, Kerkraad Edenburg, 28 Oktober 1891, 25 Julie 1892, 10 September 1892, 16 September 1895; Korrespondensie en brieweboek van die Zuidelike Ring in die Vrystaatse Kerkrargief.

419 Notuleboek, Trompsburg. Dokumente opgestel deur ds. Johannes du Plessis (voorsitter) en ds. A. L. L. Albertyn (skriba) van die Suidelike Ring.

420 Dieselfde.

421 Notule, Kerkraad Trompsburg, 23 Januarie 1899, 17 Junie 1899.

422 Notule, Kerkraad Trompsburg, 19 Augustus 1899.

ontwikkel het. In die geloof het die vroeë baanbrekers die saad gesaai en ná enkele dekades het die kerk oorkant die Oranjerivier gegroei tot 'n reuseboom wat sy takke oor die hele provinsie uitgesprei het. In die 50 jaar voor 1899 groei die getal gemeentes van vyf na 37. Tydens die Sinode in 1895 word die totstandkoming van 'n vyfde ring in die Vrystaatse kerk goedgekeur.[423] Benewens die bestaande gemeentes in die gebied, het twee gemeentes in Noord-Rhodesië, Bulawayo (1895) en Enkeldorn (1895), ook deel uitgemaak van die Vrystaatse kerk.[424]

Uit die Kerkalmanakke vind ons dat daar deurgaans 'n natuurlike en gesonde styging in lidmaatgetalle te bespeur is. In 1865, met die totstandkoming van 'n eie sinodale verband, was daar 11 gemeentes met 6 250 lidmate, en met die uitbreek van die oorlog in 1899, 'n lidmaattal van 34 950. Die Vrystaatse kerk het van krag tot krag gegroei en was 'n berekenbare krag met die uitbreek van die oorlog.[425] Met die nalees van lywige notuleboeke is voorbeelde van oorhaastige en onverstandige besluite op Sinodale, Rings- en kerkraadsvlak nie te vinde nie. Waar daar wel verskille voorgekom het, is dit in 'n gees van broederlike liefde opgelos. Dat die magte van die duisternis wel hul aanvalle gemaak het, blyk onder meer uit probleme wat bedienaars van die Woord in gemeentes ondervind het. In perspektief gesien, het die saak van die Here nie skade gely nie omdat die Here God in alle situasies sy kerk in stand hou. Die Vrystaatse kerk, met sy oorwegende landelike gemeenskap, het weens sy verspreide landboubevolking en gebrekkige verbindingsweë, met eiesoortige probleme geworstel. Die bestendige, rustige en vaste ontwikkeling van die staat het 'n gesonde wisselwerking op die kerk tot gevolg gehad, terwyl die kerklike faktor geen onberekenbare rol gespeel het nie. Daarom het die bekende staatsregskenner, Lord Bryce, die Vrystaatse Republiek as 'n modelstaat beskryf.

---

423 Acta Synodi, O.V.S., 1895, bl. 42.
424 Oberholster, J. J. en Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 100.
425 Kerkalmanakke, 1865-1899 (K.K.A.).

Die wonderlike hand van die Almagtige God het innerlike groei en bloei bewerk, soos duidelik in die wordingsgeskiedenis van die Vrystaatse kerk na vore kom.

*"Waar die Kaapse N.G. Kerk, veral in die jare toe die Vrystaatse Sinode nog oor sy eerste kinderpassies gestruikel het, met 'n gevaarlike geestesrigting, die Liberalisme te worstel gehad het, en waar die Afrikaner in die Zuid-Afrikaansche Republiek pynlik deur kerklike geskille en twiste verdeel en nogmaals verdeel is, het die Vrystaatse Kerk hierdie beproewing nooit beleef nie. Moontlik is dit die allervernaamste kenmerk van die N.G. Kerk in die Vrystaat dat sy predikante, ouderlinge, diakens en lidmate altoos daarop bedag was om die gereformeerde kerkleer suiwer te bewaar en vanuit hierdie suiwer leer te leef en te wandel. Nie met die dowwe of flikkerende lig van mense nie, maar met die suiwer Lig van God, wou die Vrystaatse Kerk die duisternis van die sondemag verbreek. LUX IN TENEBRIS!"*[426]

---oOo---

426 Van Schoor, M. C. E., Die N.G. Kerk in die Vrystaatse Republiek 1862-1902. In Oberholster, J. J. en Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 109.

# HOOFSTUK 2

# VOORSPEL EN ONTPLOOIING VAN DIE STRYD

## 2.1 DIE BOEREREPUBLIEKE GEKONFRONTEER MET OORLOG

Gedurende die laaste dekade van die negentiende eeu het Britse imperialisme en Afrikaner-nasionalisme met mekaar in botsing gekom. Dit het tot die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog gelei. Diepe wantroue teenoor mekaar het ontstaan, wat 'n diplomatieke oplossing telkens verydel het.[1] Die ontwikkeling van hierdie stryd loop oor meer as ses dekades. Ná die vrystelling van slawe in 1834 begin die Groot Trek, 'n uittog van meer as vyfduisend boere oor die Oranje- en Vaalrivier om 'n nuwe tuiste in die binneland te gaan soek. Die Voortrekkers het dikwels onder mekaar gestry, maar oor een saak het hulle saamgestem, en dit was politieke seggenskap oor hulleself. Daarom was die anneksasie van Natal in 1843, 'n gebied waarin die Voortrekkers hulle in aansienlike getalle gevestig het, 'n groot terugslag.[2] In die volgende dekade sou twee Boererepublieke tot stand kom, wat in die daaropvolgende jare 'n krag word waarmee Groot Brittanje rekening moes hou. Op 23 Februarie 1854 is die Bloemfonteinse Konvensie onderteken, waarna die Republiek van die Oranje-Vrystaat tot stand kom.[3] Die erkenning van die onafhanklikheid van Transvaal in 1852 ingevolge die Sandrivier Konvensie, het 'n innige band tussen die twee Republieke gebring.[4] Meer as twee

1 Scholtz, G. D., Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, deel IV, 1881-1899, bl. 530 e.v.; Doyle, A. C., The Great Boer War, bl. 44 e.v.; Breytenbach, J. H., Die Tweede Vryheidsoorlog, deel I, bl. 1-4.

2 Muller, C. F. J., Die oorsprong van die Groot Trek, bl. 186 e.v.; Pakenham, T., Die Boere-oorlog, bl. vii; Stockenstrom, E., Vrystelling van die slawe, bl. 38-59.

3 Muller, H. P. N., Oude tyden in den Oranje-Vrystaat, bl. 43; Collins, W. W., Free Statia, bl. 55-75; Cachet, F. L., De worstelstryd der Transvalers, bl. 288, 290-318; Hofmeyr, N. J. , De Afrikaner-boer en de Jameson-inval, bl. 186-192.

4 Van der Walt, A. J. H. (red.), Geskiedenis van Suid-Afrika, deel I, bl. 344-345.

dekades lank sou daar betreklike rus en vrede heers, tot met die eerste stap in 1877 van Brittanje om 'n federale Suid-Afrika tot stand te bring. Hierna volg die anneksasie van Transvaal wat in 1881 lei tot die Eerste Vryheidsoorlog en die Britse nederlaag by Majuba.[5]

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in die Zuid-Afrikaansche Republiek (Z.A.R.) in 1886, sou die spanning tussen Britse imperialisme en Afrikaner-nasionalisme verder verhoog. Duisende uitlanders het na die goudvelde gestroom om daar 'n nuwe heenkome te vind, die meerderheid Britse onderdane. Die Zuid-Afrikaansche Republiek het uit vrees dat die nuwe fortuinsoekers die onafhanklikheid sou bedreig, die vereiste verblyftydperk van uitlanders vir die verkryging van burgerskap in 1890 van vyf na vyftien jaar verleng. Terselfdertyd het sommige mynmagnate seggenskap in die bestuur van die plaaslike regering begin eis.[6] In 1895 het twee multimiljoenêrs, Cecil John Rhodes en Alfred Beit, saamgesweer om Transvaal vir hulself en die Britse Ryk oor te neem. Die uitlanders is deur laasgenoemde ondersteun, en dit loop in 1896 uit op die mislukte Jameson-inval. Alhoewel Paul Kruger grootmoedig teenoor die invallers en samesweerders opgetree het, verbreed die kloof tussen die regering en die uitlanders steeds. Die betrekkinge tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en Brittanje, wat in 1895 'n nuwe konserwatiewe regering onder Salisbury gekry het, bereik 'n nuwe laagtepunt, ook vanweë Joseph Chamberlain se aktiewe meelewing met die Jameson-episode.[7]

Die Vrystaatse Regering het die inval ook as 'n aanslag op hulle eie onafhanklikheid beskou en versterk die politieke verbond wat hulle in 1889 met die Zuid-Afrikaansche Republiek gesluit het. Hierdie verbond word in 1897 herbevestig en word versterk tydens 'n besoek van pres. M. T. Steyn aan Pretoria.[8] *"Ingevolge die verbond sou die*

---

5 Uys, C. J., In the era of Shepstone, bl. 391 e.v.; Breytenbach, J. H. en Ploeger, J., Majuba gedenkboek, bl. 3-11, 195-215.

6 Pakenham, T., a.w., bl. 51 e.v.; Pretorius, F., a.w., bl. 8.

7 Pakenham, T., a.w., bl. viii; Pretorius, F., a.w., bl. 9.

8 Muller, H. P. N., a.w., bl. 270; Pakenham, T., a.w., bl. 43.

*Republieke in geval van 'n bedreiging van die een of van albei se onafhanklikheid mekaar ondersteun".*[9] Ná die Jameson-inval stuur die Oranje-Vrystaat dan ook troepe na die Transvaalse grens om hulp te verleen indien dit nodig sou blyk.[10] Dit is bekend dat Joseph Chamberlain, die Britse minister van kolonies, alles in sy vermoë gedoen het om elke situasie tot nadeel van Transvaal te gebruik. Hy stel sir Alfred Milner, wat ook sy droom van 'n federasie van Suid-Afrikaanse state onder die Britse vlag met hom deel, as hoë kommissaris vir Suid-Afrika aan. Daar word 'n uitnodiging aan Paul Kruger gerig om na Londen te reis vir samesprekings, maar dit realiseer nie omdat Kruger oor die susereiniteitskwessie wou beraadslaag, waartoe Chamberlain nie bereid is nie en sy uitnodiging dus ongedaan maak. Hierna wend hy hom tot metodes wat oorlog aanblaas, terwyl 'n petisie deur 65 Kaapse parlementslede aan hom gestuur word waarin hy gemaan word tot gematigdheid en verdraagsaamheid. Kruger stel voor dat 'n onafhanklike arbiter die saak ondersoek, maar Chamberlain versterk die Britse troepemag in Suid-Afrika.[11] Hieroor skryf F. A. van Jaarsveld: *"Chamberlain en Milner het in die binnelandse sake van Transvaal ingemeng en hom voortdurend gebombardeer met klagtes, sonde-registers, opmerkings en aanmerkings oor sy wetgewing - asof hy 'n kwasi-kroonkolonie van Brittanje was."*[12] Die *South African League*, 'n imperialisties-gesinde organisasie wat in 1896 gestig is, tree as pleitbesorger vir die oorlogsugtige Chamberlain en Milner op. Hierdie frontorganisasie stel gedurende Maart 1899 'n petisie op waarin die uitlanders se griewe saamgevat word. Dit word aan die Britse koningin gestuur, deur Milner ondersteun en deur die Britse kabinet aanvaar.[13]

Dit was die kans waarvoor Milner gewag het. Op 5 Mei 1899 stuur hy 'n telegram na Chamberlain, waarin hy die Suid-Afrikaanse Regering

---

9 Pretorius, F., a.w., bl. 9.
10 Breytenbach, J. H., Die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, deel I, bl. 107-116.
11 Breytenbach, J. H., Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, deel I, bl. 112-114.
12 Van Jaarsveld, F. A., Van Van Riebeeck tot Vorster, bl. 229-230.
13 Breytenbach, J. H., Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, deel I, bl. 116-117.

veroordeel as die wrede onderdrukkers van *"thousands of British subjects kept permanently in the position of helots, constantly chafing under undoubted grievances"*, en die Britse regering smeek om in belang van die uitlanders in te gryp. Chamberlain lê die stuk aan die kabinet voor en verkry goedkeuring om ten behoewe van die uitlanders in te gryp.[14]

Aangesien die gevaar vir oorlog tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en Engeland nou aktueel geword het, tree pres. M. T. Steyn tussenbeide om oorlog te probeer voorkom. Immers, so 'n oorlog sou ook die Vrystaatse Republiek betrek, weens die politieke verbond wat daar tussen die twee Republieke bestaan het. In hierdie poging word hy gesteun deur W. P. Schreiner, eerste minister van Kaapland, en J. H. Hofmeyr, voorsitter van die Afrikanerbond. Pres. M. T. Steyn belê op 31 Mei 1899 en daaropvolgende dae 'n persoonlike konferensie in Bloemfontein tussen pres. Paul Kruger en sir Alfred Milner, maar in 'n vroeë stadium blyk dit reeds dat daar pogings aan Britse kant is om die onderhandelings nie te laat slaag nie. Milner se voorneme was om, deur onredelike eise aan Kruger te stel, hom te dwing om die onderhandelings oor die uitlanderkwessie te staak, sodat hy 'n *casus belli* (rede vir oorlog) het.[15] Kruger, aan die ander kant, was vasbeslote om so toegeeflik as moontlik te wees, met behoud egter van die onafhanklikheid van die Republiek. Aan die einde van die konferensie het hy met trane in sy oë die saak opgesom: *"Dit is my land wat julle wil hê."*[16]

Die mislukking van die Bloemfonteinse konferensie het die laaste stadium van die krisis voor die oorlog ingelui. *"Milner het uit Bloemfontein teruggekeer met die oortuiging dat slegs wapengeweld oorbly indien Brittanje nie van sy posisie as heersende moondheid in Suid-Afrika*

---

14 Breytenbach, J. H., Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, deel I, bl. 117-118.

15 Van der Merwe, N. J., Marthinus Theunis Steyn, deel I, bl. 163 e.v.; Breytenbach, J.H., Die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel I, bl. 118-119; Meintjies, J., President Steyn, bl. 92 e.v.

16 Pakenham, T., a.w., bl. 72.

*wou afstand doen nie."*[17] Aan die ander kant het die volksleiers besef dat hulle Milner en Chamberlain nie kon vertrou nie en dat oorlog die laaste uitweg sou wees. Die twee Boererepublieke het die erns van die situasie besef. Groot Brittanje was in 'n magtige posisie; as sterkste moondheid ter see kon hy feitlik onbeperkte troepe, voedsel- en wapenvoorraade bekom.[18]

Op 8 September 1899 stuur die Britse regering 10 000 troepe na Suid-Afrika, wat die getal soldate aan die republikeinse grense op 22 000 man te staan bring. 'n Ultimatum aan die Zuid-Afrikaansche Republiek is reeds opgestel, maar dit is teruggehou totdat die Britse troepe in die regte posisie aan die grense was. Hierdie feit noop die twee Republieke om hulle kommando's in gereedheid te bring vir oorlog. Onder invloed van pres. M. T. Steyn word tot op die bittereinde gepoog om konfrontasie te verhoed, maar ten einde laaste werp die Vrystaters alles in die vryheidstryd.[19] Dit was 'n Vrystaatse burger wat die omstandighede 'n paar dae voor die uitbreek van die oorlog soos volg beskryf het: *"Er is veel geween onder ons arm volk. 't Is onbeskrijfelijk aandoenlijk om vaders, broeders en zonen te zien afscheid nemen; en toch zoo bedaard en beslist; men wil maar naar de grenzen om de dierbare erve, met bloed gekocht, te beschermen en te behouden. Jonge menschen, zoo schoon en beloovend, sommigen juweelen, trekken naar het oorlogsveld, geheel overgegeven; er is voor het geen onderscheid of zijn leven en of zij sterven. Er is nogthans niets wanhoopigs bij de manschappen. Zij gelooven vast, dat er nog vrede komen zal, of dat hunne vrijheid en onafhankelijkheid voor altijd bevestigd zullen zijn. Hoe zwaar het ook is voor de moeders en echtgenooten om hunne dierbaren te zien heengaan, nog nooit heeft men op deze wijze gezien hoe alles met spoed en ijver klaar gemaakt werdt voor den optocht. Bij menschen is geen heil meer. Het sterkste wapen blijft echter nog het gebed tot God. Wij willen blijven gelooven; des menschen uiterste is Gods gelegenheid; aan den*

---

17 Pretorius, F., a.w., bl. 13.

18 Breytenbach, J. H., Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902, deel I, bl. 141-166.

19 Breytenbach, J. H., Die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902, deel I, bl. 200 e.v.

*avond zal het licht zijn."*[20]

Die regerings van die twee Boererepublieke het die Britse regering voorgespring en op 9 Oktober 1899 'n ultimatum aan hulle gerig. Daar is geëis dat alle geskille tussen Groot Brittanje en die Zuid-Afrikaansche Republiek deur arbitrasie opgelos moet word, dat die Britse troepe aan die land se grense onmiddellik onttrek word, en dat die troepe wat per skip na Suid-Afrika onderweg is, nie voet aan wal moet sit nie. Die Britse regering is 48 uur tyd gegee om op die ultimatum te antwoord. Hulle wys die ultimatum van die hand en op 11 Oktober 1899 breek die Tweede Vryheidsoorlog uit.[21]

Pres. M. T. Steyn, later die siel van die vryheidstryd genoem, roep op die volgende treffende wyse die Vrystaatse volk tot die stryd op: *"Burgers van de Oranje-Vrijstaat! De tijd, die wij so gaarne vermeden hadden, het tijdstip dat wij als 'n volk, gedwongen worden ons met de wapenen te verzetten tegen onrecht en schandelijk geweld, is tans aangebroken. Onze Zuster-Republiek ten noorden van de Vaalrivier wordt aangevallen door 'n niets-ontziende vijand ..."* Op 'n byna hartroerende wyse word die hele situasie geskets en afgesluit met die volgende oproep: *"In het voeren van de strijd, waartoe wij tans gedwongen worden, laat geen enkele uwer daden anders dan zodanig zijn als 'n Christen en burger van de Oranje-Vrijstaat betaamt. Laat ons met vertrouwen vooruitzien op 'n voorspoedig einde van die strijd, vertrouwende op die Hoger Kracht, zonder Wiens bijstand mensewapens niets vermogen. Aan de God onzer vaderen dragen wij ootmoedig onzer zaak op: Hij bescherme het recht; Hy zegene onze wapenen; Onder Zijner banier trekken wij ten strijde; VOOR VRIJHEID EN VOOR VADERLAND! Aldus gedaan onder mijn hand en het Grootzegel van de Oranje-Vrijstaat, te Bloemfontein, die 11de dag van Oktober 1899. M. T. STEYN."*[22] Die godsvertroue van hierdie gelowige staatsman het hom 'n kragtige getuie onder sy volk gemaak.

---

20 De Kerkbode, 26 Oktober 1899.

21 Breytenbach, J. H., Geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902, deel I, bl. 156 e.v.

22 Van der Merwe, N. J., Marthinus Theunis Steyn, deel II, bl. 1-4.

## 2.2 DIE KAAPSE KERK DRING AAN OP VREDE

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het by monde van sy moderatuur in Augustus 1899 by die Britse regering en koningin gepleit *"om niets ongedaan te laten dat kan strekken om active vijandelijkheden te verhinderen"*.[23] E. Brown beskryf hoe die Afrikaanse kerke en hul leraars besef het dat hulle vaderland nie 'n oorlog kon bekostig nie. Dit word verwoord in artikels wat verskyn in die *Gereformeerd Maandblad*, wat deur J. I. Marais en C. F. J. Muller, hoogleraars aan die Teologiese Seminarium op Stellenbosch geredigeer is. Dit is duidelik dat vir die Boere en hulle kerk ingetree moes word, want hulle *"worden als het uitvaagsel van het menschdom voorgesteld door velen, vooral door degenen die in den Heer Rhodes meenen te vinden de verwezenlijking van Britisch Imperialisme in zijn meest ontwikkelden vorm"*.[24] C. F. J. Müller het nog verder gegaan deur die saak van die Boere in Skotland te verdedig en te beweer dat 'n *"goddeloos komplot aan de Kaap er geslaagd is om de Transvaal en de gansche Hollandsche bevolking van Suid-Afrika in verdenking te brengen"*.[25]

Die amptelike blad van die kerk sou reeds op 1 Junie 1899 op 'n indirekte wyse na die oorlog verwys. 'n Toespraak deur ds. J. P. van Heerden tydens die tagtigjarige verjaarsdag van koningin Victoria word gepubliseer, waarin verwys word na haar goeie hoedanighede en die seën wat op haar land en bewind rus. 'n Beroep word op almal gedoen om vir haar te bid, en dan word vervolg: *"Wij willen God vragen haar bij het klimmen der jare te geven - Vrede: vrede in het huis, vrede door gansch haar uitgestrekt Rijksgebied ..."*[26] Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het in 'n negatiewe sin oor die oorlog

---

23 De Kerkbode, 1899, bl. 495.

24 Brown, E., Die oorlog van 1899-1902 en die problematiek van die vaderlandse kerkgeskiedenis van die twintigste eeu, veral met verwysing na die Nederduitse Gereformeerde Kerk. In Die kerk in die wêreld, deur Oberholster, J. P., bl. 37.

25 Gereformeerd Maandblad, Oktober 1899, bl. 85-86.

26 De Kerkbode, 1 Junie 1899.

gedink en het sterk aangedring op vrede.[27] In 'n amptelike skrywe waarna reeds verwys is, spreek die moderatuur van die kerk in die Kaapkolonie sy ernstige besorgdheid oor die toestand uit en verklaar dat hy nie aan die Goewerneur of aan die President van die Zuid-Afrikaansche Republiek kan voorskryf nie. Daar word ook verwys na die eenheid van *"geloof, taal, lidmaatschap en bloed verwantschap met de burgers van de Transvaal ..."*.[28] Die eenheid in Christus sou op verskeie maniere na vore kom, soos deur die moderatuur korrek uitgewys. G. van H. Rauch dui in sy belangrike studie oor die kerk en dié oorlog aan watter belangrike riglyne hierdie adres aan die owerheid aandui. Die gevolge wat 'n botsing ook vir die Kaapkolonie en sy inwoners sou hê, asook die feit dat die verskille tussen Kruger en Milner nie genoeg rede vir oorlog is nie, word uitgewys. *"Dit is ook belangrik om daarop te let dat die moderatuur hom in sy standpunt aan Romeine 13:1 gehou het. Die kerk betuig ondubbelsinnig sy lojaliteit teenoor die koningin as staatshoof. Ons sien dus dat die kerk hom op hierdie stadium nog baie versigtig uitlaat teenoor die regering. In sy soeke na vrede is hy egter beslis."*[29]

Die moderator, ds. J. H. Hofmeyr, roep 'n boete- en dankdag uit en wys op die dreigende oorlog en die sondes onder die volk. Die dag, 20 Augustus 1899, word afgesonder vir gebed, om nie net die oorlog te verhoed nie, maar vir die behoud van vrede en vergifnis van sonde.[30] Die *Gereformeerd Maandblad* het skerper op die situasie gereageer en dit deurgetrek na die onderlinge verhouding tussen Afrikaners en Engelse. Die blad spreek sy kommer uit dat rassehaat enige oomblik *"in een laaie vlam [kan] uitbreken"*.[31] Die invloed en boodskap van hierdie blad kan nie onderskat word nie, want met die bedreiging van oorlog, voel die Afrikaner in Kaapland hom een met sy broeder in die Republiek. Die

---

27 Rauch, G. van H., Die optrede en verantwoording van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika met betrekking tot die Tweede Vryheidsoorlog, bl. 15.
28 De Kerkbode, 1899, bl. 495.
29 Rauch, G. van H., a.w, bl. 19.
30 De Kerkbode, 1899, bl. 530.
31 Gereformeerd Maandblad, Augustus 1899, bl. 52-53.

interessante rol wat die *Gereformeerd Maandblad* gedurende die eerste paar maande van die oorlog gespeel het, is treffend, want die twee Stellenbosse hoogleraars het hulself die vryheid veroorloof om beredeneerde standpunte te stel. Weens die versigtige houding wat *De Kerkbode* in dié tyd ingeneem het, is standpunte van die *Gereformeerd Maandblad* meer tiperend van die denke in kerklike kringe.[32]

Dit is veral Andrew Murray, eerste leraar van Bloemfontein, wat 'n hartroerende pleitrede vir vrede lewer: *"Als de oudste leeraar in de Ned. Geref. Kerk, als iemand bekend, en soms zelfs verkeerd beoordeeld door zijn eigen volk, wegens mijne loyaliteit aan de Britsche belangen ... waag ik dit op dringend verzoek van velen in dit land dit oproep te doen ten gunste van vrede. Ik smeek de regeerders en het volk van die grootste Christelijke natie in de wereld niet oorlog te maken op de jongste en kleinste van hare vrije staten."*[33] Hy ontleed die oorsake van die dreigende oorlog en wys daarop dat dit nie om die soewereiniteit van die Koningin gaan nie, want selfs die Engelse regsgeleerdes van naam stem nie met die Britse regering saam nie. Dit gaan nie om die Britse oppergesag in Suid-Afrika of die kwessie van stemreg vir uitlanders nie, maar *"het eene doel van de organiseerders van de agitatie welke geleid heeft tot den oorlog is om de onafhankelijkheid der Republiek te vernietigen"*.[34] Nie net sy feite nie, maar ook ds. Murray se afleiding is korrek: *"De eenige oorzaak van den oorlog is de onafhankelijkheid van de republiek. Zij weigert zich te laten dikteeren aangaande hare binnelandsche zaken. Zij is gewillig bespreking en vriendelijke raadgeving toe te laten, zij heeft getoond dat zij bereid is daarop te handelen en heeft toegestemd tot een gezamenlijke commissie van onderzoek ..."*[35] Die bereidheid tot onderhandeling word beklemtoon, asook die belangrike punt dat Engeland nog nooit die Afrikaner-Boer verstaan het nie, ook nie sy hartstogtelike liefde vir vryheid nie. Hulle aspirasies en probleme word nie verstaan nie, daarom is daar ook geen

32 Rauch, G. van H., a.w., bl. 135.
33 De Kerkbode, 12 Oktober 1899.
34 De Kerkbode, 12 Oktober 1899.
35 De Kerkbode, 12 Oktober 1899.

wedersydse vertroue nie. Daarom het die anneksasie en die Eerste Vryheidsoorlog daarná misluk, asook die Jameson-inval wat die wantroue net versterk het. Die gevolg kan dan niks anders wees nie *dan nog vreeselijker rampen en ruineering leiden voor Zuid-Afrika en het rijk"*.[36]

Ds. Andrew Murray het as gebore Skot deur die jare die Afrikaner en sy leefwêreld intiem leer ken, daarom verstaan hy ook goed waarom die Engelse nie die Boere se aspirasies en idees kan begryp nie. Hy skryf verder dat die Britse regering gedink het dat pres. Paul Kruger sou toegee aan die eise wat 'n oorlog sou verhoed, dat die Vrystaat nooit tot die oorlog sou toetree nie en dat samewerking met die Kaapse Afrikaners moontlik was. Hy smeek die Britse regering en volk om 'n ander beleidsrigting te volg en vestig hulle aandag op hul vryheid waarop hulle so dikwels roem. Daar is in ds. Murray se skrywe 'n allesoorheersende motief: vrede en vryheid. Hy beskryf ook die verkeerde, die sonde van oorlog wat hom as bedienaar van die Woord tot optrede dwing. As draer van die Blye Boodskap slaag hy ook daarin om sy getuienis te lewer en sluit af met 'n kragtige oproep aan alle Christene om tot die Here te bid om redding uit hierdie krisissituasie in Suid-Afrika.[37]

Selfs ná die uitbreek van die oorlog is daar pogings aan die kant van die moderatuur van die Kaapse kerk om die boeresaak te dien. Die manifes verskyn op 1 Maart 1900 in *De Kerkbode*, ter weerlegging van *"the many misrepresentations which have tended to increase the bitterness now existing between the two white races in this country"*. Die manifes word in Engels gepubliseer met die titel: *The truth about the Boer and his church*, en dit is onderteken deur di. J. H. Hofmeyr, A. Moorrees, J. P. van Heerden, A. Murray, J. H. Neethling, C. F. J. Muller en proff. J. I. Marais, P. J. G. de Vos en N. J. Hofmeyr.[38] In hierdie manifes verwoord die opstellers, sover dit die kerk aangaan,

36 Rauch, G. van H., a.w., bl. 31.

37 De Kerkbode, 12 Oktober 1899; Rauch, G. van H., a.w., bl. 31.

38 Brosjure, The truth about the Boer and his church, bl. 2-3. Ook gepubliseer in De Kerkbode, 1 Maart 1900.

al die aantygings wat teen die Boere, die Afrikaners in Kaapland en die Ned. Geref. Kerk as sodanig, gemaak is.[39] Die belangrikheid van hierdie manifes moet nie onderskat word nie, die kerk was geroep om sy profetiese taak en roeping te volvoer. Samevattend kan met korrektheid gestel word dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika die oorlog met groot erns bejeën het en voortdurend gestreef het om in die lig van die Woord van God op te tree.

## 2.3 DIE VRYSTAATSE KERK 'N BOODSKAPDRAER IN 'N KRISISTYD

Tydens die sitting van die twintigste sinodale vergadering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat in 1897, was daar reeds sprake van 'n dreigende oorlog tussen Brittanje en die Boererepublieke. Niemand het seker vermoed dat dit die laaste sitting van die Sinode onder republikeinse bewind sou wees nie. Alhoewel daar in die Vrystaatse kerk geen direkte pogings was om oorlog af te weer nie, is daar baie ernstig in die gemeentes gebid dat die Here die onheil van die Republieke moes afweer.[40]

'n Berig in *De Fakkel*, amptelike kerkblad van die kerk in die Oranje-Vrystaat, maak melding van 'n spesiale biddag om vrede: *"Wij zouden met de oog op de onderhandelingen thans aan den gang tusschen de Z.A.R. en de Britsche Regeering, aan die hand willen geven dat er op den eersten Woensdag van de maand Juli in de biduren die door den geheelen Staat worden gehouden, bijzonderlijk aan deze zaak gedacht worde: 'Laat het volk den Heere eendrachtelijk smeeken dat de vrede bewaard moge worden'. (Spr. 21:1)."*[41] Uit die beskikbare bronne is dit duidelik dat dit nie 'n eenmalige gebeurtenis was nie, maar dat daar ook tydens huisgodsdiens op boereplase ernstig gebid is om uitredding. Dit was 'n geloofsdaad wat opreg in die harte van hierdie gebedshelde

---

39 Rauch, G. van H., a.w., bl. 67.

40 Oberholster, J. J. en Van Schoor, M. C. E., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat, bl. 102-103.

41 De Fakkel, 15 Junie 1899.

geleef het, want daar is nie net vir land en volk gebid nie, maar ook vir die vyand. *"Laat ons bidden dat de oogen der Britsche bewindslieden mogen geopend worden om te zien de onrechtvaardigheid van den oorlog die zij de Republieken opdringen, een oorlog waarvan de uiteindelijke gevolgen voor Groot Brittanje zeer noodlottig moet worden."*[42]

Al die pogings was egter tevergeefs. Selfs nadat die stryd losgebars het, maak die moderature van die drie Afrikaanse kerke in die Zuid-Afrikaansche Republiek, sowel as die kerk in die Oranje-Vrystaat, in Mei 1900 'n ernstige beroep op die Christelike kerke in Groot Brittanje en Ierland om die oorlog te beëindig. Hulle beskou dit as hul plig om die boodskap van versoening na buite te dra. Daar word ook verklaar dat die onderskeie Christelike kerke in die Republieke *"met diepe smart en schaamte"* hulle stem *"in dagen van oorlog en ellende"* moet laat hoor, maar oortuig is dat die kerke *"de gruwelen van den oorlog haten en die waarheid en den vrede liefhebben"*. Dit word verder beklemtoon dat dit een *"broederoorlog: immers van Christen tegen Christen; van Protestanten tegen Protestanten"* is. Die smarte en ellende wat hierdie oorlog tot op hede gebring het, laat 'n dure plig op elke Christen en die Christelike kerk rus om ten alle koste vrede te soek. Die kerkleiers sluit hulle pleitrede soos volg af: *"De stem des volks zal toch zeker ook in Engeland nog wel gehoor vinden? Is niet het werk van den barmhartigen Samaritaan aan de Kerk des Heeren opgedragen? Daarom smeeken wij U, ondersteun onze swakke pogingen om verder bloedvergieten te voorkomen: opdat in plaats van rassenhaat en broederkrijg, vrede en welvaart mogen heerschen en Gods naam mag worden gedankt en geprezen."*[43] Soos in die geval van die Kaapse kerk, sou hierdie hartroerende pleitskrif ook geen verandering bring nie.

In hierdie ernstige tyd verskyn daar in *De Fakkel*, *"Een woord aan alle leeraars en leden der Afrikaner Kerken in Zuid-Afrika"*, waarin daar

---

42 De Fakkel, 2 November 1899.
43 De Hervormer, 15 Mei 1900.

van hart tot hart gepraat word. 'n Versoek word gerig om *dag en nacht met ons in de gebeden te strijden, dat de Heer aan onze zijde sta, het recht doe zegevieren en de Beschermer van den zwakkere tegen den sterkere zijn".* Verder word die gelowiges verseker dat daar uit die kwaad soms groot seën na vore tree, terwyl 'n aanhaling uit Jeremia 13 vers 16 as bemoediging dien.[44] Dit is treffend dat selfs nadat die burgers in die Vrystaat reeds opgeroep is, die hoop van vrede nog in baie lidmate se harte geleef het. *"Nog blijven wij bidden om vrede. De Heere verhoore genadiglijk de gebeden."*[45]

Ná die uitbreek van die oorlog op 11 Oktober 1899, reageer die amptelike blad van die Vrystaatse kerk soos volg daarop: *"De oorlog is verklaard. De zaak der Republieken is eene rechtvaardige. In zelfverdediging zijn de wapenen opgenomen."* 'n Oproep word gedoen om nie op eie krag te vertrou nie, maar op die Here die God van hulle vaders.[46] Daar is geen amptelike verklaring oor die saak deur die moderatuur van die Vrystaatse kerk nie, alhoewel 'n boodskap met besondere trefkrag in *De Fakkel* verskyn. Na alle waarskynlikheid is dit geskryf deur die redakteur en moderator van die Sinode van 1897. Na aanleiding van 2 Kronieke 28 vers 2-4 word die huidige situasie ontleed, met die hoofgedagte *"Van den Heere hulp zoeken".* Na aanleiding van die spanningsvolle tyd word sekere riglyne neergelê: *"Vertrouwt niet op menschen. 't Is beter tot den Heere toevlucht te nemen, dan op menschen te vertrouwen. Gij dierbaar geboorteland, Oranje-Vrijstaat, vertrouw niet op Transvaal."* Die troepe op die landsgrense is nie alleenlik deur die toedoen van Rhodes en Chamberlain daar nie, maar hulle is maar net instrumente in die hand van die lewende God. *"En Gods doel hiermede is ons op nieuw onze groote afhankelijkheid van Hem te toonen. Wij zijn zoo afhankelijk van den Heere geworden. Wij zijn zoo sterk geworden. Wij hebben ons met elkander vereenigd."*[47] Die Here wil ook sy volk in hierdie tyd met

---

44 De Fakkel, 5 Oktober 1899.
45 De Fakkel, 5 Oktober 1899.
46 De Fakkel, 19 Oktober 1899.
47 De Fakkel, 19 Oktober 1899.

baarheid teenoor die Here wees vir hulp in die tyd van oorlog. Daar word gewys op die oorwinnings in die volk se verlede - Bloedrivier en Amajuba is sprekende voorbeelde daarvan. *"De hulp des Heeren wordt verkregen in den weg van verootmoediging."* Daarin lê krag vir die hede en die toekoms, geloofsvertroue en verootmoediging is die antwoord *"voor 't Volk van Zuid-Afrika voor 't Afrikaansche Volk"*.[48] Daar word ook indirek na die liefdesgebod verwys, voorop liefde vir God en die naaste. Die afsluitingsgedagte van die skrywer het 'n duidelike boodskap: *"Hiertoe zijt gij, Zonen van den Oranje-Vrijstaat, gewillig. Gij verkiest liever den dood, dan stil en gedweë toe te zien, dat uwe broederen ten onder gaan. God Almachtig zegene u!"*[49]

Reeds kort na die uitbreek van die oorlog het die onderskeie leraars nie net plaaslik hulp verleen nie, maar ook die kommando's aan die grense besoek. Later sal in besonderhede op die kostelike arbeid van hierdie diensknegte van die Here ingegaan word. Die bekende ds. J. D. Kestell besef reeds vroeg die waarde van hierdie manne: *"Het bleek nu, nog meer dan in vredetijd hoe machtig een wapen het is dat Christus aan ons Evangeliedienaars heeft gegeven."*[50] In die donker ure van beproewing sou hierdie manne die Woord van God met krag verkondig en by sekere geleenthede ook die Heilige Nagmaal bedien. Woord en sakrament het ook kalmte en rus in menige onstuimige gemoed gebring. Daarom lees ons: *"de burgers zijn ernstig en eensgezind. Zij vertrouwen op den God onze voorouders."*[51] Die oorlog met sy spanning en stryd het dan ook 'n merkbare invloed op die predikante gelaat. Ds. H. E. du Plessis beskryf 'n veldslag naby Ladysmith treffend: *"Als wij aan Modderspruit en dat platte kopje denken, dan is het niet de scherpschutter met zijn flinke mauser, die dat alles gedaan heeft, maar des Heeren sterke rechterhand, die door hare daden de wereld heeft doen*

---

48 De Fakkel, 19 Oktober 1899.
49 De Fakkel, 19 Oktober 1899.
50 De Fakkel, 19 Oktober 1899.
51 De Fakkel, 2 November 1899.

*beven en door hare kracht Gods volk in stand gehouden heeft."*[52]

Aan die einde van 1899 verskyn 'n artikel in *De Fakkel*, wat die afgelope jaar in perspektief plaas. Die verhouding tussen kerk en staat word aangesny, asook toekomstige optrede. Hierdie treffende oproep "aan ons volk" is waarskynlik deur die redakteur en moderator van die laaste Sinode geskryf. Die geskiedenis van die vorige paar maande word gesien as 'n wonderdaad van God. *"Wij denken terug aan heerlijke overwinnengen door onze burgers behaald. God heeft aan onzer kant gestreden. In hem liet Hij ons kloeke daden doen. Onze slagvelden getuigen van krachtige wonderen door God gedaan. Goddelijk uitreddingen, Almachtige bescherming, wonderlijke leidingen, daarvan kunnen onze burgers getuigen. Heeft de vijand zijne dooden en gewonden bij duizenden te tellen, onze verliezen zijn gering geweest, en hierin hebben wij de hulp en bescherming van den Allerhoogste te erkennen, ons in antwoord op het gebed verleend."*[53] Daar is groot rede tot dankbaarheid, maar ook hartseer omdat daar dierbares aan die dood afgegee is. Dit moet egter as aansporing vir die toekoms dien.

Ná hierdie historiese perspektief, word die geloofsoog op die toekoms gerig vir krag en leiding. Onder ses hoofgedagtes en *"met het oog op de toekomst roepen wij ons volk toe"*:

1. *"<u>Vergeet niet dat deze oorlog een geloofs-oorlog is</u>. In eigen kracht vermogen wij niets tegen de menigte die tegen ons optrekt. Derhalwe burgers, doet uw best met uwe wapenen, maar vergeet niet biddend te striijden; kies steeds tot uwe bevelhebbers mannen die den God der Vaderen eeren en vertrouwen en hunne manschappen steeds er aan herinneren dat 'alle instrument, dat tegen u bereid wordt, niet zal gelukken' (Jesaia 54:17). En gij, die niet strijdt met wapenen, mannen, vrouwen, jongelingen, jongedochteren en kinderen, strijd tehuis den strijd des gebed. Ons vertrouwen zal niet beschaamd*

---

52 <u>De Fakkel</u>, 30 November 1899.
53 <u>De Fakkel</u>, 28 Desember 1899.

*worden."*[54] Dit blyk dat hierdie oorlog besonder uniek was, aangesien almal betrek word. Daarom is dit 'n geloofsoorlog, dit word 'n spanpoging waar gestry word om die behoud van 'n volk. Dit kan dan ook alleen gedoen word in die krag van die Here, die geloofsoog moet teosentries gerig wees.

2. *"Geef God de eer voor elke overwinning. Onze God is een jaloersche God. Hij geeft Zijne eer aan geen ander. Onthoud u van alle lichtzinnige uitdrukkingen, zooals de Engelschen een pak slagen geven, Mauser pillen, enz. Elke overwinning komt van God. Erken God in uw dankgebed, uwe brieven, uwe berichten aan de nieuwsbladen, uwe gesprekken."*[55] Die belangrikheid van die Wet van God kom sterk na vore, getrou aan die belangrike plek wat die Ou Testament in die lewe van die Boerevolk gespeel het. Die eer van elke oorwinning moet aan God gegee word, want dit kom die Here God toe. Die wet moet ook in die daaglikse lewe van die volk realiseer, dan alleen kom die lof en die eer aan die Here toe, ook in 'n tyd van oorlog.

3. *"Wees nederig. Overwinningen, vooral op èen machtigen vijand behaald, kunnen ons licht opgeblazen maken. Opgeblazenheid over overwinningen brengt ons neerlagen. Gedenk dat God groote dingen doet aan hen bij wie Hij nederigheid ziet."*[56] Ná die oorwinnings aan Boerekant oor die Engelse gedurende die eerste maande van die stryd, kon daar maklik op eie krag geroem word. 'n Oproep tot nederigheid, een van die vrugte van die Gees, kom as 'n sterk element na vore. Hierdie Bybelse eis tot nederigheid moet deel van die geestelike mondering van die volk word.

4. *"Zet den oorlog voort in de vreeze des Heeren. Laat alles in het lager, in, onder en na het gevecht naar Gods voorschriften ingericht zijn. Eerbiedig het eigendom van private personen, verwoest*

---

54 De Fakkel, 28 Desember 1899.
55 De Fakkel, 28 Desember 1899.
56 De Fakkel, 28 Desember 1899.

*niets tenzij het volstrekt noodzakelijk is. Werp uit uwe lagers alles wat als een last beschouwd kan worden. Vergeet niet hoe de overwinning te Jericho gevolgd werd door de nederlaag te Ai, omdat het volk een ban in zijn midden had."*[57] Die wette van Moses speel 'n belangrike rol in die denk- en leefwêreld van die volk. Die omstandighede rondom die oorwinning by Jerigo en die nederlaag by Ai, is bekende voorbeelde wat as belangrike bakens op die pad van God se verbondsvolk aangedui word. Die boodskap aan die Vrystaatse burgers is klinkklaar en duidelik: dien en vrees die Here met jou hele hart.

5. *"Blijf steeds verdraagzaam jegens den vijand. Bid steeds: 'Vader, vergeef het hun, want zij weten niet wat zij doen'. De vijand is u niet tot een voorbeeld, wees hem tot een voorbeeld."*[58] Liefdevolle begrip vir die naaste is 'n sterk vereiste, ook teenoor die vyand in die stryd. Die voorbeeld van die modelgebed van die Here Jesus waar hy vir sy vyande bid, moet nagevolg word.

6. *"Blijft alzoo geduldig strijden; op Gods tijd is de overwinning de onze."*[59] In die stryd word die volk in hul geloof versterk. Hulle moet geduldig net hulle beste lewer, want God sal die soete oorwinning op sy tyd gee. Wat ook al die omstandighede van elkeen, alleen in en deur Christus kan die oorwinning behaal en die einddoel bereik word.

---

57 De Fakkel, 28 Desember 1899.
58 De Fakkel, 28 Desember 1899.
59 De Fakkel, 28 Desember 1899.

## 2.4 GELOWIGE VOLHARDING NA TERUGSLAE

Aanvanklik het die Boeremagte die een oorwinning na die ander gesmaak, maar die terugslae in die totale oorlogvoering het met baie stryd gepaard gegaan. Die oorgawe van genl. Piet Cronje op 27 Februarie 1900 met 4 000 manskappe,[60] asook die ontsetting van Ladysmith 'n dag later, was 'n keerpunt in die oorlog. Die Britse leërmag het in alle erns na Bloemfontein en Pretoria opgeruk en die onttrekking van die Boeremagte uit Kaapland het baie rebellerende Kaaplanders ontnugter. Hulle het gevoel dat hulle in die steek gelaat is, terwyl hulle in tronke gestop en hulle eiendom gekonfiskeer of verwoes is. Die goeie verhouding tussen die Afrikaners van die Kolonie en dié van die Republieke is daardeur geknou. Tog het anti-Engelse gevoelens opgevlam en blyk dit uit toesprake dat hulle simpatie ondubbelsinnig by die Republieke was.[61]

Hierop was die Boeremagte geestelik voorberei. Die eerste uitgawe van *De Fakkel* van 1900, beskryf dit na aanleiding van die woestyntog en gebeure van Moses en die volk by Rafidim: *"Heft uwe handen naar omhoog."* Die nood word vooropgestel: *"Wat is uw nood, gij Afrikaansche Volkje, gij Boeren Volkje? Uw nood is groot."* Die hele volksbestaan van die Afrikaner word geraak. *"Krijgen Chamberlain, en Rhodes en Milner hun zin met ons, zetten zij ons den voet op den nek, dan is het gedaan, dan is het klaar met ons."*[62] Daar is geen ander uitweg as om te veg en te bid nie, want net die Here God kan alleen die uitredding skenk. *"God plaatst ons in een smeltkroes."* Die beginpunt van alles is die sonde en ongeloof wat soos 'n kiem van vernietiging onder die volk slagoffers eis. Daar word van "volkszonden" gepraat wat bestry en uitgeroei moet word. *"Welke pogingen gaan onze Volks-leiers, onze Presidenten, Volksraadsleden, Predikanten, Kerkeraden aanwenden om een Volks-hervorming tot stand te brengen?"* Die oorlog sal aanhou totdat die volk hulle voor God verootmoedig, hulle skuld

---

60 Breytenbach, J. H., Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog, deel IV, bl. 182-427.
61 Rauch, G. van H., a.w., bl. 74.
62 De Fakkel, 18 Januarie 1900, 8 Februarie 1900, 1 Maart 1900.

bely en *"ootmoediglijk met God te wandelen"*. Ten spyte van die feit dat die Christelike godsdiens 'n oorheersende rol in die lewe van die Boerevolk speel, bly hulle uiters sensitief om volgens die norm van die Heilige Skrif te leef. *"De Heere sterke ons niet slechts Rhodes te overwinnen, doch tevens de overwinnen de Wereld; te overwinnen den geest der Wereld; te overwinnen de Zonde, die in de laatste jaren zoo diep is ingedrongen in ons volksbestaan en zoo velen onzer in haar macht heefte gekregen."*[63] Die enigste oplossing is om weer eens na Jesus Christus ons Saligmaker te gaan vir raad en leiding. In Hom is daar krag vir die stryd wat altyd uitloop op oorwinning in die lewenstryd.

Nie net tuis nie, maar ook te velde het die burgers die stryd moedig voortgesit, ten spyte van die aanvanklike teenslae. Ds. T. C. Dönges skryf uit een van die laers dat drie dinge 'n geweldige indruk op hom gemaak het: (1) *"De broederlijke liefde en eensgezindheid."* Daar is geen sprake van rusie of onenigheid onder die burgers nie. 'n Kalme gees van eensgesindheid heers. (2) *"Tevredenheid onder moeilijkheden en ontberingen."* Ten spyte van hulle omstandighede bly hulle tevrede en bly hulle moraal hoog en is hulle opgeruimd. (3) *"Geen grootspraak."* Die erns van die situasie word besef, in eie krag is die saak verlore. Alleen by God is daar hulp en krag. Die geloofsvertroue bly 'n sterke krag. Die God wat *"tot hierdie onze zaak zoo heerlijk uitgewerkt heeft, neme haar verder in Zijne hand"*.[64]

Ná die Britse inname van Bloemfontein op 13 Maart 1900, het heelwat burgers in die Vrystaat hulle wapens neergelê en na hulle plase teruggekeer. Die grootskaalse wapenneerlegging kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die demoralisasie van die Boeremagte ná die reeks oorwinnings aan Britse kant. Die proklamasie van Lord Roberts op 15 Maart 1900 bied aan die Vrystaatse burgers, onder gunstige

---

63 De Fakkel, 18 Januarie 1900, 8 Februarie 1900.
64 De Fakkel, 18 Januarie 1900, 1 Maart 1900. Dit is die laaste uitgawe van De Fakkel gedurende die oorlog. Hierna word die blad gestaak tot 2 April 1903.

voorwaardes, geleentheid om hulle wapens neer te lê.[65] F. Rompel, 'n Hollander, beskryf op 'n treffende wyse die algemene gemoedstoestand van menige burger na die reeks terugslae: *"De Boer, die zoo gehecht is aan vrouw en kind, die veel gevoelt voor zijn eigendom dat door zijn hand en zijn beleid is geworden tot wat het is, ... hij zal tot dit alles kunnen terugkeeren als hij zijn wapen nederlegt."*[66] In hierdie emosionele tyd lê baie burgers dan ook onder hierdie omstandighede hulle wapens neer. 'n Groot groep burgers gaan egter tot die bitter einde met die stryd voort. Dit sou later blyk dat hierdie beloftes van Roberts nie gerealiseer het nie, sodat diegene ook later aan die spervuur van Britse ondermyning onderworpe was.[67]

Dit was gou duidelik dat Roberts en Kitchener hulle tot 'n nuwe metode van oorlogvoering gewend het, naamlik die uitputtingsoorlog. Vrouens en kinders is na konsentrasiekampe vervoer, terwyl plase en eiendomme afgebrand en gekonfiskeer is. Ná die anneksasie van die Vrystaat op 24 Mei 1900, verdeel die Boerekommando's in kleiner gevegseenhede, wat die vyand se verdedigingslinies en voorraadplekke aanval. Hierdie guerilla-taktiek is met sukses bekroon, wat die teenmaatreël, die afbrand van kerke, huise, plase en die oprigting van konsentrasiekampe, nie net bespoedig het nie, maar ook versterk het. Die bitterste van alles was dat die Afrikaner nou ook met verraad en wankelmoedigheid in hulle eie geledere, die hensoppers en verraaiers, te kampe gekry het. Dit het ook sy merk op die kerk gelaat, sodat predikante selfs in twee kampe verdeel is.[68] Daar word later in besonderhede ingegaan op bogenoemde aspekte, in soverre dit die sewe-en-dertig gemeentes in die Vrystaatse kerk geraak het.

Die optrede van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat, asook sy amptelike standpunt, was nou verbonde aan die

---

65 Grundlingh, A. M., Die hendsoppers en joiners, bl. 20.
66 Rompel, F., Uit den Tweeden Vrijheidsoorlog : schetsen en portretten, bl. 13-14.
67 Grundlingh, A. M., a.w., bl. 25.
68 Oberholster, J. J. en Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 105; Grundling, A. M., a.w., bl. 20-25; MacDonald, R., What I saw in South Africa, bl. 50-51.

geestelike leiers. In die besonder word die leiding van die moderator, ds. J. J. T. Marquard van Winburg, vermeld. In Julie 1900 is ds. Marquard by Golden Gate gevang, terwyl hy as veldprediker in kmdt. Prinsloo se kommando diens gedoen het. Vandaar is hy via Winburg na die kamp te Groenpunt, Kaapstad, gestuur, waarna hy deur bemiddeling van John X. Merriman op parool vrygelaat is. Vanuit Kaapstad skryf hy as *moderator Synodi* verskeie briewe aan Lord Milner in Bloemfontein. Hy verwys na die geestelike behoeftes van die vroue en kinders en versoek dat die onderskeie leraars na hulle gemeentes teruggestuur moet word. Hy meld dat *"they were all non-combatants with the exception of Rev. P. H. Roux who was a general".*[69] In 'n verdere skrywe vestig hy weer eens die aandag van Milner op kardinale dinge: *"I deeply regret that your Excellency has not been able to comply with my request regarding a matter, declared by your Excellency to be one of 'grave concern'. My prayer was made on behalf of women and children, widows and orphans, homeless and houseless ones, deprived of the help and comfort derived from the spiritual and temporal ministrations of their pastors."*[70] Ds. J. J. T. Marquard het dit baie duidelik gestel dat die predikante in die Vrystaatse kerk nie die eed van getrouheid aan Engeland kon aflê, voordat die Vrystaatse regering die Britse voorstelle aanvaar het nie. Hy kon uit die aard van die saak nie daarin slaag om die vrylating van die nie-vegtende predikante te bewerkstellig nie.[71] Ten spyte van swak resultate, hou hy tot aan die einde van die oorlog vol met korrespondensie in belang van die kerk in die Oranje-Vrystaat. Hy skryf ook 'n brief aan 'n bekende Bloemfonteiner, J. G. Fraser, voorsitter van die *Vredes Comitee*, waarin hy 'n versoek van die hand wys om deel te hê aan die komitee se werk,

---

69 Marquard Papers (M.S.B. 317). Dokumente van ds. J. J. T. Marquard in die Suid-Afrikaanse Biblioteek te Kaapstad. Brief vanuit Stellenbosch aan Sir Alfred Milner in Bloemfontein, 12 Oktober 1900; Van der Merwe, G. A., Enkele leiersfigure van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat gedurende die Republikeinse tydperk 1854-1902 : 'n biografiese evaluering, bl. 32.

70 Marquard Papers (M.S.B. 317). Brief uit Stellenbosch aan Milner te Bloemfontein, 27 Oktober 1900, 30 Oktober 1900.

71 Marquard, L., Letters from a Boer parsonage, bl. 126-127.

want met *"het aflegging van den parool-eed het ik mij verbonden mij geene politieke discussies te mengen ..."*[72] Ds. J. J. T. Marquard skryf ook 'n brief aan die regeerders in Bloemfontein aangaande die salarisse van die predikante. Hy verduidelik aan hulle die normale prosedure en vra dat die toelaes aan die predikante persoonlik uitbetaal moet word en nie deur die kwestor van die Sinode soos in normale omstandighede nie.[73] Alles was tevergeefs, want ons lees dat *"de Staatstoelagen aan de Predikanten der Ned. Geref. Kerk gestaakt zijn. Ook de enkele Broeders die den eed van getrouwheid hebben afgelegd zullen geen onderhoud van de Regeering krijgen."*[74] Daar sou egter spoedig 'n verandering in die beleid kom, soos blyk uit 'n berig in dié verband: *"De Militaire Regeering heeft kennis gegeven dat gemelde toelagen uitbetaald zullen worden aan de Leeraren die den eed van getrouwheid afgelegt hebben."*[75]

Die moderatuur van die Vrystaatse kerk het sedert die vorige Sinode bestaan uit di. J. J. T. Marquard (moderator), J. A. Joubert (assessor) en Gustav Radloff (skriba). Gedurende die oorlog het verskeie broers soos di. A. L. L Albertijn en C. P. Theron ook bystand verleen. Ons kon geen amptelike korrespondensie opspoor wat hierdie periode raak nie. Die amptelike kerkblad van die Vrystaatse kerk is gestaak, die predikante was op parool aan allerlei hinderlike beperkings onderworpe. In dié tyd verskyn periodieke berigte in *De Kerkbode* oor die stryd rondom die onafhanklikheid van die Boererepublieke. Sedert 1 Maart 1900 verskyn daar 'n nuwe rubriek met die titel *Oorlogsgedachten*.[76] Die doel was blykbaar om die lidmate te help om die oorlog en die stryd daaromheen te verwerk.

---

72 Marquard Papers (M.S.B. 317). Brief vanuit Kaapstad aan mnr. J. G. Fraser in Bloemfontein, 14 Junie 1901.

73 Marquard Papers (M.S.B. 317). Brief uit Stellenbosch aan die finansiële sekretaris van die regering in Bloemfontein, 29 Oktober 1900. Ds. Marquard was blykbaar tuis by sy skoonmoeder, die eggenote van wyle prof. John Murray, te Drosdystraat 4, Stellenbosch.

74 De Kerkbode, 27 Desember 1900.

75 De Kerkbode, 10 Januarie 1901.

76 De Kerkbode, 1 Maart 1900.

In breë trekke is die omstandighede en verloop van die oorlog tot met die begin van die guerilla-taktiek geskets. Die optrede en verantwoording van die kerk met betrekking tot die Anglo-Boereoorlog tot op dié tydstip is bespreek. Hierna begin die Britse magte met hulle uitputtings- en verskroeide aarde-taktiek; die afbranding van huise en kerke, die vernietiging van voedselvoorrade en die byeenbring van Boerevroue en -kinders in konsentrasiekampe. In die volgende hoofstuk word indringend gekyk na die invloed daarvan op die Vrystaatse kerk, in besonder op die predikante en lidmate in gemeenteverband. Ook word gelet op die optrede van die kerk tydens die oorlog.

---oOo---

# HOOFSTUK 3

# DIE OPTREDE EN GEBEURE IN DIE VERSKILLENDE GEMEENTES TYDENS DIE OORLOG : 1899 TOT 1902

Die Anglo-Boereoorlog met sy stryd en spanning was nie net beperk tot die leefwêreld van elke burger nie, maar het ook sy invloed op die kerklike lewe in die Vrystaat gelaat. Die verdeling en skeiding in Afrikaner-geledere sou ook onder predikante en gemeentes van die Vrystaatse kerk aangetref word. Dit is begryplik dat daar onder oorlogsomstandighede 'n verandering in die bedieningswyse sou kom. Dit was 'n krisistyd in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat. *"En tog is die werk van die Meester op 'n wonderlike wyse in die groter dorpe, in die veld by die kommando's of in die kampe voortgesit. Soos menigmaal tevore in die geskiedenis het die stem van God in hierdie krisisure duideliker tot elke mens gespreek en hoewel daar soms verbittering en haat by baie te bespeur was, kon talle leraars ná die oorlog vrylik getuig van die groot toenadering tot God in daardie donker dae."*[1]

## 3.1 WINBURG

Die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog word

---

1 Oberholster, J. J. en Van Schoor, M. C. E., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat, bl. 105.

op 5 Augustus onder voorsitterskap van ds. J. J. T. Marquard gehou. Benewens ander sake, word ook aandag gegee aan die bou van die nuwe kerkgebou en die verkiesing van kerkraadslede.[2] Ná die uitbreek van die oorlog gaan ds. Marquard normaalweg met sy pligte as predikant voort, soos blyk uit die viering van die Heilige Nagmaal op 22 Oktober 1899. *"Our communion were attended by many more people than we had expected: the messages were on the strength that comes of trust."* Die nabetragtingsdiens word na aanleiding van Hebreërs 13 verse 5 en 6 deur die leraar waargeneem.[3] Op 9 November 1899 vertrek ds. Marquard om die kommando's van Ladybrand en Ficksburg te besoek en daarna ook die laers in die Suid-Vrystaat. Die tekens van die stryd was ook Sondae in die kerkgebou waarneembaar, waar gewondes met verbande die diens bygewoon het.[4] Dit blyk dat ds. Marquard in hierdie tyd getrou huisbesoek doen en die nodige geestelike versorging aan gewondes en siekes gee. Op 8 April 1900 preek ds. G. Radloff van Krugersdorp (vroeër van Hoopstad) tot groot seën van almal, met Jeremia 29 vers 11 as teksvers.[5]

Ds. Marquard het gereeld die kommando's besoek, nie net om te preek nie, maar ook om geestelike gesprekke met die burgers te voer. Gedurende Julie 1900, tydens so 'n besoek, word ds. Marquard saam met die burgers van kommandant Prinsloo by Golden Gate gevang.[6] Hy word onder begeleiding na Winburg gebring, waar hy onder huisarres verkeer totdat hy as krygsgevangene saam met die burgers na Groenpunt, Kaapstad, vertrek. 'n Goeie vriend, John X. Merriman, verhinder dat hy na een van die oorsese kampe gestuur word, en hy word op parool vrygelaat.[7] Om homself en sy gesin aan die lewe te hou, begin

---

2 Notule, Kerkraad Winburg, 5 Augustus 1899.
3 Marquard, L., Letters from a Boer parsonage, bl. 37; De Fakkel, 5 Oktober 1899, bl. 29.
4 Marquard, L., a.w., bl. 49.
5 Marquard, L., a.w., bl. 69.
6 Marquard, L., a.w., bl. 125.
7 De Kerkbode, 23 Augustus 1900, 30 Augustus 1900; Marquard, L., a.w., bl. 126.

hy werk as klerk by die Kaapse firma, J. D. Marquard & Co. Sy hart en siel is egter by die geestelike en opvoedkundige behoeftes van sy volk in die tyd van hulle nood.[8]

In dié tyd help ds. Marquard ook in Seepunt met geestelike werk, terwyl hy tuisgaan by Magnolia, pastorie van ds. Johannes du Plessis, vroeër predikant van Zastron. Hy help ook die saakgelastigde van die Kaapse kerk en "*heeft thans verlof gekregen van het militaire authoriteiten om het werk van Ds. Alheit voort te zetten, met dezelfde voorrechten, te weten om op alle billijke tijden de kamp te bezoeken*".[9] In dié tyd vertrek die Marquard-gesin na die Kaap om naby ds. Marquard te wees, kort ná 17 Mei 1901.[10]

In die afwesigheid van ds. Marquard het ds. McGregor in die konsentrasiekamp op Winburg die geestelike versorging waargeneem en is opgevolg deur proponent Van Wijk.[11] Dit is waarskynlik dat hierdie leraars ook die eredienste op die dorp kon waarneem en na die geestelike behoeftes van die lidmate kon omsien. Alhoewel die geliefde herder en leraar van die gemeente in Kaapstad as krygsgevangene vertoef het, blyk dit dat hy altyd met liefde na die welstand van die gemeente verneem het. Ten spyte van die oorlog was die gemeente begerig dat daar met die bou van die nuwe kerkgebou, waarvan die hoeksteen op 20 Januarie 1899 deur pres. M. T. Steyn gelê is, voortgegaan moes word. Dit is onderbreek tot na die oorlog, en die gemeente moes tevrede wees met die noodkerk wat reeds voltooi was.[12] Dit blyk dat

---

8 Van der Merwe, G. A., Enkele leierfigure van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat gedurende die republikeinse tydperk, 1854 - 1902 : 'n biografiese evaluering, bl. 32.

9 De Kerkbode, 10 Januarie 1901.

10 Marquard, L., a.w., bl. 124.

11 De Kerkbode, 3 Oktober 1901.

12 Botha, S. J., Gedenkboek van die Ned. Geref. Gemeente Winburg : gestig 16 Januarie 1841, bl.4-12.

die noodkerk nie tydens die oorlog verniel is nie, moontlik omdat dit gedeeltelik van sink was. Tot en met 17 Mei 1901 het mev. Marquard en haar gesin in die pastorie gewoon, waarna sy na Kaapstad vertrek. Die klipgebou, wat vandag nog as woonhuis gebruik word, is nie afgebrand nie. Dat die huis wel deursoek en geplunder is, moet aanvaar word as 'n normale praktyk.[13]

Die konsentrasiekamp op Winburg, as deel van die gemeente en gemeenskap, verdien vermelding. Dit is bekend dat daar op een stadium tot 3 261 vroue en kinders in die kamp op Winburg was.[14] Dit het geweldige eise meegebring, soos blyk uit die verslag van Emily Hobhouse. Sy getuig soos volg oor die boervroue: *"They may have less book learning and less fashion, but mostly speak the two languages freely, and have far more dignity and breeding. You feel at once they hold the position of ladies in their country, and they behave as such."*[15] Van buite het daar ook die nodige hulp gekom, soos blyk uit die oorkoms van *"Zuster Bakkis, een Hollandsche ziekenverpleegster, die eenigen tijd geleden daarheen gegaan is, aldaar een gezegend en gewaardeerde werk verricht"*.[16] Uit die Doopregister van die gemeente Winburg blyk dit dat ds. J. T. T. Marquard vanaf Oktober 1899 tot Mei 1900, nie minder nie as 94 kinders gekoop het. Tot en met Julie 1902 is daar geen kinders gedoop nie, waarna dit weer normaalweg voortgegaan het.[17]

---

13 Die ou pastorie is reeds vroeg tydens die bediening van ds. P. A. C. van Heyningen gebou, soos blyk uit sy dogter se skriftelike nalatenskap. Foto's in die Vrystaatse Argiefbewaarplek toon aan dat die noodkerk gedeeltelik uit sink bestaan het. Vir verdere besonderhede, sien: Marquard, L., a.w., bl. 81, 124; Van Heyningen, C., Orange days, bl. 16-17.

14 Otto, J. C., Die konsentrasiekampe, bl.. 172.

15 Hobhouse, Emily, Report to the Committee of the Distress Fund for South African Women and Children, bl. 27.

16 De Kerkbode, 1 Augustus 1901.

17 Doopregister, Winburg (V.K.A.).

## 3.2 FAURESMITH

Die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog word gehou op 4 September 1899 onder voorsitterskap van ds. C. D. Bam. Daar is geen sprake van die naderende stryd nie en gewone kerksake geniet die aandag van die kerkraad.[18] Dit was toe egter duidelik dat die oorlog onvermydelik was en dat die vrede in hulle dierbare vaderland binnekort verstoor sou word deur kanongebulder, bloed en trane. Die kerk sou vroeg reeds leiding gee, selfs met die vertrek van die burgers op kommando. *"They all gathered together in the village square, where prayers were said and they were blessed by my father before they rode away on their sturdy ponies, with their Mauser rifles slung on their backs and their bandoliers round their chests ..."*, aldus 'n beskrywing van Caroline van Heyningen.[19] Hier is 'n verwysing na ds. P. A. C. van Heyningen, vroeër predikant van Winburg, wat die plaaslike leraar in dié tyd bygestaan het. Die eerste paar maande het baie stil verloop, totdat 'n Skotse regiment ná 'n kort skermutseling die dorpie ingeneem het. *"When the first battle took place in Fauresmith, we were terrified; we put mattresses in front of windows and doors while the bullets flew about, and cannonballs too - some of our artillery was there - but we soon got used to it."*[20] Hierna is die dorp weer deur die Boere herower, tot 'n Britse oormag die dorp finaal oorgeneem het. Dit het ook 'n verdere tyd van stryd en spanning vir die inwoners ingehou, na aanleiding van die sogenaamde *"scorched-earth policy"*.[21]

Dit blyk dat die Vrystaatse kerk ná die uitbreek van die oorlog normaal gefunksioneer het, ook wat betref die hou van kerkraadsvergaderings. Benewens plaaslike aangeleenthede, word daar ook op 16 April 1900 tydens 'n vergadering nuwe kerkraadslede verkies. Die voorstelling van

---

18 Notule, Kerkraad Fauresmith, 4 September 1899.
19 Van Heyningen, C., a.w., bl. 70.
20 Van Heyningen, C., a.w., bl. 72.
21 Van Heyningen, C., a.w., bl. 73.

hierdie lede vind tydens die Pinksterfees plaas.[22] Dit was 'n donker en moeilike tyd in die gemeenskap. *"Aan den leeraar wordt verlof van afwezigheid verleend indien hij het noodig mocht oordeelen, ter wille van zyne gezondheid en onder de treurige omstandigheden des lands, naar Kaapstad te gaan."*[23] In dié tyd trek die gemeente finansieel swaar en moet die leraar ses maande lank £25 per maand minder ontvang, waarna 'n lening aangegaan word. Die kerkraad pas in dié tyd ook die kerklike tug toe. Twee kerkraadslede bedank en hierna versleg die toestand.[24] Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 6 Augustus 1900 meld die leraar dat hy *"verlof gevraagd heeft van de militaire authoriteiten om Koffijfontein weer maandelijks te bezoeken ..."*, maar dit blyk dat dit nie moontlik was nie omdat hy Fauresmith as krygsgevangene moes verlaat.[25] Die laaste kerkraadsvergadering word op 3 September 1900 deur ds. C. D. Bam waargeneem, blykbaar onder moeilike omstandighede. Daar word ook alimentasie toegestaan. Die leraar spreek sy besorgdheid uit oor die geestelike versorging van die wyk Koffijfontein, waarna besluit word tot meerdere arbeid en ondersoek ter plaatse, wat eers ná die oorlog die nodige aandag kon geniet.[26] Hy is later in Kaapstad op parool vrygelaat, waar hy onder mediese behandeling in Rogelim tuisgaan.[27]

Die vernietigingswerk op Fauresmith het ook sy tol geëis, alhoewel geen huis op die dorp afgebrand is nie. Die inhoud van woonhuise en winkels *"were taken out, piled up in the streets, paraffin poured over the piles and they were set alight. One old Boer woman was staring at a fire where sewing machines, dress materials and all sorts of things were burning, also some books and Bibles; this old lady, with her*

---

22 Notule, Kerkraad Fauresmith, 16 April 1900.
23 Notule, Kerkraad Fauresmith, 7 Mei 1900.
24 Notule, Kerkraad Fauresmith, 14 Julie 1900.
25 Notule, Kerkraad Fauresmith, 6 Augustus 1900.
26 Notule Kerkraad, Fauresmith, 3 September 1900.
27 De Kerkbode, 6 Desember 1900.

*arms akimbo, shaking her head, said: They are not even afraid of God."*[28]

Die kerkgebou en die pastorie is nie deur die troepe ontsien nie. Benewens kleiner artikels is die Nagmaalservies, die doopvont en die geskiedkundige kanselbybel met silwergespes gesteel. Skade aan die orrel beloop oor die £300, die lykswa bestaan nie meer nie en 38 lampe in die kerkgebou is gebreek. *"One minister narrates how, after occupacy of his house by the military, all his Bibles were missing. As neither the books nor their value have been returned to him, he has not even the consolation of trusting that the thieves spiritually benefitted."*[29] Op 30 September 1900 bedien ds. C. D. Bam die laaste keer die doop aan vyf kinders, waarna hy as krygsgevangene weggevoer word. Ná die vertrek van ds. Bam het sy vrou en kinders op Fauresmith agtergebly. Na ses maande van onsekerheid verneem hy dat hulle in goeie welstand verkeer. In dié tyd preek hy ook in Zeepunt na aanleiding van Mattheus 6 vers 33.[30] Uit die Doopregister blyk dit dat di. C. D. Bam en P. A. C. van Heyningen die doop aan 'n hele aantal kindertjies gedurende die oorlog bedien het. Vanaf Oktober 1899 tot September 1900 doop die plaaslike leraar, ds. C. D. Bam, 65 kinders, die laaste op 30 September 1900. Hierna vertrek hy uit die gemeente en doop eers weer op 7 September 1902, ná sy terugkoms. In die oorlogstyd doop ds. P. A. C. van Heyningen in November 1900 ook twee kinders, die laaste op Fauresmith in oorlogstyd.[31] Dit blyk ook dat die amp van die gelowige in dié tyd tot sy reg gekom het. Tydens 'n dag van verootmoediging vir die vroue in die kampe en die krygsgevangenes, lewer 'n ouderling by Fauresmith 'n boodskap: *"Die laer staan tussen*

---

28 Van Heyningen, C., a.w., bl.74.
29 Macdonald, R., What I saw in South Africa - September and October 1902, bl. 54.
30 De Kerkbode, 14 Maart 1901, 19 Oktober 1901.
31 Doopregister, Fauresmith. [Wanneer in die hoofstuk na doopregisters verwys word, moet spesifiek gelet word op die oorlogstyd (1899-1902).]

*twee groot, plat rante wat met bosse begroei is, en daar sit die groot skare manne met geboë hoofte en luister na die rede van oom Hendrik Strauss. Hy lees uit Ps. 83."*[32] Die belofte dat Christus self sy kerk in stand hou, word ook in hierdie dae bewaarheid.

## 3.3 SMITHFIELD

Op 27 Augustus 1899 neem ds. J. H. van Wyk afskeid van die gemeente en vertrek na die Ned. Geref. Gemeente Adelaide in Kaapland. In dié kommervolle dae is die gemeente Smithfield herderloos en dit sou so bly tot ná die oorlog. Op 10 Julie 1899 word die laaste kerkraadsvergadering gehou waartydens 'n petisie van ontevrede lidmate wat nie by die nuut gestigte gemeente Trompsburg·wou inskakel nie, behandel word. Tydens die vakature sou ds. H. C. J. Becker van Bethulie waardevolle dienste verrig.[33] Die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog word op 23 September 1899 deur hom gelei, waar daar ook oorgegaan word tot die beroeping van 'n nuwe herder en leraar vir die gemeente. Ds. W. A. Alheit van Ceres in die Kaapkolonie word beroep, maar hy aanvaar dit nie. Benewens 'n tugsaak en die verkiesing van 'n ouderling word algemene sake bespreek. Blykbaar is die uitbreek van die oorlog nie so gou verwag nie, want die volgende vergadering word vir 9 Oktober 1899 belê. Weens die uitbreek van die oorlog sou dié vergadering nie plaasvind nie.[34]

Die burgers van Smithfield het gehoor gegee aan die oproep om hul geliefde vaderland te verdedig. Die eerste burger wat in die stryd omgekom het, was Roelf van Wyk van Smithfield, wat deur 'n weerligstraal gedood is. Hy was 'n diaken van die plaaslike gemeente. Daar

---

32 Raal, Sarah, <u>Met die Boere in die veld</u>, bl. 74.
33 <u>Notule</u>, Kerkraad Smithfield, 10 Julie 1899.
34 <u>Notule</u>, Kerkraad Smithfield, 23 September 1899.

was nie 'n leraar om die begrafnis waar te neem nie.[35] Ds. Johannes du Plessis van Seepunt het die kommando's van Smithfield en Rouxville besoek om die broeders geestelik te versterk.[36] Op 20 Maart 1900 neem die Engelse Smithfield in besit en wapper die Britse vlag by die magistraatskantoor. Die dorp word egter op 6 April 1900 weer deur die Boere ontset. 'n Paar weke later het 'n sterk troepemag finaal die mag oorgeneem.[37] Gedurende die oorlog het die dorp ontvolk, die meeste winkels is gesluit en die inwoners is na kampe weggevoer. Uit die beskikbare gegewens blyk dit dat daar op Smithfield geen huise afgebrand is nie, maar alles is verniel. Plaashuise is daagliks afgebrand en alle lewensmiddele is verwoes. In Januarie 1901 verlaat die Engelse Smithfield en neem 'n aantal mans wat hulle nie vertrou nie, met hulle saam. Duisende stuks vee word weggevoer en doodgesteek, terwyl die paaie bestrooi lê met koring, rys en koffie. Winkels word geplunder en geen privaat eiendom word ontsien nie.[38]

Uit die beskikbare gegewens blyk dit dat die kerkgebou nie deur die troepe beskadig is nie, behalwe dat 'n paar lampe en die kateder in die kerk gebreek is. Die pastorie was leeg en het ongeskonde gebly. Die skriba/kassier en koster, Luikes Klopper, een van die dorp se merkwaardigste persoonlikhede, was hiervoor verantwoordelik. Hy het die notuleboeke en kerkregisters sorgvuldig bewaar, soos ook blyk uit 'n insident toe hy verplig was om na die konsentrasiekamp te Aliwal-Noord te gaan: *"Met die Engelse Oorlog toe hy gevang is, het hy op die kis waarin die kerkboeke was, gaan sit en aan die Engelse offisier wat sy huisgesin kom oplaai het en na Aliwal-Noord se konsentrasiekamp sou vervoer, gesê het: 'Op hierdie kis skiet jy my dood, of laai dit op die wa'. Alle dreigemente was nodeloos, en die kis moes op die wa gelaai word. Op Aliwal het hy dit self gehou en dieselfde eis by die terugkeer*

---

35 Schoeman, K., Die herinneringe van J. C. de Waal, bl. 72.
36 De Fakkel, 30 November 1899.
37 Schoeman, K., a.w., bl. 74-75.
38 Schoeman, K., a.w., bl. 76-77.

*na Smithfield het gegeld, en sodoende het die allerwaardevolle papiere van Smithfield se kerk bewaar gebly."*[39] Alhoewel hy volgens mondelinge getuienis die Nagmaalservies voor sy vertrek vanaf Smithfield deeglik versteek het, raak dit gedurende die oorlog weg.

Die inwoners van die dorp en distrik is na die konsentrasiekampe te Bethulie en Aliwal-Noord geneem. *"Die dag was net aan die breek toe die konvooi van Smithfield vertrek. Daar was omtrent 250 karre en waens, eersgenoemde vol voetvolk en laasgenoemde met ons vroue en kinders."* Aangesien daar twee-en-twintig mense op een wa gereis het, was dit ongemaklik, terwyl die son hewig gebrand het. Ná vier dae het die een groep in Aliwal-Noord aangekom, ná 'n nagmerrierit onder die gebulk van beeste en die gehuil van kinders.[40] Die Smithfielders het ook met ds. P. T. Retief kennis gemaak en met sy arbeid onder die inwoners van die konsentrasiekamp. Hy sou ná die oorlog predikant van Smithfield word.[41]

Die swart gemeente (Ned. Geref. Kerk van Afrika) van Smithfield is so goed deur die kerkraad van Smithfield, onder leiding van Luikes Klopper, georganiseer dat dit gedurende die oorlog bly funksioneer het. Dit blyk veral uit 'n notule van 'n kerkraadsvergadering van die N.G. Kerk in Afrika wat op 12 Februarie 1900 gehou is.[42] Aan die ander kant het die blanke kerkraad nooit gedurende die oorlog vergader nie.

Uit die kasboek van die gemeente van Smithfield gedurende die oorlogsjare, kom insiggewende feite na vore. Dit is die enigste gemeente in die Vrystaat wie se inkomste-en-uitgawerekening wat die oorlogsjare dek, gevind kon word, daarom die verwysing daarna. Ná die uitbreek van

---

39 Prinsloo, A., Die geskiedenis van Smithfield en die Caledonrivierdistrik 1819-1952, bl. 763.
40 Hobhouse, Emily, Die smarte van die oorlog, bl. 287.
41 Gerdener, G. B. A., Deur 'n eeu gelei : N.G. Gemeente Smithfield, O.V.S. 1848-1948, bl. 35.
42 Prinsloo, A., a.w., bl. 405-406.

oorlog op 11 Oktober 1899 is daar voortgegaan met die hou van eredienste, soos blyk uit die inkomste uit kollektes elke Sondag. Reistoelae, ook in die vorm van veevoer, is aan ds. Becker gegee, salarisse is aan die kerklike amptenare betaal, en alimentasie is verleen. Die Heilige Nagmaal en doop is bedien en sinodale kollektes vir teologiese opleiding is ingesamel. Uit die kasboek blyk dit dat die laaste erediens op 21 April 1901 waargeneem is, toe alle kerklike werksaamhede blykbaar op Smithfield tot stilstand gekom het. Die kasboek begin weer in Januarie 1903 met die inskrywing van 'n batige saldo van £7.9.7.[43] Die feit dat die kerklike werksaamhede in die herderlose gemeente Smithfield so goed georganiseerd was, is deels te danke aan die pligsgetrouheid van Luikes Klopper, in die nakoming van sy taak en roeping as skriba-kassier. Uit die Doopregister van Smithfield (1899 tot 1902) blyk dit dat die konsulent, ds. H. C. J. Becker van Bethulie, vanaf November 1899 tot 19 Februarie 1902, die laaste doopinskrywing in oorlogstyd, altesaam 96 kinders gedoop het.[44]

## 3.4 BLOEMFONTEIN

Met die uitbreek van die oorlog was die Vrystaatse hoofstad in rep en roer. Op 13 Maart 1900 word Bloemfontein deur 'n sterk Britse mag ingeneem. Die vorige aand het pres. M. T. Steyn in een van die laaste treine noordwaarts vertrek om weg te kom voordat die Engelse die spoorlyn opblaas. In antwoord op lord Roberts se dreigement om die hoofstad te bombardeer, besluit die burgemeester, landdros en ander hoogwaardigheidsbekleërs, met inbegrip van John Fraser, 'n Engelssprekende Vrystater wat in die vorige verkiesing teen M. T. Steyn gestaan het, om die stad oor te gee. Hulle gee die sleutels van die openbare geboue aan die veldmaarskalk, en sonder veel moeite word die Britse vlag gehys.[45] Emily Hobhouse skryf soos volg oor die Vrystaatse hoofstad in die

---

43 Kasboek van die Ned. Geref. Gemeente Smithfield.
44 <u>Doopregister</u>, Gemeente Smithfield (1899-1902).
45 Pakenham, T., <u>Die Boere-oorlog</u>, bl. 392.

oorlogstyd: *"Sy het die dorp vol soldate aangetref, en hulle het ook die klein hotelle en die poskantoor oorstroom. Rondom die dorp was feitlik 'n ringmuur soldatekampe en oral was daàr wagte wat geleë en ongeleë geëis het om jou pas te sien. Die normale lewe van die dorp het tot stilstand gekom en die inwoners het daar lewensloos en lusteloos uitgesien."*[46]

Die kerk van Jesus Christus sou ook te midde van soldate, krygsgevangenes, konsentrasiekampe en 'n diepverskeurde bevolking, die lig van die Evangelie in Bloemfontein helder laat skyn. Die laaste kerkraadsvergadering vind plaas op 4 September 1899, waarin geen verwysing na die dreigende onheil voorkom nie. Ds. P. A. Roux word vir 'n onbepaalde tyd aangestel as hulpleraar van ds. H. T. Kriel in die groot en uitgestrekte gemeente. 'n Versoek gerig vir afstigting van die gemeente Dealesville, word deur die kerkraad goedgekeur. Weens die uitbreek van die oorlog 'n maand later, sou die gemeente eers ná die oorlog in 1904 gestig word. Verder is gewone sake bespreek, soos die inwyding van die Gedenksaal en reëlings daaromtrent.[47] Op 13 Oktober 1899 word die Gedenksaal feestelik ingewy, maar dit sou eers tydens die sitting van die eerste na-oorlogse Sinode in 1903 gebruik word.[48] Die kerkraadsnotule meld dat daar gedurende die oorlog nie minder nie as elf kerkraadsvergaderings gehou is, die meeste van al die gemeentes in die Vrystaat. 'n Gewone kerkraadsvergadering word op 13 Januarie 1900 gehou, waar algemene sake bespreek en twee nuwe ouderlinge verkies word.[49] Kort hierna word die hulpleraar, ds. P. A. Roux, deur die vyand op parool na Prins Albert gestuur, waarna hy in die skoolgebou op Beaufort-Wes onder militêre toesig geplaas word.[50] Plaaslik sou dit ook nie veel beter gaan nie, want ds. H. T. Kriel se gesondheid gee in.

---

46 Terblanche, A., Emily Hobhouse, bl. 96.
47 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 4 September 1899.
48 De Fakkel, 5 Oktober 1899.
49 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 13 Januarie 1900.
50 De Kerkbode, 24 Januarie 1900.

*"Hij zal eene rust van minstens 6 maanden moeten nemen - en is reeds voorlopig naar Aliwal Noord vertrokken."*[51] Die Bloemfonteinse gemeente is herderloos, daarom lees ons van die *"Notulen eener Nood-Vergadering gehouden Mei 1901. Van dienstdoende en rustende Kerkeraadsleden, by afwezigheid van eenen voltalligen Kerkeraad wegens den oorlog".* Ouderling D. van Niekerk open met gebed en tree as voorsitter op. Omstandighede rakende ds. Kriel se siekte asook die droewige omstandighede word bespreek. Ds. W. Robertson van Petrusburg, die konsulent, sou genader word om die eredienste te hou en die skriba word versoek om met hom in dié verband te skakel.[52] Op 'n volgende noodvergadering op 7 Junie 1901, meld broer John Fraser, 'n rustende ouderling, dat 'n afvaardiging ds. W. Robertson in die Phoenix Hotel ontmoet het en die hele aangeleentheid bespreek is. Hy is bereid om met sy gesin na Bloemfontein te kom vir 'n tydperk van ses maande, teen 'n salaris van £150. Die vergadering neem die aanbod met dank aan en vaardig broer John Fraser af om met ds. R. H. Daneel, werksaam in die konsentrasiekamp te Bloemfontein, te onderhandel insake sy werksaamhede.[53]

In die tussentyd het ds. H. T. Kriel per boot na Europa vertrek, waar hy minstens een maand te Karlsbad in Bohemen vertoef as gevolg van verswakte gesondheid. Sy gesin het in Oos-Londen agtergebly. Ds. H. C. de Wet het in dié tyd by ds. Daneel in die Bloemfonteinse konsentrasiekamp aangesluit, waar hulle na die meer as 7 500 mense se geestelike belange moes omsien.[54] Hulle word ook bygestaan deur ds. W. Robertson wat op 19 Julie 1901 een-en-sestig nuwe lidmate voorstel. Die prediker by dié geleentheid was ds. H. P. van der Merwe van Britstown, wat 'n treffende rede na aanleiding van Lukas 14 verse 16 tot 23 lewer. Die diens is deur tussen 1 200 en 1 500 mense bygewoon.

---

51 De Kerkbode, 11 April 1901.
52 Notule, Kerkraad Bloemfontein, Mei 1901.
53 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 7 Junie 1901.
54 De Kerkbode, 13 Junie 1901.

*"De Godsdienstoefening werd gehouden op de helling van eenen heuvel, terwijl velen de grootte rotsblokken als zitplaatsen gebruikten. Wij vertrouwen dat de indrukken blijvend en de zegen groot mochten geweest zijn."*[55] Dit blyk dat die kerkraad van Bloemfontein op 'n besondere wyse die wel en wee van die konsentrasiekamp op hulle hart gedra het.

Op 4 Oktober 1901 word 'n gekombineerde kerkraadsvergadering gehou, waar nuwe kerkraadslede verkies is. Aanvanklik is 'n protesbrief deur 'n diaken voorgelees waarin hy die verkiesing beskryf as in stryd met artikel 62 van die Kerkwet. Die saak word breedvoerig bespreek, en na inagneming van *"den moeielijken toestand waarin de gemeente geplaatst is"*, word besluit om met die verkiesing voort te gaan. Met die kleiner getal kerkraadslede weens die oorlogsomstandighede, word die gemeente in nuwe wyke ingedeel vir beter geestelike bearbeiding.[56] 'n Buitengewone kerkraadsvergadering word op 1 November 1901 gehou, waar die hele aangeleentheid insake die verkiesing van kerkraadslede indringend bespreek word. Die bedanking van drie diakens word voorgelees en aanvaar, terwyl die kassier die vergadering meedeel dat die gemeente die afgelope twee jaar £600 geleen het om die lopende uitgawes te dek. Daar word goedkeuring verleen vir die koop van musiekboeke vir gebruik deur koorlede.[57] Dieselfde tyd word 'n buitengewone vergadering gehou onder voorsitterskap van ds. W. Robertson. Dit blyk dat ds. H. T. Kriel terug is van sy oorsese besoek en graag na Bloemfontein wil terugkeer, maar die militêre owerheid weier 'n permit, nieteenstaande 'n persoonlike versoek van John Fraser. In die omstandighede is ds. Robertson bereid om verdere hulp te verleen, teen 'n salaris van £300 per jaar. Die kerkraad besluit dat die band met ds. P. A. Roux as hulpleraar verbreek moet word, omdat hy sonder die verlof van die kerkraad vrywillig by die kommando's aangesluit het ná die oorgawe

---

55 De Kerkbode, 8 Augustus 1901.
56 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 4 Oktober 1901.
57 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 1 November 1901.

van Bloemfontein.[58]

Tydens 'n buitengewone vergadering op 9 Desember 1901 dien broer B. van der Karst, 36 jaar lank koster, skriba en kassier van die gemeente Bloemfontein, sy bedanking in omdat hy na Kaapstad verhuis. Die kerkraad neem met waardering kennis van die besondere getroue arbeid van die broeder oor baie jare en bid hom die seën van die Here toe vir die toekoms.[59] Vanaf 17 tot 27 Maart 1902 vind die jaarlikse "boerematriek" plaas, met ouderlinge Fraser en Theron wat die leraar met die katkisasie bystaan. Die Heilige Nagmaal word met Paasfees gevier.[60] Die kerkkoor vra toestemming om tydens 'n *Krooningsfeest* te Bloemfontein, deel te neem aan die sangoefening.[61] By die laaste kerkraadsvergadering in oorlogstyd op 22 Mei 1902, 'n week voor die sluiting van die Vrede van Vereeniging, vergader die kerkraad om enkele tugsake voortvloeiend uit die oorlogsituasie, te behandel.[62] Uit die Doopregister van Bloemfontein blyk dit dat die doop sonder enige onderbreking in oorlogstyd bedien is. Tien afsonderlike predikante het 415 kinders gedoop, wat ook die konsentrasiekamp by Bloemfontein insluit.[63]

Uit bogenoemde blyk dit dat die kerklike werksaamhede in Bloemfontein, ondanks die stryd en spanning van die oorlog, tot die einde toe voortgegaan het. Die kerk in die Vrystaatse hoofstad was getrou aan sy roeping, soos 'n stad op 'n berg.

---

58 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 7 November 1901.
59 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 9 Desember 1901.
60 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 25 Februarie 1902.
61 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 10 Maart 1902.
62 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 22 Mei 1902.
63 Doopregister, Bloemfontein (1899-1902).

## 3.5 HARRISMITH

Die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog word op 19 Augustus 1899 onder leiding van ds. J. D. Kestell waargeneem. Kennis word gegee dat ds. R. H. Daneel as sendeling na Harrismith kom en dat die kerkraadslede by sy bevestiging en ontvangs teenwoordig moet wees. Uit die kassier se verslag blyk dit dat daar 'n oortrokke rekening van £470 is.[64] Ook in die omgewing van Harrismith het die burgers op die roepstem om hulle vaderland te verdedig, gehoor gegee. Ander kommando's het ook Harrismith aangedoen, soos die manskappe van Kroonstad doen: *"Zij hielden halt rondom de kerkplein, en hingen hunne natte dekens en kleederen op het traliewerk om te drogen. Wat verdraagt, wat lijdt een Afrikaner niet veel, zonder een enkele klacht, voor zijn land en zijne kerk."*[65] Mev. Kestell, eggenote van ds. J. D. Kestell, en die vroue van die gemeente het hulle gul ontvang met tien emmers heerlike koffie, toebroodjies en koek. Nog dieselfde aand het ds. Kestell vir hulle 'n erediens in die kerkgebou gehou. Nooit tevore was daar soveel mans tegelyk in die gebou byeen nie. Oorstelpend het hulle stemme met die laaste gesang weerklink: *"Komt! treën wy dan bemoedigd voort ..."*[66] By 'n ander geleentheid het die burgers van Vredefort die dorp aangedoen. Aangesien hulle waens nog nie aangekom het nie, is aan hulle in die kerk beskutting gebied. Ná 'n aanddiens begewe hierdie burgers hulle te ruste, *"sommigen op den vloer en anderen op de banken en den volgenden morgen zetten zij hunne reis voort."* Die volgende leraars en hulle kommando's doen ook Harrismith aan: Di. D. J. Minnaar (Heilbron), J. H. Enslin (Vrede), D. J. Viljoen (Reitz), P. H. Roux (Senekal) en H. E. du Plessis (Lindley).[67]

---

64 Notule, Kerkraad Harrismith, 19 Augustus 1899.
65 De Fakkel, 5 Oktober 1899.
66 Hopkins, H. C., Maar een soos hy : die lewe van kommandant C. A. van Niekerk, bl. 54.
67 De Fakkel, 5 Oktober 1899.

Die dorp Harrismith is kort na die oorgawe van genl. Prinsloo, die week van 2 Augustus 1900 ingeneem. Ds. J. D. Kestell was op kommando en mev. Kestell in die pastorie. Sy is aangesê om die huis te verlaat, soos sy self vertel: *"I knew that they wanted the Parsonage for their own use, so I asked leave to occupy a little cottage in the town which friends offered to me. This, however, was not allowed, for they did not want me in the neighbourhood of my people."*[68] Die distrik het, soos in die res van die Vrystaat, ook die vernietiging van die vyand ervaar, alhoewel die dorp dit nie ontgeld het nie. Dit blyk dat die kerkgebou en die pastorie nie verniel is nie, alhoewel kleiner reparasies ná die oorlog gedoen moes word. Geen kerkraadsvergaderings is gedurende die oorlog gehou nie. Uit die Doopregister van Harrismith blyk dit dat ds. J. D. Kestell tot en met Junie 1900, toe hy self die laaste kind in oorlogstyd gedoop het, die bondseël aan 68 kinders bedien het. Tot en met Julie 1901 sou eerwaarde J. J. Ross van Witzieshoek ook 'n paar keer die doop bedien. In die konsentrasiekamp het di. W. P. Rosseau en C. P. Theron 47 kinders gedoop.[69]

Die konsentrasiekamp te Harrismith het in Januarie 1901 ontstaan toe inwoners van Reitz en Bethlehem hierheen gebring is. In Augustus 1901 is ds. en mev. C. P. Theron van Bethlehem na die kamp gebring, waar hy ook behulpsaam was met die geestelike versorging van die inwoners. Daar is 'n kerkkoor van 22 lede gestig wat dikwels tydens kerkdienste gesing het, asook 'n Christelike vereniging, *Excelsior*, onder leiding van mev. J. van Reenen. Mev. C. P. Theron beskryf die toestand in die kamp soos volg: *"Al sou vrede verklaar word en die mense verlof kry om huis-toe terug te gaan, hulle sou geen huise hê om in te woon nie, en ook geen kos nie. Die enigste troos is dat ons toekoms in die hande van die Heer is. Ek sal bly wees as my kinders veilig in die kolonie is, dog verkies om self hier te bly om mnr. Theron te help, en my*

---

68 Hobhouse, E., War without glamour of women's war experiences written by themselves 1899-1902, bl. 42.

69 Doopregister, Harrismith (1899-1902).

*medenoodlydende mense. Mag die volgende jaar ons weer bymekaar bring om net nuwe moed te werk. Mag ons instaat [sic] gestel word om te sing 'Vrede op aarde', want nou is dit hel in Suid-Afrika."*[70]

Aangesien ds. J. D. Kestell predikant van Harrismith was, is dit net gepas om kortliks na die belangrike rol te kyk wat hy gespeel het. Sy aanwesigheid by die kommando's as veldprediker vanaf die begin van die oorlog tot die einde toe, is merkwaardig. Ds. Kestell se teenwoordigheid onder die burgers het hulle bemoedig omdat hy as bedienaar van die Woord nog altyd op die geestelike behoeftes van die burgers ingestel was. Hy het ook daarna gestreef om die burgers moed in te praat en hulle tot volharding aan te spoor. Die feit dat hy onder hulle die man van God was en daarvolgens moes leef, het hy nooit uit die oog verloor nie. Elke Sondag, en waar die geleentheid hom voorgedoen het, ook in die week, het hy godsdiens gehou en veral uit die Ou Testament gepreek.[71] *"The Rev. J. D. Kestell stood on a rock with a Bible in his hand and preached to the assembled men. His congregation was so large that the men standing near the back could not hear him at all. The sermon ended and a thousand voices were raised in the singing of a hymn. The spectacle was unforgettable and deeply moving."*[72] Nie net sy woorde nie, maar ook sy dade het luid gespreek. Tydens veldslae en daarna het hy gehelp om die gewondes te verpleeg, ook ten opsigte van die vyand. *"Een Tommy zeide tot mij, nadat ek hem verbonden had: 'I feel easier now', en een Sergeant die uitgevonden had dat ik predikant was, merkte op: 'You are preaching a good sermon to-day'. Maar ach! wat leden de gewonden aan dorst! En er was niets om hun te geven. Slechts een weinig whiskey kreeg ik van een gevangen engelschen*

---

70 Steytler, F. A., Die geskiedenis van Harrismith, bl. 184-191; Hobhouse, E., Die smarte van die oorlog, bl. 363.

71 Mostert, J., J. D. Kestell : Vrystaatse veldprediker in die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, bl. 15; Kestell, J. D., Met de Boeren-commando's, bl. 11; Van Schoor, M. C. E., Vader Kestell die Godsman, in Die Fakkel, 1981, bl. 14-16.

72 Uys, I., Heidelbergers of the Boer War, bl.214.

*officier, en daarvan gaf ek een weinig, slechts een paar druppels aan elken gewonden."*[73] Ds. Kestell het ook sy vyftienjarige seun en naamgenoot, Charles, tydens die oorlog aan die dood afgegee. Hy skryf: *"Ik weet niet of vader en zoon ooit zoo geknocht aan elkander waren zooals hij en ik. Jij was niet zoon alleen. Hij was vriend en kameraad."*[74] Die dood van sy seun was 'n harde slag. So moes hierdie godsman ook sy persoonlike offer bring vir die vryheid van sy volk.

## 3.6 BOSHOF

Die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog word op 9 Oktober 1899 onder voorsitterskap van ds. D. Bosman op Leeufontein in die distrik Boshof gehou, waartydens nuwe kerkraadslede verkies is. Hier, sowel as op vorige vergaderings, is daar geen verwysing na die naderende oorlog nie.[75] Die leraar, ds. D. Bosman, het hom as prediker by die laers aangesluit en skryf op 7 November 1899 'n brief aan *De Fakkel* oor sy wedervaringe in Natal: *"Toen uw postkaart arriveerde bevond ik mij bij het hoofdlager te Ladysmith altwaar ik onze burgers in een hoopvolle en opgeruimde stemming aantrof. Mij en de mijne gaat het zeer wel. Laat ons den Heer ernstig bidden dat Zijne hand ten goede over deze broederen, op het slagveld, uitgestreckt moge blijven, gelijk tot heden toe het geval was."*[76] 'n Sterk Engelse mag het Boshof op 11 Maart 1900 ingeneem en sekere strategiese geboue, soos onder meer die skool, beset. Dit is later in 'n hospitaal vir Engelse soldate omskep. 'n Aantal belangrike persone is gevang en na Kimberley vervoer en is ses maande lank gevange gehou. Die Engelse het hulle eie skool in die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk ingerig, terwyl dit blyk dat daar van skoolgaan weinig sprake was.[77]

---

73 Kestell, J. D., a.w., bl. 38.
74 Nienaber, P. J., Vader Kestell : 'n lewenskets van dr. Kestell, bl. 22; S.A. Gallery 4.
75 Notule, Kerkraad Boshof, 9 Oktober 1899.
76 De Fakkel, 30 November 1899.
77 Van der Vyver, W. B., 'n Eeu van genade : Boshof 1856-1956, bl. 143.

Uit ou foto's blyk dit dat daar op die kerkplein rondom die kerkgebou 'n opeenstapeling van voorrade was, met 'n groot Engelse mag. Die kerkgebou, asook die pastorie, is tydens die besetting deur die soldate beskadig en moes ná die oorlog herstel word.[78] 'n Paar dae na die besetting van Boshof, skryf die leraar op 16 Maart 1900 'n brief aan *De Kerkbode*. Hy was toe al weer terug ná sy besoek aan die Boerelaers in Natal. *"Wij bevinden ons in een goeden staat van gezondheid. Gedurende al den tijd van den oorlog hadden wij het hier stil en rustig. Hier op de dorp ging het werk geregeld en ongehinderd zijn gang. De diensten en bidstonden werden, bij afwezigheid onzer burgers, door de achter gebleven druk bezocht, zoodat ik altijd voor een aanzienlijk gehoor mocht optreden. Laatsleden Zondag werd Boshof stil en zonder eenig gevecht, door de Engelschen in bezit genomen, en op 't oogenblik staan wij onder militaire opzicht. Het gaat hier alles zeer stil en ordelijk toe, en over het geheel genomen valt er niet veel te klagen, hoewel gij u wel voorstellen kunt wat er in hart van onze menschen omgaat. De lieve Heere geve dat er spoedig een einde moge komen aan dezen bloedigen oorlog, en dat wij ons wederom in den zoeten vreden mogen verheugen."*[79] Dit sou egter nie so bly nie, want die beleid van verskroeide aarde sou ook Boshof bereik.

Gedurende die oorlog word vier kerkraadsvergaderings gehou. Op 30 Junie 1900 word 'n vergadering gehou, wat uit die aard van die saak net deur 'n paar lede bygewoon kon word. Daar word 'n kerkraadskommissie gevorm om in die krisistyd namens die kerkraad besluite te neem. Aangesien daar geen verkiesing kon plaasvind nie, word lede aangestel om sekere vakante wyke te bedien. Verder dien daar ook 'n kerklike tugsaak voor die vergadering.[80] Tydens 'n vergadering op 1 September 1900 word nie net die vorige vergadering se besluite bekragtig nie, maar ook 'n klag teen die Britse soldate wat die pragtige

---

78 Brosjure: Die Ned. Geref. Kerkgebou te Boshof 1856-1956, bl. 143.
79 De Kerkbode, 22 Maart 1900.
80 Notule, Kerkraad Boshof, 30 Junie 1900.

bome afkap, bespreek. 'n Kommissie word aangestel wat verder op die saak moet ingaan. Aangesien daar geen geld in die kerkkas is nie, word geld renteloos by 'n ouderling geleen om die leraar te betaal.[81] Tydens 'n vergadering op 5 Oktober 1900 word besluit om 'n sementdam en ander verbeterings by die pastorie aan te bring.[82] 'n Gekombineerde kerkraadsvergadering, die enigste in die oorlogstyd, word op 7 Oktober 1900 gehou, waar nuwe kerkraadslede gekies word.[83] Hier ook werp die inkomste-en-uitgawerekening lig op die kerklike werksaamhede. Vanaf November 1899 tot Junie 1901 is £35.10 aan doopgelde inbetaal en vanaf Desember 1900 tot November 1901 die bedrag van £82.0.1 as kollektegeld.[84] Hieruit blyk dit dat die eredienste normaalweg tot November 1901 voortgegaan het. *De Kerkbode* van 31 Oktober 1901 meld dat ds. Bosman nog op Boshof is en dat hy volkome herstel het ná 'n ernstige siekbed. Hy en sy gesin kom op 1 Desember 1901 in Kimberley aan: *"Hij denkt voor eerst hier te blijven om zijne gemeente in 't Refugee Kamp te bearbeiden, indien hij verlof daartoe kan bekommen."*[85] *De Kerkbode* van 23 Januarie 1902 meld dat hy in Kaapstad vertoef, vanwaar hy 'n paar weke na Stellenbosch gaan om te rus.[86] Die Doopregister van Boshof toon aan dat ds. D. Boshoff in September 1901 self die laaste kindjie gedoop het. Tot en met dié dag het hy 176 gedoop, waarna hy uit die gemeente vertrek het. Gedurende Oktober 1901 doop ds. J. W. G. Strasheim 51 kinders by een enkele diens, wat ook die laaste doopbediening in die gemeente in oorlogstyd is.[87]

---

81 Notule, Kerkraad Boshof, 1 September 1900.
82 Notule, Kerkraad Boshof, 5 Oktober 1900.
83 Notule, Kerkraad Boshof, 7 Oktober 1900.
84 Notule, Kerkraad Boshof, 4 Oktober 1902.
85 De Kerkbode, 12 Desember 1901.
86 De Kerkbode, 23 Januarie 1902.
87 Doopregister, Boshof (1899-1902).

## 3.7 JACOBSDAL

Op 2 September 1899 word die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog gehou, onder voorsitterskap van ds. P. Boshoff.[88] Die naweek toe die oorlog begin het, is die Heilige Nagmaal op die dorp gevier en is die burgers by dié geleentheid opgekommandeer. Dit is bekend dat die Jacobsdalse kommando in die eerste maande van die oorlog in die brandpunt van die stryd gestaan het. Dink maar aan die veldslae van Belmont, Graspan en die bekende slag van Magersfontein. Op 11 Februarie 1900 het Lord Roberts met 'n groot leërmag teen genl. Piet Cronjé opgetrek, terwyl Jacobsdal op 15 Februarie 1900 onder leiding van Tucker sonder slag of skoot ingeneem is. Jacobsdal was een van die eerste Vrystaatse dorpe waar die Vierkleur deur die Union Jack vervang is, terwyl al die melkkoeie weggevoer is en die inwoners aan die ontberings van 'n militêre besetting blootgestel is.[89]

*"Die hele dorp was omgekrap. Van die vroue en meisies het ons kom help om die ongelukkiges te verpleeg. Die dokters en predikante het hulle hande vol gehad, so ook die skrynwerkers en doodgrawers, die hotel- en ambulansmanne en die wasvroue."*[90] Toe die oorlog uitgebreek het, het ds. Boshoff sy arbeid ongestoord voortgesit. Die besetting van die dorp het die kalme lewe ontwrig en die teenwoordigheid van vreemde elemente in die dorp het buitengewone eise gestel. Ds. P. Boshoff het *"die pas van sy werksaamhede versnel en het dag en nag gewaak oor die geestelike belange van sy gemeente. Sondag ná Sondag het hy met sy gemeente in die Kerk vergader om aan hulle die kragtige boodskap van hoop, geloof en liefde selfs in die donkerste dae te bring."*[91] Dit is bekend dat die eerste huise wat in die Vrystaat afgebrand is, in die

---

88 Notule, Kerkraad Jacobsdal, 2 September 1899.
89 Oberholster, J. J., Eeufeesgedenkboek van die N.G. Gemeente Jacobsdal 1860-1960, bl. 61.
90 Rabie-Van der Merwe, H., Onthou! In die skaduwee van die galg, bl.70.
91 Oberholster, J. J., Eeufeesgedenkboek van die N.G. Gemeente Jacobsdal 1860-1960, bl. 61.

distrik van Jacobsdal was. 'n Vaste patroon is ontwikkel wat regdeur die Boererepublieke gevolg is. Op 26 Oktober 1900 is twintig woonhuise afgebrand en die vroue en kinders is almal na konsentrasiekampe vervoer.[92]

In *De Kerkbode* van 1 November 1900 word die volgende gegewens vermeld: *"Ds. Boshoff heeft geruimen tijd geleden het eed van neutraliteit afgelegd, waaraan hij zich getrouw heeft gehouden, en al dien tijd deed hij in stilte zijn werk. Hij weigerde echter den eed van getrouwheid aan de Engelsche Regeering af te leegen, m.a.w. een Britsch onderdaan te worden terwijl de oorlog nog voortduurt, hetgeen thans gevorderd wordt van de predikanten die er nog zijn of die verlof willen hebben naar hunne gemeenten terug te keeren."*[93] Na 'n verrassingsaanval van 'n groep Jacobsdalse burgers op die Britse garnisoen, het ds. Boshoff sterk onder verdenking by die Engelse bevelvoerders gestaan. *"Uit weerwraak is die meubels van die pastorie dus nog dieselfde agtermiddag fyn en flenters geslaan, terwyl die dominee saam met 'n paar ouer mans die nag in die ou kruithuis, opgesluit is."*[94] Hulle moes die hele nag soos vee daar opmekaar gehoop staan en het byna van die bedompigheid verstik. Die volgende dag is ds. Boshoff deur die Engelse aangesê om die Oranje-Vrystaat te verlaat. Met sy trapfiets, waarop hy alleen die nodigste klere en 'n paar boeke kon vasmaak, is hy verplig om die gemeente Jacobsdal te verlaat.[95] Dit gebeur op 'n tydstip toe hulle sy gebede, vertroosting en aanmoediging so nodig gehad het.

Gedurende die oorlog is daar geen kerkraadsvergaderings gehou nie. Die lede van die kerkraad wat nie op kommando was nie, het tydens die afwesigheid van ds. Boshoff met groot volharding en toewyding die

---

92 Spies, S. B., Methods of barbarism, bl. 29; Steytler, F. A., a.w., bl. 185.
93 De Kerkbode, 1 November 1900.
94 Oberholster, J. J., Eeufeesgedenkboek van die N.G. Gemeente Jacobsdal 1860-1960, bl. 61.
95 Oberholster, J. J., Eeufeesgedenkboek van die N.G. Gemeente Jacobsdal 1860-1960, bl. 61.

geestelike arbeid voortgesit. Benewens die erg vernielde pastorie, het die kerkgebou nie aan die verwoesting ontkom nie. Die Nagmaalservies is verwyder en die brandkas oopgebreek en die geld gesteel. Die kerkraadsnotules het gelukkig bewaar gebly, *"hoewel die eerste band die onmiskenbare tekens van hantering deur 'n bykans ongeletterde Britse soldaat gedra het. Sy onbeholpe liefdesuitinge vorm 'n skille kontras met die waardige en verhewe styl van die notules self".*[96]

Ds. P. J. J. Boshoff skryf van hierdie tyd: *"Ek dink aan die donker dae van die oorlog toe ek van tyd tot tyd lank uit die gemeente moes weg wees. Toe daar so dikwels misverstand, tweedrag en wantroue gevind werd. En nooit had ek vir 'n enkel oomblik die vertroue en liefde van my mense verloor nie. Ek was nooit die voorwerp van verdenking nie. Selfs in die donkerste dae - die 'handsup' tyd, toe ek nou en dan geroepe was om hier en daar woorde te sê wat baie seer kon maak, het die liefde vas gebly."*[97] Nadat ds. Boshoff Jacobsdal verlaat het, is hy na die Boland waar hy 'n tyd lank vertoef het. In 1902 is hy na Ceylon, waar hy vrugbare werk onder die krygsgevangenes gedoen het.[98] Uit die Doopregister van Jacobsdal blyk die volgende gegewens: Die laaste doopsbediening is in Oktober 1900 deur ds. P. J. J. Boshoff behartig, blykbaar voordat hy die gemeente verlaat het. Eers ná sy terugkoms is die doopsbediening in Julie 1902 hervat.[99]

## 3.8 KROONSTAD

Die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog word op 29 September 1899 onder leiding van ds. G. W. B. van der Lingen gehou. Die Godsdiensverslag en ander dokumente word geteken vir die

---

96 Oberholster, J. J., Eeufeesgedenkboek van die N.G. Gemeente Jacobsdal 1860-1960, bl. 63.
97 Hanekom, H. A., Jubelfees-gedenkboek van die Gemeente Jacobsdal 1879-1929, bl. 16.
98 De Kerkbode, 23 Augustus 1900; 17 April 1902.
99 Doopregister, Jacobsdal (1899-1902).

volgende ringsitting.[100] Toe dit blyk dat die oorlog onafwendbaar is, het 'n gedempte spanning onder die Kroonstadters geheers. En tog was hulle bedaard en beslis, moedig en gelowig. Hulle wou na die grense om die dierbare erwe, met bloed gekoop, te beskerm en te behou. Sondagoggend nog skemerdonker, is almal op pad kerk toe om saam die Heilige Nagmaal te vier. *"Daar word nie baie gepraat nie. Die groot erns van die geleentheid is op elke gesig te lees. Ds. Van der Lingen maak sy leerrede korter as gewoonlik, die bediening van die sakrament is gou afgeloop en toe die eerste strale van die opgaande son deur die vensters val, verlaat die Nagmaalgangers die plek van aanbidding. Hulle stap uit in die lig van 'n ganse besondere Sondagmôre. In die Vrystaat waar so iets nooit bekend was nie, word die winkels op die gewyde dag oopgegooi, sodat die burgers hulle benodigdhede kan koop - vir die wat gaan, sowel as vir die wat agterbly: wapens, ammunisie, rookgoed, klerasie, kos. En nou is dit haastig klaarmaak. Saalsakke word gepak ... laaste bevele gegee ... 'n tere afskeid geneem ... jeugdige bemindes, jonggetroudes, hulle wat jare lank die lief en leed van die lewe gedeel het."*[101] Op die dorp het ds. G. W. A. van der Lingen die burgers gegroet en die dierbare ou Christin, mev. Breedt, het die manne gegroet met die volgende afskeidsgroet: *"Gaan veg julle nou maar. Ons sal met koeëls - gebede - skiet wat bo-oor julle gaan."*[102]

Daar is net een kerkraadsvergadering tydens die oorlog gehou, naamlik op 23 Desember 1899. Daar is geen verwysing na die stryd nie, behalwe 'n besluit dat die bevestiging van kerkraadslede uitgestel moet word *"tot tijd en wijl de oorlog eene gelegenheid daartoe geeft"*.[103] Die Doopregister van Kroonstad werp lig op die kerklike werksaamhede van die leraar. Vanaf die uitbreek van die oorlog tot op 9 Mei 1900, die laaste

---

100 Notule, Kerkraad Kroonstad, 29 September 1899.
101 Hopkins, H. C., a.w., bl. 50-51.
102 Hopkins, H. C., a.w., bl. 52-53.
103 Notule, Kerkraad Kroonstad, 23 Desember 1899.

keer dat hy 'n kind doop, word 142 kinders deur ds. G. W. B. van der Lingen gedoop. Hy is blykbaar toe na die konsentrasiekamp buite die dorp, waar hy vanaf 18 Augustus 1901 weer die doop bedien. Ds. H. E. du Plessis van Lindley het sedert Januarie 1901 tot aan die einde van die oorlog die doop in die dorp bedien. Uit die Lidmaatregister blyk dit dat lidmate regdeur die oorlog as lidmate voorgestel is. By dié geleentheid het di. G. W. B. van der Lingen, H. E. du Plessis en J. J. Krige die voorstelling waargeneem.[104] Dit blyk dat die kerklike lewe op Kroonstad, met uitsondering van die laaste helfte van 1900, nie totaal ontwrig is nie. Die plaaslike leraar is deur ander besoekende leraars in die konsentrasiekamp bygestaan.

Die pastorie van ds. Van der Lingen is deur die militêre owerheid gebruik en die kerkgebou as hospitaal vir gewondes. 'n Beskikbare foto toon aan dat die banke uit die kerkgebou verwyder en vervang is met opvoubare beddens. Dit is nie bekend of die banke weer ná die oorlog gevind is nie en of daar enige ander skade aan die kerkgebou aangerig is nie.[105]

Die verwoesting in die distrik word deur 'n kaptein in die Britse leërmag beskryf: *"Ek moes self die ander dag, op bevel van die generaal, 'n plaas naby die koers van ons tog, gaan verbrand. Toe ons die plek bereik, gee ek aan die inwoners - drie vroue en 'n paar kinders - tien minute tyd om hulle klere en goed uit die huis te neem. My manne het toe hope strooi gebring, en ons het dit afgebrand. Die ou grootmoeder was baie verontwaardig. Sy het vir my gesê, al is dit dat ek nou 'n groot vuur maak, dit is niks vergeleke met die vlamme waar ekself hiernamaals in verteer sal word nie. Die meeste van hulle was egter te hartseer om nog te verwens. Die vroue het gehuil, en die kinders het aan hulle staan en vashou en met groot verskrikte oë na die brandende huis gekyk. Ek sal 'n pond wed dat hulle daardie gesig nie sal vergeet*

---

104 Doopregister, Kroonstad (1899-1902); Lidmaatregister, Kroonstad.
105 Duursema, A. J. J., Eeufees Kroonstad 1855-1955, bl. 23.

*nie, al word hulle eendag groot. Ons het weggery en hulle, 'n verlate klompie mense, aan hulle lot oorgelaat, waar hulle gestaan het tussen hulle huislike besittings - bedde, huisraad en allerhande rommelary oor die veld gesaai - met die gekraak van die vuur in hulle ore en rook en vlamme oor hulle heen."*[106] Hierdie is geen geïsoleerde geval nie. *"From Lindley we drove to Kroonstad. Once more the land was desolate and the farms invariably burned. The country was as waste as the edge of the Sahara; almost the only cattle we saw were carcases rotting on the wayside."*[107]

Die konsentrasiekamp op Kroonstad is in die begin deur ds. G. W. B. van der Lingen bedien, maar die 3 855 inwoners het die geestelike sorg van meer as een leraar geverg. Nadat ds. Van der Lingen na Oos-Londen verban is, het die volgende leraars gedurende die oorlogsjare in die kamp gearbei: di. H. Enslin, H. J. Lückhoff, A. P. Kriel en H. E. du Plessis. Uit die registers blyk dit ook dat die heilige doop gereeld bedien is, asook dat lidmate belydenis van geloof afgelê het.[108]

## 3.9 PHILIPPOLIS

Die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog word op 4 September 1899 onder leiding van die plaaslike leraar, ds. Colin Fraser, gehou. Uit 'n sensusopname blyk dit dat daar 287 huisgesinne in die gemeente was.[109] Die burgers van Philippolis het dadelik aan die oproep om hulle geliefde Vrystaatse Republiek te verdedig, gehoor gegee. Voordat die burgers op kommando vertrek het, hou ds. Fraser in 'n volgepakte kerkgebou 'n erediens wat ongeveer

---

106 Hobhouse, E., Die smarte van die oorlog, bl. 27.
107 Aangehaal by Macdonald, R., a.w., bl. 51.
108 Otto, J. C., a.w., bl. 172; Doop- en Lidmaatregister, Kroonstad (Konsentrasiekamp).
109 Notule, Kerkraad Philippolis, 4 September 1899.

twee uur lank geduur het. Hy het 'n aangrypende rede gelewer waarin hy nie een keer na die oorlog verwys het nie. In 'n hartroerende gebed het hy die Allerhoogste gevra om die klein Boerevolk wat teenoor die magtigste nasie in die wêreld staan, te help, want die volkie sal verjaag word, sodat baie in berge en bosse skuiling sal moet soek. Ds. Colin Fraser was tydens die erediens merkbaar aangedaan, maar die ongeveer 250 burgers was vol moed en onbevrees. Sommige lidmate wat die diens bygewoon het en optimisties was oor die verloop van die oorlog, was ontevrede oor die houding van hulle leraar. 'n Paar dae later het die eerste burgers op kommando vertrek, waarna die eerste skermutselinge ook plaasgevind het.[110]

Gedurende Maart 1900 het genl. Clements en sy troepe Philippolis sonder veel moeite ingeneem. Die offisier in bevel, genl. Cattegar, laat die Engelse vlag hys. Hy was vriendelik teenoor almal en laat die inwoners toe om die eredienste in die kerkgebou by te woon.[111] Hy is opgevolg deur genl. King-Hall wat met sy vernietigingswerk begin het. In 'n brief van mev. Fraser aan haar dogter, die vrou van staatspresident M. T. Steyn, maak sy melding dat ds. Fraser op 19 Augustus 1900 'n erediens onder moeilike omstandighede waargeneem het. Toestande het drasties versleg met die afbrand van huise en die verniel van plase in die distrik. Die sierlike kerkgebou is deur die Britse soldate as fort ingerig, met sandsakke in die toringvensters, vanwaar hulle oor die dorp en onmiddellike omgewing 'n wakende oog kon hou. Die pragtige preekstoel is beskadig en van die houtsneewerk is afgebreek, sodat die preekstoel nooit weer herstel kon word soos dit oorspronklik was nie.[112]

---

110 Bosch, J. A., Eeufeesgedenkboek van die N.G. Gemeente Philippolis 1862-1962, bl. 49.

111 Van der Merwe, G. A., Colin McKenzie Fraser 1837-1911 : die lewensbeelde van 'n Vrystaatse predikant uit die negentiende eeu, bl. 70; Neethling, E., Mag ons vergeet?, bl. 11.

112 Bosch, J. A., Die geskiedenis van die N.G. Gemeente Philippolis en die invloed daarvan op die Vrystaatse kerk tot 1907, bl. 107.

Soos in ander gemeentes het die Britse soldate ook geen respek vir die Godshuis getoon nie en die kerkgebou as 'n kaserne ingerig, terwyl onsedelike dade met die plaaslike swart vroue niks vreemd was nie. By baie swartes was daar 'n opstandige houding, omdat hulle deur die Engelse teen die Boere opgestook is. Deur mooi beloftes soos huwelike met blanke vrouens, groot plase en baie geld, is hulle omgekoop om op astrante wyse met die vernietigingswerk te help.[113]

In hierdie haglike omstandighede is die gemeente herderloos gelaat met die wegvoer van ds. Fraser en ander republikeine na Bloemfontein. Hy beskryf die omstandighede soos volg: *"I suppose no one was more surprised than myself when I on the evening of the 26th October got the order to be ready the next morning with my daughter to leave Philippolis with a convoy. I have asked the military Governor here why I have been sent here, as I am not cognisant of having done anything which would merit such treatment. If he had no reason I would be glad to return to my home and work. The only reply I got, was that my request can on no account be granted."*[114] In Bloemfontein is die groep na die tronk geneem, terwyl Emmeline, die een-en-twintigjarige dogter van ds. Fraser, drie myl te voet na die vrouekamp buite Bloemfontein moes loop. In die brandende son moes sy self haar bagasie dra, met gewapende soldate agter haar, terwyl een van die soldate hom later oor haar ontferm het: *"When I entered the jail, I was greeted on all sides by about 100 people in prison from different districts whom I knew well."*[115] Mnr. J. G. Fraser, bekende prokureur van Bloemfontein en broer van ds. Fraser, het van hul onsimpatieke behandeling gehoor en gesorg dat ds. Fraser om gesondheidsredes vrygelaat word. Hy en sy dogter is na die huis van mev. M. T. Steyn geneem,

---

113 Van der Merwe, G. A., a.w., bl. 71.

114 Brief van ds. Colin Fraser aan John Brown op 5 Desember 1900, tydens sy huisarres te Bloemfontein, deel van die M.T.Steyn-versameling in die Vrystaatse Argief. (Hierna aangehaal as Fraser-briewe.)

115 Fraser-briewe, Brief van ds. Colin Fraser aan J. Brown, 5 Desember 1900.

waar hulle op bevel van die Britse Regering streng bewaak is. Ds. Fraser was gekrenk deur die behandeling wat hy ontvang het, maar sy waardigheid was ongeskonde.[116] *"Here I am not permitted to preach or visit the jails, hospitals or camps and there is really much to do."*[117]

Aangesien mev. Fraser op Philippolis agtergebly het en niks van haar man sedert sy wegvoering gehoor het nie, het die omstandighede swaar op haar gedruk en haar gesondheid aangetas. Dit laat mev. Steyn kragdadig optree, sodat ds. Fraser ná drie maande na Philippolis terugkeer. Die atmosfeer in die dorp was gespanne en aan alle kerklike bedrywighede het blykbaar 'n einde gekom. Benewens die kerkgebou, was huise in die dorp ook as forte ingerig met skietgate in die mure. Manspersone wat moontlik by die Boeremagte kon aansluit, was verplig om soggens by die Engelse offisiere te gaan rapporteer, terwyl die dorp alleenlik met skriftelike toestemming verlaat kon word. In hierdie haglike omstandighede het ds. Fraser geen moeite ontsien om alles wat moontlik was vir die oorblywende lidmate te doen nie.[118] Uit die Doopregister van Philippolis blyk dit dat daar ná sy aankoms weer eredienste waargeneem is, want op 27 Junie 1901 en 9 Augustus 1901 word verskeie kinders deur ds. Fraser gedoop. Uit die beskikbare gegewens blyk dit dat daar gedurende die oorlog 143 kindertjies op Philippolis gedoop is, van wie 90 deur ds. Fraser self.[119] Aan die einde van Augustus 1901 word ds. Fraser en sy gesin na die kamp te Norvalspont geneem en vandaar weens swak gesondheid na Bethulie en later na Oos-Londen.[120] Ná die vertrek van die Fraser-gesin uit Philippolis is die pastorie met die inhoud, asook sy hele boekery en sy preke , verbrand. Die Nagmaalservies, asook ander artikels, is uit die kerkgebou weggeneem. Hieroor sou ds. Fraser skryf: *"Het was ons*

---

116 Fraser, J. G., Episodes in my life, bl. 295.
117 Fraser-briewe, Brief van ds. Colin Fraser aan J. Brown, 5 Desember 1900.
118 Van der Merwe, G. A., a.w., bl. 74.
119 Doopregister, Philippolis (1899-1902).
120 De Kerkbode, 13 Desember 1900, 5 Augustus 1901, 12 Augustus 1901.

*bedroevend en pijnlijk de Pastorie voorbij te gaan en het kostbaar gebouw in puin te aanschouwen. Maar een stil Goddank rees uit het hart om ons schoon kerkgebouw nog te zien staan en uitwendig niet zeer geschonden. Wel zijn het traliewerk en hekken vernietigd, en wisten wij reeds van het verbreken van orgel, harmonium, lampen, enz., maar gedachtig aan het volkomen wrak van andere Godshuizen, gevoelden wij ons dankbaar dat ons die droefheid gespaard was gebleven."*[121]

Baie inwoners van Philippolis en distrik is na die konsentrasiekampe te Norvalspont, Springfontein, Bethulie, Bloemfontein en na die Oranje-rivier-kamp, wat tussen Philippolis en Jacobsdal aan die Oranjerivier geleë was, vervoer. Die meeste was egter in eersgenoemde drie kampe.[122]

## 3.10 EDENBURG

Die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog word op 28 Augustus 1899 deur ds. Piet du Toit gelei. Benewens 'n aantal tugsake word ook nuwe kerkraadslede verkies.[123] Gedurende die oorlog word geen kerkraadsvergaderings gehou nie en is ons dus aangewese op ander bronne. *"Die angsvolle maande wat Oktober 1899 vooraf gegaan het, het swaar floers ook oor die kerk gehang. Die meeste van die Godsdienstige Voortrekkers het hulle heil in die gebed gesoek en sugtend, vaste vertroue op Israëls God gewerp."*[124] Dit blyk dat ds. Piet du Toit nie weggevoer is nie en gereeld die eredienste en Sondag-skool waargeneem het.[125] Slegs 'n klein aantal lidmate het in die dorp agtergebly, terwyl net diegene wat die eed van getrouheid aan Haar

---

121 De Kerkbode, 23 April 1903.
122 Van der Merwe, G. A., a.w., bl. 75.
123 Notule, Kerkraad Edenburg, 28 Augustus 1899.
124 Van Loggerenberg, J. H., Gedenkboek van die N.G. Gemeente Edenburg O.V.S., bl. 20.
125 Van Loggerenberg, J. H., a.w., bl. 20.

Majesteit afgelê het, toegelaat is om op hulle plase voort te boer. *"Waarskynlik omdat Edenburg aan die spoorlyn geleë was en dus vir die Britse besettingsmagte besondere betekenis gehad het, is die dorp heelwat verwoesting gespaar."*[126]

'n Seun uit die pastorie van Edenburg, die latere bekende dr. Piet du Toit, onthou die oorlogsjare as negejarige goed: *"In my herinnering staan die dag helder voor die gees toe ons die oggend in Oktober 1899 skool toe geloop het en nooit by die skool aangeland het nie. Want toe ons by die hoek van Rosendorff se winkel kom waar die straat noord-suid deur die dorp loop, gewaar ons die Boere-kommando op hulle perde en met die Vierkleur vooraan. Dit was genoeg om ons al juigende huis toe te laat hardloop. En toe weer daardie ander donker dag in Maart 1900 toe die Engelse troepe die dorp inmasjeer het met 'n afdeling perderuiters in die middel met lang skerppuntige stokke met vlaggies. Ons dorp is met doringdraad toegekamp en vir gesinne van omliggende dorpe moes in die huise plek ingeruim word. In ons pastorie het twee gesinne kom inwoon vir meer as 'n jaar. My vader en moeder was vir die arme mense baie goed maar my moeder se fyn gevoel het tog daaronder 'n knak gekry."*[127]

Aandoenlike tonele het hulle op die spoorwegstasie op Edenburg afgespeel. *"Ek en 'n maat van my het gereeld, teen die bevele van ouer mense, na die spoorwegstasie weggeglip om van agter 'n Engelse soldaat wat waghou, met verbasende oë te kyk hoe edele Boerevroue en hulle kinders in beestrokke gelaai word om na die konsentrasiekamp by Norvalspont of Bethulie vervoer te word."*[128] 'n Engelse soldaat beskryf hulle soos volg: *"Their things were done up in bundles and battered tin boxes ... Most of them had been crying. There were mere girls and*

---

126 Van Schoor, M. C. E., Edenburg : grepe uit die geskiedenis van die dorp en distrik 1863-1963, bl. 56.
127 Du Toit, P., Die salf van eie gom, bl. 11.
128 Du Toit, P., Die salf van eie gom, bl. 12.

*women so old that I wondered that they could be moved. Very many of them had childen in arms and there were several who it was plain were near their confinement ... I have never seen so much hatred in a woman's face before."*[129] Dat hierdie spoorwegstasie op Edenburg 'n belangrike rol in die oplaai en vervoer van die hele gebied se mans, vroue en kinders gespeel het, blyk uit verskeie werke oor die oorlog.

Ds. P. du Toit het hom onderskei as 'n vredemaker en het in oorlogstyd getrou met sy werk voortgegaan. Reeds kort na die uitbreek van die oorlog, skryf hy aan die moderator van die Vrystaatse Sinode: *"Zou het niet goed zijn, als wij als eene Kerk of vertegenwoordigers der Kerk, op zekeren dag of uur te zamen komen en ons voor de Heere te stellen in verootmoedigd gebed?"* Dit blyk dat die versoek die nodige aandag gekry het.[130] Blykbaar is die kerkgebou en pastorie nie gedurende die oorlog verniel nie, terwyl die kerklike dokumente gelukkig ook behoue gebly het. Die oorlog laat ook 'n invloed op die pastorie, die leraarsvrou se gesondheid knak onder die geweldige spanning, wat later haar lewe kos. In die gemoed van die jong Piet du Toit is 'n saadjie gesaai wat later tot veel vrug in die Nederduitse Gereformeerde Kerk sou ontwikkel. *"Gelukkig kon ek terugvlieg na die stilte van die waterstroom en daar rus vind vir die onstuimige kindergemoed. Dit het so 'n onuitwisbare indruk op mens gemaak dat ek my lewe lank 'n gevoelige hart in my binneste omgedra het vir die lyding van beproefdes en verarmdes"*, aldus dr. Piet du Toit, bekende sekretaris van die Diens van Barmhartigheid.[131] Uit die Doopregister van Edenburg blyk dit dat ds. Piet du Toit in Desember 1901 die laaste kindjie in oorlogstyd in Edenburg doop. Vanaf Oktober 1899 word die bondseël aan 151 kinders bedien. In Mei 1902 word die doop weer bedien.[132]

---

129 Spies, S. B., a.w., bl. 152.
130 De Fakkel, 2 November 1899.
131 Du Toit, P., a.w., bl. 12.
132 Doopregister, Edenburg (1899-1902).

## 3.11 BETHULIE

Die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog word op 2 September 1899 onder voorsitterskap van ds. H. C. J. Becker gehou. Benewens enkele tugsake word gewone gemeentelike bedrywighede bespreek in belang van die werk van die Here op Bethulie.[133] Die volgende vergadering van die kerkraad vind op 30 Junie 1900 plaas, waar almal nie teenwoordig kan wees nie weens die omstandighede waarin die land verkeer. By dié geleentheid word die finansiële posisie van die gemeente bespreek. Die leraar bied aan dat sy salaris met £50 besnoei kan word, en ook die kerklike amptenare bring in hierdie verband offers.[134] Die salarisse van die orrelis, koster en horlosie-oppasser word verminder tot £1, £1.10.0 en 5/- per maand respektiewelik.[135] Dit blyk dat ds. Becker nie deur die Engelse weggevoer is nie en met sy gemeentelike arbeid kon voortgaan. Ná die besetting van Bethulie deur die Britse troepe, is hy verbied om in die distrik rond te reis en het hy al sy kragte aan die plaaslike konsentrasiekamp bestee. Hy het die kamp daagliks besoek en namens die vroue goedere in die dorp gekoop en dit in die kamp afgelewer. *"Dit was ook sy sombere plig om daeliks die gestorwenes wat eenmaal tydens 'n epidemie gestyg het tot 26 per dag, te begrawe. Hy moes aanskou hoedat families van sy gemeente wegkwyn en uitsterf en verder hoe die boere van die distrik se plase verniel en in sommige gevalle afgebrand word. Sy simpatieke gemoed het saam met die slagoffers van die oorlog gely en swaar gekry."*[136]

'n Verdere kerkraadsvergadering word op 1 September 1900 gehou, waar vier ouderlinge en twee diakens teenwoordig is. Die leraar behandel 'n tugsaak, en finansiële hulp word ook aan 'n lidmaat

---

133 Notule, Kerkraad Bethulie, 2 September 1899.
134 Notule, Kerkraad Bethulie, 30 Junie 1900.
135 Pellissier, S. H., Eeufeesalbum Bethulie 1863-1963, bl. 99.
136 Pellissier, S. H., a.w., bl. 99.

oorweeg. Steeds is daar geen direkte verwysing na die gemeentelike omstandighede weens die oorlog nie.[137] Aangesien ds. Becker Bethulie gedurende die oorlog nie verlaat het nie, is daar blykbaar geen skade aan die pastorie en die kerkgebou aangerig nie. Die eerste kerkgebou van die gemeente, bekend as die *Oude Kerk* is tydens die Britse besetting deur die soldate sedert Sondag, 14 Oktober 1900, as hoofkwartier op Bethulie gebruik. *"Het gebouw was in goede orde toen de Militairen het in bezit nemen. Nu echter is het van binnen en buiten erg beschadigd."*[138]

In 'n ondersoek na die kerklike lewe in Bethulie gedurende die oorlog, speel die konsentrasiekamp 'n belangrike rol. Die gepubliseerde dagboek van ds. A. D. Lückhoff, wat permanent in die kamp werksaam was, bring uiters belangrike momente na vore. Uit dankbaarheid vir sy volgehoue arbeid, word die boek opgedra aan die plaaslike leraar: *"To The Rev. H. C. J. Becker, of Bethulie, O.R.C."*[139] Die kerklike werksaamhede in die kamp is op georganiseerde basis verrig. Die tentedorp naby Bethulie is in aparte wyke verdeel om geestelike bearbeiding te vergemaklik. Ouderlinge is in elke wyk aangestel om nie net toesig te hou nie, maar te help met die geestelike arbeid. Dit geskied nie amptelik nie, maar bloot as 'n hulpdiens. Eredienste is nie net gereeld in die opelug gehou nie, maar ook in 'n tent wat as kerkgebou gedien het. Een van dié dienste word deur ds. A. D. Lückhoff in sy dagboek beskryf: *"Great crowd of children assembled in front of church, several hundreds. (I hear a weeping and a wailing close by; evidently someone just died); hurried thither; gathered children in circle; Psalm 146; prayed; address (privilege, obedience, faithfulness); also exhorted them to take good care of church and to be careful of lines, ropes, pegs, etc.".*[140] Benewens kinderdienste is daar ook gewone

---

137 Notule, Kerkraad Bethulie, 1 September 1900.
138 Notule, Kerkraad Bethulie, 3 Januarie 1903.
139 Lückhoff, A. D., Woman's endurance, bl. ii.
140 Lückhoff, A. D., a.w., bl. 3, 39.

eredienste gehou waar bemoediging en geloofsvertroue sterk aangesny is. Sondagskool en daaglikse huisbesoek het ook 'n belangrike plek ingeneem.[141] Die arbeid het geweldige eise aan die twee leraars gestel; benewens pastorale werk het hulle vanaf Mei 1901 tot Maart 1902, nie minder nie as 1 351 begrafnisse waargeneem.[142] Geestelike onderskraging by sterfbeddens het 'n alledaagse ondervinding geword en tog is diep indrukke gelaat.

*"My child, your mother is here, near you, and Jesus too is here to hold your hand - don't be afraid, child."* Die sterfbed word verder beskryf: *"Under her weary eyelids she looked at us, and a large tear gathered in her left eye. It glistened like a diamond for a moment, and then became the possession of the sorrow-stricken mother. Then we were silent and watched. Slowly and gently the lids opened - now again we could look into those clear blue orbs. Wider - wider - and still wider they grow - uplifted, right away beyond the three forms of clay before her. See how the pupils dilate - they seem to swamp the blue! And so for a few short moments they remain. It was a gaze right beyond us to - what! Will it be old-fashioned to suggest. 'Angels' perhaps! Until I grow wiser I shall hold fast to Angels. O, the mystery of the Unknown."*[143] Op 24 Oktober 1901 het ds. A. D. Lückhoff ernstig siek geword en is hy in die kamp se hospitaal opgeneem. Hy kon nie meer met sy arbeid in die kamp voortgaan nie.[144] In dié tyd is ds. Becker deur di. H. Gonin en Daneel getrou bygestaan. Benewens die smarte wat die oorlog gebring het, was dit bitter droog: *"Het vee zal weldra van gebrek aan weiden moeten omkommen; en het weinige gezaaide dat men met moeite tot stand heeft kunnen brengen, en dat niet door de sprinkhanen is afgemaaid, vergaat nu van wege de droogte."*[145] Ten

---

141 Lückhoff, A. D., a.w., bl. 8, 17.
142 Lückhoff, A. D., a.w., bl. 67.
143 Lückhoff, A. D., a.w., bl. 45.
144 Lückhoff, A. D., a.w., bl. 67.
145 De Kerkbode, 6 Desember 1900.

spyte van die moeilike omstandighede is Bethulie se predikant nie weggevoer soos die meeste ander leraars nie, en kon die oorblywende lidmate versterk word deur die bediening van die Woord en die sakramente. 'n Gereelde bediening van die doop het plaasgevind, ook in die konsentrasiekamp, deur ds. H. C. J. Becker.[146]

## 3.12 BETHLEHEM

Ná die uitbreek van die oorlog op 11 Oktober 1899, is drie Vrystaatse kommando's met 'n getalsterkte van 800 man, bestaande uit burgers van Bethlehem en Heilbron, gevorm. Hierdie mag sou tydens die veldslae van Modderspruit en Nicholsnek, asook met die beleëring van Ladysmith, 'n belangrike rol speel.[147] Reeds in hierdie tyd het ds. C. P. Theron, leraar van Bethlehem, die Heilige Nagmaal aan die burgers van Bethlehem te Oliviershoek in die Drakensberge bedien. *"Omtrent 9 uur begon de dienst en wij waren gezeten op veldstoeltjes en kasten. Het was zoo geheel anders dan wij gewoon zijn. Wanneer wij in de kerk Nachtmaal vieren, gaat alles plechtig en groot gewoel heerscht er dan op de dorpen. Maar hoe geheel anders was het thans. Plechtig was het, ja zooals ik nog geen Nachtmaal heb beleeft. De hemel was ons dak, het groene gras tapijt onze vloer en de wind ons muziek. Geen zilveren schotel of bekers prijkten op de tafel, slechts een gewone bottel en drinkbeker hadden hunne plaats ingenomen. Maar gelukkig, God is aan geen plaats verbonden en nog minder aan pracht en praal; maar daar is God waar gebroken harten en verslagen geesten zijn."*[148] Die Heilige Doop is ook gedurende dié geleentheid bedien en die viering van die Nagmaal het vir die burgers baie beteken. *"Ik kan met alle vrijmoedigheid zeggen dat nimmer te voren mijne ziel (en zeker ook van alle Godskinderen) zoo de kracht van het sakrament gevoeld heeft als*

146 Doopregister, Bethulie (1899-1902).
147 Van Rensburg, A. P. J., Die geskiedenis van Bethlehem 1864-1964, bl. 122.
148 De Fakkel, 28 Desember 1899.

*met de Nachtmaal."*[149]

Die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog word op 4 September 1899 gehou.[150] Gedurende die oorlog is daar twee kerkraadsvergaderings onder voorsitterskap van ds. Theron gehou; op 6 November 1899 'n vergadering wat deur slegs ses kerkraadslede bygewoon kon word. Die erns en somberheid van die oomblik was voelbaar. *"De Praeses opent de vergadering met een kort en hartroerend gebed"*, waarna enkele sake aan die orde kom.[151] Op 29 Januarie 1900 is die laaste kerkraadsvergadering onder republikeinse bewind gehou om 'n aantal spoedeisende sake af te handel.[152] Ná die inname van Bethlehem in Julie 1900 het die Engelse dit in 'n ware vesting verander. Prikkeldraad-versperrings en blokhuise is opgerig en op Staffordshire is daar 'n paar forte gebou.[153]

Ná die inname van Bethlehem gedurende Julie 1900, het ds. Theron met sy geestelike arbeid voortgegaan. Alhoewel die gemeentelike lewe ontwrig was en feitlik tot stilstand gekom het, het die amp van die gelowige tog enduit gefunksioneer. Kort hierna is ds. Theron op parool na Johannesburg gestuur, waar hy 'n tyd lank met sy seun in die pastorie van ds. Martins ingewoon het.[154] Hierna word hy toegelaat om in die gemeente Boksburg, in die plek van ds. J. Louw wat op kommando was, dienste te hou. Hier sou hy bly tot en met sy vertrek in Julie 1901 na die konsentrasiekamp te Harrismith, waar hy en sy gade kostelike werk sou verrig.[155] Die omgewing en distrik is, soos in

---

149 De Fakkel, 28 Desember 1899.
150 Notule, Kerkraad Bethlehem, 4 September 1899.
151 Notule, Kerkraad Bethlehem, 6 November 1899.
152 Notule, Kerkraad Bethlehem, 29 Januarie 1900.
153 Van Rensburg, A. P. J., Die geskiedenis van Bethlehem 1864-1964, bl. 126.
154 Van Rensburg, A. P. J., Eeufeesalbum van die Ned. Geref. Gemeente Bethlehem 1869-1969, bl. 54; De Kerkbode, 23 Augustus 1900.
155 De Kerkbode, 13 Desember 1900, 18 Julie 1901.

die res van die Boererepublieke, nie die verwoesting en vernietiging gespaar nie. *"In een geval het twintig van ons na 'n plaas gery, 'n vrou en twee dogters gelas om 'n paar dinge uit te neem en binne tien minute die huis te verlaat. Ons het toe alles uitgegooi en die hele plek aan die brand gesteek. Die moeder en hulle twee dogters het op hulle knieë geval en gebid en gesing onder bitter trane. Een van die meisies het op 'n harmonium 'n paar liedere begin speel. Hulle het gesing 'Rots der Eeuwen' en het toe hardop en aanhoudend histeries begin te lag en deurmekaar gepraat."*[156] Dat die distrik veral hard getref is, blyk uit die volgende: *"Our first stop was Bethlehem. Round the village so far as we could see not a farmhouse was standing, and on the way thither we passed the side of what were prosperous stores, but only a heap of stones marked where they had been. About one-fifth of the village itself had been destroyed, the houses on the outlying streets having been pulled to pieces to provide fuel for the troops."*[157]

Uit die beskikbare dokumente blyk dit dat die kerkgebou nie gedurende die oorlog geplunder is nie, maar wel die pastorie. Baie van die mooi wilgerbome langs die spruit is vir vuurmaakhout afgekap. Hieroor het mev. (ds.) Theron by die Britse bevel gaan kla en veral gepleit vir die een wat sy self geplant het. Die Britse generaal het haar pleidooi aangehoor en 'n kennisgewing daarby laat aanbring om die soldate te verhoed om die boom af te kap.[158] Kort voor die Vrede van Vereeniging word verlof aan ds. Theron se seun gegee om na Skotland te vertrek om in die medisyne te gaan studeer.[159] Ná die oorlog sou die leraarspaar en gemeente in die krag van die Here nuwe hoogtes bereik. Die Doopregister van Bethlehem dui aan dat ds. C. P. Theron self die laaste keer die doop gedurende Junie 1900 bedien. Hierna sou dit bedien word deur eerw. J. J. Ross en H. A. Roux. In Augustus 1902, enkele maande

---

156 Hobhouse, E., Die smarte van die oorlog, bl. 25.
157 Macdonald, R., What I saw in South Africa, September and October 1902, bl. 49.
158 Van Rensburg, A. P. J., Die geskiedenis van Bethlehem 1864-1964, bl. 132.
159 De Kerkbode, 3 April 1902.

ná die sluiting van die vrede, bedien die plaaslike leraar eers weer die doop.[160]

## 3.13 FICKSBURG

Met die uitbreek van die oorlog was Ficksburg vakant en tree ds. P. S. van Heerden van Ladybrand op 27 September 1899 as voorsitter op tydens die laaste kerkraadsvergadering voor die oorlog.[161] 'n Herder en leraar, ds. J. Rabie van Uitenhage, word op 18 September 1899 beroep. Kort hierna breek die oorlog uit, wat sy oorkoms na die gemeente verhinder. Hieroor skryf hy op 26 Januarie 1900 soos volg aan die kerkraad van Uitenhage: "*Ten volle gevoelende hoe noodzakelijk helaas Ficksburg in dezen tijd een leeraar zou hebben, besloot ik dadelijk niet op de gewone formaliteiten te staan maar om zoo spoedig mogelijk naar den Vrijstaat door te gaan: daartoe echter moest ik verlof van de Regeering krijgen, maar te vergeefsch. Hij verzekerde ons dat het onmogelijk was met kennis der Regeering eenige communicatie met de Republieken te hebben, en dat men vast besloten had geen pas meer uit te reiken, zelfs niet aan geneesheeren of geestelijken.*"[162] Alle verdere pogings het misluk, sodat die gemeente in hierdie krisistyd die voorreg van 'n eie leraar moes ontbeer.

Die dorp en distrik het ook onder die vernietiging van die vyand deurgeloop. "*Let me take church property as an example. We found in village after village that the parish registers were destroyed, that the Communion services had been stolen, that manses had been polluted by being turned into the abodes of the Kaffir women who followed the columns. I shall not repeat any of the many well-authenticated tales told me by the ministers of the Dutch Reformed Church whom I met in*

---

160 Doopregister, Bethlehem (1899-1902).

161 Notule, Kerkraad Ficksburg, 27 September 1899.

162 De Fakkel, 1 Maart 1900; Notule, Kerkraad Ficksburg, 2 September 1899.

*the various districts, but the following list of burnt churches and destroyed church property will require no comment to impress upon the public at home how injured must be the hearts of the men who are now returning to settle under our flag."*[163] Uit nadere ondersoek blyk dit dat die Notuleboeke van die gemeente Ficksburg nie verbrand is nie en dat die kerkeiendom gedeeltelik beskadig is. *"Church property injured, many seats destroyed, woodwork of the manse mostly smashed."*[164]

Gedurende die vakature het omliggende leraars na die geestelike welsyn van die gemeente omgesien, onder meer ds. P. S. van Heerden van Ladybrand en ds. P. H. Roux van Senekal, die bekende merkwaardige veggeneraal gedurende die Vryheidsoorlog. Reeds aan die einde van 1899 besoek die moderator van die Vrystaatse Sinode, ds. J. J. T. Marquard die laers te Ficksburg en neem ook 'n erediens in die plaaslike kerkgebou waar.[165] Uit die Doopregister van die gemeente blyk dit dat verskeie leraars die doop in die vakante gemeente bedien het, die laaste in oorlogstyd in Augustus 1900. In die konsentrasiekamp op Ficksburg word die doop ook bedien.[166]

## 3.14 ROUXVILLE

Die laaste kerkraadsnotule voor die uitbreek van die oorlog word op 11 September 1899 deur ds. A. A. L. Albertyn gelei. Benewens enkele tugsake word daar nie na die heersende landsomstandighede verwys nie.[167] Ná die uitbreek van die oorlog het ds. Albertyn as veldprediker die kommando's vergesel en belangrike geestelike werk

---

163 Macdonald, R., a.w., bl. 53-54.
164 Macdonald, R., a.w., bl. 54.
165 De Fakkel, 30 November 1899.
166 Doopregister, Ficksburg (1899-1902).
167 Notule, Kerkraad Rouxville, 11 September 1899.

gedoen.[168] Hy het ook in hierdie tyd die geestelike bearbeiding op Rouxville waargeneem, terwyl die eredienste normaalweg voortgesit is. Aangesien hy nie die eed van neutraliteit wou onderteken nie, word ds. Albertyn op 5 September 1900 na Groenpunt te Kaapstad gestuur. Aan die begin is parool geweier, maar hy word later op versoek na Caledon gestuur vanwaar hy 'n lank by Palmietrivier deurbring.[169] In hierdie tyd is sy huisgesin alleen in die pastorie op Rouxville. *"The parting pained us deeply, but we were glad he had refused, preferring to suffer with our people."*[170]

Ná die oorlog het mev. R. Albertyn, eggenote van ds. Albertyn, haar herinneringe in die pastorie op Rouxville in 'n skrywe aan Emily Hobhouse op skrif gestel. Die volledigheid daarvan gee 'n beeld van die stryd en gepaardgaande spanning waarin die gesinne van leraars in die oorlog geleef het. *"Our parsonage is at the extreme end of the village, and excepting one cottage, the only house in the street. At night we were much afraid, especially when large numbers of soldiers were in the town. When General Knox was here with ten thousand men, the soldiers just did what they pleased, running through my house and frightening the kaffir girls whom I heard screaming, but feared to go and help. The soldiers took away many of my pots and pans, and all my fuel and boxes. Four or five times Rouxville changed hands; the Boers would be here and then again the English. When they retreated, the English generally left a few of the former English inhabitants behind, to act as spies on the Dutch, and those Dutch who showed kindness to the fighting Boers had to suffer for it on the return of the British. We also suffered much from some of the natives; they were insolent and would say what they pleased to the Boer women. Especially did the women of the farms suffer from the armed natives, who were sent out to spy on them."*[171]

---

168 Feeskomitee, Ter herinnering aan die 100-jarige bestaan van die kerkgebou : Nederduitse Gereformeerde Kerk Rouxville 1881-1981, bl. iii.
169 De Kerkbode, 31 Augustus 1899, 13 September 1900, 11 Oktober 1900.
170 Hobhouse, Emily, War without glamour, bl. 41.
171 Hobhouse, Emily, War without glamour, bl. 42.

Op 10 Januarie 1901 word die gesin aangesê om die pastorie te verlaat om saam met ander inwoners na die konsentrasiekamp op Aliwal-Noord te vertrek. *"While they were getting ready, I called my two children, Andy and Daughtie, to come with me and give a last look round the familiar rooms. In the dining room we knelt down, repeated the 23rd Psalm and asked our Heavenly Father to be with us and our friends on this journey. Our hearts were sore as we walked out of our dear old home where for many years we had been so very happy, for well we knew we should not see again anything that we left behind."*[172] Dit was profetiese woorde, want met die egpaar se terugkeer ná die oorlog, skryf ds. A. A. L. Albertyn 'n brief aan *De Kerkbode*, waarin hy die skade aan kerkeiendom beskryf: *"Hier te Rouxville ziet er alles treurig uit, geen huis onbeschadigd. Onze kerk is in tamelijke orde: doch harmonium vernield, lampen weggenomen of stuk geslagen, uurwerk in toren onbruikbaar, preekstoel ietwat beschadigd. Zitplaatsen, vloer, gallarij, deuren en vensters zijn evenwel onbeschadigd."*[173] Die kerklike dokumente en boeke is beskadig. Die Kasboek het verdwyn, die Huweliksregister is gedeeltelik vernietig. Uit die Notuleboek is 74 blaaie, vanaf 1 Julie 1896 tot 11 September 1899, uitgeskeur. Ná die oorlog vind die leraar die bladsye op die vloer in die konsistorie en plak dit weer in die Notuleboek, terwyl net twee bladsye ontbreek.[174]

Wat die pastorie betref, beskryf ds. Albertyn die ongelooflike toestand waarin die huis gevind is: *"Twaalf deuren ontbreken, ongeveer 60 ruiten zijn aan stukken, kachels en vuurhaard zijn uitgegraven, eenige platen zijn van het dak afgescheurd; veranda erg beschadigd, traliewerk weggebroken; alle meubels vernietigd; slechts een halve eetkamertafel, een halve klavier en eenige beschadigde maar nog bruikbare ledikanten overgebleven. Mijn studeerkamer is waarlijk 'a wreck', weinige boeken zijn overgebleven, 'safe' is uitgebroken en stuk geslagen; verscheurde boeken en papieren bedekken den vloer. De*

---

172 Hobhouse, Emily, War without glamour, bl. 43.
173 De Kerkbode, 11 September 1902.
174 Henning, O., Eeu van genade : Rouxville N.G. Gemeente 1870-1970, bl.20.

*vloeren van de andere kamers zijn bedekt met gebroken schotelgoed, glaswerk, schilderijeen, vederen, klapperhaar, enz. ..."*[175] Met die uitbreek van die oorlog was ds. Albertyn skriba van die Zuidelike Ring, en dit blyk dat sommige Ringsdokumente ook in die slag gebly het: *"De Synodale, Rings- en Kerkeraads Boeken zijn erg beschadigd, en liggen verscheurd en verstrooid in de Consistorie."*[176] Die notule van die Suidelike Ring kon nêrens opgespoor word nie. Indien dit nie gedurende hierdie tyd verlore geraak het nie, blykbaar daarna. Dit is ironies dat toe die leraar die eerste keer sy vernielde studeerkamer betree, *"nam ik een van de deelen van Matthew Henrys Commentaar op, en zie, het was 'De Klaagliederen van Jeremia'"*.[177] Uit beskikbare gegewens blyk dit dat die kerklike lewe gedurende die oorlog, benewens die feit dat soveel lidmate weggevoer is, nie totaal en al tot stilstand gekom het nie. Hiervan is die Doopregister van Rouxville 'n stille getuie van die genadige werk van die Here God onder moeilike omstandighede. Vanaf Oktober 1899 tot September 1900 word 82 kinders gedoop.[178]

## 3.15 WEPENER

Ná die uitbreek van die oorlog het die verdediging van die Basoetogrens voorrang geniet, waarin die burgers van die omgewing van Wepener 'n belangrike rol gespeel het. Langs die grens is 1 500 man, onder wie ook die kommando van Wepener, geplaas om te waak teen 'n verrassings-aanval oor die grens. Hierdie baanbrekers was oor jare heen gewoond aan die beveiliging van die gebied en het gehoor gegee aan die roepstem om die Vrystaatse Republiek te verdedig.[179]

---

175 De Kerkbode, 11 September 1902.
176 De Kerkbode, 11 September 1902.
177 De Kerkbode, 11 September 1902.
178 Doopregister, Rouxville (1899-1902).
179 Oberholster, J. J., Wepener 1869-1969, bl. 59.

Ná die afsterwe van ds. G. R. Keet op 21 April 1899 bly die gemeente tot ná die afloop van die oorlog vakant. Alhoewel ander beroepe uitgebring is wat nie aanvaar is nie, slaag 'n beroep op proponent E. Dommisse. Weens die uitbreek van die oorlog kon hy eers in 1902 bevestig word.[180] In dié tyd tree hy in die huwelik met die dogter van ds. W. Robertson van Petrusburg. *"Gedurende den oorlog werd de gemeente niet verwaarloosd, door verscheidene B. B. Leeraren werd zij bezocht en ook kon de Eerw. Dommisse vier maanden in haar midden arbeiden. Toen de geheele gemeente gevankelijk weggevoerd werd, met uitzondering van hen die in Basutoland veiligheid vonden, verkeerden de leden onder den geregelden arbeid in de vrouwen kampen."*[181] Dit blyk dat die nuwe herder en leraar lank voor sy bevestiging reeds die belange van die gemeente op sy hart gedra het. Dit blyk ook dat hy na die Kaapkolonie moes terugkeer, *"in de hoop om spoedig te kunnen teruggaan om bevestigd te worden"*.[182] Hy was op parool en kon nie toestemming by die owerheid kry nie en het dus vir 'n onbepaalde tyd op Piketberg vertoef.[183]

Wepener sou ook nie die vernietiging van die oorlog vryspring nie. Ná sy bevestiging skryf ds. Dommisse soos volg oor die skade wat aan kerklike eiendom aangerig is: *"Vernielingen aan de Kerk: Nachtmaalservies weg, Doop, Lidmaat en Huwelijks Registers vernield. Orgel erg vernield en eenige banken aan stuk gekapt. De hoeksteen der kerk is geschoden. Bij de Pastorie zijn alle deuren, vensters en ruiten uit. 't Huis is gansch onbewoonbaar."*[184] Blykbaar is die hoeksteen beskadig omdat die naam van pres. M. T. Steyn daarop staan. Die skade aan die kerkgebou is tragies aangesien die pragtige, herstelde kerkgebou op 14 Julie 1899, enkele maande voor die uitbreek van die oorlog, ingewy is.

---

180 Kayser, F., Eeufees-album van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wepener 1870-1970, bl. 27; De Kerkbode, 6 September 1900.
181 De Kerkbode, 13 November 1902.
182 De Kerkbode, 23 Mei 1901.
183 De Kerkbode, 23 Mei 1901.
184 De Kerkbode, 16 Oktober 1902.

Die verwoesting van eiendom het hoë prioriteit geniet. In dié gebied het die verwoesting veral onder leiding van brigadier-generaal E. Y. Brabant plaasgevind. Sy vernietigingswerk word deur Engelse soldate soos volg beskryf: *"The Times History describes the Colonial Division euphemistically as 'a body of men who could hardly have been surpassed in the art of foraging'."*[185] *"When G V Fiddes, the former imperial secretary, was in Bloemfontein in June 1900 on his way to the Transvaal, he was told that although the Colonial Division had 'put the fear of God into the Boers ... (they had) been overdoing it'. According to another British official 'a swarm of locusts are not as bad as Brabant's men. They have robbed and wrecked everywhere'."*[186] Ten spyte van hierdie smart het die werk van die Here op Wepener voortgegaan, soos onder meer blyk uit die bediening van die doop in die konsentrasiekamp by die dorp.[187]

## 3.16 LADYBRAND

Die laaste kerkraadsvergadering word op 2 September 1899 onder voorsitterskap van ds. P. S. van Heerden waargeneem. Belangrike sake soos die aankoop van 'n nuwe orrel, die verbetering van die beligting in die kerkgebou, brood by Nagmaalsvierings en die toestand van die plaaslike begraafplaas word bespreek.[188] Benewens die uitbreek van die oorlog sou daar ook ander beproewings in die huislike kring, die pastorie van ds. Van Heerden tref: *"Met innige smart vernemen wij dat een dochtertjie van den Leeraar dezer gemeente gestorven is. Onze broeder en zuster kunnen verzekerd zijn dat aan hen in de gebeden gedacht wordt."*[189] Ná die uitbreek van die oorlog het ds. J. J. T. Marquard die dorp besoek en meld dat die koring in die distrik

---

185 Spies, S. B., a.w., bl. 42.
186 Spies, S. B., a.w., bl. 42.
187 Doopregister, Wepener (1870-1907). Alleenlik die name van dopelinge in die konsentrasiekamp is beskikbaar. Die gemeente se doopboek in die oorlogstyd het verlore geraak, volgens 'n inskripsie deur ds. E. Dommisse.
188 Notule, Kerkraad Ladybrand, 2 September 1899.
189 De Fakkel, 30 November 1899.

mooi is.[190] In dié tyd besoek ds. J. D. Kestell die laer in die nabyheid en dit maak 'n geweldige indruk op hom. *"Ik wist altijd dat ons volk een godsdienstig volk is, maar het is mij nooit zoo duidelijk gebleken als nu. Komt een leeraar de burgers bezoeken, dan wordt dadelijk aan hem de vraag gedaan of, en waar er godsdienst zal zijn; en waar er geen leeraar is, daar is de commandant of een ouderling of een ander, die hier en daar de godsdienst leidt."*[191] Die amp van die gelowige sou selfs in die laers tot hulle reg kom.

Uit die beskikbare gegewens is daar geen verwysings na herstelwerk aan kerklike eiendom ná die oorlog nie. Daar kan dus nie sonder meer aanvaar word dat die kerkeiendomme tydens die oorlog verniel is nie. Aangesien die nuwe kerkgebou op 15 Mei 1890 ingewy is, het die lidmate blykbaar met getrouheid oor hulle kerkgebou gewaak. Gedurende 'n brand in 1922 is die kerkkantoor met sommige van die registers en notuleboeke in 'n brand verwoes. Moontlik sou die verlore dokumentasie meer lig op die saak kon werp.[192] Ons kon geen verwysing vind dat ds. P. S. van Heerden tydens die oorlog sy gemeente op parool verlaat het nie. Dat hy geestelik betrokke was, blyk uit die feit dat hy die uitgewekenes in Basoetoland af en toe besoek het. Hy was van die min predikante wat oor hulle geestelike heil bekommerd was.[193] Dit blyk ook dat die geestelike bearbeiding van die kamp op Tweespruit onder die sorg van die kerkraad van Ladybrand gestaan het.[194]

'n Persoonlike skrywe van ds. P. S. van Heerden op 14 Desember 1900 werp enige lig op die saak. Hy bedank die broeders in die Kaapse kerk vir hulle getroue gebede en tasbare hulp wat verleen word. *"Hij had vele maanden lang geen broeder in de bediening ontmoet, om die Christelijke gemeenschap te oefenen die zoo vertroostend en verkwikkend is. Gelukkig waren binnenkamer en genadetroon dierbare rustplaatsen*

---

190 De Fakkel, 30 November 1899.
191 De Fakkel, 2 November 1899.
192 Flemming, H. C. J., Eeufeesgedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Ladybrand 1870-1970, bl 40, 59.
193 Eloff, C. C., Oranje-Vrystaat en Basoetoland, 1884-1902, bl. 266.
194 De Fakkel, 24 Desember 1903.

*en voedingskrachten. Bij al de armoede die er heerscht had zijne gemeente hem verrast met eene beurs van £45 door eenige vrienden op het dorp bijeengebracht."*[195] Dit blyk dat daar gedurende die oorlog 'n gebrek aan fondse in die kerkkas was en die leraar se traktement nie betaal kon word nie, terwyl die staatsubsidie in dié verband ook gestaak is.[196] Die Doopregister van Ladybrand toon aan dat die doop gedurende die oorlog gereeld bedien is, waaruit ons kan aflei dat die kerklike werksaamhede onder moeilike omstandighede op Ladybrand voortgegaan het. Ds. P. S. van Heerden is van die min Vrystaatse predikante wat dwarsdeur die hele oorlog gereeld maandeliks die doop in sy eie gemeente bedien het. In dié tyd word 404 kinders gedoop.[197]

## 3.17 FRANKFORT

Die dreigende konflik tussen die Zuid-Afrikaanse Republiek en Groot Brittanje het steeds ernstiger afmetings aangeneem. Dit is dan ook 'n bekende feit dat die Vrystaters, en by name die burgers van Frankfort, nie afsydig kon staan teenoor die gevare wat hulle landgenote oorkant die Vaalrivier bedreig het nie. Nadat die koue oorlog weer in 1899 opgevlam het, breek die oorlog uit.[198] Die laaste kerkraadsvergadering word net voor die uitbreek van die oorlog gehou onder leiding van die plaaslike leraar, ds. Geo Thom. Hy vertrek saam met die burgers na die front waar hy as leraar tot veel seën vir ander is. Reeds vroeg in die oorlog neem die Frankforters aan belangrike veldslae deel, terwyl 'n ouderling van die gemeente in Januarie 1900 as kommandant van die Frankfort/Vrede-kommando verkies word. Aanvanklik het die dorp die direkte aanslae van die vyand vrygespring, maar op 27 September kom die bevel: *"Clear the whole of supplies and inform the burghers that if they choose to listen to De Wet and carry on guerilla warfare against*

---

195 De Kerkbode, 27 Desember 1900.
196 Notule, Kerkraad Ladybrand, 25 Oktober 1902.
197 Doopregister, Ladybrand (1899-1902).
198 Van der Merwe, J., Ons eerste eeu : Frankfort, O.V.S. 1873-1973, bl. 25.

*us, they and their families will be starved."*[199] Hierna het die storm losgebars en het die verwoesting skrikwekkende afmetings aangeneem.

In 'n brief aan *De Kerkbode* beskryf ds. Geo Thom op 27 Mei 1903 die omstandighede waarin die gemeente in die oorlog verkeer het. Hy skryf dat hy ná 'n afwesigheid van meer as twee jaar aan die einde van Februarie 1903 na sy beproefde gemeente teruggekeer het. *"Ik trof het dorp Frankfort aan in een jammerlijken toestand: al de huizen waren verbrand gedurende den oorlog - die meeste met alles dat er in was. Overal zag men puinhopen, nergens was er een enkele woning onder dak gebleven."*[200] Die laaste erediens word op 10 Maart 1901 in die kerkgebou gehou. Kort hierna word die kerkgebou deur die Engelse in 'n fort omskep, met sandsakke voor die vensters en skietgate vir verdediging, ook op en onder die galery. *"De banken en preekstoel werden op gruwelijke wijze vernield en de lampen (kroonlampen, die ons £100 kostten) werden stukkend geslanen zooals ze daar hingen."* Hierna word die kerkgebou, wat sewentien jaar gelede meer as £8 000 gekos het, aan die brand gesteek en heeltemal verwoes. *"De muren, die van zandsteen zijn gebouwd, werden door de hitte zoo erg beschadigd, dat het geheel gebouw afgebroken zal moeten worden, omdat de steenen barsten en uiteen vallen."*[201] Die klok het nog bo in die toring gehang, terwyl die soldate daarna skyfgeskiet het met verskillende skietgate daardeur. Die hoeksteen is uitgebreek om die paar muntstukke daaronder te bekom. *"Het is een aandoenlijk gezicht de steen langs de straat voor de ruine van het kerkgebouw te zien liggen met het opschrift er op uitgebijteld: Gelegd November 3, 1883, Door Z. H. Edl. J. H. Brand. 1 Pet. II:5."*[202]

Die pastorie, wat meer as £1 000 gekos het, is totaal verwoes. *"Mijn huisraad en boeken, ter waarde van £1 200, mijn skrijfwerk van twintig jaren, de boeken der kerk, waaronder de Kerkelijke Registers, de*

---

199 Van der Merwe, J., a.w., bl. 27; Amery, L. S., The Times history of the war in South Africa 1899-1902, vol. V, bl. 8.
200 De Kerkbode, 4 Junie 1903.
201 De Kerkbode, 4 Junie 1903.
202 De Kerkbode, 4 Junie 1903.

*brandkast der kerk, nadat die eerste opengebroken was, met documenten en ander kostbaarheden - alles werd aan de vlammen prijs gegeven. Ik vond bij mijne aankomst alhier in mijn vorige studeerkamer rondgeworpen, de opengebroken brandkast der kerk, het half gesmolen, half gebroken Avondmaal servies en andere kenbare overblijfselen. Het gras groeide voor het tweede jaar reeds op de vloeren en muren. Ach, wat was het een bedroevend schouwspel om hier zoo van kamer tot kamer te gaan en alles ledig en verlaten te vinden. Voor mij geest kwamen mijne kinderen, hoe zij in vorige dagen hier speelen, en nu was alles zoo stil en somber geworden als het graf."*[203] Die geskiedenis word ook deur Emily Hobhouse beskryf, met foto's van die afgebrande kerkgebou in haar boek *War without glamour.*[204]

Gedurende ds. Geo Thom se afwesigheid het sy vrou en kinders in die pastorie op Frankfort bly woon. Uit haar herinneringe blyk dit dat sy op 28 Januarie 1901 nog in die pastorie was, terwyl sy enkele weke daarna saam met 'n groot groep vroue en kinders na die kamp te Heilbron gestuur is. In dié tyd sterf 'n seuntjie van ds. Thom en moet hierdie pastoriegesin ook soos die res van die Afrikanervolk, die hoogste offer bring.[205] Di. G. Thom en D. J. Minnaar word gedurende Oktober 1900 gevang en as krygsgevangenes per trein oor Bloemfontein na Groenpunt, Kaapstad, gestuur. 'n Swaard sou in hierdie tyd oor die kop van ds. Thom hang, aangesien hy die volgende boodskap kry: *"If the train is derailed today or if the Boers shoot at the train, you will be shot at once."*[206] In 'n telegram aan Lord Roberts word soos volg oor ds. Thom berig: *"Rev. Thom of Frankfort is a venemous opponent of British Rule & has throughout used the great influence attached to his holy office to prolong resistance to us & to encourage false hopes of De Wet's eventual success. His house in Frankfort was used as the enemy's Headquarters during their temporary occupation of the town. I have brought Mr Thom here as a prisoner. I request he may be treated as a prisoner of war*

---

203 De Kerkbode, 4 Junie 1903.
204 Hobhouse, E., War without glamour, bl. 18-19, 108-109.
205 Hobhouse, E., War without glamour, bl. 108, 110.
206 Spies, S. B., a.w., bl. 115.

*& deported from South Africa & that the question of his ever returning to his flock be held in abeyance for some time to come. A copy of this has been handed to Mr Thom."* Die telegram is op 5 Oktober 1900 vanaf Heilbron gestuur.[207] Ná die vertrek van die Engelse uit Frankfort het die vroue en kinders weer die verwoeste dorp betrek, waarna ds. J. D. Kestell op 25 Mei 1901 'n erediens waarneem.[208] Vanaf Groenpunt word ds. Thom as krygsgevangene na Ceylon gestuur, waar hy getrou met sy geestelike werk voortgaan. Tydens sy ballingskap het ds. George Thom 'n lied gedig om die krygsgevangenes op te beur. Die lied is na Suid-Afrika gesmokkel en het groot byval gevind by die vegtende burgers. Hieroor sou ds. Kestell skryf: *"Hadden de censors vooruit geweten hoe dit lied onder ons verspreid en overal gezongen zou worden, zouden zij het zekerlijk nooit hebben laten doorgaan."*[209] Op 24 November 1900 ontvang ds. Thom, toe op reis tussen Tafelbaai en Natal, die volgende brief insake die aflê van die eed van getrouheid: *"Wel Eerw. Heer. De Finantieele Commissie der Ned. Geref. Kerk in de Oranje Rivier Kolonie heeft last ontvangen van den Militaire Gouverneur, een circulaire te zenden aan al de Predikanten der Neder. Geref. Kerk in deze Kolonie, een ieder hunner berichtende dat tenzij de Eed van getrouwheid aan H. B. Majesteits Gouvernement door hem wordt afgelegt voor den 30sten dag van November 1900, zijn aanspraak op de Toelage van wege de Regeering toegestaan zal ophouden, maar dat diegenen die den Eed van getrouwheid afleggen zoo als hiertoe hunne toelae zullen kunnen genieten en toegelaten zullen worden tot hunne gemeenten terug te keeren. Gelieve dus zonder verzuim uwe beslissing hieromtrent aan den ondergeteekende medetedeelen."*[210] Ds. Thom het die skrywe geïgnoreer en is as gevangene na Ceylon gestuur. Ds. Thom is sedert 12 Januarie 1901 werksaam in die Diyatalawa-kamp in Ceylon, waar hy nie net eredienste nie, maar ook Bybelstudieklasse en broederlike onderhoude reël.[211] Die Doopregister van Frankfort toon aan dat

---

207 Dokumente in die Oorlogsmuseum van Boererepublieke te Bloemfontein (verwysing 1647/6).
208 Van der Merwe, J., a.w., bl. 31.
209 Kestell, J. D., Met de Boere-commandos, bl. 144.
210 Dokumente in die Oorlogsmuseun van Boererepublieke te Bloemfontein (verwysing 1647/7).
211 Van der Merwe, J., a.w., bl. 34.

ds. G. Thom tot Desember 1900 gereeld die doop bedien het. Hierna sou eerw. Poelakker en J. J. Ross die doop tot en met die sluiting van die vrede bedien.[212] Ds. George Thom was 'n vurige kampvegter vir die saak van sy kerk, land en volk. As bedienaar van die Woord was hy getrou tot die dood en 'n geestelike krag in die gemeente van Frankfort.

## 3.18 HEILBRON

Daar is geen kerkraadsnotules beskikbaar vanaf 1896 tot 1906 nie, aangesien die Notuleboek op een of ander wyse verlore geraak het. Uit ander bronne kan 'n beeld van die kerklike lewe in hierdie tyd verkry word. *"Die Engelse oorlog bring ook die hou van kerkraadsvergaderings tot stilstand. Die mans is op kommando. Daar kan nie 'n vergadering van die kerkraad, 'n ring of 'n sinode gehou word nie, en die sinode wat in April 1900 sou vergader, word vir 'n onbepaalde tyd uitgestel."*[213] Aangesien die Notuleboek verlore geraak het, kan daar nie met sekerheid gesê word dat daar geen kerkraadsvergadering gedurende die oorlog gehou is nie. Soos reeds aangetoon, het heelparty gemeentes wel in die begin van die oorlog kerkraadsvergaderings gehou.

Kort ná die uitbreek van die oorlog het ds. D. J. Minnaar die burgers na die oorlogsfront vergesel. Hieroor skryf hy soos volg: *"Onze burgers schijnen vol moed te zijn. Bereid om óf te overwinnen óf te sterven voor het vaderland. De toon die in de lager aangegeven wordt is, naar mijn oordeel, christelijk. Het komt mij voor dat het meerendeel van de burgers christenen zijn. Wij houden, als de omstandigheden het toelaten, elken dag dienst om 10 uur v.m. en 5 uur n.m. Ook is het afgesproken om elken avond om 7 uur als wanneer al de lichten uitgedaan worden, een bidstond te houden in tent-wagen of in de open lucht. De tenten weergalmen dan ook van gezangen en lofliederen, en*

---

212 Doopregister, Frankfort (1899-1902).
213 Flemming, H. C. J., Eeufeesgedenkboek : die Nederduitse Gereformeerde Kerk Heilbron 1873-1973, bl. 54.

*de diensten worden goed bijgewoond."*214 Daar was ook krisisse in tye van siekte, soos toe *"mazelen in 't Heilbron Lager"* uitgebreek het.[215]

Dit blyk dat ds. Minnaar getrou onder moeilike omstandighede met sy gemeentelike werksaamhede voortgegaan het, tot met sy vertrek in Oktober 1900. Die vertrek van ds. Minnaar het met moeilike omstandighede gepaard gegaan. *"The following day General Hunter left with a convoy for Heilbron and my husband was taken with them as a prisoner of war. When he arrived at Heilbron he and with him the Rev. Minnaar of Heilbron were ordered to be ready on Sunday morning to leave with the train. When we reached the station, the abovenamed Provost-Marshal with his assistant, Captain Sloman, came to them on the platform and brought them the following order from General Hunter: 'If the train is derailed to-day or if the Boers shoot on the train, you will be shot at once'. Then turning to a sergeant who stood behind him, he said: 'Guard, get your cabine, and if the train is derailed or if the Boers shoot on the train, you shoot these two gentlemen at once'."*[216] 'n Mens kan jou maar net voorstel in watter spanning die twee leraars die treinreis na Bloemfontein onderneem het. Dit is nie bekend tot wanneer eerw. C. H. Latsky, sendeling op Heilbron, in die gemeente gebly het nie. In dié tyd gee C. A. van Niekerk, die latere kommandant en president van die Senaat, 'n tyd lank onderwys op die dorp en gaan tuis in die sendingpastorie.[217]

Wat die kerkgebou betref, is daar nie aanduidings in hoe 'n mate die gebou gedurende die oorlog beskadig is nie. Volgens 'n foto wat in 1900 geneem is, lyk die kerkgebou onbeskadig.[218] *"The fourth day we reached Heilbron and some people received a note that they were to be taken in at the Dutch Church as a dwelling, other in warehouses."*[219]

---

214 De Fakkel, 2 November 1899.
215 De Fakkel, 28 Desember 1899.
216 Hobhouse, E., War without glamour, bl. 108.
217 Hopkins, H. C., a.w., bl. 62.
218 Erasmus, D. F., Feesalbum ter viering van sy honderjarige bestaan : Heilbron 1873-1973, bl. 25.
219 Hobhouse, E., a.w., bl. 19.

Ná die vertrek van die leraar is die kerkgebou deur *"Refugees bewoond werd, en banken naar kampen en elders genomen werden, hadden wij voor een geruime tijd geene Godsdienstoefeningen; ook biduren gestaakt"*. Een van die ouderlinge het met toestemming van die owerheid met dienste begin, wat met groot seën gepaard gegaan het. *"Sedertdien tijd worden de diensten beurtelings door hem en Ouderling Roetz (Frankfort) gehouden; 's morgens voor volwassenen en 's namiddags Catechisatie en kinderdienst."*[220] Ná die oorlog vermeld ds. Minnaar: *"Gelukkig is zijn pastorie niet een prooi der verwoesting geworden."*[221] *De Kerkbode* vermeld dat ds. D. J. Minnaar en ds. G. Thom saam met honderde krygsgevangenes per skip op weg is na Ceylon.[222] Uit beskikbare dokumente blyk dit dat ds. Minnaar in Ceylon 'n belangrike rol as leraar gespeel het. In 'n aantekeningboek is sy geestelike werksaamhede getrou aangeteken, ook sy preke en oordenkings. Gedagtes oor preke van di. Postma, P. H. Roux en G. Thom word ook beskryf: *"Teks uit Rom 8 vers 1. Spreek over het beeld van de vrijstaat en geeft daarvan de uitleg wijst op Christus, als de zondaar vrijstad, waarheen hij vluchten moet, daar wij van nature onder de straf der verdoemenis zijn. En gelijk de weg naar de vrijstaat gebaand en vrij moeten gehouden worden, zoo is de weg ook vrij naar Jesus Christus, de weg wijzer is ons godsvruchtegijnen moeders en leeraards, als ook Gods dierbaar woord, die ons de weg aanwijst naar de vrijstad."*[223] Ná die oorlog sou hy getrou met sy arbeid in Heilbron voortgaan.

Die konsentrasiekamp op Heilbron is deur verskeie leraars bedien, onder meer ds. H. P. van der Merwe. *"Dicht aan het dorp is een kamp dat nu wellicht 800 zielen telt, waar de menschen in tenten wonen. Ik geloof niet dat ik het overdrijf wanneer ik zeg dat, de plaatselijke gemeente*

---

220 De Kerkbode, 25 Julie 1901.
221 De Kerkbode, 21 Oktober 1902.
222 De Kerkbode, 22 November 1900.
223 Dokumente in die Oorlogsmuseum van Boererepublieke in Bloemfontein (verwysing 4460/2).

*meêgerekend, hier over 2,700 zielen zijn behoorende aan onze Kerk."* [224] Dit blyk dat ds. H. P. van der Merwe gesamentlike dienste vir die dorp en kamp in die plaaslike kerkgebou gehou het, benewens sy gewone eredienste in die skooltent in die kamp. Die Doopregister van Heilbron toon aan dat ds. D. J. Minnaar tot Junie 1901 die doop bedien het. Daarna sou ander leraars die taak verrig. In oorlogstyd word 295 kinders gedoop.[225]

## 3.19 BULTFONTEIN

Die jong en energieke ds. J. A. Pienaar, wat vier-en-veertig jaar lank leraar van Bultfontein was, het nog kwalik sy voete in die gemeente gevind toe die Tweede Vryheidsoorlog uitbreek. *"Hy was 'n vurige volksman en is saam met die Vrystaters op kommando as veldprediker. Daar is sterk sprake dat hy selfs die wapen gehanteer en aan gevegte deelgeneem het, onder andere by Damplaas in Boshof se distrik."*[226] Ná 'n tyd is hy gevang en in die gevangenis aangehou, maar later weer vrygelaat om as kapelaan onder die inwoners van die konsentrasiekamp te Howick in Natal te gaan arbei. Na 'n paar maande is hy weer toegelaat om as veldprediker die kommando's te besoek. Gedurende die oorlog en daarna het hy met verskeie hooggeplaaste persone gekorrespondeer om geld en lewensmiddele vir behoeftiges te bekom. Toe hy in die kamp was, het hy dasse in die kleure van die Transvaalse Vierkleur gemaak en onder meer een aan pres. M. T. Steyn gestuur.[227]

Ook Bultfontein het die vernietiging van die oorlog beleef. Tydens die oorlog is die pastorie as fort gebruik en by ds. Pienaar se terugkeer het verflenterde Bybels in die tuin rondgelê, sy eens deftige pastorie was verniel en geplunder. Die kerkgebou wat kort voor die uitbreek van die oorlog gebou is, het nog gestaan. Nie net buitekant nie, maar

---

224 <u>De Kerkbode</u>, 15 Augustus 1901.
225 <u>Doopregister</u>, Heilbron (1899-1902).
226 Breytenbach, M. N., <u>Bultfontein 1874-1974</u>, bl. 75.
227 Breytenbach, a.w., bl. 75.

ook binne was daar tekens van chaos. *"Lamps, Communion tables, seats damaged, Communion service gone; the manse empty and furniture destroyed."* Dit is wat Ramsay Macdonald beleef toe hy die dorp in 1901 besoek.[228] Ná die oorlog deel ds. Pienaar sy kerkraad mee dat die kerklike boeke en dokumente verdwyn het, met inbegrip van die kerkraadsnotules. Gelukkig kon hy ná 'n soektog, 'n gedeelte van die Doop- en Lidmaatregister weer terugvind en herstel.[229]

Hy het ook gevind dat die pragtige kanselkleed verdwyn het. Dit is met die ingebruikneming van die nuwe kerkgebou deur ouderling J. H. Viljoen aan die gemeente geskenk. Dit is vermoedelik reeds vroeg in 1900 deur 'n Kanadese soldaat, wat aan die oorlog teen die Boererepublieke deelgeneem het, as oorlogsbuit saamgeneem. Met sy tuiskoms het hy dit aan sy vriendin, Edith Lockhardt van Muncton, Nieu-Brunswyk, geskenk. Sy het dit deur die jare as 'n kosbare kleinood bewaar en het altyd die hoop uitgespreek dat dit eendag aan die kerk in Suid-Afrika terugbesorg sal word. Na haar dood in 1957 het die kleed in haar kis bewaar gebly tot en met die dood van haar eggenoot in 1971. Hierna het haar dogter, Ruth, die kleed aan die ambassade gestuur en so het die kanselkleed ná meer as sewe dekades, weer op Bultfontein aangekom.[230]

Wat die kerklike lewe gedurende die oorlog betref, is daar geen bronne beskikbaar nie. Tog kan geglo word dat die gemeente, ten spyte van moeilike omstandighede, van krag tot krag gegroei het. In dié tyd sou die amp van die gelowige ook tot sy reg kom. Uit die Doopregister van Bultfontein blyk dit dat die sakrament van die heilige doop ook in oorlogstyd bedien is. Tot in Augustus 1900 doop ds. J. A. Pienaar 45 kinders, waarna hy Bultfontein blykbaar verlaat. In Oktober 1901 doop ds. J. Strasheim tien en ds. A. M. McGregor twee kinders.[231]

---

228 Macdonald, R., a.w., bl. 54.
229 <u>Notule</u>, Kerkraad Bultfontein, 6 Desember 1902.
230 Breytenbach, M. N., a.w., bl. 75.
231 <u>Doopregister</u>, Bultfontein (1899-1902).

## 3.20 BRANDFORT

Die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog word op 18 September 1899 onder leiding van ds. J. G. de Bruyn gehou. Benewens die verkiesing van kerkraadslede, word afgevaardigdes na die sitting van die Ring te Senekal aangewys.[232] Daar is geen verwysing na die oorlogswolke oral op die horison nie. 'n Besluit om die volgende kerkraadsvergadering op 21 Oktober 1899 te hou, lei skipbreuk weens die uitbreek van die oorlog. Daar word egter een kerkraadsvergadering gedurende die oorlog gehou, op 13 Februarie 1902, 'n paar maande voor die Vrede van Vereeniging. As voorsitter tree ds. J. G. de Bruyn op en *"Hy maakt bekend dat hy nu, van de Militaire Authoriteiten verlof verkregen hebbende, van de toestemming des kerkraads om voor een jaar naar Europa te gaan, gebruik maken zal, en D.V., overmorgen (den 15den) zal vertrekken."*[233] Daar word ook reëlings vir dienste tydens sy afwesigheid getref, terwyl prop. C. G. Jooste, later eerste predikant van Trompsburg, in dié tyd op Brandfort werksaam is.[234] Die meeste kerkraadslede is opgeroep vir diens in die Bloemfonteinse kommando en het aan die Wesfront opgetree. Ná die inname van Bloemfontein sou Brandfort ook aan die beurt kom, wat ook die kerklike arbeid nadelig sou raak.[235]

Op 31 Maart 1900 het hewige skermutselings tussen die Boere en Britse patrollies in die nabyheid plaasgevind, met die gevolg dat Brandfort deur die vyand verower word. Brandfort is onder militêre beheer geplaas en vergaderings en eredienste kon alleen met toestemming van die militêre owerheid plaasvind. In dié tyd is eredienste gereeld deur ds. J. G. de Bruyn gehou, terwyl huwelike ook bevestig is. In die Huweliksgebooie-boek wat die leraar vanaf 1 Januarie 1900 aangelê het, is nie minder nie as twee-en-twintig huwelike tydens die oorlog

---

232 Notule, Kerkraad Brandfort, 18 September 1899.
233 Notule, Kerkraad Brandfort, 13 Februarie 1902.
234 De Lange, P. N., Nederduitse Gereformeerde Kerk Brandfort 1875-1950, bl.33.
235 Heese, J. A., Eeufees gedenkboek N.G. Gemeente Brandfort 1875-1975, bl. 49.

aangeteken.[236]

Nadat die oorlog meer in 'n guerilla-stryd ontwikkel het, is krygswet uitgevaardig en is 'n Britse militêre kommandant op Brandfort aangestel. Aangesien die boerekommando's groot welslae behaal het met die opblaas van treinspore, het die Britse owerheid stappe daarteen gedoen. Een van die stappe was om vername inwoners langs die spoor te gelas om op bevel van die owerheid op sekere dae 'n bepaalde afstand met die trein te reis. Ds. J. G. de Bruyn is per brief in kennis gestel dat hy een van die vernaamste persone op Brandfort is en dat hy op sekere dae per trein na die noorde, en ander dae na die suide moes reis. Dit het geweldige spanning en angs in die pastorie gebring, vanweë die onsekerheid en gevaar. Elke dag het mev. De Bruyn met angs sy terugkoms afgewag. Dit is duidelik dat dit baie moeilik was om onder hierdie omstandighede geestelike werk te doen.[237] Uit die beskikbare gegewens blyk dit dat ds. De Bruyn nie voor Februarie 1902 die gemeente verlaat het nie, alhoewel sy werk met beperkinge gepaard gegaan het weens die besetting van die dorp.

'n Jaar na die inname van Brandfort word daar in Maart 1901 'n konsentrasiekamp by Brandfort opgerig. In April 1901 was daar reeds 1 022 inwoners en 'n jaar later styg dit tot 4 128 inwoners, die tweede grootste kamp in die Vrystaat. *"Hierdie vinnige toename het gepaard gegaan met onvoldoende huisvesting en voedselvoorrade. Daar was veral 'n skaarste aan melk en vars groente, en die vleis was meesal van 'n uiters swak gehalte."*[238] Die oorspronklike ligging van die kamp, met die gepaardgaande swakhede soos onvoldoende tente, het bygedra tot die hoogste sterftesyfer in die kamp van Brandfort, in vergelyking met ander kampe. Uit 'n totale bevolking van byna 4 000 het 375 alleen in Oktober 1901 gesterf. Byna elke gesin het 'n geliefde verloor en daar was gevalle waar al die kinders van 'n gesin uitgesterf het. Hierna is die kamp na 'n beter terrein verskuif ook nadat Emily Hobhouse deur

---

236 Heese, J. A., Eeufees gedenkboek N.G. Gemeente Brandfort 1875-1975, bl. 49.
237 Heese, J. A., a.w., bl. 50; Hobhouse, E., a.w., bl. 18-19.
238 Heese, J. A., a.w., bl. 50; Hobhouse, E., a.w., bl. 18-19.

haar skerp veroordeling van die wandade in die kamp veel bygedra het tot die verbetering.[239] Die feit dat daar in April 1902 slegs 16 sterfgevalle in die kamp van oor die 2 000 inwoners was, blyk dat die verbeterings die nodige vrug gelewer het.[240]

'n Skool is ook in die kamp op Brandfort opgerig, alhoewel die onderwysgeriewe onvoldoende en primitief was. Daar was oor die 800 kinders en twaalf onderwyseresse in die skool, waar daar besondere vordering was.[241] Wat die kerklike eiendom van Brandfort betref, is daar geen verwysings in dié verband nie, behalwe dat die pastorie deur die Britse outoriteite beset is.[242] Dit is nie bekend of die kerkgebou gedurende die oorlog deur die vyand gebruik is nie. Alle kerklike boeke en dokumente is gedurende die oorlog in veilige bewaring gehou, tot voordeel van die nageslag. Die Doopregister van Brandfort dui aan dat die doop gereeld bedien is. Ds. J. G. de Bruyn was bykans die hele tyd beskikbaar en doop 234 kinders. Hy doop in Februarie 1902 die laaste kinders in oorlogstyd.[243]

## 3.21 LINDLEY

Tydens die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog op 23 September 1899, is daar geen sprake van die komende stryd nie. As voorsitter het ds. H. E. du Plessis voorgegaan. Dit was die laaste kerkraadsvergadering in die negentiende eeu.[244] Nadat die burgers op kommando vertrek het, is hulle deur ds. Du Plessis besoek. Hieroor skryf hy soos volg: *"De Burgers uit de gemeente Lindley behooren tot de commandos van Bethlehem, Heilbron en Kroonstad. Bij het lager aangekomen, na eene natte reis, werd ik zeer hartelijk door den*

---

239 Heese, J. A., a.w., bl. 50.
240 Heese, J. A., a.w., bl. 51.
241 Heese, J. A., a.w., bl. 51.
242 Notule, Kerkraad Brandfort, 6 September 1902.
243 Doopregister, Brandfort (1899-1902).
244 Notule, Kerkraad Lindley, 23 September 1899.

*waarnemenden Commandant en de burgers ontvangen. Men was blij weer een predikant in hun midden te hebben. Ik had dan ook het voorrecht het Woord Gods tweemalen per dag aan eene aandachtige schare te verkondigen. Een bokwagen was mijn preekstoel en de opene lucht het kerkgebouw. Aandoenlijk was telkenmale het half uur van samenkomst."*[245] Ds. Du Plessis het twee ouderlinge saamgeneem op sy reis na die laers. Op 'n treffende wyse word die verhouding tussen die burgers beskryf, asook hulle geloofsvertroue. Die leraar benadruk dit dat die eer van oorwinnings aan God toekom:

*"Het volk van den O.V.S. moet aan God alleen de eer geven voor de overwinningen tot hiertoe behaald. - Ps. 115:1."* Hy skryf verder: *"Als wij aan Modderspruit en dat platte kopje denken, dan is het niet de scherpschutter met zijn flinke mauser, die dit alles gedaan heeft, maar des Heeren sterke rechterhand, die door hare daden de wereld heeft doen beven en door hare kracht Gods volk in stand gehouden heeft. Burgers van den O.V.S., gij hebt tot God geroepen in den dag der benauwdheid. Hij heeft u tot hiertoe er uit geholpen. Vergeet niet Hem te eeren - Ps. 50:15. Zijne belofte heeft hij vervuld. De verplichting, die op u rust, moet gij niet uit den oog verliezen."*[246] In die beoordeling van die houding van ds. H. E. du Plessis gedurende die oorlog is hierdie aanvanklike siening van die leraar van Lindley insiggewend. Dit is duidelik dat hy hom aanvanklik volkome met die strewes en ideale van die Boerevolk vereenselwig het.

Na die aanvanklike suksesse van die Boeremagte, het die Britse oormag die skaal teen die begin van 1900 teen die Republieke laat swaai. Ná 'n kort skermutseling is Lindley op 17 Mei 1900 die eerste keer deur die Britse magte beset. Die omstandighede in die dorp die volgende paar maande word soos volg beskryf: *"This unfortunate town, or rather village, a desolate place in itself, seemed doomed in these early stages of the war to be the prey of every passing force, whether British or*

---

245 De Fakkel, 30 November 1899.
246 De Fakkel, 30 November 1899.

*Boer, and in the fortnight between May 17 and June 1, it changed hands no less than seven times."*[247] In dié tyd is die dorp nie verwoes nie, selfs nadat die magte reeds op 1 Januarie 1901 die dorp verlaat het en die oorblywende inwoners na Kroonstad meegevoer het. 'n Paar maande later, op 2 Februarie 1902, het 'n Britse mag egter teruggekeer en op een of ander onverklaarbare rede die hele dorp deur 'n brand in puin gelê. 'n Ooggetuie vertel dat die enigste gebou waarop daar soveel as een sinkplaat oorgebly het, die tronk was.[248]

'n Paar dae na hierdie droewige gebeurtenis, besoek Ramsay Macdonald, later eerste minister van Brittanje, die dorpie en beskryf die totale verlatenheid daarvan: *"That evening we outspanned on the edge of the Church Square of Lindley. It was dark when we got there, but against the sky we could see roofless houses around us. Thanks to the genial hospitality of one of the heartiest and most typical Scotsmen it has ever been my good fortune to meet, we supped sumptuously from tins, in a room just reclaimed from ruins. It was roofed over with pieces of corrugated iron picked up on the streets; its window, from which the frames had been burnt out, was stuffed with sandbags. In the starlight I saw the heap of ruins which was all that remained of one of the prettiest villages of the Orange River Free State. When I woke next morning and looked out it was as though I had slept among some of the ancient ruins of the desert. Every house, without a single exception, was burnt; the church in the square was burnt. Four churches burnt, two European and two native."*[249] Nie net die kerkgebou nie, maar ook die pastorie is totaal verwoes. Foto's van die afgebrande geboue toon die verwoesting aan. *"Slegs deur die waaksame optrede van die koster-scriba, mnr. Arrie Kok, is die kerkraadsnotules, doop en huweliksregisters sowel as die Nagmaalservies vir die nageslag*

---

247 Van Schoor, M. C. E., Eeufeesgedenkboek N.G. Gemeente Lindley 1876-1976, bl. 37 (soos aangehaal uit The Times History of the war in South Africa 1899-1902).

248 Steyl, P. J., N.G. Kerk Lindley 1876-1951, bl. 93.

249 Macdonald, R., a.w., bl. 51-54.

*gered."*[250]

In Junie 1900, waarskynlik toe Lindley deur Methuen of Paget beset is, het ds. H. E. du Plessis die eed van neutraliteit aan die Britse owerheid afgelê, *"omdat ik overtuigd was dat de strijd hopeloos is voor de Republieken en de voortduring er van niets anders zou beteekenen dan de ondergang van land en volk".*[251] Hierna vertrek hy na Kroonstad waar hy toegelaat is om in die konsentrasiekamp te gaan arbei. Die feit dat hy die eed van neutraliteit onderteken het, soos sekere ander leraars, het hom onder verdenking geplaas, sy openlike en aktiewe ondersteuning van die sogenaamde Burgersvredeskomitees het dit vererger. Reeds op 8 Januarie 1901 het die sentrale Vredeskomitee te Kroonstad 'n beroep op die inwoners van die Kaapkolonie gedoen om mee te help ten einde vrede te bewerkstellig. In 'n ope brief het hulle op die verwoesting van die Republieke en die lyding van die vroue en kinders gewys, waarmee ds. H. E. du Plessis hom vereenselwig het. Aan die begin van Februarie 1901 skryf ds. Du Plessis 'n ope brief aan die predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, waarin hy die toestand in die Vrystaat skets. Volgens hom het die Republieke reeds die oorlog verloor en het die kommando's nou doelloos rondgevlug terwyl hulle hul skuldig gemaak het aan onbeskaafde oorlogvoering sonder om enige vesting van strategiese belang te verower. Hy meld verder dat die Vrystaatse bevolking in die duister gehou word oor die Republieke se kans op 'n oorwinning en die ware toedrag van sake in die land.[252] Hy kla ook oor die behandeling wat een van sy diakens ontvang het toe die Boere hom met briewe van die Vredeskomitee gevang en met 'n karwats uitgelooi het.[253]

Uit die Kaapkolonie was daar ook kritiek op die optrede van ds. H. E. du Plessis, veral in 'n skrywe van ds. J. A. Steytler wat sy brief

---

250 Van Schoor, M. C. E., a.w, bl. 37; Macdonald, R., a.w., bl. i, 56; Steyl, P. J., a.w., bl. 61:

251 Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 38.

252 Grundlingh, A. M., Die hendsoppers en joiners, bl. 111.

253 Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 38.

stelselmatig ontleed het en talle onjuisthede uitwys. Hierop sou ds. Du Plessis ook antwoord met 'n beroep dat 'n gesamentlike sinodesitting van die Nederduitse Gereformeerde kerke in die Kaapkolonie, Vrystaat en Transvaal gehou moet word. Ds. J. H. van Wyk van Adelaide, tot kort voor die uitbreek van die oorlog predikant op Smithfield, was die enigste Kaapse predikant wat bereid was om met die Vredeskomitee saam te werk.[254] Ds. H. E. du Plessis het ook verkondig dat die Hollandse kerk veel beter *"aan hare roeping beantwoorden door ons volk tot onderwerping aan het Britsche Ryk aan te manen, dan door hen tot verset er tegen aan te sporen. Ik geloof vast dat God den oorlog toegelaten heeft om ons volk te louteren en niet om een vereenigd Zuid-Afrika onder de Republiekeinsch vlag te doen geboren worden ... Geestelyk beschouwd, ik houd my er van oortuigd, is het God's wil dat wy ons bringen moeten onder het Britsche Ryk."*[255]

Dit wil voorkom of ds. Du Plessis ook 'n soortgelyke brief aan pres. M. T. Steyn en genl. C. R. de Wet geskryf het om die wapens neer te lê en nie langer die burgers in die veld te mislei nie.[256] Dit is net logies dat sulke briewe 'n bitter smaak nagelaat het en die bittereinders gekrenk het. Die verdeeldheid op kerklike gebied is hierdeur gedien, terwyl drastiese stappe teen ds. H. E. du Plessis deur die kerkraad van Lindley ná die oorlog gedoen is. Die Doopregister van Lindley vermeld dat ds. H. E. du Plessis tot Desember 1900, in oorlogstyd 130 kinders gedoop het. Hierna sou die doop sporadies deur ander leraars bedien word.[257]

## 3.22 HOOPSTAD

Ná die vertrek van ds. G. Radloff het die konsulent, ds. T. C. Dönges

---

254 Grundlingh, A. M., a.w., bl. 113.

255 The Bloemfontein Post, 6 Februarie 1901. Ook gepubliseer in The Cape Times, 12 Februarie 1901 (Open brief aan de Predikanten der Ned. Geref. Kerk in die Kaapkolonie).

256 Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 38.

257 Doopregister, Lindley (1899-1902).

van Bothaville na die geestelike heil van die gemeente omgesien. Net voor die uitbreek van die oorlog het hy ook die Heilige Nagmaal aan hulle bedien. *"Onvergeetlik sal die Sondag vooraf in ons gemoed bly toe die gemeente in grote haas Avondmaal gevier het en die gekommandeerde burgers onmiddellik daarna huis-toe moes gaan om klaar te maak om na Kimberley te vertrek. Hartroerend was dit om afskeid te neem van eggenotes en vaders, broers en vriende die nooit weer op aarde sou ontmoet."*[258] Ds. T. C. Dönges het verskeie kere die kommando's besoek, waarvan hy skryf: *"Wij brachten den eersten Zondag te Hoopstad door alwaar wij tot een aanzienlijk gehoor predikten. Vandaar zoowel als hier namen wij een groot aantal brieven meê, zoodat ons 'Commando-post' zoowat 250 brieven bedroeg. Onze reis was zeer voorspoedig. Den dag na onze aankomst moesten wij afscheid nemen van 200 der Kroonstad- en later in den dag van 200 der Hoopstadburgers, die naar de Grootrivier moesten uittreken. Allen waren ernstig gestemd en het afscheid van meer dan één was aandoenlijk; verscheidene hunne worden dan ook reeds onder de dooden, terwijl anderen onder de gewonden geteld worden."*[259]

In dié tyd besoek Emily Hobhouse die dorp. *"Op hierdie reis het sy ook Hoopstad aangedoen. So ver sy gereis het, moes sy luister na verhale van matelose ellende, lyding en onreg. Die veld was bestrooi met die verbleikte beendere van skape, beeste en perde."*[260] Die verwoesting het nie net in die distrik wanorde en chaos gebring nie, maar ook in die dorp. Wat die kerklike eiendom betref, blyk die volgende: *"In die dorp zijn ook eenige huizen vernield. Het spreekgestoelte (rostrum) in de kerk is verbrand, al die lampen en de boeken zijn vernield, en al de ruiten stuk geslagen. Het Nachtmaalsservies is niet te vinden. Ook de Registers zijn waarschijnlijk vernield."*[261] Jare ná die oorlog het ds. Enslin van Vrede die Nagmaalsborde en bekers gevind wat gedurende die

---

258 Olivier, D. P. M., Jubelfees Ned. Ger. Gemeente Hoopstad, O.V.S. 1876-1926, bl. 24.
259 De Fakkel, 18 Januarie 1900.
260 Terblanche, A., Emily Hobhouse, bl. 235.
261 De Kerkbode, 11 September 1902.

oorlog gesteel is en dit aan die gemeente gegee. Die kerkgebou is ook gedurende die oorlog as hospitaal gebruik en die toring het as uitkykplek gedien vir die garnisoen, waaruit met 'n "Maxim" geskiet is. Teen die muur in die toring is 'n aantal name van die *First Royal Sussex Regiment* uitgekrap. Die hoeksteen is uitgehaal en daarmee is die dokumente wat onder die hoeksteen geplaas is, soos die boukontrak, die lys van dienende kerkraadslede en die name van die boukommissie, vernietig.[262]

In 'n brief aan *De Kerkbode* op 13 November 1902 beskryf ds. T. C. Dönges sy ervaring met sy eerste oorkoms na Hoopstad: *"Mijne gewaarwordingen toen ik H. inkwam en bijname de kerk kwam bezichtigen kan ik u niet in woorden teruggeven. Met een woord, het ziet er allertreurigst uit. Ons sierlijke bedehuis lacht ons niet aan als voorheen, maar wekt de droevigste gedachten bij ons op. Het gebouw is vol stof, vele banken zijn er uit, die er zijn, zijn behalve vier, alle op den een of ander wijze geschonden, lampen meest alle gebroken zoo ook de vensters, het rostrum en 2 harmoniums zijn er et, paneelen en deuren in stuk geslagen, watergoten vernield, daten in de tooren, de hoeksteen uit, de ringmuur werd om het kerkhof afgebroken. Eene Commissie aangesteld, heeft de schade aan kerk, kerkhof en pastorie aangebracht, op £1,912 getaxeerd. De gemeente moet aan renten alleen £680 betalen, behalve een schuld van £6,650 die nog op de kerk rust."*[263] Dit was 'n krisistyd, aangesien die gemeente vakant was en die leiding en ondersteuning van 'n eie leraar begeer het. Die konsulent, ds. T. C. Dönges van Bothaville, het wel tydelik op Hoopstad gebly, omdat daar geen bewoonbare huis in dié stadium op Bothaville was nie.

Die Engelse magte het niemand gespaar nie. Selfs die landdros van Hoopstad het dit ontgeld: *"When he was appointed as landdros in Hoopstad, my brother-in-law found the jail in a disgraceful verminisfested state, so he worried the Government until they built a new*

---

262 Flemming, H. C. J., Eeufees-gedenkboek Hoopstad 1875-1975, bl. 150, 168.
263 De Kerkbode, 27 November 1902.

*jail. He was very proud of their new jail and everyone who visited them in Hoopstad, was taken to see this lovely jail. My brother-in-law was the first person to put in this jail when the British arrived there."*[264]

Wat die kerklike bedrywighede op Hoopstad betref, toon die Doopregister dat daar wel kinders in die oorlogstyd gedoop is. Tot en met Julie 1900 doop ds. T. C. Dönges 94 kinders, waarna die doop by drie ander geleenthede deur ander leraars waargeneem word.[265] Ds. Dönges is egter in Julie 1900 gevang en kon toe nie langer die gemeente as konsulent bedien nie.

## 3.23 SENEKAL

Die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog word op 23 September 1899 onder leiding van ds. Paul H. Roux gehou. Daar is geen verwysing na die naderende oorlog nie.[266] Gou sou die landelike bestaan en groei van die dorp Senekal met die uitbreek van die oorlog tot stilstand kom. Die plaaslike leraar, ds. P. H. Roux, het sy burgers as veldprediker na die front vergesel en ook dienste gehou.[267] In dié tyd het ds. Roux nie die gemeente op Senekal verwaarloos nie, maar telkens van die grens af teruggekeer. Dit was noodsaaklik. Immers, *"ook deze gemeente heeft onlangs haar deel gehad in de zware beproevingen die in de laatste maanden zoo vele huisgezinnen in rouw hebben gebracht"*.[268] Nadat die eerste terugslae die Boererepublieke begin tref het, bied pres. M. T. Steyn, 'n vriend en bewonderaar van ds. Roux, hom die betrekking as generaal aan. Hy het dit aanvaar nadat hy met sy medebroeders in die bediening daaroor gepraat het. So

---

264 Van Heyningen, C., Orange days, bl. 72.
265 Doopregister, Hoopstad (1899-1902).
266 Notule, Kerkraad Senekal, 23 September 1899.
267 De Fakkel, 5 Oktober 1899, 30 November 1899, 1 Maart 1900; Oberholster, J. J., Senekal 1877-1977, bl. 54.
268 De Fakkel, 1 Maart 1900.

het hy dan die toga vir die roer en generaalskap verruil. *"Maar selfs op kommando was hy altyd 'n sieleversorger."*[269] In dié tyd het genl. Paul Roux hom onderskei as 'n goeie militêre strateeg en vegter wat altyd in beheer van die situasie was. Ná die oorgawe van genl. Prinsloo en al sy manskappe, is genl. P. H. Roux oor Fouriesburg na Winburg gestuur, waar hy onder bewaking in die pastorie tuisgegaan het. Hier het die Engelse groot druk op hom uitgeoefen om pres. Steyn en genl. De Wet oor te haal om die wapens neer te lê. Hy het geweier en is om middernag aangesê om na 'n onbekende bestemming te vertrek.[270] Vanuit Groenpunt, Kaapstad, skryf hy 'n briefie aan sy moeder om haar te groet en aan die beskerming van die Here God op te dra, voor sy vertrek as krygsgevangene na Ceylon.[271] In Ceylon het hy hom onderskei as 'n ware pastor en in samewerking met ds. P. Boshoff (Jacobsdal), ds. D. Minnaar (Heilbron) en ds. G. Murray (Oudtshoorn), die geestelike bearbeiding waargeneem.[272] Kommandant C. A. van Niekerk, later president van die Senaat, kenskets ds. Roux treffend. Tydens 'n geveg in die Drakensberge is hy gewond en word deur die leraar besoek: *"En toe hy my groet, kyk hy my met sy strakke oë stip aan en sê: 'By God is daar geen verspilling van tyd nie'."*[273] So word hierdie boeregeneraal se leefwêreld in 'n neutedop saamgevat.

Die verwoesting om en in Senekal het ná die oorgawe van genl. Prinsloo in hewigheid toegeneem. Een Engelse soldaat beskryf dit goed: *"Ons het vandag Senekal binnegetrek en die Boere het in die rigting van Bethlehem teruggeval. Vir die laaste vier of vyf dae het ons huise afgebrand van manne wat van huis is en wat volgens ons mening saam met die Boere veg. As die Boer weg is, moes die huis vernietig word. Al het die vrou ook wat gesê tot verskoning van haar man, die plaas moes verwoes word. Die plase het goed gebrand, dit is seker. Ons het*

---

269 Heyns, A. M., Lewenskets van generaal ds. Paul H. Roux, bl. 13.
270 Heyns, A. M., a.w., bl. 14.
271 Brief van ds. P. H. Roux aan sy moeder vanuit die kamp te Groenpunt. (Privaat versameling, P.34, ds. P. H. Roux, in die N.G. Kerkargief te Kaapstad).
272 Heyns, A. M., a.w., bl. 20.
273 Hopkins, H. C., a.w., bl. 60.

*vroue eers kans gegee om alles uit te neem wat hulle wou hê, voor ons die vuurhoutjie daarin gesteek het. Ek moet sê dat ek baie jammer gevoel het vir die arme kindertjies wat uit hulle huis gegooi is. Hulle moes, meen ek, daarna buitekant slaap."*[274]

In dié tyd is mev. ds. Roux ook uit die pastorie op Senekal verdryf na die konsentrasiekamp op Winburg. Sy, haar suster, 'n aangenome dogter en twee jong kindertjies en hulle hond is aangesê om een nag om eenuur Senekal te verlaat. Hierna is die hele pastorie geplunder sodat daar nie 'n deur of venster oor was nie. Al die meubelstukke en antieke stukke uit Europa, skilderye, 'n kosbare versameling posseëls en al ds. Roux se boeke en preke is verwoes.[275] Dit is nie bekend of die kerkgebou gedurende die oorlog verniel is nie, aangesien daar hieroor geen verwysing in die kerkraadsnotules is nie. Dit blyk dat die kerklike boeke en dokumente nie gedurende die oorlog beskadig of vernietig is nie. Die Doopregister van Senekal meld dat ds. P. H. Roux tot Maart 1900 56 kinders gedoop het. Benewens April 1900 se doop deur ds. C. J. Snyman, vind daar geen verdere doopgeleenthede gedurende die oorlog plaas nie.[276] As nagedagtenis van ds. P. H. Roux is die dorpie Paul Roux naby Senekal na hierdie eertydse leraar en veggeneraal vernoem. Die dorpie is in 1911 gestig, waarna gemeentestigting in 1914 gevolg het.[277]

## 3.24 DEWETSDORP

Die laaste kerkraadsvergadering in die republikeinse tydperk word op 18 September 1899 onder leiding van die konsulent, ds. E. Dommisse van Wepener, gelei. Die soveelste beroep word tydens die vergadering uitgebring, dié keer op ds. A. J. Malherbe, tydelik werksaam in die

274 Hobhouse, E., Die smarte van die oorlog, bl. 26.
275 Dokumente van ds. P. H. Roux. (Privaat versameling, P.34, Ds. P. H. Roux, in die N.G. Kerkargief te Kaapstad).
276 Doopregister, Senekal (1899-1902).
277 Griesel, A. J., Historiese skets : N.G. Gemeente Paul Roux 1914-1964, bl. 11.

gemeente Jagersfontein.[278] Reeds op 12 Oktober 1899 laat hy die gemeente weet dat hy die beroep aanneem, maar hy kon weens die uitbreek van die oorlog eers ná die vrede bevestig word.[279] Wat die kerklike werksaamhede betref, is dit bekend dat die omliggende leraars, wanneer moontlik, die sakramente bedien het, soos ook blyk uit die Doopregister. Verder is daar geen verwysing na kerklike aktiwiteite nie en moet ons glo dat die amp van die gelowige ook in die krisistyd tot sy reg gekom het.

Die vyand het ook in dié gebied met sy verwoestingswerk voortgegaan. Plase en huise is afgebrand, terwyl vroue en kinders na konsentrasiekampe gestuur is. *"Unoccupied farms were regarded as fair prey, and particularly if it were known that the owner was on commando, no mercy was shown. The majority of owners were Boers, but the property of Africans was also damaged, and even British subjects suffered losses at the hands of this force. It was reported that the property of a loyal British subject in the Dewetsdorp district had hardly been touched during the six months prior to the arrival of the Colonial Division, who promptly destroyed it. Another British subject, one J. N. Page, claimed that he rode into Dewetsdorp from his outlying farm to inform British officers of the whereabouts of a Boer laager. On his return he found that this house and his private store had been looted by the Border Horse - what they could not carry away, they destroyed."*[280] Niemand kon vertrou word nie, leuens en bedrog was aan die orde van die dag, soos uit hierdie verhaal uit die distrik van Dewetsdorp blyk.

In die omgewing van die dorp het daar ook meer as een skermutseling met die vyand plaasgevind, soos blyk uit die koeëlmerke wat tans nog aan die kerktoring sigbaar is. Vanselfsprekend het dit ook merke in die lewens van mense gelaat. Talle vroue en kinders het in die konsentrasiekampe gesterf en wie dit oorleef het, kon nooit die hartseer en smart wat in die kampe geheers het, vergeet nie. Nie net plase is

---

278 Notule, Kerkraad Dewetsdorp, 18 September 1899.
279 Notule, Kerkraad Dewetsdorp, 26 Januarie 1903.
280 Spies, S. B., a.w, bl. 42-43.

verwoes nie, maar hele veekuddes is afgemaai. Die feit dat die gemeente herderloos was, het die kerklike werksaamhede nog meer verlam.[281] Onder die inwoners van Dewetsdorp was daar ook diegene wat in die tyd van nood hulle eie mense verraai het. Meer as vyftig jaar ná die oorlog het sommige van die oorblywende bittereinders aan die historikus, dr. A. P. J. van Rensburg, erken *"that they regarded another surrendered burgher, Piet de Wet as the 'father' of the concentration camp policy"*.[282] Hierdie Piet de Wet was die broer van genl. C. R. de Wet, wie se verbintenis met Dewetsdorp oorbekend is.

Uit die kerkraadsnotules blyk dat daar wel skade aan die kerklike eiendom was, want die kerkraad gee die skriba opdrag om 'n eis van kompensasie by die owerheid in te lewer. Wat die kerklike boeke en dokumente betref, word die sluier gelig: *"Voorts deelt de Scriba mede dat al de kerkeboeken en documenten gered zijn. De vergadering brengt hem en vooral zyne dochter Gerlie haren hartelyken dank toe voor de geredde kassagelden en vooral voor Gerlie voor het redden den boeken en documenten."*[283] Die omstandighede wat tot die gevaar aanleiding gegee het, is nie bekend nie, blykbaar het die soldate die kerkgebou beset en/of geplunder. Die Doopregister van Dewetsdorp toon aan dat verskeie leraars die doop in die vakante gemeente tydens die oorlog bedien het.[284]

## 3.25 VREDEFORT

Uit die notule van die eerste kerkraadsvergadering ná die oorlog op 19 Januarie 1903 blyk dat al die gemeentelike boeke en registers gedurende die oorlog verlore geraak het. *"Er was geen kans voor hem om de*

---

281 Hattingh, I., Dewetsdorp 1880-1980, bl. 45.
282 Spies, S. B., a.w., bl. 183.
283 Notule, Kerkraad Dewetsdorp, 26 Januarie 1903.
284 Doopregister, Dewetsdorp (1899-1902).

*boeken met zich te nemen, toen hij weggevoerd werd."*[285] Dit blyk dus dat daar geen rekord van kerklike werksaamhede voor en gedurende die oorlog bewaar gebly het nie. Uit beskikbare gegewens blyk dit dat 'n kerkraadsvergadering nie lank voor die uitbreek van die oorlog gehou is nie.

Soos elders het die burgers, getrou aan die oproep om hulle land te verdedig, gehoor gegee. In die omstreke van Ladysmith in Natal het die eerste Vredefortse burgers hulle vuurdoop ondergaan, onder meer met die slag van Spioenkop. Hierna neem hulle deel aan kleiner veldslae by Colenso, waar daar ook offers van kosbare lewens gebring word. Hierna volg die guerilla-stryd, waar meer as een burger met geloofsmoed en volharding die stryd voortsit. Waar slegs 'n klein aantal Vredefortse burgers die lewe op die slagveld gelaat het, het die konsentrasiekamp te Vredefort Weg en elders die lewens van baie vroue en kinders geëis. *"By Greenlands lê 473 van hulle begrawe - martelaars vir die saak van vryheid en onafhanklikheid."*[286]

Die verwoesting en stryd sou ook die kerklike eiendom raak. *"De dorp is geheel en al verwoest in den oorlog. De kerkbanken zijn na 10 na allen verdwenen, alsmede de kerkeregisters en nachtmaalservies. De lampen zijn vernield, de preekstoel en gallerij beschadigd. De schade aan het gebouw aangedaan zal ruim £500 bedragen. De pastorie is in asch gelegd, met al de huisraad; terwijl de boeken des leraars, die bij naar de consistorie had overgebracht, meenende dat zij daar veilig zouden zijn, totaal vernield zijn."* Die hoeksteen is ook deur die troepe uitgebreek, terwyl vuur met die planke, sommige uit die vloer, gemaak is.[287] Aanvanklik het daar nie 'n spesiale leraar in die kamp te Vredefort Weg gearbei nie. *"Voor het kamp wordt er een leeraar benodigd. Wie zal gehoor geven aan de roepstem: 'Kom over en help ons?'."*[288]

---

285 Notule, Kerkraad Vredefort, 19 Januarie 1903.
286 Kriel, J. D., Driekwart-eeufees : Vredefort 25-28 April 1957, bl. 27-33.
287 De Kerkbode, 18 Desember 1902.
288 De Kerkbode, 10 November 1901.

Die kerklike werksaamhede in die gemeente Vredefort en die kamp sou hand aan hang gaan. In die loop van tyd sou verskeie broeders in die kamp arbei, soos J. Retief en J. Horak. Die sakramente is ook bedien, en in besonder die Heilige Nagmaal deur ds. H. E. du Plessis. By een geleentheid het daar meer as 50 jongmense belydenis van geloof afgelê, wat 'n groot geleentheid in die kamp was. Dit blyk dat die seën van die Heer op die werk gerus het: *"Wij hadden elken avond speciale bijeenkomsten, uitsluitelijk voor degenen bij wie daar een sterk verlangen was om zich aan den Heer te geven. Het klein gebouw dat wij tot onze beschikking hadden was stampend vol; velen moesten buiten staan. Onder tranen en gebeden hebben velen zich aan den Heer gegeven, en wij hadden lieflijk uurtje tezamen. Zondag avond werden slechts diegenen uitgenoodigd die zich beslist aan den Heer gegeven hadden en de verzekering ontvangen hadden dat zij door Hem aangenomen werden."*[289] Ten spyte van die stryd, soms ten bloede toe, was die Gees van God onder die mense werksaam om nie net nuwe oorgawe en toewyding te bring nie, maar ook nuwe krag vir die pad vorentoe.

Dit is nie bekend wanneer ds. J. A. Joubert van Vredefort weggestuur is nie, maar uit 'n brief gedateer 1 Julie 1901, blyk dit dat *"The Rev. J. A. Joubert is willing to take the oath of allegiance and will be appointed minister to one of the camps. Before taking up his duties he wishes to take his wife and family to Sea Point."*[290] Hierna word spoedig 'n permit aan hom toegeken om aan sy versoek uitvoering te gee.

Hierna is ds. J. A. Joubert werksaam in die konsentrasiekamp te Vredefort Weg. Op 20 Augustus 1901 skryf hy 'n brief aan die owerheid waarin hy versoek om na Stellenbosch te gaan, soos reeds aan ds.

---

289 De Kerkbode, 9 Januarie 1902.

290 Brief insake die aflê van die eed van getrouheid deur ds. J. A. Joubert (Vrystaatse Argief, SRC 9 - RC3043).

J. C. Hefer van Parys toegestaan; *"As he and I are similarly situated it is only fair, that I should also be allowed to leave the camp; and as he has obtained a free pass for his family, may I ask, that the amount £32/6 paid for the passage of my family, be refunded to me."*[291] Dit is nie bekend of hierdie versoek aan hom toegestaan is nie.

Volgens sy eie getuienis aan die kerkraad ná die oorlog, moes hy vinnig uit Vredefort padgee, en was daar nie kans om die kerklike boeke en dokumente saam te neem nie.[292] Voor en ná die oorlog sou ds. J. A. Joubert, getrou aan sy roeping as bedienaar van die Woord, met oorgawe die boodskap van vrede verkondig. Die Doopregister van Vredefort toon aan dat die doop meer gereeld in die konsentrasiekamp by die dorp bedien is, as in die gemeente self.[293]

## 3.26 VREDE

Die geskiedenis van die gemeente Vrede, voor en ná die Anglo-Boere-oorlog, lê agter die sluiers van die verlede. Al die kerklike boeke en dokumente het in 1916 tydens 'n brand in die pastorie verlore geraak. Ons is dus op ander bronne aangewese om die gemeentelike situasie tydens die oorlog te beskryf.[294]

Onder leiding van kommandant A. Lombard het die kommando van Vrede saam met naburige kommando's tot die stryd toegetree, waar hulle in

---

291 Brief van ds. J. A. Joubert op 20 Augustus 1901 aan die hoof van Refugee Camps (Vrystaatse Argief, CO 150/3587/02).

292 Notule, Kerkraad Vredefort, 19 Januarie 1903; Ferreira, I. L., Vesting vir vrede : N.G. Gemeente Vredefort 1882-1982, bl. 131 e.v.

293 Doopregister, Vredefort (1899-1902).

294 Botha, P. R., Geskiedenis van Vrede 1879-1979, bl. 11.

Natal aan \ rskeie veldslae deelgeneem het. Toe die Boeremagte uit Natal begin erugval, is die kommando van Vrede deur genl. C. R. de Wet gevra or die bergpasse te bewaak. Nadat Bloemfontein op 13 Maart 1900 deur L ~d Roberts beset is, het die Vrystaatse Regering verder noord begin skuif, met Vrede as hoofsetel vanaf 17 Mei tot 12 Junie 1900. Pres. M. T. Steyn het sy intrek in 'n woonhuis op die dorp geneem.[295] n 1901 het die Britse magte met die grootskaalse verwoesting in die lorp en distrik begin. *"Plaashuise is afgebrand, grootvee doodgeskiet n ongeveer ses en twintig duisend skape met bajonette doodgesteek. Die huis op die hoek van Van der Lingen- en Markstraat is so vol do 'e skape gepak dat die karkasse by die vensters uitgehang het. Die Nasionale [Barclays] Bank is op 21 Februarie 1902 afgebrand."*[296] Soos orals in die Vrystaat is vroue en kinders deur die Britse solda : en hulle brutale swart handlangers gemolesteer en met ossewaens nà konsentrasiekampe vervoer.

Die verwoest ıg sou ook die kerklike eiendomme tref. *"Ach hoe is alles veranderd ir dien tijd. Het is niet meer het schoone nette dorpje Vrede, maar bijna ( 'n puinhoop. Geen gebouw of het draagt de teekenen van den gruwel er verwoesting - de meerderheid van de grootste gebouwen is een prooi der vlammen geworden - de deuren, vensters en verandahs van velen h izen zijn verdwenen. Het Kerkgebouw staat er wel, maar met gebrokei ruiten, zonder banken, zonder preekstoel, zonder orgel - een nachtve blijf voor valken en andere vogels. De schade wordt berekend op ngeveer £1,100. De schade aan het pastorie-gebouw wordt gesteld op ngeveer £300. Huisraad en Bibliotheek, tot het laatste boek, zijn s] orloos verdwenen. Het is een wonder dat het gebouw niet verbrand is, slechts een deel van eetkamer en de spensvloer is door het vuur vernie '. Niemand weet hoe het vuur gebluscht is geworden",*

---

295 Botha, P. F . a.w., bl. 86.
296 Botha, P. F . a.w., bl. 88.

aldus ds. J. H. Enslin.[297]

Die kerkgebou is ook as hospitaal ingerig en die banke is opgekap om as vuurmaakhout te dien. *"Daar bestaan glo nog 'n bloedkol op die vloer onder die huidige preekstoel. Ds. Enslin is op die eerste dag van die besetting van die dorp as krygsgevangene na Durban verban en die res van die gesin na 'n konsentrasiekamp in Standerton."*[298] Dit blyk dat mev. Anna Enslin daarin kon slaag om die kerkboeke, registers en dokumente in 'n sak te versteek en saam met haar na die kamp te neem. Dit is tragies dat dit meer as 'n dekade later in die pastorie deur 'n brand verwoes is. Sommige is egter in die oorlog verwoes, soos blyk uit 'n skrywe van ds. J. H. Enslin: *"Drie onzer kerkboeken zijn verlore geraakt - lidmaten register, notulen boek en kassaboek, gelukkig niet het weinig geld dat nog in kas was."*[299] Dit is bekend dat ds. Enslin gedurende die oorlog in die Merebank-kamp was en 'n besondere aandeel in die geestelike versorging van die inwoners gehad het. *"We woke with prayer that the Lord would protect and spare our dear ones so that we might all meet again. That day we had the joy to have once more a minister in our midst, it was Ds Enslin from Vrede, O.F.S."*[300]

Aanvanklik het ds. Enslin die burgers op kommando vergesel en bevind hy hom op 18 November 1899 by die burgers te Escourt.[301] Uit 'n telegram blyk dit dat ds. J. H. Enslin nie die eed van getrouheid tydens die oorlog wou aflê nie, maar eers ná die Vrede van Vereeniging. Hy lê op 15 Julie 1902 die eed van getrouheid af en word

---

297 De Kerkbode, 23 Oktober 1902.
298 Botha, P. R., a.w, bl. 35.
299 De Kerkbode, 23 Oktober 1902.
300 Hobhouse, E., War without glamour, bl. 34-35.
301 De Fakkel, 30 November 1899.

mettertyd na sy gemeente teruggestuur.[302]

Ds. J. H. Enslin sou 'n rol speel met die bekendmaking van die nuus dat vrede gesluit is: *"June 1, 1902: Again the Lord's holy day of rest. Ds. van Belkum took morning service, and Ds. Enslin the afternoon, at which he took the opportunity to introduce 84 young members to the congregation. After service Ds. Enslin begged the congregation to wait a little. Commandant Bousefield then came in. He announced to us that Peace was concluded between the government of England and the two Republics. That word 'Peace' was a blessed one to hear. It was affecting to see the children how they sprang up clapping their hands and shouting: 'It is Peace'."*[303] Die Doopregister van Vrede dui aan dat ds. J. H. Enslin die doop tot Augustus 1900 getrou bedien het, waarna geen doopsbediening meer plaasgevind het nie.[304]

## 3.27 PARYS

Die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog word op 4 September 1899 onder voorsitterskap van ds. J. C. Hefer gehou.[305] Die eerste periode van groei en ontwikkeling van die dorpie Parys is onderbreek deur die Anglo-Boereoorlog, wat ook sy tol van verwoesting en lewens geëis het. Ná die uitbreek van die oorlog het ds. J. C. Hefer die kommando's besoek en in die omtrent van 18 November 1899 enkele dienste naby Ladysmith in Natal gehou.[306] *"Die omgewing van Parys met sy heuwels en digbegroeide bosse het 'n uitstekende terrein gevorm vir die guerilla-tipe van oorlogvoering. Skerpskutters*

---

302 Militêre telegram insake ds. J. H. Enslin, onder meer dat hy die eed van getrouheid afgelê het (Vrystaatse Argief, CO 164/4088/98).
303 Hobhouse, E., War without glamour, bl. 38-39.
304 Doopregister, Vrede (1899-1902).
305 Notule, Kerkraad Parys, 4 September 1899.
306 Van Eeden, J. H., Parys 1876-1976, bl. 19.

*het by uitstek gebruik gemaak van die natuurlike voordele van die omgewing."*[307]

Kort voor die uitbreek van die oorlog blyk dit dat die gemeente onder finansiële druk verkeer, veral vanweë die bou van die nuwe kerkgebou. Die hoeksteen daarvan word op 14 Januarie 1899 deur ds. J. J. T. Marquard, moderator van die Vrystaatse Sinode, gelê. *"Die bouers was nog besig met werk aan die kerk toe die burgers op kommando uittrek om die erwe van die vadere met goed en bloed te gaan verdedig. Die kerk is egter kort na die aanvang van die driejarige vryheidsstryd van 1899-1902 voltooi."*[308] Die behoorlike en stigtelike inwyding van hierdie bedehuis op 14 Oktober 1899, enkele dae ná die uitbreek van die oorlog, kon nie soos beplan met groot swier gepaard gaan nie. Die burgers van Parys het deelgeneem aan die beleg van Ladysmith en die inwyding kon dus net deur bejaardes, vroue en kinders bygewoon word. Ouderling Gert Claassen het die kanselbybel van die ou kerkgebou na die nuwe gedra, waarna die plegtigheid omtrent ten einde geloop het.[309]

Die pas voltooide kerkgebou is deur die Engelse beset en die gebou met sy hoë toring is as uitkyktoring gebruik, vanwaar die vyand die hele gebied kon bespied. Blykbaar het die troepe in en om die kerkgebou veilig gevoel, omdat die Boere uit eerbied en sentiment vir hulle kerkgebou nie maklik daarheen sou skiet nie.[310] *"Die kanonne het langs die toring gestaan waarvandaan op die eilande na die boere onder kapt. Vlok geskiet is. Die artilleriste het dan agter die toring geskuil. Van die kanonslae het die ruite asook die kerk gebars. Hierin lê waarskynlik die verklaring vir die herhaalde reparasiewerk wat die kerkraad in later jare teen aansienlike onkoste aan die kerk en toring moes laat doen."*[311]

---

307 De Fakkel, 30 November 1899.
308 Odendaal, B. J., N.G. Gemeente Parys 1884-1959, bl. 16.
309 De Fakkel, 10 Augustus 1899; Odendaal, B. J., a.w., bl. 16.
310 Ferreira, I. L., Genade op die Vaaloewer, bl. 104.
311 Odendaal, B.J., a.w., bl. 16.

Die feit dat die nuwe kerkgebou en sy inhoud nie totaal vernietig is nie - in vergelyking met ander kerke was die skade minimaal - blyk uit die inskripsie deur 'n Engelse soldaat in die Eerste Kanselbybel: *"This Church was respected by Drixol Scouts 20th April 1900. This Church was Highly respected by the South African Light Horse. 13th September 1901. Trooper C. E. Allison, 66 Compy, Yorkshire Imperial Yeomanry."*[312] Die Bybel word as kosbare kleinood bewaar, ter herinnering aan die moeilike en spanningsvolle oorlogsjare. Nieteenstaande die versekering deur die soldate, was daar tog skade aan die nuwe kerkgebou, die hoeksteen is onder meer uitgebreek. Dit is veral die ou kerkgebou wat veel moes verduur, onder meer is die lampe, vensters, kansel, verhoog en vloer beskadig. In die skriftelike eis van die kerkraad is daar ook melding gemaak van sekere "church registers" wat deur die soldate geneem is, blykbaar onder meer die Notuleboek 1884-1897, wat ná die oorlog vermis is. Die skade aan die pastorie was aansienlik, onder meer brandskade aan die vensters, skoorsteen, muurpapier en rakke.[313] Dit blyk dat die kerklike registers en dokumente nie verlore geraak het nie, benewens die eerste notuleboek van die kerkraad.

Dit blyk dat ds. J. C. Hefer tydens die oorlog in die konsentrasiekamp by Vredefort Weg gewerk het. Hy skryf oor sy verblyf soos volg: *"We spent five months in Vredefort Road Camp with our family of eight children living in three bell-tents and, passing the winter there. We lost through death our eldest daughter, the pride of our home, 17 years old, and our baby, 14 months old. We were refused a permit to leave the camp on account of my refusing to take the Oath of Allegiance before the war was ended. Ultimately his Excellency Sir Hamilton Gould Adams took pity on us and granted a permit to proceed to Worcester, C. C.; but the permit came after the whole family was laid low with measles."*[314] Op 28 Junie 1901 skryf ds. Hefer 'n brief waarin hy die owerheid verwittig hoekom hy nie die eed van getrouheid kan onderteken

---

312 Sien inskripsie in Eerste Kanselbybel in die kerkkantoor in Parys (aangehaal met foto in Ferreira, I. L., a.w., bl. 105).

313 Ferreira, I. L., a.w., bl. 104.

314 Hobhouse, E., War without glamour, bl. 67.

nie: *"And finding too that the names of those who take it are published; and knowing that many of our people would turn their backs on me, and refeat the Gospel message of our hands, should they know that we have taken the Oath - we do not know under these circumstances, feel free to take it."*[315] Dit was 'n delikate besluit vir die gesin, of ds. Enslin die eed moes neem of nie. *"We had to choose: either that I take the Oath, or if not, to remain in the camp; and I thought the responsibility for the lives of my family too great to decide without consulting them. But the first to reply was our dear daughter Kathe (who dies there). 'No Papa! No Papa! she exclaimed, her eyes filled with tears - 'do not take the Oath; we choose rather to remain, and suffer the consequences than to forsake, or be untrue to our nation'. All the other children and mother then wept, but their choice was the same."*[316] Soos reeds vermeld, het ds. J. H. Enslin die eed van getrouheid ná die Vrede van Vereeniging geneem. Die Doopregister van Parys toon aan dat ds. J. C. Hefer tot April 1901 die doop bedien het, waarna hy die gemeente verlaat het en daar geen verdere doop-bedienings was nie.[317]

## 3.28 VENTERSBURG

Aan die binneblad van die Notuleboek lees ons: *"Notulen Boek der Ned Geref Gemeente te Ventersburg. Aangelegd door C. J. Snyman. 27 sten Dec. 1902. Het vorige notulen boek is tezamen met de registers der gemeente verbrand gedurende den oorlog van 1899-1902."*[318] Dit is nie duidelik wanneer die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog gehou is nie, maar beskikbare getuienis dui daarop dat dit kort voor die uitbreek daarvan was.

---

315 Brief van ds. J. C. Hefer op 28 Junie 1901 aan Britse owerheid in Bloemfontein, asook aan die superintendent van die "Refugee Kamp" te Vredefort Weg (Vrystaatse Argief, CO 164/4088).

316 Hobhouse, E., War without glamour, bl. 68.

317 Doopregister, Parys (1899-1902).

318 Notuleboek, Ventersburg (1902-1911).

Dit is bekend dat die Ventersburgse omgewing telkens 'n rol gespeel het in die offensief van die vyand, terwyl die Boeremagte hulle goed en bloed met oorgawe verdedig het. 'n Nederlandse luitenant, Gerrit Boldingh, wat as vrywilliger aan die kant van die boere geveg het, beskryf in sy herinneringe die omgewing van Ventersburg. Hy beskryf 'n insident kort voor die verwoesting van Ventersburg op 19 Augustus 1900: *"Bij een klein huisje, op een kwartier afstand, hoorden wij hoe de Engelschen reeds onze nadering bespeurd hadden en snel teruggetrokken. Aldaar trof mij een toneeltje als een schilderij van Millet ['n Franse skilder]. Een jonge krachtige vrouw, eenigzins armoedig gekleed, met een jak dat de armen geheel ontbloot liet en die tegen de linkerborst een zuigeling droeg, had ons de gevraagde inlichting gegeven. De vrouw zelf was reeds geheel in harmonie met de eenvoudige grijsgepleisterde huisje en met die omlijsting van het boomloze veld. Boven een sober golvenden horizon welfde zich de hemel effen lichtblauw met gewone kleine wolken. De geheele omgeving was eenvoudig en toch als een zeegesicht, grootsch door de onmetelijkheid. De poëzie van het beeld trof mij des te sterker toen we wegreden en de vrouw haar rechterarm omhoog stak en met uitgestrekte hand ons nariep: 'God zegen julle. Afrikaners!'"*[319] Hierdie Ventersburgse vrou is 'n beeld van meer as een Boervrou wat alles opgeoffer het ter wille van volk en vaderland. In dié tyd besoek hy en verskeie manskappe Ventersburg, *"daar wij toen allerlei dingen konnen krijgen, die men wel niet bepaald noodig heeft, maar die het toch plezierig is, eens een enkele maal te hebben, zooals: cigaretten, sardines, gecondenseerde melk, suiker en dergelijke".* Hierna word vleis gebraai op die markplein, enkele maande voor die verwoesting van die dorp.[320]

Op 6 November 1900 besoek ds. J. D. Kestell die verwoeste dorpie, en beskryf Ventersburg soos volg: *"Dit was 'n bedroewende aanblik, die afgebrande deel van die dorp, huise sonder dak met gapende deure en vensters - en wat het hierdie vandalisme die vyand gebaat?"* Hy

---

319 Scholtz, G. D., Die geskiedenis van Ventersburg en sy omgewing 1873-1973, bl. 22.
320 Scholtz, G. D., a.w., bl. 22.

beskryf ook die gevoel van die inwoners: *"Hulle was rustig en gelate in hul swaar lyding, en het my vertel dat hulle in die aand voor die brand 'n biduur gehou het en deur God wonderlik getroos en gesterk is."* Dit blyk dat ds. Kestell ook na die geestelike behoeftes van die lidmate omgesien het: *"Ons het tot die volgende Sondag in die omgewing van Ventersburg gebly, terwyl ek vir die vroue van die dorp 'n godsdiens gehou het."*[321] Dit blyk dat die kerklike eiendomme totaal en al verwoes is. *"Church burned and manse damaged and furniture gone, including costly piano. Out of a library of 1,000 volumes scarcely 50 left."*[322] Uit 'n berig uit *De Kerkbode* blyk die volgende: *"Het kerkgebouw is verbrand; de pastorie is zeer beschadigd, vooral wat betref het houtwerk, waarvan al de deuren blijkbaar voor brandhout gebruikt werden. Al het huisraad is verdwenen, waaronder kostbare piano ..."*[323] Die verbintenis van ds. C. J. Snyman met die gemeente Ventersburg sal altyd in die teken van die tweestryd staan. In dié tyd *"het donker wolke oor die gemeente gehang want nie alleen is byna elke huis in die dorp en distrik deur die Engelse magte onder Gen. Bruce Hamilton verwoes en afgebrand nie, maar ook die kerkgebou is verniel en afgebrand tesame met al die kerkregisters en kerkboeke, waardeur die bestaan van die eerste 10 jare van die gemeente feitelik verlore geraak het."*[324] Uit 'n brief van ds. J. J. T. Marquard, moderator van die Vrystaatse Sinode, blyk dat ds. C. J. Snyman kort voor 18 Julie 1900 die gemeente verlaat het.[325] *De Kerkbode* berig: *"daar de militaire authoriteiten meenden dat het beter is dat hij voor het tegenwoordige niet in zijne gemeente sal zijn. Hij is op 'parole' en heeft 1.1 Zondag morgen voor Ds. J. du Plessis een preekbeurt waargenomen, die toen het Avondmaal te Kalkbaai bediende. Mev. Snijman en de kinderen zijn te Ventersburg achtergebleven. Ds. Snijman is thuis bij Ds. du Plessis."*[326] Dit klop ook met die Doopregister van Ventersburg, 'n enkele bladsy wat

---

321 Scholtz, G. D., a.w., bl. 23.

322 Macdonald, R., a.w., bl. 54. 'n Foto van die afgebrande kerkgebou verskyn in Scholtz, G. D., a.w., bl. 47.

323 De Kerkbode, 4 September 1902.

324 Gemeentekroniek voor in die Kanselbybel van die Ned. Geref. Gemeente Ventersburg.

325 Marquard, L., a.w., bl. 97.

326 De Kerkbode, 19 Julie 1900.

ná die oorlog opgestel is, waaruit blyk dat ds. Snyman in dié tyd die heilige doop bedien het.[327] *De Kerkbode* meld dat die eggenote en kinders van ds. Snyman by hom aangesluit het, *"te Kalkbaai, in het huis van Ds. B. Marchand, hem daartoe goedgunstig afgestaan".*[328]

Hierna het die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Ventersburg inderdaad in 'n haglike posisie verkeer. Nie net was hulle herderloos nie, maar hulle moes saam met duisende volksgenote die verwoesting van eiendom aanskou: *"Hierdie groot materiële skade was nog maar een aspek van die swaar lot wat ook die Ventersburgers moes dra. Daar was min gesinne wat nie die dood van een of ander familielede moes betreur nie. 'n Vader, 'n seun of 'n broer het op die slagveld gesneuwel of is in krygsgevangenekampe - dikwels in Indië, St. Helena of Bermuda oorlede. 'n Vrou, 'n moeder of kinders het weer in een of ander konsentrasiekamp gesterf. Groot was inderdaad die verlies aan menselewens wat die klein Afrikaanse volk moes ly."*[329]

## 3.29 REITZ

Tydens 'n kerkraadsvergadering op 16 September 1899 onder leiding van ds. D. J. Viljoen, word na die krisistyd verwys: *"Het werk van de vergadering was hiermede afgelopen, doch de Eerw. Voorzitter sprak met ernst en gevoel over den toestand waarin ons land verkeerd wegens de bedreiging van oorlog en steld voor dat de vergadering voordat wij uitelkander gaan eerst een biduur met elkander hebben."*[330] Dit is van die enkele gemeentes in die Vrystaat, indien nie die enigste nie, waar daar van die dreigende onheil in die kerkraadsnotule sprake is. Die laaste kerkraadsvergadering word op 30 September 1899 gehou. Ds. D. J. Viljoen sou met verlof na Transvaal gaan, *"maar daar men verwacht dat elk ogenblik de Bürgers zal worde opgecommandeerd is de*

---

327 Duplikaat-dooprequister, Ventersburg.
328 De Kerkbode, 30 September 1900.
329 Scholtz, G. D., a.w., bl. 23.
330 Notule, Kerkraad Reitz, 16 September 1899.

*vergadering van gevoele dat Ds. Viljoen niet meer moet gaan en werd het dan ook besloten dat hy niet zal gaan".*[331]

Met die uitbreek van die oorlog lees ons: *"Den Zondag, voordat de burgers naar de grenzen vertrokken, zaten wij allen in de kerk. Het was vreemd de kerk zoo vol te zien op een gewonen Zondag, de opkomst geleek dien dag wel op een Nachtmaalsviering. De gedachte kwam bij meer dan een op: 'Wellicht is het de laatste maal, dat wij zoo samen vergaderd zijn'."*[332] Tydens die erediens daag iemand met 'n telegram aan die vrederegter op met belangrike nuus. Een van die lidmate naby die deur neem dit vir die geadresseerde wat naby die preekstoel sit. *"Aller oogen waren met angst op hem gericht onder 't lezen. Men kon den inhoud op zijn gelaat zijn, en wij wisten nu ook al, wat ons te wachten stond. Na afloop van den dienst zag men overal groepjes burgers, die ernstig met elkaar in gesprek waren over de laatste tijding, waarbij ze nu in waarheid opgeroepen werden, om gewapend te worden."*[333] Die burgers het geesdriftig huiswaarts gekeer met die oorheersende gedagte om alles vir volk en vaderland te gee.

Dit is bekend dat ds. D. J. Viljoen net ná die uitbreek van die oorlog die kommando's op die front besoek het.[334] Die leraar het met sy ampswerk voortgegaan, ook met die hou van buitedienste. *"Ds. Viljoen het kerk gehou op Vinknes, waar hy onder andere nog 'n kindjie van Hendrik Lourens gedoop het. Onderwyl hy preek, kom 'n boodskapper behoedsaam na Oom Willie Lourens om die nuus in sy oor te fluister: 'Die Engelse is in Reitz.' Die Dominee merk onraad en verkort sy preek. En dadelik terug dorp toe na sy vrou beland hy in die hande van die Engelse troepe."*[335] Hy word gevang en na Natal gestuur,

---

331 Notule, Kerkraad Reitz, 30 September 1899.
332 Van Helsdingen, J., Vrouwenleed : persoonlijke ondervindingen in den Boerenoorlog, bl. 20.
333 Van Helsdingen, J., a.w., bl. 20.
334 De Fakkel, 5 Oktober 1899.
335 Feesbrosjure: Ned. Geref. Kerk Reitz : Jubileumfees 1891-1966, bl.16.

vanwaar hy in die kamp in Groenpunt te Kaapstad aankom.[336] Enkele weke daarna vertrek hy met 800 gevangenes met 'n stoomboot na Indië.[337]

Die droewige gevolge van die stryd sou ook die leefwêreld van die inwoners van Reitz verander. In dié tyd word die dorpie soos volg beskryf: *"Het dorpje was klein en in het geheel niet dicht bebouwd. Straten waren er, maar we konden ze bijna met dien naam niet noemen, daar ze haast heeltemaal met gras begroeid waren. Die eenvoud maakte ons dàt plaatsje echter te dierbaarder, gelegen in de vlakke velden, als door de wereld vergeten."*[338]

Die kerklike eiendom sou ook tydens die oorlog vernietiging ondergaan: *"At this time we were left in the Parsonage, though our horses and other articles were taken, for which we have not received payment up to date. The British then left for some time, and on re-occupying Reitz my husband was taken prisoner in a most brutal way by Major Steward. He marched into our rooms, upset my husband's private papers and took as many as he pleased to have, also some of his sermons, to see, as he said, in what strain he had been preaching. Our private drawer we were forced to open. When the Major took our little cash, I snatched it from his hand and told him what I had to live upon if he took my husband away."*[339] Hierna word hy deur twee gewapende soldate weggeneem, ná 'n hartseer afskeid van sy gesin. Ook die kerkgebou is verniel: *"They took possession of our church and that was indeed a sore trial. The pews were carried outside, the vestry converted into a surgery, and the organ was packed with eggs, etc. Also the pulpit was soon in a filthy state."*[340] Uit 'n ander bron word die besonderhede aangevul: *"Heel spoedig werd het kerkgebouw in een hospitaal*

---

336 De Kerkbode, 7 Maart 1901.
337 De Kerkbode, 11 April 1901.
338 Van Helsdingen, J., a.w., bl. 15.
339 Hobhouse, E., War without glamour, bl. 61.
340 Hobhouse, E., War without glamour, bl. 61. (Foto's van die vernielde kerkgebou van binne verskyn op bladsye 61 en 63.)

*veranderd, wat nu niet zoo slecht is, maar wat gebeurde er later? De banken werden opgekapt, de deuren er uitgehaald, alsook de vloeren, en alles tot brandhout gebruikt. Dat heilig Godsgebouw werd eindelijk een plaats van vloeken en schelden. Ook de nachtmaalsbeker, voorheen geheiligd in het gebruik bij het vieren des Heiligen Avondmaals werd bezoedeld door de hand des spotters."*[341]

In dié tyd besoek Emily Hobhouse die verwoeste Reitz en getuig soos volg oor die dorp: *"Baie van die vroue het stil gesnik. By die flakkerende kerslig het sy die moedeloosheid op die beplooide gesigte van die mans gesien."*[342] Die Doopregister van Reitz toon aan dat ds. D. J. Viljoen die doop gereeld tot Februarie 1901 aan 91 kinders bedien het.[343] In dié tyd het hulle op God bly vertrou en hulle hoop alleen op Hom gevestig. Ook in hierdie tyd sou die Here God sy kerk in stand hou, sodat die Blye Evangelie die enigste fakkel van hoop sou bly.

## 3.30 BOTHAVILLE

Aangesien die kerkraadsnotules in die oorlog verbrand is, kan nie vasgestel word wanneer die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog gehou is nie. Ná die uitbreek van die oorlog gee die burgers dadelik gehoor aan die roepstem om hulle vaderland te verdedig. 'n Gedeelte van die kommando's uit die Noordwes Vrystaat is na Natal waar hulle aan die slag van Modderspruit en die beleg van Ladysmith deelgeneem het. 'n Ander gedeelte is na die omgewing van Kimberley, waar hulle aan die gevegte van Belmont, Graspan en aan die bekende slag van Magersfontein deelgeneem het.[344] Die omgewing van Bothaville was ook getuie van meer as een skermutseling tussen Boer en Brit, veral in die tyd van die bittereinders. Nadat die Boere vanaf Bothaville aanvalle op spoorweg- en telegraaflyne gemaak het, besluit

341 Van Helsdingen, J., a.w., bl. 37.
342 Terblanche, A., a.w., bl. 259.
343 Doopregister, Reitz (1899-1902).
344 Hoops, O. W. A., Bothaville 1891-1966, bl. 29-30.

generaal Hunter om op groot skaal met sy verwoestingswerk te begin. *"Die ganse dorp behalwe die kerk is dus in puin gelê. Rookwolke uit brandende huise kon van ver af gesien word. Vrouens en oues van dae het in waens kruis en dwars oor die vlaktes getrek om die Engelse magte te ontwyk. Geleidelik is die beleid van verskroeide aarde ook op die plase toegepas. Op een plaas het skape wat moedswillig deur die Britse soldate gedood is so hoog soos die mure opgestapel gelê. Vrouens en kinders is na verafgeleë konsentrasiekampe weggevoer."*[345]

In 'n skrywe in *De Fakkel*, amptelike kerkblad van die Vrystaatse kerk, word die besoek van ds. T. C. Dönges van Bothaville aan die kommando's beskryf.[346] Dit is bekend dat hy nog in sy gemeente kon arbei tot en met sy gevangeneming. Hy word op parool na Kaapstad gestuur, terwyl sy huisgesin by familie op Tulbagh kon tuisgaan.[347] Hy kry later verlof van die owerheid om by sy gesin op Tulbagh aan te sluit.[348] *De Kerkbode* berig dat hy ses maande lank op Ceres was en na sy ouers in Gordonia vertrek het. Hy sou eers ná die afloop van die oorlog na Bothaville terugkeer.[349] Dit is nie bekend in hoeverre die kerklike eiendom vernietig is nie, alhoewel dit blyk dat *"die Hollandse kerk die enigste gebou is wat oorgebly het"*.[350] Blykbaar is die pastorie, met die inhoud daarvan, dan ook afgebrand soos blyk uit die kerkboeke wat verlore geraak het. By die eerste vergadering ná die oorlog op 6 Junie 1903 vra die voorsitter *"of het niet mogelyk zal zyn om de kerk zink te laten opzitten wordt"*.[351] Blykbaar was daar ná die oorlog fout met die dak van die Godsgebou. So moes die gemeente Bothaville ook die vuurdoop van die verwoestende oorlog beleef.

---

345 Hoops, O. W. A., a.w., bl. 31.
346 De Fakkel, 18 Januarie 1900.
347 De Kerkbode, 23 Augustus 1900.
348 De Kerkbode, 30 Augustus 1900.
349 De Kerkbode, 30 Augustus 1901.
350 Hobhouse, E., Die smarte van die oorlog, bl. 49.
351 Notule, Kerkraad Bothaville, 6 Junie 1903.

## 3.31 THABA NCHU

Daar het geen notuleboek bewaar gebly om die gemeentelike omstandighede kort voor die uitbreek van die oorlog te ondersoek nie. In dié tyd het ds. J. G. Kühn die gemeente bedien. Daar kon geen gegewens opgespoor word van Thaba Nchu en die Anglo-Boereoorlog nie. Die oorgeblewe notuleboeke begin eers op 10 Desember 1904, aangel' deur ds. C. J. Snyman ná die vertrek van ds. Kühn.[352] Die moontlikheid bestaan dat hy die notuleboek met hom saamgeneem het, anders sou die bestaande boek net ná die oorlog in sy tyd aangelê gewees het. Die enigste verwysing waaroor ons beskik, is 'n brief wat ds. J. G. Kühn op 28 Junie 1901 aan *The Bloemfontein Post* geskryf het. Hy rig die brief aan *"Mede Leerards in de Kaap en Elders"*.[353] Hy begin deur na die haglike toestande in die konsentrasiekampe te verwys en sien dit as 'n onnodige uitvloeisel van die oorlog. Uit die brief blyk dit dat hy die oorlog as dwaasheid beskou en graag vrede wil bewerkstellig. Hy het sekerlik ook die eed van getrouheid aan die Britse regering afgelê, daarom is hy nie weggevoer nie en kon hy in die middel van 1901 nog uit sy gemeente skryf. Hy sluit aan by ds. Andrew Murray waar hy met die uitbreek van die oorlog 'n oproep tot vrede gemaak het. Die bevolking word uitgeroei *"door de verblindingen van deze gedisorganiseerde en rondzwervende Bende die zouden schynen voldaan tezyn met niet minder dan de totale uitroeiing van hun eigen Volk ..."*[354] Dit blyk dat hy albei kante beskuldig van roekeloosheid en selfmoord omdat hulle met die stryd voortgaan. Hierdie ontsettende negatiewe houding van ds. J. G. Kühn sou hom die gramskap van sy eie gemeente op die hals haal.

Dit is nie bekend of die kerkgebou en die pastorie in die oorlog beskadig is nie, ook nie of daar ander skade aan die eiendom van die kerkraad aangerig is nie. Die Doopregister van Thaba Nchu werp enige lig op die kerklike gebeure tydens die oorlog. Sedert die uitbreek van

---

352 Notule, Kerkraad Thaba Nchu, 10 Desember 1904.

353 Brief van ds. Kühn aan The Bloemfontein Post, in die versameling van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein (verwysing 1679/5).

354 Dieselfde.

die oorlog tot en met die Vrede van Vereeniging is daar byna elke maand kinders ten doop gebring, 'n totaal van 121. Ná die oorlog vertrek ds. Kühn vir 'n paar maande uit die gemeente, maar doop in Desember 1902 weer 'n kindjie in die gemeente.[355] Soos later sou blyk, het daar heelwat spanning rondom die persoon van ds. Kühn geheers en sou daar verwikkelinge in hierdie verband kom.

## 3.32 PETRUSBURG

Die laaste kerkraadsvergadering word op 22 Julie 1899 gehou, enkele maande voor die uitbreek van die oorlog. Daar word onder meer besluit om 'n kluis vir die kerkboeke aan te koop.[356] In dié tyd is daar fluks gevorder met die bou van die nuwe kerkgebou, waarvan die hoeksteen reeds op 14 Januarie 1899 deur staatspresident M. T. Steyn gelê is. Volgens *De Fakkel* sou die inwyding van die kerkgebou op 11 Oktober 1899 plaasvind, maar die uitbreek van die oorlog verhoed dit. *"Eers, na die oorlogsvlamme uitgeblus was, kon die Gemeente die kerkgebou amptelik in gebruik neem."*[357] Dit is bekend dat die Britse regering reeds ná die val van Bloemfontein van die dienste van ds. W. Robertson gebruik gemaak het. Hy en sy gesin is eers saam met sommige gemeentelede weggevoer na die kamp op Kimberley, waar hy blykbaar as onderhandelaar uitgemunt het. Hierna is hy aangestel as onderhandelaar met predikante en die werk in die konsentrasiekampe, met sy hoofkwartier in Bloemfontein. Hy bedank op 10 Januarie 1901 as predikant van Petrusburg om regeringsvertaler te word.[358] Te midde van die oorlog en gepaardgaande spanning word 'n dogter van ds. W. Robertson op 28 Augustus 1900 met ds. E. Dommisse op Petrusburg in die huwelik bevestig. *"De plechtigheid was ééne, waarin er groot belang gesteld werd, zoo als te zien was uit de menigte die ter kerk*

---

355 Doopregister, Thaba Nchu (1899-1902).

356 Notule, Kerkraad Petrusburg, 22 Julie 1899.

357 De Fakkel, 5 Oktober 1899; Esterhuyzen, A. M. de V., Ned. Geref. Gemeente Petrusburg O.V.S. Jubileum 29 Junie 1892 - 28 Junie 1942, bl. 3.

358 Esterhuyzen, A. M. de V., a.w., bl. 3; Oberholster, J. J. en Van Schoor, M. C. E., a.w, bl. 105.

*opgekomen was."*[359] Dit is van die min beskrywings van 'n huweliksvoltrekking met gepaardgaande feesvieringe in die Vrystaatse kerk wat bekend is.

Die gemeente was trots op hulle pas voltooide kerkgebou. Engelse troepe het weliswaar die kerk dikwels gebruik as 'n rusplek waar hulle hul "bully beef" en klinkers kon geniet, maar die gebou self het feitlik onbeskadig gebly.[360] Dit blyk egter dat die nuwe kerkklok gedurende die oorlog gesteel is, terwyl ook die kas- en kwitansieboeke uit die kas in die konsistorie verdwyn het.[361] Dit is nie bekend wat die lot van die pastorie gedurende die oorlog was nie. Ten spyte van die feit dat ds. W. Robertson gedurende die oorlog as predikant bedank het, blyk dit tog dat daar 'n mooi verhouding tussen hom en die gemeente van Petrusburg bestaan het. Uit 'n preek wat hy op 22 Oktober 1899 te Petrusburg lewer, blyk dat hy nie lewensvreemd teenoor sy lidmate gestaan het nie. Hy preek oor Markus 6 vers 31: *"Komt gijlieden hier alleen, en rust een weinig."* Die omstandighede waarin die land en die lidmate hulle bevind, word bespreek met riglyne vir die ganse lewensterrein.[362]

## 3.33 LUCKHOFF

Aangesien die kerkraadsnotules van voor en ná die Anglo-Boereoorlog nie opgespoor kan word nie, kan daar nie bepaal word wanneer die laaste kerkraadsvergadering gehou is nie. Met die uitbreek van die oorlog het ds. E. G. Malherbe met sy werk op Luckhoff voortgegaan. Enkele maande ná die ontbranding van die stryd, doen 'n kommando die dorpie aan en word deur die vroue onthaal. Daar is ook na hulle geestelike belange omgesien: *"In die skemeraand van daardie someraand het ds. Malherbe vir hulle diens gehou in die stampvolle kerk, waar hulle met*

---

359 De Kerkbode, 6 Augustus 1900.
360 Esterhuyzen, A. M. de V., a.w., bl. 3.
361 Notule, Kerkraad Petrusburg, 9 Maart 1903.
362 De Fakkel, 30 November 1899.

*bandoliers en gewere gesit het, gereed vir enige gebeurlikheid."*[363] Na verloop van tyd het die leraarspaar kennis gekry dat hulle die dorp moet verlaat. *"Hulle kon maar baie min klere saamneem, daar hulle tesame net vyftig pond toegelaat is; dus was sy verplig om byna al hul eie klere en dié van hulle vierjarige seuntjie en tweejarige dogtertjie agter te laat. Alles is skoon en agtermekaar in laaie gepak en toegesluit, maar die soldate het hulle nie deur slotte en grendels laat keer nie."*[364] In Kaapstad aangekom, is ds. Malherbe as krygsgevangene in die kasteel aangehou, tesame met ds. J. J. T. Marquard (Winburg), ds. C. D. Bam (Fauresmith) en ds. A. J. Malherbe (Jagersfontein)). Later is hulle op parool vrygelaat en het in "Magnolia", pastorie van ds. J. du Plessis in Zeepunt tuisgegaan.[365]

Die vernietigingswerk op Luckhoff het onverpoos voortgegaan. Al die huise op die dorp is afgebrand, ook die pastorie met al die meubels en boekery van die leraar. Daar is aan hom vertel dat kort voordat die pastorie afgebrand is, hulle gesien het *"hoe die Tommies sy pluiskeil soos 'n voetbal langs die straat skop, terwyl een van hulle sy predikantstoga aangetrek het en daarmee al in die rondte gedans het".*[366] Net die mure van die pastorie het bly staan, terwyl die ysterraamwerk van ds. Malherbe se duur en mooi Rosenkrantz-klavier in die straat gelê het. *"Die Engelse het die klavier in die straat uitgedra en verbrand om hulleself warm te maak."*[367] Toe die eerste inwoners ná afloop van die oorlog teruggekeer het, het hulle gevind dat die skool die enigste gebou was wat nog enigsins gebruik kon word en dit is as tydelike kerkgebou ingerig. Al die houtwerk is uit die kerkgebou gebreek en die gebou het daar gehawend uitgesien. *"Het kerkgebouw is erg beschadigd, en is ontbloot van vensters, deuren, plankvloer, orgel, preekstoel, banken, lampen, klok, uurwerk ..."*[368] Dit blyk ook dat die

---

363 Malherbe, J. A., Predikante-prestasies en petaljes : lewensbeskrywing van ds. E. G. Malherbe, bl. 60.
364 Malherbe, J. A., a.w., bl. 65.
365 Malherbe, J. A., a.w., bl. 63, 71.
366 Malherbe, J. A., a.w., bl. 79.
367 Malherbe, J. A., a.w., bl. 79.
368 De Kerkbode, 13 November 1902.

Nagmaalservies en ander kosbaarhede verdwyn het. Die Doopregister van Luckhoff het ook in die oorlog verlore geraak. Ds. E. G. Malherbe kon nie ná die oorlog met sy gesin na Luckhoff terugkeer nie, maar moes eers alleen terugkeer omdat daar geen woonplek was nie. Hy het tydelik ingewoon by 'n weduwee Steenkamp wat haar huisie op 'n manier leefbaar gemaak het. *"Die plafonne was van lap en so laag dat Ds. Malherbe, so kort soos hy is, dit met sy hand kon raak as hy op sy tone regop staan. Die vensters was ook met lap toegemaak."*[369]

Hy het onder die puin op die vloer van die studeerkamer 'n bladsy gevind wat, ten spyte van sy verbrande rande, nog taamlik wit was met leesbare woorde daarop. Hy tel dit op en in die middel van die bladsy lees hy die kursiefgedrukte woorde: *"Gij hebt vrede, ook in de zwaarste beproevingen."*[370] Dit sou ook tekenend wees van die gemeente van Luckhoff wat te midde van die moeilikste beproewings die wonderlike vrede van die Here ervaar het.

## 3.34 JAGERSFONTEIN

Die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog word op 9 Oktober 1899 deur ds. J. A. Malherbe waargeneem.[371] Twee dae tevore is 'n vergadering gehou waar nuwe kerkraadslede verkies is. Enkele dae voor die uitbreek van die oorlog word daar dus op Jagersfontein nog gebou aan die Koninkryk van God. Daar is egter geen verwysing na die naderende stryd nie. Gedurende die oorlog word daar net een vergadering gehou, wat op 16 April 1900 onder voorsitterskap van die plaaslike leraar, ds. J. A. Malherbe, plaasvind. 'n Nuwe orrelis word aangestel en die kommissie wat na die *"armen gedurende den oorlogstijd"* moes omsien, doen verslag. Daar word dan ook aan sekere

---

369 Malherbe, J. A., a.w., bl. 78.
370 Malherbe, J. A., a.w., bl. 79.
371 Notule, Kerkraad Jagersfontein, 9 Oktober 1899.

gevalle daadwerklik aandag gegee.[372]

Dit blyk dat die leraar die gemeente in Oktober 1900 verlaat het en na 'n kamp vir krygsgevangenis geneem is, waaruit hy later op parool ontslaan is.[373] Hy vertrek later met verlof van die owerheid na Swellendam en vandaar na Kaapstad, waar hy te Rogelim saam met ds. C. D. Bam, ds. P. J. Perold en eerw. Schröder 'n tyd lank tuisgaan.[374] Volgens *De Kerkbode* kom ook mev. A. J. Malherbe en haar gesin in Kaapstad aan ná maande van stryd en spanning: *"Te Edenburg moesten zij vanelkander scheiden, toen de manspersonen naar Kaapstad en de vrouwen en kinderen naar Port Elizabeth werden vervoerd."*[375] Sy bekom 'n doktersertifikaat met haar ontslag uit die kamp en vertrek met spesiale vergunning na Kaapstad waar sy by haar man aansluit.[376] In dié tyd tree ds. Malherbe in verskeie gemeentes op: hy preek in die Hertzogsaal in Kaapstad en ook in Tulbagh.[377] Met die inname van Jagersfontein is die huise nie net geplunder nie, maar die soldate het ook aandenkings uit huise geneem. So kom die pragtige Bybel van ds. A. J. Malherbe in die hande van 'n soldaat wat dit met sy aankoms in Kaapstad aan die gesin skenk waar hy tuisgaan. Dit kom onder die aandag van die plaaslike Bybelgenootskap, wat dit aan ds. Malherbe besorg. *"Moge het hem gegeven worden met den verloren maar teruggevonden Bijbel in de hand, samen met zijnen andere mede-broeders uit de ballingschap alreede teruggekeerd, of die binnen kort teruggekeerd zullen zijn, zich te begeven tot de herbouwing der muren en poorten van Jeruzalem."*[378]

Uit die gegewens blyk dit dat die kerkgebou nie tydens die oorlog verwoes is nie, maar ná die stryd slegs herstelwerk nodig gehad het. Benewens kleiner artikels is die gemeene se Nagmaalservies ook in die

---

372 Notule, Kerkraad Jagersfontein, 7 Oktober 1899, 16 April 1900.
373 Notule, Kerkraad Jagersfontein, 16 April 1900; De Kerkbode, 13 Desember 1900.
374 De Kerkbode, 21 Maart 1901.
375 De Kerkbode, 17 Januarie 1901.
376 De Kerkbode, 17 Januarie 1901.
377 De Kerkbode, 7 November 1901, 28 November 1901.
378 De Kerkbode, 14 Augustus 1902.

oorlog gesteel.[379] Dit is ook nie bekend in watter mate die pastorie verniel is nie, want daar is volgens die kerkraadsnotule geen eis ingestel nie. Dat daar wel hewige skermutselings was, blyk uit die feit dat *"in Jagersfontein the women actually fired at British troops from their houses"*.[380] Die Doopregister van Jagersfontein toon aan dat ds. A. J. Malherbe tot September 1900 die doop bedien het. Slegs by drie geleenthede word die doop in die oorlog deur ander leraars bedien.[381]

## 3.35 ZASTRON

Die laaste kerkraadsvergadering voor die uitbreek van die oorlog word op 4 September 1899 onder leiding van die konsulent, ds. A. A. L. Albertyn van Rouxville gehou.[382] Prop. P. A. M. de Vos is reeds in April 1899 as opvolger van ds. J. du Plessis beroep, maar kon weens verpligtinge in 'n tydelike werkkring eers in Oktober op Zastron bevestig word.[383] Hy word die eerste leraar wat in oorlogstyd in 'n Vrystaatse gemeente bevestig word, naamlik op 21 Oktober 1899. Die bevestigingsrede sou gehou word deur sy vader, prof. P. J. G. de Vos van die Teologiese Seminarium op Stellenbosch, maar weens die oorlog kon net ds. A. A. L. Albertyn van Rouxville teenwoordig wees. *"Toe die nuwe leraar hier aankom, werd hy ontvang deur vroue en kinders en bejaarde broeders, want die burgers was reeds op kommando."*[384] Hy het spoedig met sy werksaamhede voortgegaan en ook die burgers aan die grens van Basoetoland besoek. *"Omdat die dominee 'n Britse onderdaan was, moes hy uiters versigtig handel om nie later moontlik as rebel behandel te word nie."*[385]

---

379 Notule, Kerkraad Jagersfontein, 17 Januarie 1903.
380 Spies, S. B., a.w., bl. 152.
381 Doopregister, Jagersfontein (1899-1902).
382 Notule, Kerkraad Zastron, 4 September 1899.
383 Rabie, J., Jubileumfees Zastron van die Ned. Geref. Gemeente Zastron O.V.S. 1893-1943, bl. 14.
384 De Fakkel, 5 Oktober 1899, 2 November 1899; Rabie, J., a.w., bl. 14.
385 Dieselfde.

Ds. P. A. M. de Vos word in September 1900 gevange geneem en na die kamp te Groenpunt in Kaapstad weggevoer, vanwaar hy tot die einde van die oorlog op die eiland St. Helena as krygsgevangene gebly het. Op die tuisfront het almal 'n moeilike tyd deurgemaak. *"Vroue en kinders van die gemeente is na Kraairivierkamp gestuur, alwaar vele, veral kinders, die lewe ingeskiet het, en die susters, met die bejaarde broeders, moes die bitterheid van die konsentrasiekamplewe deurmaak."*[386] Baie lidmate is na oorsese kampe weggevoer, na Bermuda, St. Helena en Ceylon. In laasgenoemde kamp het 'n jong seun as koorleier opgetree en is hegte bande van liefde gesmee. Hierdie J. Rabie sou later vir jare lank predikant op Zastron wees.[387]

Ons kon geen verwysing kry na die totale verwoesting van kerklike geboue gedurende die oorlog nie. Hoe groot die vernieling was, weet ons nie, maar ons kan aanneem dat Zastron nie die uitsondering op die reël was nie. *"Die kerkgebou en pastorie was lelik verniel. Op die bult buite die dorp het vir 'n tyd gedurende die oorlog 'n Engelse kamp gestaan, en daar is hout en meubels uit dorpshuise as vuurmaakhout verbrand."*[388] Die Doopregister van Zastron vermeld dat ds. P. A. M. de Vos tot September 1900 die doop bedien het, waarna alle kerklike bedrywighede blykbaar tot stilstand gekom het.[389]

## 3.36 FOURIESBURG

Met die uitbreek van die oorlog sou die burgers in die omgewing van Fouriesburg oorgaan tot verdediging van goed en bloed. Die plaaslike leraar, ds. M. Heyns, het hom met hart en siel aan sy arbeid gewy, ook met besoekwerk aan die laers. In die oorlogstyd hou die moderator

---

386 Rabie, J., a.w., bl. 14.

387 Die Baken : gemeenteblad N.G. Kerk Zastron : Driekwart Eeufees uitgawe, Oktober 1968, bl. 5.

388 Rabie, J., a.w., bl. 15.

389 Doopregister, Zastron (1899-1902).

van die Vrystaatse Sinode, ds. J. J. T. Marquard, 'n erediens te Fouriesburg.[390] Dit is dan ook bekend dat Fouriesburg die laaste dorp in die Vrystaat is wat in die hande van die Engelse geval het.[391] Ds. M. Heyns het as veldprediker opgetree tot met sy gevangeneming in Junie 1900 toe hy saam met die mag van genl. Prinsloo moes oorgee. *"Hy is toegelaat om vir 'n maand huis toe te gaan en is toe na Natal gestuur as krygsgevangene, waar hy moes bly totdat sy gesondheid totaal ingegee het en hy op parool losgelaat is."*[392] Hierna is hy na Basoetoland, waar hy by sy vrou en kinders aangesluit het.[393] Dit is bekend dat hy nooit weer volkome kon herstel nie, wat hom later genoop het om die bediening neer te lê.

Die kerklike eiendom is gedurende die oorlog erg verniel. Ná die oorlog berig ds. M. Heyns soos volg oor die skade: *"De pastorie is onbewoonbaar, alle houtwerk is uitgebroken; het dak is met uitzondering van een paar platen gelukkig nog ongeschonden. Van mijn bibliotheek zie ik slechts verscheurde bladen verstrooid. Ook ons huisraad is vernield of verdwenen. Wij hebben zeer weinig kunnen redden daar aan mijne echtgenoote bij de aankomst van Generaal Rundle slechts tien minuten gegeven werden om het huis voor hem te ruimen."*[394] Ook die kerkgebou op Fouriesburg het nie die vernietigingswerk vrygespring nie: *"Ons kerkje is erg beschadigd, niet alleen zijn de banken en preekstoel verdwenen, maar ook de deuren zijn weg, de ruiten der vensters zijn aan stuk geslagen, en de vloerplanken zijn uitgebroken. Van ons zendingkerkje staan nog slechts de muren."*[395] Wat die kerklike dokumente betref, word berig dat *"de kerk boeken die onder den vloer in de Consistorie-kamer geborgen waren, verdwenen zijn".*[396]

---

390 De Fakkel, 30 November 1899.
391 Brink, N. J., Oorlog en ballingskap, bl. 85.
392 Olivier, D. P. M., Kerksoewenier van Senekal 1879-1929, bl. 140.
393 De Kerkbode, 3 Oktober 1901.
394 De Kerkbode, 28 Augustus 1902.
395 De Kerkbode, 28 Augustus 1902.
396 De kerkbode, 4 September 1902.

Ds. M. Heyns het tot met 21 Julie 1900 meer as 21 kindertjies gedoop, voordat hy die gemeente verlaat het. Hierna het 'n sendeling, J. J. Roos, tot ná die sluiting van die Vrede, die doop bedien.[397] Dat ds. Heyns gedurende hierdie tyd 'n geestelike krag was, spreek ná die oorlog uit sy pen: *"Het is ons een troost de verzekering te hebben dat onze God ons uit liefde kastijdt, tot ons nut. Bidt den Heere dat Hij ons genadiglijk een geest van vergevingsgezindheid en liefde schenke, daar ons volk erg verdeeld schijnt te zijn."*[398]

## 3.37 TROMPSBURG

Hierdie jongste gemeente van die Vrystaatse kerk is kort ná sy stigting in die krisis van 'n oorlog gedompel. Alhoewel die konsulent, ds. Piet du Toit van Edenburg, by die wieg van die gemeente met raad en daad die kerkraad bygestaan het, is die leiding van 'n eie leraar ontbeer. Voor die uitbreek van die oorlog is daar slegs sewe kerkraadsvergaderings gehou, die laaste op 21 Augustus 1899.[399] 'n Eerste beroep van die kerkraad op ds. A. Pepler van Molteno is onsuksesvol en op 'n gemeentevergadering word besluit om 'n pastorie te bou.[400] Dit blyk dat kerklike werksaamhede nog kon voortgaan, want op 8 Oktober 1900 word 'n kerkraadsvergadering gehou waar onder meer 'n nuwe koster aangestel is.[401] Die kerkraadsvergadering op 2 Desember 1901 kon slegs deur die konsulent en drie ouderlinge gehou word, waarna tog besluit word om die dringende sake te bespreek ten spyte daarvan dat hulle nie 'n kworum is nie. Daar is ook sprake van reparasies aan die deure en vensters, asook die pleistering van die kerkgebou.[402] Hierdie kerkgeboutjie was terselfdertyd ook die skool en vergaderplek van die mense van Trompsburg. Uit die Doopregister blyk dat daar in hierdie

---

397 Doopregister, Fouriesburg (1899-1902).
398 De Kerkbode, 28 Augustus 1902.
399 De Wet, H. C., Jubileumfees Trompsburg van die Ned. Geref. Gemeente Trompsburg O.V.S. 1898-1948, bl. 5-9; Notule, Kerkraad Trompsburg, 21 Augustus 1899.
400 De Kerkbode, 22 Junie 1899; Notule, Gemeentevergadering Trompsburg, 19 Augustus 1899.
401 Notule, Kerkraad Trompsburg, 8 Oktober 1900.
402 Notule, Kerkraad Trompsburg, 2 Desember 1901.

tyd 'n "Refugee Kamp" te Trompsburg was, waar die doop ook bedien is.[403]

In hierdie tyd was die gemeente Trompsburg dus aangewese op sy innerlike krag. Gestroop van alle uiterlike vertoon en mag, kon die oë maar net in geloofsvertroue op die onveranderlike Here en Koning van die kerk gevestig word. En dié geloof is nie beskaam nie.

Die bovermelde feite spreek in duidelike taal van die spoor van verwoesting wat die Anglo-Boereoorlog in die Oranje-Vrystaat nagelaat het. Die eertydse modelrepubliek is tot in die grond afgebreek.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat het ook nie aan die geweld van die oorlog ontkom nie. Die spoor van vernietiging loop deur al die gemeentes. Die skade wat op stoflike en geestelike gebied gely is, is onberekenbaar. Die navorser se bewondering word egter afgedwing deur die wyse waarop die kerk, veral op gemeentelike vlak, sy werk ook tydens die oorlog voortgesit het. Die offers wat gebring is om dit ten uitvoer te bring, is eweneens onberekenbaar. Daarmee is ook reeds die fondamente gelê waarop in die na-oorlogse tydperk voortgebou sou word. Daaroor word in die volgende hoofstuk gehandel.

---oOo---

403 Doopregister, Trompsburg (1899-1902).

# HOOFSTUK 4

# DIE KERK AANVAAR SY VERANTWOORDELIKHEID IN DIE PROSES VAN HEROPBOU NÁ DIE OORLOG

Daar was alle aanduidinge dat die Oranje-Vrystaat aan die begin van die twintigste eeu op sy weg van welvaat op politieke, maatskaplike, ekonomiese, kulturele en geestelike gebied sou voortgaan en selfs nuwe hoogtepunt sou bereik. Die Vrystaatse Republiek is egter helaas oor 'n tydperk van iets minder as drie jaar deur 'n magtige Britse oorlogsmasjien stelselmatig, gevoelloos en selfs vandalisties afgetakel. Boereplase met hulle huise, skure, gereedskap, veestapels en landerye is verwoes en dorpies met hulle huise, winkels, kerke en skole is geplunder en vernietig.[1] Met die ondertekening van die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 is die Anglo-Boere-oorlog beëindig. Aan albei kante is daar geweldige verliese gely. Dit was die langste, die duurste, die bloedigste en vernederendste oorlog waaraan Brittanje in die eeu tussen 1815 en 1914 deelgeneem het. Aan Boerekant was die prys van die oorlog geweldig hoog, ook gemeet in terme van lyding. In die konsentrasiekampe was die offer baie hoog, want amptelike skattings meen dat tot 28 000 mans, vroue en kinders in die kampe oorlede is.[2] Die knellende jare van swaarkry sou die beste uit die Afrikanervolk te voorskyn bring, soos daadkrag, pligsbesef en 'n verantwoordelikheidsin, wat onder meer gunstige omstandighede waarskynlik agterweë sou bly. *"In sy uur van nederlaag, vernietiging en verlies het sy inherente en gekultiveerdheid, waardigheid en adel van karakter as waarborg gedien dat hy weer die hoogtes van weleer en selfs hoër hoogtes sou bereik."*[3] Dit is ook duidelik dat die kerk sy verantwoordelikheid in die proses van heropbou ná die oorlog met waagmoed en daadkrag aangepak het,

---

1 Van Rensburg, A. P. J., Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-kolonie, 1902-1907, bl. 151.

2 Van Rensburg, A. P. J., a.w., bl. 183; Pakenham, T., Die boere-oorlog, bl. 595.

3 Van Rensburg, A. P. J., a.w., bl. 328.

soos blyk uit die beskikbare bronne. *"Maar miskien was die verval en die ontwrigting wat na die vrede binne die gemeentes bestaan het, veel erger as die materiële verliese. Die vreedsame, gelukkige samelewing van die ou republikeinse dae is vervang deur 'n ingewikkelde samelewing van bittereinders of 'Wilde Boere, hensoppers, National Scouts', vlugtelinge, bannelinge en mak Engelse, wat met verwyte en wantroue teenoor mekaar vervul was."*[4] In 'n tyd soos hierdie was die kerk van die Here Jesus Christus geroep om 'n versoeningsrol te speel, 'n taak wat alleen kon slaag as dit met oorgawe en in liefde sou geskied.

Alhoewel die algemene landstoestand sekerlik 'n neerhalende uitwerking op die geestelike lewe van die Boerevolk moes hê, was daar tog geen totale insinking nie; inteendeel, dit het 'n geweldige verdieping in die geestelike lewe meegebring. *"Die ganse oorlog was 'n geloofsdaad en die lyding en verguising wat die Afrikaner moes verduur, het in 'n groot mate gedien as 'n godsdienstige louteringsproses. Daarom het die Afrikaner in die Vrystaat ná die oorlog op kerklike gebied groot lewenskrag aan die dag gelê. Dit is dan ook nie vreemd dat die kerk onmiddellik na afloop van die oorlog die eerste organisasie was wat met sy werksaamhede 'n aanvang gemaak het nie. Die waarde hiervan op die geestelike, kulturele en maatskaplike lewe van die Afrikaner kan nie onderskat word nie."*[5] In sy selfherstel was die Vrystaatse kerk hoofsaaklik op sy innerlike krag aangewys. Ná die Vrede van Vereeniging het die predikante so spoedig moontlik na die gemeentes teruggekeer. Die moderator van die vorige Sinode, ds. J. J. T. Marquard van Winburg, bygestaan deur die lede van die Sinodale Kommissie, het leiding geneem en ook as aansporing gedien vir ander kommissies.[6] Dit sou veral op gemeentelike vlak na vore kom, want die kerk van die Here is 'n dinamiese en lewende organisme. Dit geld die kerk in sy

---

4 Oberholster, J. J. en Van Schoor, M. C. E., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat, bl. 113.
5 Oberholster, J. J. en Van Schoor, a.w., bl. 113.
6 Oberholster, J. J. en Van Schoor, a.w., bl. 113.

wydste sowel as in sy enger en meer begrensde omskrywing. Omdat die kerk lewend is, kan die kerk in die ware sin van die woord ook nooit stagneer en selfs dood wees nie. Die kerk van die Here Jesus kan nie sterf nie. Dit is immers die kerk, die liggaam van die lewende Here! Ware kerk-wees impliseer dus lewe en waar lewe is, is daar groei en ontwikkeling.[7]

## 4.1 OP SINODALE VLAK

### 4.1.1 Verslae maar hoopvol

Binne 'n jaar ná die Vrede van Vereeniging word die Vrystaatse Sinode op 30 April 1903 en volgende dae in Bloemfontein gehou. *"Geene plechtige opening vond er plaats. Hoe anders dan in verledene jaren! De Leeraren en Afgevaardigden hadden in stilte hunne zitplaatsen ingenomen."*[8] Ds. J. J. T. Marquard van Winburg word as moderator herkies, met ds. C. D. Bam van Fauresmith as assessor en ds. J. G. de Bruyn van Brandfort as skriba.[9] *"In gevoelvolle woorden gedacht de Moderator aan de lotgevallen der laatste jaren, doch hetgeen hem bemoedigde temidden van zooveel teleurstellends in de drievoudige opstandingszegen van Jezus: Vrede zij ulieden! Ik zend u! Ontvangt den Heiligen Geest! en die woorden, waarover hij eenigzins uitweidt, zou hij met alle bescheidenheid in 't midden der vergadering leggen."*[10]

### 4.1.2 Oproep om kerkeenheid

Die vergadering word ook toegespreek deur ds. A. P. Kriel, wat die Ned. Geref. Kerk in Transvaal verteenwoordig. Hy lewer 'n ernstige pleidooi vir kerkeenheid en wys daarop dat die oorlog veel beproewing

---

7 Heyns, J. A., <u>Die kerk</u>, bl. 203.
8 <u>De Fakkel</u>, 14 Mei 1903.
9 <u>Acta Synodi</u>, O.V.S., 1903.
10 <u>De Fakkel</u>, 14 Mei 1903.

meegebring het, wat die susterskerke nader as ooit aan mekaar gebring het. *"Indien de ordonnantie van 1862 nu kon opgeheven worden, zoodat de verschillende Kerken kunnen vereenigen, dan zou dit eene heerlijke vrucht der beproeving zijn."*[11] Die groete van die Ned. Geref. Kerk in Natal word deur ds. H. F. Schoon oorgebring, waarin hy op grond van die historiese feite die noue verband met die Vrystaatse kerk beklemtoon. *"Door de gemeenschappelijk lijden is dan ook de liefdeband versterkt geworden."*[12] Vervolgens het ds. G. A. Scholtz die groeteboodskap namens die Kaapse kerk gebring. Hy beklemtoon die strewe na kerklike eenheid, wat in die krisistyd net versterk is. *"De sympathie van de moederkerk heeft niet alleen in woorden bestaan, maar hij kon met bescheidenheid zeggen, ook in de daad. Die Kerk heeft met daden bewezen dat de Oranjerivier slechts een aardrijkskundige scheiding maakt, en dat wij in der waarheid één zijn, deelend in elkanders vreugde, deelend in elkanders smart."*[13] Dit spreek vanself dat hierdie groeteboodskappe die geestelike band tussen die onderskeie kerke versterk het.

### 4.1.3 Kerk en staat

Die intieme verhouding wat daar voor die oorlog tussen kerk en staat bestaan het, het met die vervanging van die eerstydse Republikeinse regering deur 'n Britse Kroonkoloniebestuur verval. Die hele aangeleentheid tree sterk na vore wanneer 'n gesant van die Engelse owerheid 'n brief aan die Sinode voorlees, wat hoofsaaklik oor onderwyssake gegaan het: *"De Moderator, die kalm, bedaard en beslis sprak, zeide dat de Synode een officieel antwoord zou geven wanneer de brief in de taal van onze Kerk zal zijn vertolkt. Hij gaf Zijn Excellentie de verzekering dat wij, in gehoorzaamheid aan Gods Woord, immer Gods zegen zullen afbidden over allen die over ons regeeren."*[14] Hoewel die kerk sy posisie as

---

11 De Fakkel, 14 Mei 1903.
12 De Fakkel, 14 Mei 1903.
13 De Fakkel, 14 Mei 1903.
14 De Fakkel, 14 Mei 1903.

vertroueling van die staat verloor het, staan die Kroonkoloniebestuur tog nie ongevoelig teenoor die groot taak van die kerk nie, daarom word die finansiële steun aan die kerk voortgesit.[15] Die kerk word in sy onafhanklikheid van die staat in 'n sterker posisie geplaas om sy invloed op bepaalde terreine te laat geld.

### 4.1.4 Stand van die godsdiens

Uit die Godsdiensverslae is 'n duidelike tendens van geestelike groei te bespeur. Die moderator beklemtoon vier belangrike tendense wat algemeen in die verslae voorkom: *"(1) Waarachtige dankbaarheid. Onze kerk heeft eene geschiedenis doorgemaakt geheel eenig in haar soort. Zijn is geweest als een brandende braambosch die brandde doch niet verteerd werd. Niet alleen zijn wij bewaard gebleven, maar de tijd van beproeving was voor ons een tijd van grooten zegen geweest. Vele bekeeringen hebben plaats gegrepen in de kampen. 175 jongelieden hebben zich gewijd aan het werk der zending. Als een voorbeeld noemd hij hoe dat een man in Winburg als een dronkaard van Winburg naar commando gegaan was en na den vrede als een kind Gods terug gekomen is, en nu voor den Here leeft. (2) Ootmoed. Voor velen was de tijd van beproeving een tijd van verharding geweest. Er is thans een grootere openbaring van wereld zin dan vroeger. (3) Hoop. 'Ik ben optimistisch', merkte hij aan, 'ik geloof in een heerlijke toekomst voor onze kerk, zooals wij nog nooit tevoren beleefd hebben'. De Heere God is onze God. Wij hebben reeds veel gehoord en gezien, maar het is nog voor ons oog verborgen wat God in de toekomst voor ons doen zal. Het oog des geloofs echter ziet heerlijke dingen in de toekomst. (4) Een besef van onze groote verantwoordelijkheid. Er zijn vele deuren voor ons geopend. Door den oorlog is er eene groote arme-klasse ontstaan, die door ons moet worden verzorgd en bearbeid: Een teedere plantje is in ons midden van Ceylon, St. Helena, de Bermudas en elders overgeplant - de christelijke*

15 Acta Synodi, O.V.S. 1903, bl. 26 e.v.

*strevensvereeniging namelijk. Dit plantje moet door ons gekweekt worden. Dan is er de onderwijs kwestie. Wij moeten waken over het onderwijs aan onze kinderen gegeven. Wij hebben onze onafhankelijkheid in het graf gelegd, maar niet onze beginselen."*[16] Dit is dus duidelik dat die kerk van Jesus Christus in die na-oorlogse tyd sy taak intensief sowel as ekstensief gesien het. In die woorde van Getz: Met Matt. 28:19,20 in gedagte, het twee belangrike vrae in die hart van die kerk gelewe: Waarom bestaan die kerk in die wêreld? Waarom bestaan die kerk as 'n vergaderde gemeenskap?[17]

### 4.1.5 Knelpunte

Daar was verskeie knelpunte waaraan aandag gegee moes word.

#### 4.1.5.1 Bywoning van eredienste

Dit het geblyk dat weens 'n gebrek aan vervoermiddele, vernietiging van huise, skaarste aan trekdiere en ander probleme, die bywoning van eredienste deur mense in plattelandse gemeentes nie na wense was nie. Aangesien daar ná die oorlog meer mense op die dorpe gewoon het, was die opkoms dáár egter beter as vroeër.

#### 4.1.5.2 Die gebruik van die sakramente

Onderlinge verdeeldheid het ook in meer as een gemeente beroeringe gebring. *"De politieke verwikkelingen en de verdeeldheid onder ons volk hebben ook een merkbaren invloed uitgeoefend, vooral wat de viering van het Heilig Avondmaal betreft."*[18] Baie lidmate onthou hulle van die sakramente omdat hulle nie kans sien om saam met sommige broeders aan

---

16 De Fakkel, 14 Mei 1903.
17 Getz, G. E., Sharpening the focus of the church, bl. 22.
18 De Fakkel, 14 Mei 1903.

die tafel van die Here te sit nie. In ander gemeentes heers daar weer 'n lieflike gees rondom die Nagmaalstafel, deels as gevolg van deeglike pastorale arbeid en die verkondiging van die Evangelie van versoening. In 'n mindere of meerdere mate het die Godsdiensverslae getoon dat *"de oorlog scherpe scheidslijnen heeft getrokken en veel verbittering heeft veroorzaakt. Uit vele verslagen echter is het op te merken dat het bitter gevoel aan het afnemen is, en dat de prediking van het Evangelie des Vredes een merkbare invloed heeft ten goede."*[19] Na 'n heftige debat oor dié aangeleentheid dring sommige afgevaardigdes daarop aan *"dat diegene die ons volk in den vurigsten strijd ontrouw geweest zijn, belijdenis moeten doen en vergeving van hunne medebroeders en van God moeten ontvangen, alvorens wij tot hen toenaderen."*[20] Enkele broeders wys op die plig van die kerk om sulke persone op te soek en vir die saak van die Here te wen. Ds. Paul Roux van Senekal, bekende veg-generaal in die hitte van die stryd, dring nie net op skuldbelydenis aan nie, maar ook die aan die kaak stel van onheilighede wat gepleeg is. Nie net sekere sondes is tugwaardig nie, elke aspek van die wet moet in die soeklig kom. Ds. C. P. Theron van Bethlehem is van mening dat *"wij het verledene moeten vergeten en toedekken en slechts voor conciliatie werken."*[21] Ná 'n deeglike bespreking oor hierdie aangeleentheid som die Vrystaatse Kerkblad die situasie soos volg op: *"De Kerk zal doen wat in haar vermogen is om vrede en verzoening te bewerken, en het Evangelie der verzoening en genade zal triomfeeren."*[22]

### 4.1.5.3 Finansiële toestand

Die sinodale vergadering het ook die finansiële toestand van die kerk bespreek. Die Vredesverdrag van Vereeniging het voorsiening gemaak vir "'n vrye gif" van R6 000 000 waaruit onder meer die kerklike eiendomme herstel kon word, asook die gee van voorskotte by wyse van

---

19 De Fakkel, 14 Mei 1903.
20 De Fakkel, 14 Mei 1903.
21 De Fakkel, 14 Mei 1903.
22 De Fakkel, 14 Mei 1903.

lenings.[23] Op die ou end het die kerk nie eens die helfte van die beloofde bedrag aan kompensasie ontvang nie, wat hom in 'n netelige situasie geplaas het. Elke kerkraad kon vir kompensasie aansoek doen, maar uiteindelik het elkeen net ongeveer een vyfde van sy eis ontvang. *"Die haas waarmee die Godshuise herstel is en die feit dat die Boer, ten spyte van die algemene naoorlogse gebrek, nie vir die hoë koste teruggedeins het nie, was 'n bewys van sy diepe godsdienssin en sy ingebore behoefte aan gemeenskap met sy God."*[24]

### 4.1.6 Herderlike Brief

Die Herderlike Brief aan die gemeentes toon aan op watter hoë vlak besprekings rakende die belange van die Vrystaatse kerk op dié Sinodesitting gevoer is. *"De bijzondere tijdsomstandigheden eischen bijzonderen ernst, bijzondere omstandigheid, bijzondere toegewijdheid."*[25] Meer as een afgevaardigde het ná die Sinodesitting getuig, *"'t Is een van de gezegenste Synoden die wij ooit hebben bijgewoond."*[26] Daar was 'n opregte begeerte tot selfherstel, en die Vrystaatse kerk het nie gewag om die hand aan die ploeg te slaan nie.

## 4.2 OP RINGSVLAK

### 4.2.1 Die Sentrale Ring

Op 21 April 1904 vind die vyfde vergadering van die Sentrale Ring op Senekal plaas. Die volgende gemeentes word verteenwoordig: Winburg, Ficksburg, Ladybrand, Brandfort, Senekal, Ventersburg en Thaba Nchu.

---

23 Kestell, J. D. en Van Velden, D. E., De Vredesonderhandelingen tusschen Boer en Brit in Zuid-Afrika, bl. 118.

24 Oberholster, J. J. en Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 114-115.

25 De Fakkel, 28 Mei 1903.

26 De Fakkel, 28 Mei 1903.

By die opening wys ds. J. J. T. Marquard daarop dat daar baie dinge gebeur het sedert die Ring vyf jaar gelede vergader het. *"Bij al de veranderingen van die jaren, is er veel dat ons tot dankbaarheid stemmen moet."*[27] Hy lewer 'n treffende rede na aanleiding van Handelinge 28 vers 15 en wys die broeders daarop dat hulle goeie moed moet skep in die tyd waarin hulle leef. *"Hij herinnert dat 't ongeveer 40 jaren is sedert die Kerk in de O.R.K. gesticht is, en toch is 't alsof wij nu een nieuw begin moeten maken. Kerken worden gebouwd, en scholen gesticht."*[28] Tydens die bespreking oor kerkvisitasie in die gemeentes word nadruk gelê op die noodsaaklikheid om gereeld uit die Heidelbergse Kategismus te preek, asook die belangrikheid van gebed as middel tot kragtige Evangelieprediking en geestelike herlewing.[29]

Die Ring neem 'n besluit, waarin hy kerkrade versoek om indien nodig oor te gaan tot die stigting van nuwe gemeentes. Tydens die vergadering word 'n versoekskrif behandel waarin gevra word vir die stigting van 'n nuwe gemeente te Odendaalsrus, wat dan ook goedgekeur word.[30] 'n Belangrike bespreking oor die onderwys vind plaas, waarna die volgende besluit geneem word: *"De Ring bevele ten sterkste aan de oprichting van Kerkscholen in al de gemeenten onder hem sorteerende."*[31] Daar word met dankbaarheid kennis geneem van die opofferings wat gemaak word om 'n gesonde Christelike opvoeding vir die kind te verseker. Die vergadering word deur ds. J. D. Kestell met 'n kragtige gebed afgesluit.

### 4.2.2 Die Westelike Ring

Op 21 tot 23 April 1904 vind die sitting van die Westelike Ring in die

---

27 De Fakkel, 26 Mei 1904.
28 Notule, Sentrale Ring, 1904, bl. 31.
29 Notule, Sentrale Ring, 1904, bl. 32.
30 Notule, Sentrale Ring, 1904, bl. 37.
31 Notule, Sentrale Ring, 1904, bl. 41.

Gedenksaal te Bloemfontein plaas. Die volgende gemeentes word verteenwoordig: Fauresmith, Bloemfontein, Boshof, Jacobsdal, Petrusburg, Jagersfontein en Lückhoff. Nadat die vergadering wettig gekonstitueer is, word die afgelope vyf jaar se lief en leed bespreek. *"De Westelijke Ring moet opnieuw beginnen. Wij hebben hoegenaamd geene Ringsdocumenten. Alles is door het vuur in Luckhoffs pastorie verteerd."*[32] Later met die ontdekking van die Notuleboek van die Ring van Transgariep (wat onder meer ook die Notules van die Westelike Ring vanaf stigting tot kort voor die oorlog bevat), sou dit blyk dat die Notuleboek blykbaar deur ds. E. G. Malherbe aan ouderling Adriaan Weideman gegee is, wat dit bewaar het totdat dit in die Vrystaatse Kerkargief beland het. Dit is dus nie in die oorlog verbrand nie. So het hierdie belangrike ringskroniek vir ons behoue gebly.[33] Ten spyte van 'n donker prentjie wat geskilder word, lees ons die volgende moedige getuienis: *"De Ring is niet verteerd, maar leeft."*[34] Dit sou ook tiperend van die werksaamhede wees.

Tydens die **kerkvisitasie** word gekla oor die *"zwak en steeds zwakker worden zingen in onze Kerken"*.[35] Boshof neem die voortou met die stigting van **kerkskole**, wat tot gevolg het dat 'n skrywe aan al die gemeentes gestuur word, waarin aanbeveel word dat kerkskole gestig moet word. Die feit dat sommige die **sakramente** te ligtelik gebruik en die kwessie van die toepassing van kerklike tug, geniet ook die aandag van die vergadering. Daar word ook pogings aangewend *"om voorziening te maken in de geestelijke behoeften van onze menschen aan den spoorweg"*.[36] Twee **versoekskrifte** dien voor die Ring vir die stigting van onderskeie gemeentes te Dealesville en Koffiefontein. Dit word goedgekeur en vir afhandeling aan die ringskommissie oorgelaat.[37] Op dié wyse het hierdie na-oorlogse ringsitting ook sy deel bygedra tot die fisiese

32 Notule, Westelike Ring, 21 April 1904.
33 Die Kerkbode, 24 September 1980.
34 Notule, Westelike Ring, 21 April 1904.
35 Notule, Westelike Ring, 21 April 1904; De Fakkel, 12 Mei 1904.
36 Notule, Westelike Ring, 22 April 1904.
37 Notule, Westelike Ring, 22 April 1904.

uitbreiding van die kerk in die Oranje-Vrystaat. In dié gebied sou die kerk ook van krag tot krag groei tot eer van die Here.

'n Brief aan ds. H. P. van der Merwe in verband met die hou van **spesiale dienste** kom ter tafel. Daar word besluit dat die Ring self, indien nodig, iemand vir dié doel sal benoem.

### 4.2.3 Die Noordelike Ring

Op 8 April 1904 vergader die Noordelike Ring op Kroonstad. Die volgende gemeentes word verteenwoordig: Kroonstad, Heilbron, Bultfontein, Hoopstad, Vredefort, Parys en Bothaville. By dié geleentheid word ds. G. W. B. van der Lingen as voorsitter herkies, waarna die vergadering met sy normale werksaamhede voortgaan. Die enigste werklike verwysing na die oorlog is die *"goedkeuring van uitgaven in verband met het aankoopen van Ringsboeken ens., die tijdens den oorlog verbrand zijn."*[38] 'n Lewende skakel met die stryd was genl. C. R. de Wet, wat die vergadering as afgevaardigde ouderling van Vredefort bygewoon het. Uit die kerkvisitasieverslae blyk dit dat *"er geen achteruitgang in den Huisgodsdienst gekomen is en dat ons volk zich nog niet aan ongeloof overgegeven heeft"*.[39] Die kwessie van Christelike onderwys kom sterk in die soeklig met die stigting van kerkskole in byna elke dorp. Op Kroonstad was daar reeds 'n kerkskool met meer as 100 kinders. *"De Kerk heeft hun heilige plicht vervuld in het besluit der H.E. Synode omtrent Kerkscholen"*, wat duidelik blyk uit die onderskeie verslae van die gemeentes.[40] Eerw. Smit, wat onder die inwoners van Nyasaland gewerk het, doen verslag en spreek sy dank uit teenoor die broers vir hulle bydraes en gebede.[41]

---

38 Notule, Noordelike Ring, 8 April 1904.
39 Notule, Noordelike Ring, 8 April 1904.
40 Notule, Noordelike Ring, 8 April 1904.
41 De Fakkel, 28 April 1904.

Die notule van die Noordelike Ring maak geen melding van die stigting van 'n nuwe kerk weens wrywing op kerklike gebied nie. In sy proefskrif bespreek J. A. S. Oberholster die ontstaan en ontwikkeling van die Gereformeerde Kerke onder die kruis in Suid-Afrika. Wat die Noordelike Ring betref, word alleenlik die gemeentes Hoopstad, Frankfort en Parys geraak. 'n Faktor wat sekerlik tot die afname in wrywing gelei het, is die invloed wat van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranjerivierkolonie uitgegaan het.[42] Hierdie mooi gesindheid was ook tydens die sitting van die eerste na-oorlogse Ring te Kroonstad waarneembaar.

### 4.2.4 Die Oostelike Ring

Gedurende 14 tot 16 April 1904 vergader die Oostelike Ring in die kerkgebou te Vrede. Die volgende gemeentes word verteenwoordig: Harrismith, Bethlehem, Frankfort, Lindley, Vrede, Reitz en Fouriesburg. Ds. Geo Thom van Frankfort word as voorsitter verkies, en ds. M. Smuts van Lindley as skriba van die vergadering. Ná 'n kort boodskap deur die voorsitter, word die werksaamhede van die Ring onder die loep geneem. Dit blyk uit die kerkvisitasieverslae *"dat velen niet gebruik maken van het Heilig Avondmaal en de Vergadering gevoelt het haar plicht hare afkeuring hierover uit te spreken"*.[43] Die wenslikheid om meer gereeld oor die Heidelbergse Kategismus te preek, word ook uitgespreek. 'n Kommissie word benoem om die moontlikheid te ondersoek om 'n eie sendeling vir die gemeentes Harrismith, Frankfort en Bethlehem te bekom.

Ds. Geo Thom van Frankfort wys die vergadering daarop dat die gemeentes 'n te klein gedeelte kompensasie ontvang het, vir die vernieling van kerklike eiendom deur die Britse owerheid. Na bespreking

---

42 Oberholster, J. A. S., Die gereformeerde kerke onder die kruis in Suid-Afrika - hul ontstaan en ontwikkeling, bl. 255 e.v.

43 Notule, Oostelike Ring, 14 April 1904.

word die volgende voorstel oor die saak ingedien en aanvaar: *"De Ring vernomen hebbende dat de gemeente Frankfort, waar drie kerkgebouwen en de pastorie gedurende den oorlog verwoest zijn, slechts een zewende van den eisch door haar ingezonden, als compensatie van de Britsche Regeering ontvangen heeft; en dat genoemde gemeente niet in staat is haar hoofdkerkgebouw te Frankfort, dat ongeveer £10,000 heeft gekost te herbouwen wegens de verarmden toestand der gemeenten en dat de gemeente Lindley onder dergelijke beproevende omstandigheden verkeert; verzoeke de Synodale Commissie voor de aandacht der Regeering te brengen, dat de compensatie die verleend werd aan onze Kerk voor de verwoesting van kerkelijke gebouwen geenszins eene vergoeding kan beschouwd worden voor de schade die zij geleden heeft; en stelle duidelijk en dringend aan de Regeering voor de wenschelijkheid om eene verdere toelaag als compensatie aan de Kerk toe te kennen ten einde hare verwoeste Kerkgebouwen te herstellen."*[44]

Die kwessie van godsdiensonderrig word indringend bespreek, waarna die Ring besluit dat 'n pos geskep moet word vir 'n persoon wat die saak van die onderwys kan bevorder, *"en uniformiteit in schoolbestuur en schoolstandaards te bevorderen"*.[45] Die voorsitter wys op die noodsaaklikheid dat elke huisgesin en sieke in *"dezen tijd waarin ons volk zich in zulken benarden toestand bevindt te bezoeken"*.[46] 'n Konferensie met die gemeente word ook gehou oor die roeping van die gemeente, waar die gelowiges gewys word op die belangrikheid van innerlike groei. 'n Versoek om 'n gemeente te stig tussen Harrismith en Vrede, word in die hande van die onderskeie partye gelaat.[47]

---

44 Notule, Oostelike Ring, 16 April 1904.
45 De Fakkel, 26 Mei 1904.
46 Notule, Oostelike Ring, 16 April 1904.
47 Notule, Oostelike Ring, 16 April 1904.

## 4.2.5 Die Suidelike Ring

Op 8 en 9 April 1904 vergader die Suidelike Ring te Zastron. Die volgende gemeentes word verteenwoordig: Smithfield, Philippolis, Edenburg, Bethulie, Rouxville, Wepener, Dewetsdorp, Zastron en Trompsburg. Ds. A. A. L. Albertyn van Rouxville open die vergadering en bring 'n kort bemoedigende boodskap. *"Er ga voort te spreken over de woorden 'Immers is myne ziel stil tot God'. Ps. 62:1. Er wordt aangetoond hoe deze stemming ons past in onze droefheid na sware beproewingen, in onze droefheid over het overlijden van dierbaren, men dacht hier vooral aan wylen Ds. Keet die Zuidelike Ring zoo getrouw als scriba gediend heeft tot op zyne laatste vergadering, in onze droefheid wanneer wij dachten aan Land en Volk."*[48] Ds. Colin Fraser van Philippolis word as voorsitter verkies en ds. P. A. M. de Vos van Zastron as skriba.

Uit 'n verslag van ds. A. A. L. Albertyn, die uittredende voorsitter, blyk dit dat die Notuleboeke en dokumente van die Suidelike Ring wat gedurende die oorlog in die konsistoriekamer op Rouxville geberg was, in 'n gehawende toestand gevind is. Die verslag van die Ringskommissie word gelees, waaruit die werksaamhede in die reses blyk. Dit word goedgekeur, onder meer die stigting van 'n nuwe gemeente te Trompsburg, die laaste in die Republikeinse tydperk. Die godsdiensverslae word gelees en aanvaar. *"Men betreurt de geestelijke doodschheid in de gemeenten, en verlangt naar eene herleving, die beginnen moet bij predikanten en Kerkeraden."*[49] Daar word ook besluit dat 'n jaarlikse Sondagskoolkonferensie in die Ring gehou sal word. Ná 'n konferensie met die gemeente wat handel oor *"De Christen in de wêreld"* word die drie-en-twintigste vergadering van die Suidelike Ring met gebed afgesluit.[50]

---

48 Notule, Suidelike Ring, 8 April 1904.
49 De Fakkel, 12 Mei 1904.
50 Notule, Suidelike Ring, 9 April 1904.

## 4.3 OP GEMEENTELIKE VLAK

Gemeentes word behandel in chronologiese orde soos hulle by die vermelde Ringe ingedeel is.

### 4.3.1 Winburg

Ná die Vrede van Vereeniging het ds. J. J. T. Marquard en sy gesin so spoedig moontlik na Winburg teruggekeer. Hulle kom op 29 Julie 1902 op die dorp aan en die leraar kon op 3 Augustus die eerste keer sedert 18 April 1900 weer *"het eeuwig evangelie aan een zeer klein gedeelte zijner gemeente verkondigen"*.[51] Die eerste kerkraadsvergadering ná die vrede word op 11 Oktober 1902 gehou, presies drie jaar na die uitbreek van die oorlog. Een van die ouderlinge is tydens die oorlog oorlede, 'n ander was nog nie terug van ballingskap nie. Die saak rakende die onvoltooide kerkgebou kom aan die orde. 'n Opdrag word aan die boukommissie gegee om oor sekere sake met die argitek te onderhandel.[52] Die kerkbouery was met die uitbreek van die oorlog al so ver gevorder dat die onvoltooide kerkgebou in dié tyd as hospitaal gebruik is.[53] 'n Brief van die plaaslike leraar word gelees waarin hy afstand doen van sy salaris vanaf 1 November 1900 tot 30 Junie 1902, met sekere aanpassings daarna.[54] 'n Buitengewone kerkraadsvergadering word later die jaar gehou, waar verdere besluite rakende die kerkgebou geneem is. Ds. Marquard stel hom ook weer beskikbaar vir huisbesoek.[55]

Op 21 Januarie 1903 word 'n gedrukte skrywe deur die plaaslike leraar, ds. J. J. T. Marquard, aan gemeentelede van Winburg gestuur. *"Ik kom tot u, door dit schrijven, om u bekend te maken, dat met het bouwen*

---

51 De Kerkbode, 14 Augustus 1902.
52 Notule, Kerkraad Winburg, 11 Oktober 1902.
53 Van der Walt, L.B. en Botha, S. J., Die ontstaan en groei van Winburg, bl. 6.
54 Notule, Kerkraad Winburg, 11 Oktober 1902.
55 Notule, Kerkraad Winburg, 6 Desember 1902.

*der onvoltooide Nieuwe Kerk zeer spoedig een begin gemaakt zal worden. Ons besluit is dat van Nehemia 'God van den hemel, Die zal het ons doen gelukken, en wij, Zijne knechten, zullen ons opmaken en bouwen'. Er zal niet gecollecteerd worden. De zaak is een gansch vrijwillige. Vraagt gij hoe gij helpen kunnen dan is het antwoord: 1. Door des Heeren zegen op het werk af te smeeken. 2. Door te geven wat gij kunt, en door zulks geregeld te doen, al gaat het geven met opofferingen gepaard. 3. Door uwe giften naar de Pastorie te brengen. Het verblijdt mij, dat eenigen uwer het bedrag, waarvoor op een kaartje vóór den oorlog werd ingeteekend, na den oorlog hebben afbetaald. Dit voorbeeld vinde navolging. Zelfs door rentelooze voorschotten, of door voorschotten, tegen een lager rentekoers kunt gij ons helpen."*[56] Dit blyk dat hierdie skrywe die regte uitwerking gehad het, want met die inwyding was daar net £9014.18.6 skuld, terwyl die kerkgebou £21,334.11.3 gekos het.[57] Dit spreek boekdele as 'n mens dink dat hierdie geld deur lidmate onder die moeilikste omstandighede denkbaar gegee is. Alleen die kollekte tydens die inwyding het meer as R600 beloop.[58]

Verdeeldheid op gemeentevlak sou ook in 'n mindere mate die geestelike toestand verswak, alhoewel die plaaslike leraar op 'n besondere wyse persone in broederlike liefde laat versoen het. Tydens 'n kerkraadsvergadering op 2 Augustus 1903 word die posisie van die *National Scouts* in die gemeente bespreek, nadat die bedanking van twee lede van die kerkraad aanvaar is.[59] Dat daar wel by party berou was oor dade wat gedurende die oorlog gepleeg is, blyk uit die gelese notules. Twee broeders word tot die kerkraad verkies, wat stemme van protes ontlok en tot die opstel van 'n petisie teen hulle verkiesing lei. Nadat albei partye tydens 'n kerkraadsvergadering hulle saak gestel het, volg 'n hewige bespreking. Party broers is bereid om hulle te vergewe, maar

---

56 Gedrukte brief van ds. J. J. T. Marquard aan gemeentelede van die Ned. Geref. Gemeente Winburg (Deel een van die Marquard-dokumente in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad), M.S.B. 317.

57 De Fakkel, 31 Maart 1904.

58 De Fakkel, 31 Maart 1904.

59 Notule, Kerkraad Winburg, 2 Augustus 1903.

weier om hulle die hand te gee, terwyl ander by hulle eis bly dat die broeders moet bedank. Hoe diep hierdie gevoel was, blyk uit die feit dat belydenis en berou die ontevredenes nie tot ander insigte kon bring nie. Die twee verkose broers het bely *"dat zy genade hadden ontvangen en ten zeerste betreuren den stap door hem in den oorlog genomen. Zy vragen om vergiffenis en zeggen dat ter wille van den vrede in de gemeente zy besloten hebben te bedanken voor de betrekkingen hun aangeboden."*[60] Tyd sou egter salwing bring, maar die unieke werking van die Heilige Gees sou ook in dié gemeente wonders doen, want baie kon getuig van die krag van die Here se werking in hulle lewens. 'n Week van gebed word gehou waar baie tot persoonlike geloof en toewyding kom.[61]

Die inwyding van die imposante nuwe kerkgebou die naweek van 18 tot 20 Maart 1904 was 'n besondere mylpaal op die pad van die gemeente. Van heinde en verre het mense gestroom om deel aan die feesvieringe te hê. Ná 'n plegtige optog vanaf die noodkerk het die plaaslike leraar die deur ontsluit en die gebou is gevul met meer as 1 500 dankbare feesgangers. 'n Hele aantal predikante was teenwoordig, terwyl ds. Georg Murray van Oudtshoorn die wydingsrede na aanleiding van 1 Korintiërs 3:16 gelewer het. As deel van die feesnaweek is 'n aantal spesiale dienste tot seën van vele gehou.[62] Dit was 'n besondere kerkgebou wat deur die jare 'n ereplek in ons kerkargitektuur sou inneem. As 'n voorbeeld van die katedraalstyl met sy besonder mooi kliptoring, het dit 'n bekende baken geword vir die moeë reisigers langs die grootpad van suid na noord.[63]

Ná die terugkeer van ds. J. J. T. Marquard het hy hom nie net aan die geestelike bearbeiding van sy lidmate gewy nie, maar ook die sosiaal-ekonomiese toestand in die Vrystaat het sy aandag gevra. In

---

60 Notule, Kerkraad Winburg, 3 September 1904.
61 De Fakkel, 26 Mei 1904.
62 De Fakkel, 31 Maart 1904.
63 Van den Heever, C. M. (red.), Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel III, bl. 467.

die omgewing van Winburg was daar hawelose kinders wat ná die uitmergelende oorlog geen versorging gehad het nie. Waarskynlik het die leraar in die omgang reeds die saad gesaai vir die oprigting van 'n kinderhuis, want tydens 'n kerkraadsvergadering word 'n skenking van 'n paar duisend pond deur 'n lidmaat aanvaar. Daar heers dankbaarheid en vreugde, terwyl die kerkraad grond vir die oprigting van 'n geboue-kompleks skenk.[64] Die saak geniet reeds sedert 1902 die aandag van die plaaslike leraar en gemeenskap. *"Teen die einde van September 1902 het ds. A. J. Louw (later moderator van die Transvaalse Sinode en leraar van die Ned. Geref. Gemeente, Heidelberg, Transvaal) 'n reis onderneem ten behoewe van die weeskinders uit die Engelse oorlog (1899 tot 1902). Hy het ook Winburg besoek. Hier het hy met ds. J. J. T. Marquard, leraar van die Winburggemeente en ook moderator van die Vrystaatse Kerk oor die wenslikheid van die moontlike oprigting van 'n 'weeshuis' op Winburg gesels."*[65] Uit die dokumente blyk dit dat ds. Marquard die hart en siel agter die stigting van die kinderhuis op Winburg was. Sy skielike afsterwe aan die einde van 1904 het dan ook 'n groot leemte gelaat, alhoewel die kinderhuis op Winburg altyd as een van sy blywende monumente onthou sal word.

Op 6 November 1904 maak ds. Marquard aan die gemeente bekend dat hy 'n beroep na die Tweetoringkerk in Bloemfontein aanvaar het. Sy afskeidspreek sou hy op 4 Desember 1904 lewer.[66] Hy word egter siek en sterf op Sondagoggend 18 Desember 1904 aan ingewandskoors. Hierdie besonder begaafde Vrystaatse kerkleier word onder blyke van groot belangstelling op Winburg begrawe.[67] *"Ds. J. J. T. Marquard het in 'n kort bedieningstyd van twintig jaar merkwaardig veel verrig. In die twee gemeentes wat hy bedien het, Bethulie en Winburg, onderskei hy hom as 'n besielende organiseerder en pryk daar vandag twee sierlike kerkgeboue, ter nagedagtenis aan sy onuitblusbare ywer. In dié*

---

64 Notule, kerkraad Winburg, 2 April 1904.
65 Botes, W. (red.), Tagtigjarige herdenkingsfeesblad Winburg-Kinderhuis, 1902-1983, bl. 14.
66 De Kerkbode, 10 November 1904.
67 De Fakkel, 28 Desember 1904.

*droewige dae ná die oorlog is hy 'n versoeningsfiguur tussen diegene wat deur die oorlog van mekaar vervreem en verwyder is. Sy dood is as 'n haas onherstelbare verlies aangevoel, maar die pas waarteen hy geleef en gewerk het, was van so 'n aard dat hy altyd as een van die groot seuns van die Vrystaatse Kerk onthou sal word."*[68]

## 4.3.2 Ficksburg

Dwarsdeur die oorlog het die gemeente die bediening van 'n eie leraar ontbeer, alhoewel ds. P. S. van Heerden (Ladybrand) en P. H. Roux (Senekal) die gemeente na vermoë bygestaan het. Die eerste kerkraadsvergadering ná die oorlog word op 11 Oktober 1902 onder leiding van die konsulent, ds. P. S. van Heerden, gelei. Alhoewel die kerkraad op 18 September 1899 'n beroep op ds. J. Rabie van Uitenhage uitgebring het, word besluit dat as gevolg van verskeie faktore, die beroep nie meer geldig is nie. Daar sou op 'n volgende vergadering 'n nuwe herder en leraar vir die gemeente beroep word. Die kerkraad neem ook kennis daarvan dat die regering 'n bedrag van £200 per jaar gaan bydra vir die salaris van 'n leraar, maar dat dit elke jaar met 10 persent verminder sal word totdat dit na 'n tydperk van 10 jaar nie meer betaal gaan word nie.[69]

Die leraar word gevra om saam met een of twee ouderlinge die jongmense wat voorgestel moet word, te ontmoet en ook 'n persoonlike onderhoud met elkeen te voer. Toestemming word verleen dat 'n tak van die *Christelijke Strevers Vereeniging* in die gemeente gestig kan word.[70] Tydens 'n gekombineerde kerkraadsvergadering, gehou op 13 Desember 1902, word ds. J. D. Kestell van Harrismith as nuwe leraar beroep. In 'n brief aan

---

68 Van der Merwe, G. A., Enkele leierfigure van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat gedurende die Republikeinse tydperk, 1854-1902 : 'n biografiese evaluering, bl. 39-40.

69 Notule, Kerkraad Ficksburg, 11 Oktober 1902.

70 Notule, Kerkraad Ficksburg, 12 Desember 1902.

die konsulent neem ds. Kestell die beroep aan, maar meld "*dat het hem onmogelijk is de Gouwerments toelage aantenemen voor deel van salaris. Hij was vóór de oorlog er op tegen dat de Kerk ondersteuning kreeg van de Regering en nu meer dan ooit. De Gemeente behooren zelf hunne Kerken te ondersteunen.*"[71] Hieroor word 'n bespreking gevoer, waarna besluit word om aan die nuwe leraar 'n jaarlikse salaris van £400 te gee. Die bevestiging van ds. J. D. Kestell vind op 7 Maart 1903 plaas, terwyl die Heilige Nagmaal terselfdertyd gevier word.[72] Kort hierna lei hy sy eerste kerkraadsvergadering en spreek die hoop uit dat "*wij elkander zullen respecteren waar wij verschillen van opinie, niet alleen als Christene maar ook als mannen.*"[73] Hy deel ook die vergadering mee dat hy weens die moeilike ekonomiese tyd wel die regering se deel van sy salaris sal aanvaar, maar dat hy dit aan die kerkraad sal oorhandig vir uitdeling aan behoeftiges. Die kerkraad besluit om aan die leraar se versoek te voldoen.[74]

Met die bevestiging van ds. J. D. Kestell was die kerklike eiendomme herstel, maar die gedagte aan 'n nuwe kerkgebou het reeds in die hart van die nuwe leraar geleef. Die oprigting van 'n monument ter nagedagtenis aan die gesneuwelde burgers in die oorlog, het spoedig die aandag van die kerkraad geniet. Tydens 'n gemeentevergadering op 25 Julie 1903, word besluit dat die monument in die vorm van 'n kerkgebou sal wees. Dit was maar net die bekragtiging van 'n gedagte wat reeds lank in die harte van die leraar en kerkraad geleef het.[75] In die voorportaal van die kerkgebou kan vandag nog 'n tabel met die name van gesneuwelde burgers gesien word.

---

71 Notule, Kerkraad Ficksburg, 28 Januarie 1903.
72 Notule, Kerkraad Ficksburg, 28 Januarie 1903.
73 Notule, Kerkraad Ficksburg, 9 Maart 1903.
74 Notule, Kerkraad Ficksburg, 9 Maart 1903.
75 Notule, Kerkraad Ficksburg, 24 Julie 1903.

Die kerkraad het die planne van die voorgestelde kerkgebou aanvaar soos geteken deur die argitek, Walter Donaldson, maar in der waarheid was ds. J. D. Kestell self verantwoordelik vir die ontwerp van die kerkgebou ooreenkomstig die Romaanse boustyl.[76] Van tyd tot tyd is gemeentevergaderings gehou waar die boukommissie verslag gedoen en goedkeuring verkry het om met die werk voort te gaan. Op 27 Mei 1905 is die hoeksteen van die kerkgebou deur ds. J. D. Kestell gelê. Die bouery het aansienlike koste meegebring, sodat geld uit ander fondse vir dié doel bekom moes word. *"Deze vergadering keurt goed het werk zoover door den Eerw Kerkeraad en de Boucommissie gedoen, en machtigt den Eerw. Kerkeraad om het verdere benodigde geld te leenen en het gebouw te voltooieng en ook om bazaars te houden om geld byeen te krygen."*[77] So besluit die kerkraad op 3 November 1906 om 'n groot orrel te installeer.[78]

Die naweek van 12 tot 14 April 1907 is die nuwe kerkgebou feestelik in gebruik geneem. By dié geleentheid het prof. N. J. Hofmeyr van Stellenbosch die wydingsrede gehou. Die gebou het £17,526.3.2 gekos en het die gemeente in die skuld gedompel. Hieroor het ds. Kestell gesê: *"Die som, die men nog betalen moet is wel groot, maar als wij letten niet alleen wat de gemeente vóór den oorlog deed, maar vooral in de laatste drukkende jaren, dan mag de schuld niet als sorgwekkend beschouwd werken."*[79] Dit was profetiese woorde, en na agt dekades is die kerkgebou nog steeds 'n bruikbare monument tot eer van die Here. Tydens ds. Kestell se bediening word ook die Ned. Geref. Gemeente Marquard gestig.[80] Ná 'n vrugbare bediening aanvaar ds. Kestell op 8 Junie 1912 'n beroep na die Tweetoringkerk in Bloemfontein.[81]

---

76 Van Rhijn, P. H. en Klopper, A. H., Die geskiedenis van Ficksburg 1867-1967, bl. 65.

77 Notule, Kerkraad Ficksburg, 3 November 1906.

78 Notule, Kerkraad Ficksburg, 2 Februarie 1907.

79 Van Rhijn, P. H. en Klopper, A. H., a.w., bl. 69-71.

80 Notule, Kerkraad Ficksburg, 5 Augustus 1905. Vir meer inligting oor die stigting, raadpleeg Marquard, sy wording en ontwikkeling 1905-1930, bl. 16-19; Ferreira, I. L., Nog 'n mylpaal : Marquard 1955-1980, bl.15.

81 Stockenström, A., Historiese oorsig van die gemeente Ficksburg 1869-1969, bl. 61.

### 4.3.3 Ladybrand

Die eerste kerkraadsvergadering ná die oorlog word op 25 Oktober 1902 deur ds. P. S. van Heerden gelei. By hierdie geskiedkundige geleentheid skets hy die situasie waarin die gemeente hom bevind en bemoedig die broers uit die Skrif. *"Hy gewaagt van de bange tijden die wij hebben doorleefd wegens de bloedigen en langdurigen oorlog, van de verstrooiing van kerkraadslede en gemeenteleden naar kampen in Zuid-Afrika en over de water, van schade en verlies op tijdelijk gebied. Hy maak met aandoening melding van den dood op het slagveld van den broeder J. M. de Wet, en vertrouwt dat deze en ander roepstemmen ons tot meerderen ernst zullen aansporen om te werken terwyl het dag is; den nacht komt in welken niemand werken kan. Het is nu een tijd van weder opbouwing na wat gebroken is en hij roept de broeders op om met beslistheid en ernst en liefde de handen zamen te slaan tot heil der gemeente. Daar zijn toestanden die eigenaardige moeilijkheden te voorschijn roepen, maar God is machtig alle genade overvloedig te doen zijn over ons ten alle tyde, tot alle goed woord en werk."*[82]

Reeds op 20 Desember 1903 word nuwe kerkraadslede verkies om die leraar in sy groot taak te help.[83] Die leraar ontvang 'n kar en perde om met sy arbeid in die plaaswyke te begin, terwyl lidmate gevra word om hulle dankoffers met Nagmaal te bring, want vervoerprobleme bemoeilik die taak van diakens om te kollekteer.[84] Geld word geleen om die agterstallige salarisse van die kerklike amptenare te betaal. Dit beloop die bedrag van £291.18.4.[85] Die notules van die kerkraad vermeld ook 'n groot aantal tuggevalle weens ontug, wat op 'n besondere streng wyse toegepas is.[86]

---

82 Notule, Kerkraad Ladybrand, 25 Oktober 1902.
83 Notule, Kerkraad Ladybrand, 20 Desember 1903.
84 Notule, Kerkraad Ladybrand, 23 Januarie 1903.
85 Notule, Kerkraad Ladybrand, 28 Februarie 1903.
86 Notule, Kerkraad Ladybrand, 17 April 1903.

Soos in byna elke gemeente in die Vrystaatse kerk, het die saak van eie onderwysgeriewe prominente aandag geniet. Die proses van verengelsing het die volk genoop om kerkskole te stig. *"Die Afrikaner het sy vryheid verloor, maar mag nooit sy siel, sy taal, sy kerk en godsdiens prysgee nie."*[87] Reeds tydens 'n kerkraadsvergadering op 5 Desember 1903 besluit hulle ná 'n omsendbrief van die Sinodale Kommissie, om 'n kerkskool op Ladybrand te stig. Hier word ook uitvoering gegee aan 'n ringsbesluit in hierdie verband.[88] Ds. P. S. van Heerden het hom met hart en siel aan hierdie saak gewy, soos blyk uit 'n versierde adres wat op 11 April 1905 deur die leerlinge van die C.N.O.-skool op Ladybrand aan hom oorhandig is.[89]

Die toestande ná die oorlog was, soos in die res van die Vrystaat, ook op Ladybrand uiters treurig en haglik. Toe ds. P. S. van Heerden in 1903 die eerste keer ná die oorlog huisbesoek doen, het hy nie net by afgebrande huise gestaan en die leed van mense ervaar nie. In die gemeente van Ladybrand het hy minstens 120 oorlogswese aangetref. Dit was 'n uitgestrekte gemeente wat ook Hobhouse en Clocolan ingesluit het, met groot gedeeltes van die distrikte van Dewetsdorp, Excelsior en Marquard. Die gedagte om 'n kinderhuis op Ladybrand te begin, het dadelik by hom posgevat en hy het op 13 plekke in die uitgestrekte gebied vergaderings belê om die saak te bevorder. Daar is dadelik lyste geopen en ten spyte van geldskaarste ná die oorlog is meer as £400 vir dié doel ingesamel.[90] Spoedig sou dit 'n saak van openbare belang word, wat besondere stukrag aan die onderneming gee. Hierna sou daar 'n besluit oor hierdie saak geneem word: *"Die kerkraad besluit daarom om 'n weeshuis te bou waar die weeskinders gehuisves kan word en wat terselfdertyd kan dien as 'n monument ter herinnering aan diegene uit Ladybrand wat hul lewens in belang van volk en vaderland geoffer*

---

87 Flemming, H. C. J., Eeufeesgedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Ladybrand 1870-1970, bl.166.
88 Notule, Sentrale Ring, 1904, bl. 40; Notule, Kerkraad Ladybrand, 5 Desember 1903.
89 Ladybrand Courant, 13 April 1905.
90 Notule, Kerkraad Ladybrand, 5 September 1903; Gedenkboek ter herdenking van die vyf-en-sewentigste bestaansjaar van die Gedenk-Kinderhuis Ladybrand, 1904-1979, bl. 7-8.

*het."*[91] Daar pryk vandag nog in die hoofgebou van die Gedenk-Kinderhuis op Ladybrand 'n ererol in marmer wat die name van gesneuweldes in herinnering roep. Hierdie monument het oor meer as agt dekades 'n belangrike rol gespeel, soos die leuse van die kinderhuis dan ook getuig: *"Dan sal hulle weer wortel skiet ondertoe en vrugte dra boontoe"* (Jes. 37:31).[92]

Ds. P. S. van Heerden het getrou die Woord bedien en die mense met raad en daad bygestaan. Ná die oorlog sou hy die gemeente meer as drie dekades lank met volharding bedien en die Vrystaatse kerk op vele terreine met sy talente en gawes help bou.

### 4.3.4 Brandfort

Die eerste kerkraadsvergadering na afloop van die oorlog vind op 6 September 1902, in die afwesigheid van die plaaslike leraar wat nog oorsee is, plaas. Nadat prop. C. G. Jooste met gebed geopen het, word 'n ouderling tot voorsitter verkies. Daar kon nog nie met herstelwerk aan die pastorie begin word nie, want die gebou was nog in die hande van die militêre owerhede. Prop. C. G. Jooste kry verlof om 'n basaar te hou ter ondersteuning van 'n fonds vir persone wat tydens die oorlog geroep is om as sendelinge opgelei te word. Die sendingvisie van hierdie kerkraad is so sterk, dat daar ook 'n hand gereik word na die swart gemeente. Die vergadering verdaag en word voortgesit in hulle kerkgebou, waar die kerklike tug oor ontug toegepas word.[93]

Lank nadat die vrede op 31 Mei 1902 gesluit is, het die konsentrasiekamp by Brandfort nog voortbestaan. Nadat ander Vrystaatse kampe gesluit is, is baie onversorgde weeskinders en verswakte bejaardes na die kamp op Brandfort gestuur. Eers ná die vertrek van

---

92 Flemming, H. C. J., a.w., bl. 136.
92 Gedenkboek Gedenk-Kinderhuis, a.w., bl. 8.
93 Notule, Kerkraad Brandfort, 6 September 1902.

eerw. J. A. van Niekerk op 15 Maart 1903, is die kamp afgebreek.[94] Reeds tydens die oorlog het ds. De Bruyn verlof van die owerhede ontvang om na Europa te reis om geld vir die oprigting van 'n weeshuis op Brandfort te kollekteer.[95] Voor sy vertrek is daar 'n weeshuiskomitee gevorm, wat 'n tydelike gebou bekom en 'n huismoeder aangestel het.[96] Hierdie inrigting sou van krag tot krag groei en sou in 'n moeilike tydperk van ons geskiedenis 'n onberekenbare rol speel. Tydens 'n kerkraadsvergadering op 5 Oktober 1903 word die blye nuus meegedeel dat 'n bedrag van meer as £1 200 uit Duitsland bekom is vir die oprigting van 'n doelmatige gebou.

'n Hand van hulp is ook aan ander gemeentes in nood uitgestrek. 'n Ou Nagmaalservies word aan die Ned. Geref. Gemeente Bultfontein vir gebruik gegee, want laasgenoemde se servies het in die oorlog verlore geraak.[97] Kerklike sensuur is streng toegepas soos uit die notules blyk. *"Soms het die rusies gespruit uit voorvalle of optrede uit die Anglo-Boereoorlog. Bittereinders het griewe gehad teen mense wat die wapens neergelê het en hulleself verryk het. Soos alle oorloë, het ook hierdie oorlog tot sedelike ontwrigting gelei."*[98]

Die stigting van die eerste *Christelijke Nationale School* het veral die aandag van ds. J. G. C. de Bruyn geverg. In die oorlog is die Vrystaatse inwoners nie net materieel geknou nie, maar ook op kulturele en staatkundige gebied is hulle benadeel. Deur 'n beleid van verengelsing is die boerevolk nie net van hulle taal beroof nie, maar die kwessie van godsdiensonderrig en die totale ontneming van seggenskap in die aanstelling van onderwysers en die beheer van die skool, het die stigting van eie skole bevorder. Oor hierdie belangrike saak word nie net 'n kerkraadsvergadering gehou nie, maar ook 'n gemeentevergadering. Die besluit van die Sinodale Kommissie, gesteun

94 Heese, J. A., Eeufees Gedenkboek : N.G. Gemeente Brandfort 1875-1975, bl. 52.
95 Notule, Kerkraad Brandfort, 18 Februarie 1902.
96 Heese, J. A., a.w., bl. 53.
97 Notule, Kerkraad Brandfort, 26 Januarie 1903.
98 Heese, J. A., a.w., bl. 55.

deur 'n monsterpetisie van 23 000 handtekeninge, dat eie C.N.O. skole gestig moes word, is heelhartig deur die vergaderings ondersteun. 'n Eie skool is op Brandfort gestig, wat van krag tot krag gegroei het.[99]

Ds. J. G. C. de Bruyn het die gemeente met moed en ywer bedien. As skriba van die Vrystaatse Sinode het hy die kerk in wyer verband gedien, terwyl sy notules 'n toonbeeld van netheid en presiesheid was. Hy het dikwels beroepe ontvang, maar het 'n roeping gevoel om in die jare ná die krisis die gemeente te bedien. Nadat hy 'n tweede keer na Wynberg beroep is, neem hy op 8 Januarie 1905 afskeid van die gemeente. Die Vrystaatse kerk sou sy vertrek as 'n verlies beleef.[100]

### 4.3.5 Senekal

Die eerste kerkraadsvergadering ná die oorlog word op 7 Februarie 1903 deur ds. Paul H. Roux waargeneem. Ná 'n hartroerende gebed word melding gemaak van twee broers kerkraadslede wat in die oorlog oorlede is. Uit die kerkboeke, wat tydens die oorlog deur die eggenote van ds. Roux gered is, blyk dit dat daar 'n tekort van £89.5.8 was. Geld en ander dokumente wat tydens die oorlog begrawe is, is deur die vyand opgegrawe en vernietig. Weens die finansiële tekort doen die leraar vrywillig afstand van £150 van sy salaris. Op aanbeveling van ds. Roux word 'n spesiale erediens gehou, *"waarop gedachtenis zal gevierd worden van degenen die in den jongsten stryd voor de onafhankelijkheid van hun land, het leven er voor hebben afgelegt"*.[101]

---

99 Notule, Kerkraad Brandfort, 5 Desember 1903; Notule, Gemeentevergadering, 19 Desember 1903; Notule, Gemeentevergadering, 16 Januarie 1904; De Lange, P. N., Nederduitse Gereformeerde Kerk Brandfort 1875-1975, bl. 67 e.v.; Heese, J. A., a.w., bl. 54.

100 Die Kerkbode, 22 April 1942.

101 Notule, Kerkraad Senekal, 7 Februarie 1903.

Tydens 'n gekombineerde kerkraadsvergadering vir die verkiesing van kerkraadslede, lê die leraar riglyne voor waarvolgens 'n beoordeling oor politiek en godsdiens gedoen kan word. Hy sê onder meer *"dat een Christen gehouden wordt de politiek van zijn land te behartigd, doch dat die geenzins met de godsdiens moet worden verward. Geestelijke dingen moeten met geestelijke samengevoegd worden. Om geene politieke redenen of politieke geschullen mag een goede Christen uit de Kerkeraad worden geweerd."*[102] Hiermee het hy die na-oorlogse struwelinge rondom die verkiesing van kerkraadslede in die kiem gesmoor. Daar word in byna elke kerkraadsnotule melding gemaak van een of ander hulp in belang van sendingwerk.

Dit is veral die saak van die onderwys wat ds. Roux na aan die hart gelê het. *"De voorzitter brengt ter sprake de moeilijkste en gewichtigste kwestie die ooit den Kerkraad heeft bezig gehouden, te weten, die van 't onderwys en de opvoeding onzer kinderen. Het is eene lewenskwestie voor ons volk en veel moeilijker selfs dan de oorlog. Indien 't onderwys prys moest worden gegeven, zou alles prys gegeven zijn."*[103] Hy het daarin geslaag om die belangrike saak so te hanteer, dat daar reeds op 30 Januarie 1904 besluit word om 'n C.N.O. skool te stig. 'n Skoolkommissie wat uit sewe lede bestaan het, is in die lewe geroep; drie is deur die kerkraad aangewys en vier deur die gemeente.[104] Uit die kerkraadsnotules is daar sprake van periodieke gevalle van oortreding van die sewende gebod, asook onmin tussen gemeentelede. Dit word egter op 'n korrekte wyse hanteer en het nie die onderlinge verhouding in die gemeente versteur nie.[105]

Hierna het ds. Paul Roux se gesondheid ingegee. *"Veelvuldige werkzaamheden sedert zijne terugkomst na den oorlog, hebben waarschijnlijk bijgedragen, tot dezen achteruitgang, en het scheen dat hij niettegenstaande, onder het werk gedurig kracht ontvang om ten minste het*

---

102 Notule, Kerkraad Senekal, 9 Februarie 1903.
103 Notule, Kerkraad Senekal, 26 Desember 1887.
104 Notule, Kerkraad Senekal, 30 Januarie 1904.
105 Notule, Kerkraad Senekal, 28 Februarie 1903, 28 Maart 1903, 25 April 1903.

*noodzakelijkste werk nog steeds te verrichten ...*"[106] Die kerkraad gee ds. Roux verlof om 'n paar weke by die see te Hermanus te gaan rus, terwyl die dienste plaaslik deur prop. Van Huyssteen waargeneem word.[107] Die leraar herstel in so 'n mate dat hy weer met sy arbeid op Senekal kon voortgaan. Hy neem egter 'n beroep aan na Beaufort-Wes en ontvang op 23 September 1905 sy demissie, wat 'n geseënde tydperk in diens van die Vrystaatse kerk afsluit.[108]

### 4.3.6 Ventersburg

"*Na die herstel van die vrede het die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Ventersburg inderdaad in 'n troostelose en benarde posisie verkeer. Nie alleen het elke lidmaat as gevolg van die oorlog groot geldelike verliese gely nie, maar die gemeente as sodanig was ook alles kwyt, behalwe die grond waarop die kerkgebou gestaan het.*"[109] Die eerste vergadering word op 27 Desember 1902 deur ds. C. J. Snyman gehou, toe hy ook 'n nuwe Notuleboek begin. Die huidige toestand in die gemeente word geskets, waarna 'n deeglike bespreking oor elke saak volg. 'n Eis van £1 053 word ingestel weens skade aan die kerklike eiendom en indien daaraan nie voldoen kan word nie, besluit die kerkraad dat die plaaslike leraar na die Kaapkolonie moet gaan om te kollekteer. Weens die moeilike tye doen die leraar afstand van 'n deel van sy salaris, wat met dank deur die kerkraad aanvaar word.[110]

Daar word besluit om elke tweede Sondag 'n buitediens op Odendaalsrus te gaan hou, "*ter wille van die leden der gemeente die zoo veraf wonen, en zo verarmd door den oorlog dat zij niet naar Ventersburg naar kerk*

---

106 De Fakkel, 3 Maart 1904.
107 De Fakkel, 18 Februarie 1904.
108 Beyers, C. J., Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel IV, bl. 551.
109 Scholtz, G. D., Die geskiedenis van Ventersburg en sy omgewing, 1873-1973, bl. 42.
110 Notule, Kerkraad Ventersburg, 27 Desember 1902.

*kunnen komen."*[111] In dié tyd word ook normale tugsake behandel, soos die oortreding van die sewende gebod en onenighede wat uit die voorafgaande oorlog gespruit het.[112] Op 11 April 1903 word 'n spesiale gemeentevergadering gehou oor 'n belangrike interne saak, die oprigting van 'n nuwe kerkgebou. Die beskrywing daarvan is treffend. *"Daar was een groote opkomst en de geest die daar heerschte was treffend."*[113] Daar word besluit om 'n permanente kerkgebou van steen te bou. Later sou blyk dat daar nie aan hierdie besluit uitvoering gegee kon word nie, blykbaar weens 'n tekort aan geld. Daar is toe 'n noodkerk van sink gebou, wat in Januarie 1904 met die nodige meubels, so te sê sonder skuld ingewy is. Hierdie kerkgebou sou tien jaar lank as kerkgebou gebruik word, tot en met die ingebruikneming van die huidige kerkgebou. Daarna het hierdie noodkerk van sink as kerksaal gedien tot 1952.[114] Dit blyk ook dat die kerkraad £800 kompensasie ontvang het vir die verwoesting van die kerkgebou en skade aan kerklike eiendom, wat veel vir die gemeente beteken het.[115]

Ná die oorlog sou daar ook die nodige uitbreiding plaasvind. Tydens 'n kerkraadsvergadering op 3 Oktober 1903 word 'n versoekskrif voorgelees, *"geteekend door ± 250 leden der Ned. Geref. Kerk uit de gemeenten Ventersburg, Winburg, Bultfontein, Hoopstad, Bothaville en Kroonstad verzoekende den kerkraad dadelijke de noodige stappen te nemen om eene gemeente te stichten met Odendaalsrust als sentrum."*[116] Op 'n vergadering van die Sentrale Ring word besluit om aan die versoek te voldoen en volg die amptelike stigting van die Ned. Geref. Gemeente Odendaalsrus.[117]

---

111 Notule, Kerkraad Ventersburg, 28 Februarie 1903.
112 Notule, Kerkraad Ventersburg, 11 April 1903, 6 Junie 1903.
113 Notule, Kerkraad Ventersburg, 11 April 1903.
114 Notule, Kerkraad Ventersburg, 11 April 1903, 18 Julie 1903; Gemeentekroniek in die Kanselbybel van Ventersburg.
115 Notule, Kerkraad Ventersburg, 5 September 1903.
116 Notule, Kerkraad Ventersburg, 3 Oktober 1903.
117 Notule, Sentrale Ring, 1904, bl. 37.

Die saak van die onderwys het ook die aandag van die kerkraad en gemeente geverg. Op 2 April 1904 word 'n gemeentevergadering gehou, waar sonder enige teenstem besluit is om 'n kerkskool op die Christelik-nasionale grondslag te begin. 'n Waarborglys van £378.10 is op die vergadering geteken, wat 'n bewys was van die hoë premie wat die Afrikaner op eie onderwys en opleiding gestel het.[118] In 1904 neem ds. C. J. Snyman 'n beroep aan na Thaba Nchu, 'n masedoniese roepstem wat hy nie kon verontagsaam nie.[119]

### 4.3.7 Thaba Nchu

Aangesien daar geen notuleboek beskikbaar is nie, kan die laaste jare van ds. J. G. Kühn se bediening op Thaba Nchu moeilik gerekonstrueer word. Ons is dus op die Notuleboek van die Sentrale Ring aangewese en op berigte in kerklike blaaie. Tydens die sitting van die Sentrale Ring op 21 April 1904 te Senekal, verskyn ds. J. G. Kühn en ouderling J. J. Lubbe namens die gemeente Thaba Nchu. 'n Klag word deur A. J. Bezuidenhout by die Ring gelê omdat ds. Kühn nie sy kind wou doop nie. Nadat die saak bespreek is, besluit die Ring om die saak terug te verwys na die kerkraad van Thaba Nchu aangesien daar geen grond vir die klag is nie.[120]

'n Verdere versoek van vier lidmate uit die gemeente Thaba Nchu word aangehoor *"klagende over den treurigen toestand van de Gemeente wegens onenigheid met de Predikant, en vragende dat de Ring zijn aandacht wijde aan een petisie, copie waarvan wordt ingesloten, ondertekend door 175 leden der gemeente, vroeger aan Ds. Kühn gericht, waarin hij versocht werd liever te bedanken ter wille van 't heil der gemeente."*[121] In die skrywe word die hoop uitgespreek dat die Ring die band tussen leraar en gemeente sal losmaak. Die saak word in diepte bespreek onder

---

118 Notule, Gemeentevergadering, 2 April 1904.
119 Almanak voor de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, voor het jaar 1905.
120 Notule, Sentrale Ring, 1904, bl. 30, 38.
121 Notule, Sentrale Ring, 1904, bl. 39.

leiding van ds. De Bruyn van Brandfort, die konsulent wat ook 'n gemeentevergadering oor die saak op Thaba Nchu bygewoon het. Aan ds. Kühn is ruim geleentheid gegee om sy saak te stel. Hierna het die Ring besluit om die saak in die hande van die Ringskommissie te laat.[122] Kort hierna vind die Vrystaatse Sinode van 1903 plaas, waar ds. Kühn sonder 'n afgevaardigde ouderling verskyn omdat hy tydens 'n kerkraadsvergadering nie 'n kworum kon bymekaar kry om 'n afgevaardigde te verkies nie.[123]

Tydens 'n kerkraadsvergadering op 9 Julie 1904, waar ouderling C. van der Watt as voorsitter optree, word gerapporteer dat die diakens reeds £308 ingesamel het as deel van die £500 wat ds. Kühn moes ontvang by sy ontslag as herder en leraar van die gemeente. Ds. Kühn weier om sy ontslag te neem voordat die volle £500 nie aan hom betaal word nie, waarna die kerkraad besluit om die orige £200 te leen. Hierna word die *Acte van Demissie* wat deur die Ringskommissie goedgekeur en onderteken is, aan ds. Kühn oorhandig.[124] Sodoende word 'n donker bladsy in die geskiedenis van die Ned. Geref. Gemeente Thaba Nchu afgesluit.

Reeds op 12 November 1904 neem ds. C. J. Snyman as herder en leraar van Thaba Nchu die voorsitterstoel in, waarna nuwe kerkraadslede verkies word.[125] In die volgende kerkraadsnotules is positiewe opbou waarneembaar onder die bekwame leiding van ds. C. J. Snyman. Dit blyk dat daar nie dadelik met sendingwerk begin kon word nie, omdat die "*gevoel tegen de kafirs nog zoo sterk was.*"[126] Dit spruit uit die hulp wat sekere swartmense gedurende die oorlog aan die Engelse gegee het, wat 'n nasmaak by sekere blankes gelaat het. Ds. C. J. Snyman herinner die vergadering "*er aan dat wij zelfs tegen onze moordenaars Jezusgezind behooren te wezen.*"[127] Wat die insameling van dankoffers

---

122 Notule, Sentrale Ring, 1904, bl. 39.
123 De Fakkel, 14 Mei 1903.
124 Notule, Kerkraad Thaba Nchu, 9 Julie 1904.
125 Notule, Kerkraad Thaba Nchu, 12 November 1904.
126 Notule, Kerkraad Thaba Nchu, 3 Desember 1904.
127 Notule, Kerkraad Thaba Nchu, 3 Desember 1904.

betref, vind 'n insiggewende bespreking plaas. Ds. Snyman sê dat hy nie ten gunste van die hou van basaars is nie, want net 'n klein aantal gewilliges moet al die werk doen. Hy beveel aan dat elke huisgesin 'n bussie ontvang, waarin na goeddunke 'n bydrae gegooi kan word. So kry lidmate gereeld kans *"zijn bijdrage kan indoen zoowel als zijne speciale dankoffers voor bijzondere weldaden en zegeningen des Heeren."*[128]

'n Sendingkommissie word in samewerking met die leraar gevorm om oor sendingwerk verslag te doen en om nuwe moontlikhede te ondersoek, in besonder te Khalala.[129] Die gemeente sou onder die bediening van ds. C. J. Snyman van krag tot krag groei.

### 4.3.8 Fauresmith

Gedurende die oorlog was Fauresmith so verlate dat bobbejane snags in die kerkgebou se preekstoel kom slaap het, terwyl die gebou as perdestal gebruik is. Ná die oorlog moes perdemis met skopgrawe uit die kerkgebou verwyder word.[130] Die eerste kerkraadsvergadering word eers op 12 Januarie 1903 deur ds. C. D. Bam gelei. Hy verwys na die droewige landsomstandighede. Daar was egter nog veel rede vir dankbaarheid teenoor die Here God. *"Hij wekt op tot eene nieuwe toewijding van onzelven aan den dienst des Heeren in de gemeente."*[131] Die leraar verwys na die kerklike werksaamheid op Koffiefontein, waar hulp dringend noodsaaklik is. Onder die omstandighede het die Kerkraad van Fauresmith hierdie deel van die gemeente met alle hulp tot hulle beskikking gehelp, en dit sou later tot gemeentestigting oorgaan. Ds. C. D. Bam doen ook afstand van sy agterstallige salaris, en die kerkraad aanvaar dit met dank.[132]

---

128 Notule, Kerkraad Thaba Nchu, 4 Februarie 1905.
129 Notule, Kerkraad Thaba Nchu, 4 Februarie 1905, 4 Maart 1905.
130 Van der Merwe, Hendrina Rabie, Onthou! - In die skaduwee van die galg, bl. 331.
131 Notule, Kerkraad Fauresmith, 12 Januarie 1903.
132 Notule, Kerkraad Fauresmith, 12 Januarie 1903.

Kerklike tug en die gee van alimentasie kom dikwels voor, en dit verg die aandag van die leraar en die kerkraad. Die kerkraad besluit om 'n basaar te hou ter stywing van die kerkfondse.[133] In dié tyd word nie net die kerkgebou op Fauresmith nie, maar ook op Koffiefontein gepleister en herstel. 'n Versoek word van die kerkraad van Luckhoff ontvang, waarin gevra word om finansiële hulp aangesien hulle kerkgebou en pastorie verbrand is. Daar word besluit om tydens 'n goeie opkoms 'n spesiale kollekte vir dié doel te vra, wat blykbaar nie minder as £25 sou wees nie.[134] Die behoefte aan 'n goeie orrel vir die kerkgebou word telkens onder die aandag van die kerkraad gebring. Tydens 'n vergadering op 8 Februarie 1904 besluit die broeders dat 'n nuwe orrel bestel moet word, want lede van die gemeente het reeds £360 vir de doel aangebied, wat daarop uitloop dat 'n nuwe orrel reeds in 1905 ingewy word.[135] Dat die leraarspaar tot die einde toe getrou gearbei het, blyk uit die volgende mededeling: *"Vir veertien jaar het Ds. en Mev. Bam die lief en leed van die gemeente gedeel. Ook hulle enigste seuntjie is hier in die kerkhof begrawe. In 1908 is hulle met hulle drie dogters na Tulbagh, waarheen hy 'n beroep aangeneem het."*[136] Op breër kerklike verband het hy ook die Vrystaatse kerk met onderskeiding gedien, ook in sinodale verband toe hy in 1906 as moderator verkies is.[137]

### 4.3.9 Bloemfontein

*"As 'n stad wat reeds vroeg in die hande van die vyand geval het, het Bloemfontein met al sy soldate, krygsgevangenes, konsentrasiekampe en diepverskeurde bevolking ontsettend veel deurgemaak."*[138] Die gevolge van die oorlog kon natuurlik nie onmiddellik afgeskud word nie. Die

---

133 Notule, Kerkraad Fauresmith, 13 April 1903.
134 Notule, Kerkraad Fauresmith, 7 September 1903.
135 Notule, Kerkraad Fauresmith, 8 Februarie 1904.
136 Alheit, J. R., 'n Kort oorsig van die geskiedenis van Fauresmith : 1848-1948, bl. 20.
137 Acta Synodi, O.V.S., 26 April 1906.
138 Van Schoor, M. C. E., Die Tweetoringkerk : vyf en sewentig jaar : 1880-1955, bl. 31.

Britse garnisoen sou nog elf jaar lank in Bloemfontein gestasioneer wees, met Tempe en Naval Hill as basis. Die geweldige droogte het verhoed dat die boere dadelik na hul plase kon terugkeer, sodat ses maande ná die sluit van die vrede daar nog gesinne in die konsentrasiekampe gewoon het. Burgers het ook nog van die kommando's, oorlogskampe en ballingskap teruggekeer. Terselfdertyd het 'n stroom nuwe intrekkers op die stad toegesak, want die nuwe bedeling het immigrante aangelok en immigrasie is trouens van ampsweë aangemoedig. *"Die meeste van hierdie intrekkers was Engels of Skots, maar simpatie met die Boere het ook 'n groot aantal Nederlanders na die vroeëre republieke gebring."*[139] Hierdie nuwe na-oorlogse situasie het ook die dringende aandag van die kerk gevra.

Dit is bekend dat ds. H. T. Kriel reeds in Mei 1901 Bloemfontein moes verlaat weens gesondheidsredes, waarna ds. W. Robertson van Petrusburg in sy plek waarneem. 'n Week voor die Vrede van Vereeniging word 'n kerkraadsvergadering onder leiding van ds. H. T. Kriel gehou, wat in dié tyd weer na Bloemfontein teruggekeer het. Daar is intussen nie na die oorlog verwys nie, terwyl enkele tugsake behandel is.[140] Dit is interessant dat daar geen kerkraadsvergadering tot en met 24 Oktober 1902 gehou is nie. In 'n omsendskrywe wat ter tafel kom, word die broeders op hulle taak gewys: kragtens *"onze oude volksleuze 'Eendracht maakt macht' moet het vooral nu, ons streven zijn de eendracht zooveel mogelijk kerkelijk te bevorderen. Laat kleine geschillen, hetzij godsdienstig of anderzins ons niet van elkander verwyderd houden; maar laat ons zooveel mogelijk de hand van broederschap en verzoening aan onze volksgenoten uitsteken, en alzoo de eenheid van onze Hollandsche Kerk bewaren en versterken"*[141], aldus ds. J. J. T. Marquard, moderator, wat die omskrywe aan die verskillende gemeentes gerig het namens die Sinodale Kommissie. Dat daar wel verdeeldheid was, blyk uit die baie bedankings wat voor die vergadering dien. Oor die algemeen

139 Schoeman, K., Bloemfontein - die ontstaan van 'n stad 1846-1946, bl. 183.
140 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 22 Mei 1902.
141 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 24 Oktober 1902.

was die botsende standpunte wat uit die stryd gevloei het, van so 'n aard dat daar nie blywende gevolge was nie. Daar word besluit om die ou historiese pastorie in Douglasstraat te verkoop en 'n nuwe pastorie te bou, met 'n verkoopsom nie laer as £4 500 nie.[142]

Die behoefte aan meerdere bediening in dié uitgestrekte gemeente van Bloemfontein, vra ook die dringende aandag van die kerkraad. Aanvanklik is weer aan 'n hulpleraar gedink, maar die kwessie van 'n tweede leraar word ook as moontlikheid genoem. Die kerkraad besluit dat die hele aangeleentheid tydens 'n gemeentevergadering by die volgende Nagmaalsviering bespreek sal word.[143] Tydens die vergadering op 29 Augustus 1903, wat deur meer as 300 gemeentelede bygewoon word, word die besluit van die kerkraad bekragtig dat 'n tweede leraar beroep moes word.[144] Dit sou stukrag aan die voorbereidinge vir 'n tweede leraarspos gee, wat tot voordeel en seën vir die hele gemeente sou dien. Ds. C. D. Bam van Fauresmith word as leraar beroep, maar hy bedank daarvoor. 'n Verdere beroep op ds. W. A. Alheit slaag ook nie, waarna ds. J. J. T. Marquard van Winburg beroep word. Hy neem die beroep aan, maar sterf voordat hy van sy gemeente op Winburg afskeid kon neem.[145] In hierdie krisistyd gee ds. H. T. Kriel se gesondheid in en hy word genoodsaak om as predikant te bedank. Tydens 'n spesiale kerkraadsvergadering word die hele aangeleentheid breedvoerig bespreek en sy bedanking aanvaar. Ds. en mev. H. T. Kriel neem op 10 Julie 1904 afskeid van die gemeente, waarna ds. P. J. J. Boshoff van Jacobsdal beroep word. Hy neem die beroep aan en word reeds op 16 September 1904 bevestig.[146] Dit wil dus voorkom of die na-oorlogse strominge nie 'n wesentlike invloed op die gemeente in die Vrystaatse hoofstad gehad het nie.

---

142 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 17 November 1902, 30 Desember 1902.
143 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 30 Mei 1903.
144 Notule, Gemeentevergadering, Bloemfontein, 29 Augustus 1903.
145 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 9 Oktober 1903, 19 Desember 1903, 5 Februarie 1903; Van der Merwe, G. A., Enkele leierfigure van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat gedurende die Republikeinse tydperk : 1854-1902 - 'n biografiese evaluering, bl. 35.
146 Notule, Kerkraad Bloemfontein, 12 Maart 1904, 30 Maart 1904, 11 Julie 1904.

## 4.3.10 Boshof

Die eerste kerkraadsvergadering ná die oorlog word op 4 Oktober 1902 onder leiding van ds. D. Bosman gehou. Aangesien daar nie geld in die kerkkas was nie, besluit die kerkraad om 'n lening van £200 te maak. Benewens 'n tugsaak word gewone sake bespreek, wat die gemeentelike arbeid op die pad van herstel plaas.[147] Dit blyk dat ds. Bosman en sy gesin eers op 13 Oktober 1902 teruggekeer het. Hulle is hartlik deur 'n groot aantal lidmate by die pastorie ingewag, waarna 'n gepaste welkomswoord en 'n Psalm aangehef is. *"De opkomst, bij den eersten dienst op Zondag, was onder de tegenwoordige omstandigheden zeer goed. Onze menschen zijn goedsmoeds en schijnen langzamerhand weer op de been te komen."*[148] Reeds op 6 Desember 1902 word nuwe kerkraadslede verkies, terwyl 'n versoek by die gewone vergadering hierna om 'n skoolgeboutjie in die Sendinggemeente op te rig, soveel bespreking ontlok dat daar nie tot 'n besluit gekom kon word nie.[149] By 'n vergadering op 9 Januarie 1903 is daar nie 'n kworum teenwoordig nie en moet die broeders as 'n kommissie hulle werk voortsit. Dit kan moontlik wees omdat trekdiere in die tyd ná die oorlog baie skaars was en die broeders in die distrik nie na die vergadering kon kom nie. 'n Hele aantal sake geniet die aandag van die kommissie, onder meer die herstel van die kerkorrel en die gemelde versoek van die Sendinggemeente. Onder sekere voorwaardes word goedkeuring verleen, wat met die ander besluite deur 'n kerkraadsvergadering bekragtig moet word.[150]

Skade aan die kerklike eiendom is so spoedig moontlik herstel, terwyl 'n bedrag van £96.16 as vergoeding van die owerheid ontvang is.[151] Dit blyk dat ds. en mev. D. Bosman met ywer en volharding hulle arbeid

---

147 Notule, Kerkraad Boshof, 4 Oktober 1902.
148 De Kerkbode, 13 November 1902.
149 Notule, Kerkraad Boshof, 6 Desember 1902.
150 Notule, Kerkraad Boshof, 7 Januarie 1903.
151 Notule, Kerkraad Boshof, 5 September 1903.

voortgesit het. Gedurende September 1903 word 'n dankfees gehou. "*De opkomst was goed, de stemming aangenaam, de medewerking hartelijk, en de opbrengst, zeer bemoedigend, niet minder dan £250.*"[152] Die belangrike saak rakende die stigting van kerkskole, is tydens 'n gemeentevergadering op 9 Januarie 1904 deeglik bespreek, waarna oorgegaan is tot die stigting van 'n C.N.O.-skool op Boshof, met 'n skoolkommissie wat uit die aanwesiges verkies is.[153]

Op 20 Augustus 1904 vertrek ds. en mev. D. Boshof na Durbanville, waarheen hy 'n beroep aangeneem het. Hy het veral klem laat val op getroue Bybelstudie en kon daarin slaag om die gemeente aan te spoor tot 'n diepgaande belangstelling in die Woord van God. "*Hy was minsaam van geaardheid en het 'n ernstige lewensopvatting gehad wat in sy prediking op kragtige wyse uitdrukking gevind het. Aan sy kanselarbeid was deeglikheid van inhoud en sierlikheid van vorm verbonde.*"[154] Hy is opgevolg deur die vermaarde ds. Pieter van der Merwe van Beaufort-Wes, wat later as sendingsekretaris van die Vrystaatse kerk diep spore sou trap. Op Boshof het hy daarin geslaag om die gemeente saam te bind tot 'n hegte eenheid en die gemeente op alle gebiede te versterk.

### 4.3.11 Jacobsdal

Die eerste kerkraadsvergadering word op 4 Oktober 1902 in die kerkgebou deur ds. P. J. J. Boshoff waargeneem. Daar word na die skade van die oorlog verwys, wat onder meer aan die pastorie en kerkgebou aangerig is. Aangesien daar geen geld was om die leraar te betaal nie, het diaken Hendrik Pretorius reeds voor die terugkoms van die leraar £34 gekollekteer om as salaris te dien, maar ds. Boshoff het

---

152 De Kerkbode, 21 September 1903.
153 Notule, Gemeentevergadering, Boshof, 9 Januarie 1904.
154 Van der Vyver, W. B., Eeufeesalbum Boshof : 'n beknopte oorsig van die geskiedenis van die Ned. Geref. Gemeente : 1856-1956, bl. 113.

dit van die hand gewys en die geld gebruik om die pastoriegeboue en gronde op te knap. Die £31.1.6 wat vir sy ontvangs ingesamel is, gebruik hy om twee maande lank sy losies te betaal. Dit is ook bekend dat hy self die houtwerk in die kerkgebou en pastorie herstel het.[155] Volgens sy beroepsbrief het hy £275 per jaar ontvang, maar hy het die kerkraad daarvan onthef en hulle versoek om na gelang van omstandighede in sy behoeftes te voorsien. Die kerkraad was dankbaar vir die mooi gesindheid van ds. Boshoff, maar besluit dat hulle £175 per jaar bymekaar sal maak. Ten spyte van die moeilike finansiële posisie, is daar ook sprake van alimentasie aan lede van die gemeente.[156] 'n Gemeentevergadering word gehou, waar aanbeveel word dat elke lidmaat 'n sjieling per maand as dankoffer bydra, wat die finansiële probleme van die gemeente sou oplos. Dit word met goeie gevolg aanvaar.[157]

Uit die kerkraadsnotules blyk dat die kerklike werksaamhede spoedig op dreef gekom het. Nuwe kerkraadslede is bevestig, sensuur is streng toegepas en dinge het na normaal begin terugkeer. Ds. P. J. J. Boshoff rapporteer dat die regering weier om aan hom 'n Hollandse huweliksregister te gee vir gebruik in die gemeente, waarna die broers besluit dat hy uit gemeentefondse 'n boek moet bestel.[158] Vriende uit die gemeente Worcester het 'n nuwe Nagmaalservies aan Jacobsdal geskenk, terwyl 'n erflating aan die gemeente 'n merkbare verbetering in die finansies teweeggebring het.[159]

Die eerste Nagmaal van 1904 word met feesvreugde gevier, terwyl die geleentheid ook benut word om ander belangrike kerksake te bespreek. 'n Spesiale waarborglys van £150 word geopen vir die stigting van 'n eie kerkskool. Dat dit met die geldsake al hoe beter gegaan het, blyk uit die volgende: "*Dit is opmerkelijk hoe deze kleine gemeente sedert den*

---

155 Notule, Kerkraad Jacobsdal, 4 Oktober 1902; De Kerkbode, 18 September 1902.
156 Notule, Kerkraad Jacobsdal, 4 Oktober 1902.
157 Notule, Gemeentevergadering, Jacobsdal, 4 Oktober 1902.
158 Notule, Kerkraad Jacobsdal, 6 Desember 1902.
159 Notule, Kerkraad Jacobsdal, 3 April 1902; De Fakkel, 2 April 1903.

*oorlog eene schuld van zoowat £100 heeft afbetaald, verbeteringen bij de Pastorie voor zoowat £200 heeft aangebracht, al hare loopende inkomsten heeft gedekt, een en andermaal haren leeraar door een beurs heeft verrast, en dat zonder een enkele bazaar of verkooping te houden. Eendracht kan veel, zeer veel doen."*[160] Die gemeente neem op 6 Augustus 1904 met leedwese afskeid van ds. en mev. P. J. J. Boshoff wat 'n beroep na die Tweetoringkerk in Bloemfontein aanvaar het.[161] Hy sou later moderator van die Vrystaatse Sinode word en telkens verwys na sy geseënde bediening op Jacobsdal tydens en na die Anglo-Boere-oorlog.

### 4.3.12 Petrusburg

Met die sluiting van die Vrede van Vereeniging was die gemeente vakant, weens die bedanking van ds. W. Robertson gedurende die oorlog. Die eerste na-oorlogse kerkraadsvergadering word op 9 Maart 1903 deur ds. P. J. J. Boshoff van Jacobsdal gelei. Hy is deur die konsulent, ds. H. T. Kriel van Bloemfontein, wat weens swak gesondheid nie kon help nie, versoek om tydelik as konsulent te ageer. Benewens die verkiesing van kerkraadslede word enkele dringende sake hanteer, ook sake rakende die vorige leraar.[162] Die kerkgebou was pas voltooi en het 'n geweldige finansiële las op die gemeente gelê. Die kerkraad besluit om 'n bedrag van £1 800 by Mutual teen ses persent rente te leen, met eerste verband op die kerkeiendomme. Dit was 'n geweldige bedrag vir dié tyd, maar die vreugde van 'n eie kerkgebou het die gemeentelede aangespoor om met harde werk die skuld te delg.[163]

Tydens 'n kerkraadsvergadering op 9 Mei 1903 word ds. P. A. Roux beroep. Hy neem wel die beroep aan, maar vra toestemming om vier

---

160 De Kerkbode, 14 April 1904.
161 Beyers, C. J., Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel V, bl. 67.
162 Notule, Kerkraad Petrusburg, 9 Maart 1903.
163 Notule, Kerkraad Petrusburg, 18 April 1903.

maande later bevestig te word aangesien hy eers 'n reis na Europa wou onderneem. In dié tyd word die kerklike geboue ook vir £2 000 verseker.[164] Ds. P. A. Roux word op 24 Oktober 1903 as herder en leraar van die gemeente bevestig. Die geleentheid val saam met die amptelike ingebruikneming van die nuwe kerkgebou.[165] Die inwydingsrede is deur ds. P. du Toit van Edenburg uitgespreek.

Daar is besluit dat die salaris van ds. P. Roux £300 per jaar sou beloop.[166] Die eerste kerkraadsvergadering wat deur ds. P. A. Roux gelei word, vind op 6 Desember 1903 plaas. 'n Geskil tussen twee broeders uit die gemeente word behandel, terwyl verskeie pogings aangewend word om die kerkskuld te verminder.[167]

Later sou hy na hierdie moeilike tyd verwys, tydens 'n besoek aan Petrusburg kort voor sy dood: *"Dink terug aan die dae na die oorlog, hoe arm ons was en hoe groot die kerkskuld was. Soos ons toe saamgewerk het, werk nou ook en altyd. Eendrag maak mag."*[168] Kort na sy aankoms sou die pastorie ook beproef word. Op 26 Februarie 1904 sterf ds. Roux se vrou, wat 'n groot leemte in die pastorie en gemeente laat. In dié tyd word hy getrou deur die gemeente ondersteun en word daar hegte liefdesbande gesmee.[169] Nog dieselfde jaar ontvang hy 'n beroep na Potchefstroom, wat hy bedank, en die kerkraad uit dankbaarheid sy salaris met £60 verhoog. Hy is tot 1914 op Petrusburg werksaam, toe hy 'n beroep na Jagersfontein aanvaar.[170]

---

164 Notule, Kerkraad Petrusburg, 9 Mei 1903.
165 De Fakkel, 12 November 1903.
166 Esterhuysen, A. M. de V., Ned. Geref. Gemeente Petrusburg, O.V.S. : 1892-1942, bl. 25.
167 Notule, Kerkraad Petrusburg, 6 Desember 1903.
168 Esterhuysen, A. M. de V., a.w., bl. 7.
169 De Fakkel, 3 Maart 1904.
170 Esterhuysen, A. M. de V., a.w., bl. 25.

### 4.3.13 Jagersfontein

Die eerste vergadering ná die oorlog word op 17 Januarie 1903 deur ds. A. J. Malherbe gelei. *"Na een kort woord waarin de voorzitter de broeders verwelkomt na zulk een langen tijd sedert wij laast bij elkander waren, wordt overgegaan tot de gewone bezigheid."*[171] Weens die groot finansiële tekort word die salaris van die leraar op eie aandrang met £50 verminder asook die kwytskelding van sy salaris tydens die oorlog. Ten spyte van die moeilike tye word daar ook alimentasie aan behoeftige gemeentelede gedoen.[172]

Uit die verslag aan die Westelike Ring blyk die eiesoortige probleme waarmee die gemeente Jagersfontein geworstel het, deels as gevolg van die myn met sy gepaardgaande kosmopolitiese gemeenskap. Die Ring neem met droefheid kennis van die toenemende ontheiliging van die Sabbatdag, en neem die volgende besluit: *"Dat deze vergadering hare sterkste afkeuring te kennen geeft over de ontheiliging van den dag des Heeren te Jagersfontein, vooral door publieke spelen op dien dag, en het den gemeenteleden zeer ernstig op het hart bindt om zich niet daarmede in te laten."*[173] Tydens 'n vergadering op 21 Maart 1903 is ds. C. D. Bam van Fauresmith ook teenwoordig, aangesien hy as konsulent demissie aan die plaaslike leraar moet gee, wat 'n beroep na Dewetsdorp aanvaar het. 'n Adres word deur die kerkraad aan hom oorhandig, waarop hy gepas antwoord. Dit was duidelik dat die moeilike jare tydens en na die oorlog, leraar en gemeente in liefde aan mekaar gebind het.[174] 'n Tweede beroep slaag en wel op proponent J. P. van Huyssteen, wat reeds op 12 Desember 1903 by geleentheid van die jaarlikse basaar ontvang en bevestig word. Die hele geleentheid is gekenmerk deur spanwerk en die mooi bedrag van £201.2.1 word ingevorder.

---

171 Notule, Kerkraad Jagersfontein, 17 Januarie 1903.
172 Notule, Kerkraad Jagersfontein, 17 Januarie 1903.
173 Notule, Westelike Ring, 21 April 1904 e.v.d.; De Fakkel, 21 Mei 1904.
174 Notule, Kerkraad Jagersfontein, 21 Maart 1903.

Ten spyte van die moeilike tyd kort ná die oorlog, is daar ook ander faktore waarmee die nuwe proponent in sy arbeidsveld rekening moet hou. *"De Gemeente van Jagersfontein bekleedt een eigenaardige positie. Zij bestaan voornamelijk uit de dorpsbewoners die hun bestaan vinden door in de Diamant Mijn alhier te werken. De buiten wonenden zijn zeer weinig in getal. Het valt licht te begrijpen, dat de op het dorp wonende leden van onze Kerk onderworpen zijn aan invloeden dien de bearbeiding van de gemeente geen gemakkelijke maakt. Al de leeraars die hier gewerkt hebben zullen dit kunnen getuigen."*[175] Op 12 September 1903 vind die eerste kerkraadsvergadering onder leiding van ds. J. P. van Huyssteen plaas. Daar word onder meer besluit om alle reiskoste van die nuwe leraar te betaal en dat nuwe kerkraadslede op 10 Oktober 1903 verkies sal word.[176] Soos elders, het die gemeente Jagersfontein ook gereeld die Heilige Nagmaal gevier, met besondere geseënde gevolge kort ná die stryd. *"Vooral bij gelegenheid van de viering des Avondmaals en in een tijd van verdeeldheid zooals thans, dienen wij dit gebed des Meesters te overdenken en ter harte te nemen. De Heeren heeft ons merkbaar gezegend en wij vertrouwen dat wij niet vergeefs Avondmaal gevierd hebben."*[177] Tydens die dienstyd van ds. J. P. van Huyssteen word die kerkgebou ook vergroot tot sy huidige vorm. Alhoewel die myndorp nie die na-oorlogse strominge so duidelik soos ander gemeentes ervaar het nie, was daar eiesoortige probleme wat altyd die aandag van die leraar en die kerkraad geniet het.

### 4.3.14 Luckhoff

Aangesien die kerkraadsnotules soek geraak het, maak ons staat op die herinnering van ds. E. G. Malherbe, wat hy later in sy lewe te boek gestel het. Tydens sy ballingskap in die Kaap het hy van die geleentheid gebruik gemaak om geld vir die geteisterde gemeente

---

175 De Fakkel, 24 Desember 1903.
176 Notule, Kerkraad Jagersfontein, 12 September 1903.
177 De Fakkel, 29 Oktober 1903.

Luckhoff te kollekteer, en hy het meer as £1 200 bymekaar gekry.[178] Hy keer op 17 Februarie 1903 na Luckhoff terug en laat sy gesin by sy skoonouers op Malmesbury agter, aangesien hy eers die pastorie wou herstel.[179]

Een van sy eerste boodskappe ná sy terugkoms het vir die nageslag behoue gebly. Dit is in die vorm van 'n dankstond met die tema: *Dank God in alles.* Die teksvers is 1 Thessalonisense 5 vers 18, met verskillende verdelings wat wys op die wonderlike beskikking en bewaring van God in die afgelope jare.[180] Die skool was die enigste gebou op die dorp wat nog enigsins gebruik kon word en gevolglik is dit as tydelike kerkgebou ingeruim. *"Die preekstoel was 'n tafeltjie met 'n paraffienkissie daarop om as lessenaar vir die dominee se Bybel te dien. Daar dit moeilik was vir mense wat ver van die kerk woon om sitgoed saam te bring, het die koster lang planke op paraffienkissies laat rus vir hul gebruik."*[181]

Ds. E. G. Malherbe het 'n noukeurige lys opgestel van verliese wat gely is en 'n kompensasie-eis van £1 500 ingestuur. Ná 'n eindelose getalm en 'n heen-en-weer-skrywery, is hy meegedeel dat die komitee dit goed gedink het om hom nege pennies in die pond as vergoeding te betaal. *"Die koerant vertel hoe waens en karre Fauresmith toe gestroom het om die langverwagte kompensasie te ontvang en hoe die meerderheid moedeloos na hulle huise teruggekeer het, ontnugter en verbitter."*[182] Kort ná sy aankoms kon hy ook die aanneming en voorstelling van 'n groot aantal jongmense waarneem. Sommige het reeds in die krygsgevange- en konsentrasiekampe die boerematriek deurloop. Hy moes ook kinders doop wat weens die uitbreek van die oorlog nooit gedoop is nie.[183]

---

178 Malherbe J. A., Predikante-prestasies en petaljes - lewensbeskrywing van ds. E. G. Malherbe, bl. 77.
179 Malherbe, J. A., a.w, bl. 78.
180 Persoonlike dokumente van ds. E. G. Malherbe in die Kaapse Kerkargief.
181 Malherbe, J. A., a.w., bl. 80.
182 Malherbe, J. A., a.w., bl. 81.
183 Malherbe, J. A., a.w., bl. 82.

Ds. E. G. Malherbe is getrou bygestaan deur sy gemeentelede, sodat die pastorie en kerkgebou binne enkele maande herstel is. Die kerkgebou word die naweek van 11 tot 12 Julie 1903 deur 'n dankbare gemeente ingewy. Die wydingsrede is deur ds. J. A. Malherbe van Goudini waargeneem, wat ook vir 'n orreluitvoering verantwoordelik was.[184] Hy word kort hierna op 21 Augustus 1903 tydens 'n besoek aan die Boland ernstig siek aan "typhoid koorst". Hulle huisgesin was reeds op die punt om terug te keer na Lückhoff, toe die siekte hom skielik oorval.[185] Kort hierna ontvang hy 'n beroep na Villiersdorp.[186] In dié tyd stuur die gemeente Lückhoff aan hom 'n telegram waarin hulle by hom aandring om hulle nie te verlaat nie. Hulle meld dat hulle dit *"seer ter harte neem"*, en dat hulle die Allerhoogste bid om hom die regte leiding te gee, *"gelovende daar de Heere ons had verhoord in uwe krankheid, hy ons ook hierin zal verhooren"*.[187]

Op Sondag 27 Desember 1903 neem die gemeente ewenwel amptelik afskeid van ds. en mev. E. G. Malherbe, 'n hartseer oomblik vir meer as een gemeentelid. *"Ruim 9 jaren had men het voorrecht met elkander lief en leed te delen, in voor- en tegenspoed saam te juichen en te weenen."*[188] Hy lewer sy afskeidspreek na aanleiding van Handelinge 20 vers 27 en 30, wat hy treffend verbind aan die lief en leed wat hulle saam deurworstel het. 'n Lieflike afskeidsadres is hom aangebied. Die gemeente was te arm om aan hom 'n beurs of 'n afskeidsgeskenk aan te bied, *"maar sy Vrystaters het hierdie leemte aangevul deur sy hart te laat oorloop van die talryke liefdebetuigings waarmee hulle hom oorlaai het."*[189] So word die band dan losgemaak en eindig 'n besondere geseënde bediening in die Vrystaatse gemeente Luckhoff.

---

184 Malherbe, J. A., a.w., bl. 85.
185 De Kerkbode, 22 Oktober 1903.
186 De Kerkbode, 26 November 1903.
187 Malherbe, J. A., a.w., bl. 86.
188 De Fakkel, 29 Januarie 1904.
189 Malherbe, J. A., a.w., bl. 87.

### 4.3.15 Kroonstad

Uit *De Kerkbode* van 23 Oktober 1902 blyk dit dat ds. G. W. B. van der Lingen met groot hartlikheid in die gemeente verwelkom is na sy ballingskap in Oos-Londen. Die militêre owerheid was nog in beheer van die pastorie, sodat ds. Van der Lingen en sy gesin in 'n klein ongerieflike huisie moes woon. *"Er is veel te doen; twee kampen worden om de beurt bezocht. Sedert den korten tijd zijner terugkomst heeft hij al 60 kinderen gedoopt, 54 aangenomen, en van uit de gemeente wordt gedurig het verzoek vernomen, buitekenkerk te komen houden, daar er nog vele ongedoopte kinderen zijn, en de ouders niet kunnen inkomen. De kerk is 's Zondags goed gevuld, en was ook zoo vol, dat sommigen geen plaats konden vinden."*[190]

Op 1 November 1902 word 'n kerkraadsvergadering deur ds. G. W. B. van der Lingen waargeneem, waaruit blyk dat kerklike werksaamhede in alle erns hervat is. Die herstel van die kerkgebou geniet prioriteit. Kerklike sensuur word in verskeie gevalle toegepas, wat die kerkraad met die nodige versigtigheid hanteer. Dit blyk ook dat die leraar met sy terugkoms met huisbesoek begin het, om sodoende die ware omstandighede te bepaal.[191]

Dit sou spoedig blyk dat ds. G. W. B. van der Lingen nie langer die volle werklading op Kroonstad kon dra nie. Die gedagte aan 'n hulpleraar het as enigste oplossing geblyk om 'n meer doeltreffende bediening daar te stel.[192] Proponent J. J. Krige word as hulpleraar beroep en word op 3 Oktober 1903 met handoplegging bevestig. Sy vader het vir die geleentheid van Stellenbosch gekom, en hy versoek die gemeente *"om zijn zoon als zoon der Gemeente aan te nemen"*.[193] In die begin het hy hoofsaaklik in die kampe gewerk, waarna hy hom ook aan

---

190 De Kerkbode, 23 Oktober 1902.
191 Notule, Kerkraad Kroonstad, 1 November 1902, 24 Desember 1902, 31 Januarie 1903.
192 Notule, Kerkraad Kroonstad, 6 Junie 1903.
193 De Fakkel, 29 Oktober 1903.

die gemeentelike bediening wy. Ná 'n kort en geseënde dienstyd verlaat hy die gemeente in 1906.[194]

Op onderwysgebied sou die gemeente kort ná die vredesluiting reeds leiding neem. 'n Skoolkomitee is in die lewe geroep, en daar is meer as 100 kinders op die rol. Die skool het van krag tot krag gegroei, soos blyk uit 'n berig in die Vrystaatse kerkblad: *"Sedert het openen der school is het getal aanmerkelijk vermeerderd, terwijl anderen aanzoek hebben gedaan en hunne plaatsen eerskomende Maandag op de schoolbanken zullen innemen. Een ruime zaal is tegen zeer billijken huur door vrienden afgestaan, waarin nu tegenover het Kerkplein onderwijs wordt gegeven."*[195] In hierdie tyd van heropbou sou ds. G. W. B. van der Lingen met volharding die mense met raad en daad bedien, tot met sy dood in 1916 tydens 'n besoek aan sy geboortedorp, die Paarl.

### 4.3.16 Heilbron

Aangesien die Notuleboek tussen die jare 1896 en 1906 verlore geraak het, kan daar nie met sekerheid bepaal word wanneer die eerste kerkraadsvergadering ná die oorlog deur ds. D. J. Minnaar gehou is nie. Die leraar en sy gesin het aan die einde van Oktober 1902 op Heilbron aangekom, en ons kan aanvaar dat die eerste kerkraadsvergadering kort daarna gehou is.[196] Benewens die onderwys, bestaan daar besonder min gegewens oor die kerklike werksaamhede kort ná die oorlog. Die eerste C.N.O.-skool se hoeksteen word op 30 Julie 1904 deur die moderator van die Vrystaatse Sinode, ds. J. J. T. Marquard, op Heilbron gelê. By dié geleentheid het ds. Minnaar die aanwesiges ingelig oor die verlede, waarna die moderator 'n rede gelewer het. *"Hy skets vervolgens die*

---

194 De Fakkel, 29 Oktober 1903; Van Schoor, M. C. E., Gedenkskrif ter viering van die honderdjarige bestaan van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Kroonstad, 1860-1960, bl. 27.

195 De Fakkel, 4 Februarie 1904.

196 De Kerkbode, 21 Oktober 1902.

*geskiedenis van die bydrae van die kerk gedurende die afgelope jare tot die onderwys van sy kinders. Hy wys daarop dat die kerk eers dan die besluit neem om sy kinders in eie skole op te voed, wanneer dit blyk dat die regering onwillig is om aan die billike eise van die kerk te voldoen."*[197] In hierdie moeilike tyd kan die waarde van hierdie skool nie oorskat word nie. Gedurende 1905 amalgameer die C.N.O.- en Goewermentskool, met 'n leerlingtal van 247. In belang van die onderwys het die gemeenskap saamgestaan.[198]

Op geestelike gebied het die gemeente van krag tot krag gegroei. Soos in die verlede was die viering van die Heilige Nagmaal 'n besondere geleentheid. Op 24 April 1904, tydens so 'n geleentheid, was die opkoms *"de grootste sedert den oorlog, de prediking zeer ernstig en hartverkwikkend en naar wij vertrouwen velen tot zegen".*[199] Ds. D. J. Minnaar het onder geweldige druk gewerk, sodat sy gesondheid ná die oorlog nie na wense was nie. Tydens 'n kerkraadsvergadering word die moontlikheid van 'n hulpleraar bespreek, aangesien die leraar op versoek van sy geneesheer minstens 'n jaar lank moes rus.[200] Dat aan hierdie saak wel iets gedoen is, blyk uit die feit dat ds. A. J. Troskie reeds 'n tyd daarna met geestelike werk in die gemeente besig is.[201] Dit blyk dat ds. Minnaar herstel het, want hy arbei tot 1915 op Heilbron, toe hy sy emeritaat aanvaar ná 'n lang en geseënde bediening.

### 4.3.17 Bultfontein

Op 6 Desember 1902 word 'n kerkraadsvergadering onder leiding van die plaaslike leraar gehou. Nadat ds. J. A. Pienaar geopen het met gebed, verwys hy na die huidige omstandighede waarin hulle verkeer. Elkeen

---

197 Erasmus, D. F., Heilbron 1873-1973, bl. 37.
198 Erasmus, D. F., a.w., bl. 38.
199 De Fakkel, 12 Mei 1904.
200 Notule, Kerkraad Heilbron, 2 Maart 1906, 6 April 1906.
201 Flemming, H. C. J., Eeufeesgedenkboek Heilbron : 'n Eeu van genade en diens 1873-1973, bl. 56.

moet opgewek word om *"in eendracht, getrouwheid, liefde en met nieuwe moed de hand aan den ploeg te slaan en in de krächt en in den naam des Heeren zijn werk in Zijn verwoesten wijngaard te aanvaarden. Kermen en klagen zal ons niets helpen! Wij moeten op nieuw beginnen en de vervallene en verwoeste muren van Jerusalem weer opbouwen tot eer des Heeren en tot heil van onsterfelijke zielen, en onze oogen op Hem gericht houden, van Wien wij allen kracht, hulp, raad, wijsheid, moed kunnen verwachten en gewisselijk zullen ontvangen. Hy helpe ons!"*[202] Met die deurwerk van die notules was dit telkens duidelik dat ds. J. A. Pienaar hierdie boodskap uitgeleef het. Hy was werklik die spil waarom die heropbou en persoonlike opoffering gedraai het. Daar moet rekening gehou word met die feit dat die gemeente byna alles verloor het, soos blyk uit die beskikbare gegewens.

Daar is ook aandag aan tugsake in die gemeente gegee, en wel met die grootste omsigtigheid en liefde. By geleentheid word die leraar ook beskuldig dat hy 'n valse leer verkondig. *"De leeraar zou gepredikt hebben: men moet de 'Handsuppers' niet vergewen."* Dit word deur ds. Pienaar ontken, waarna hy twee broers versoek om die man te gaan sien *"en in liefde met hem te spreken".*[203] Gedurende die onderhoud is hy van mening dat *"de leraar te scherp preekt".* Hierop reageer ds. Pienaar en sê dat hy vasbeslote is om hierdie saak tot die einde toe deur te voer. Broer Walleis *"moet of bewijzen wat hij zegt of zijne woorden terug trekken".*[204] Dit blyk later dat die saak bygelê is, want 'n versoek om die konsistorie en sy meubelment vir skooldoeleindes te gebruik, word aan hom toegestaan.[205] Die voorsitter neem leiding met die stigting van 'n Christelike Streversvereniging, want *"Wij moeten alles doen om onze jeugd voor onze Kerk te bewaren".*[206] Daar sal tydens Nagmaalsgeleenthede geen vergaderings of basaars wees nie, want daar

---

202 Notule, Kerkraad Bultfontein, 6 Desember 1902.
203 Notule, Kerkraad Bultfontein, 24 Januarie 1903.
204 Notule, Kerkraad Bultfontein, 28 Februarie 1903.
205 Notule, Kerkraad Bultfontein, 28 Februarie 1903.
206 Notule, Kerkraad Bultfontein, 6 Julie 1903.

word saamgekom *"om feest te vieren en wel in rust en stilte"*.[207]

Die kwessie van ds. J. A. Pienaar se salaris kom ook aan die orde. Hy doen totaal afstand van sy salaris vanaf 1900 tot 1902. *"Gedurende dat tijdperk heeft hij een aanzienlijk bedrag moeten uitgeven en dus schuld gemaakt. Door Gods genade was en is hij nog gewillig met zijn volk, vooral met zijne Gemeente te lijden."*[208] In dié tyd was hy tevrede met die karige salaris van £100 per jaar, wat die gemeente in 'n tyd van armoede kon gee.[209] Ds. J. A. Pienaar het 'n persoonlike stempel op sy gemeente afgedruk deur gereelde en toegewyde huisbesoek, 'n saak waarmee hy groot erns gemaak het. *"De ouderlingen moeten bij zich zelven ook besluiten: wij moeten onze wijken meer persoonlijk bearbeiden."*[210] Die Sendingkerkgebou is gedurende die oorlog totaal en al vernietig, sodat eredienste eers in die stal en daarna in die waenhuis van die pastorie gehou is. Hierin sou die gemeente onder moeilike omstandighede ook hulle hand in eie boesem steek. Op 19 Maart 1904 word 'n nuwe kerkgebou ingewy. *"De Gemeente is dankbaar dat zij nu weer een vaste plaatse der aanbidding heeft."*[211] Ds. J. A. Pienaar sou die gemeente vier-en-veertig jaar lank met volharding bedien tot met die aanvaarding van sy emeritaat in 1942.

### 4.3.18 Hoopstad

Op 12 November 1902 kom ds. T. C. Dönges, leraar van Bothaville en konsulent van die herderlose gemeente Hoopstad, op die dorp aan. Hy gee 'n treffende beskrywing van die verwoeste dorp waar hy sy geestelike arbeid moes hervat. Hy keer nie na sy eie gemeente Bothaville terug nie, aangesien die dorp geheel en al verwoes is en omdat die moderator van die Vrystaatse Sinode, ds. J. J. T. Marquard, hom gevra

---

207 Notule, Kerkraad Bultfontein, 6 Julie 1903.
208 Notule, Kerkraad Bultfontein, 6 Julie 1903.
209 Breytenbach, M. N. e.a., Bultfontein 1874-1974 : grepe uit die geskiedenis, bl. 75.
210 Notule, Kerkraad Bultfontein, 5 September 1903.
211 De Fakkel, 14 April 1904.

het om tydelik in die gemeente Hoopstad te werk.[212] Sy gesin bly op Cradock agter, aangesien die pastorie nog nie bewoonbaar is nie. Ds. T. C. Dönges het met geloofsvertroue sy arbeid aangepak en beskryf die gemoedstoestand van die mense treffend: *"Het hart wordt droevig gestemd als men ziet dat onze vroegere welgestelde boeren, thans zich moeten behelpen met alles wat zij bezitten in een weer herstelden stal of wagenhuis. Men wordt getroffen door de tevredenheid onder hun lot en met de moed en vertrouwen waarmee zij het werk weer aanpakken."*[213]

Die eerste kerkraadsvergadering word op 6 Desember 1902 deur die konsulent, ds. T. C. Dönges, waargeneem. Die kerkraad was reeds op 15 en 23 November 1902 byeen, maar aangesien daar geen kworum teenwoordig was nie, word die vergadering uitgestel. Ds. T. C. Dönges wys die kerkraad op die groot verantwoordelikheid wat daar op hulle rus ná die geweldige beproewings van die afgelope jare. In die krag van die Here word elkeen opgeroep om te bou in die naam van die Here.[214] Tydens 'n kerkraadsvergadering op 27 Desember 1902 word ds. T. C. Dönges met 'n volstrekte meerderheid as herder en leraar beroep, wat hy dan ook aanneem.[215] Op 12 Januarie 1903 antwoord hy vanuit Cradock skriftelik op die beroep. Hy bedank die kerkraad vir die vertroue wat hulle in hom gestel het en spreek die bede uit dat sy bediening op Hoopstad besonder geseënd sal wees. As motivering dien: *"De vierjarige herderloosheid der gemeente en haar tegenwoordige finansiële toestand hebben natuurlijk het meest bijgedragen om het beroep aan te nemen. De Heer geve ons veel genade om de puinhoopen die ons in het aangezicht staten te helpen opbouwen, Hij bevestige wat wij begonnen zijn te doen en nog in de toekomst zullen doen."*[216] In hierdie gees en gesindheid het ds. T. C. Dönges die groot taak op Hoopstad

---

212 Kerkraad, Jubileumfees : Nederduitse Gereformeerde Gemeente Hoopstad, O.V.S. 1876-1951, bl. 21 e.v.

213 De Kerkbode, 27 November 1902.

214 Notule, Kerkraad Hoopstad, 6 Desember 1902.

215 Notule, Kerkraad Hoopstad, 27 Desember 1902.

216 Brief van ds. T. C. Dönges aan die kerkraad van Hoopstad. Ingeplak in die Notuleboek van Hoopstad.

aangepak. Hy word op 14 Maart 1903 deur ds. P. A. Winter as nuwe herder en leraar in die gemeente bevestig.[217]

*"Dit was onder baie moeilike omstandighede dat hy die herderstaf alhier opgeneem het. Die oorlogsjare met hul nasleep van verwoesting en verarming het groot en moeilike probleme geskep. Die skuldlas wat daar nou op die kerk gerus het, het £10 000 bedra."*[218] Nie net die sakramente is gereeld bedien nie, maar 'n groot aantal persone is aangeneem en voorgestel. *"Wij hebben ons verbaasd en verblijd over de Bijbelkennis die wij bij hen vonden, in aanmerking nemende onze landsomstandigheden, en wij konden geene andere verklaring daarvoor vinden, dan de plaats welke de gewijde geschiedenis in ons vroeger onderwijsstelsel had ingenomen."*[219] Op sendinggebied het die gemeente in hierdie moeilike tyd nie gehuiwer om 'n helpende hand uit te steek nie. Op 19 Maart 1904 word 'n nuwe sendingkerk ingewy, want die oue is gedurende die oorlog vernietig.[220]

Die Anglo-Boereoorlog met sy nasleep van ellende op tydelike gebied, het ook op kerklike gebied ontwrigting veroorsaak. Onderlinge verdeeldheid, verbittering en verwydering het in 'n mindere of meerdere mate in elke gemeente voorgekom. Reeds met die eerste na-oorlogse Sinode in 1903 het die kerk hom beywer vir vrede en verdraagsaamheid. Die verdeeldheid was veral die gevolg van die gedrag van sekere burgers gedurende die oorlog. Sommige het gevoel dat ná al die hoofstede in die hande van die vyand geval het, die stryd tevergeefs was en oorgegee. *"Hierdie 'handsuppers' wat passief gebly het, is wel as swakkelinge beskou, maar hulle is nog geduld. Met die 'National Scouts' of 'Joiners' was dit egter anders gesteld. Hulle was mense wat daadwerklike hulp aan die vyand verleen het en daarom het hulle die veragting van die volk op hulle gehaal."*[221] Op kerklike gebied sou dit ook roeringe in die

---

217 Flemming, H. C. J., Eeufeesgedenkboek Hoopstad 1875-1975, bl. 194.
218 Kerkraad, Hoopstad, Jubileumfees : Ned. Geref. Gemeente Hoopstad 1876-1951, bl. 22.
219 De Kerkbode, 18 Desember 1902.
220 De Fakkel, 14 April 1904.
221 Oberholster, J. A. S., a.w., bl. 273-274.

geledere van die Afrikaner bring, wat uitloop op die stigting van die "Scouts-gemeentes" onder die leiding van ds. S. J. du Toit. In die Vrystaat het hy ook sy aanhangers gehad, en dit loop uit op die stigting van die gemeentes in die gebied. Hierdie gemeentes het bekend gestaan as *Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis van Suid-Afrika*. In die Vrystaat is gemeentes te Hoopstad, Lindley en Frankfort gestig, met geen organisatoriese verband met mekaar nie.[222]

'n Aantal gemeentelede uit die Kruisgemeentes Clanwilliam en Ceres het hulle in die distrik Hoopstad gevestig. Op hulle aandrang besoek ds. S. J. du Toit die gebied, waar daar in 1909 oorgegaan word tot die stigting van 'n afsonderlike gemeente.[223] Die saak word egter deur ds. T. C. Dönges by die Vrystaatse Sinode geopper, wat dit verder gevoer het. Genoeg om daarop te wys dat daar wel 'n afsonderlike gemeente op Hoopstad gestig is, wat ná die dood van ds. S. J. du Toit doodgeloop het. *"Dit was eindelik te verstane: dat die Kerke onder die kruis nie kon voortbestaan nie, hang ten nouste saam met die klein omvang van die afskeiding enersyds en, andersyds, die gebrek aan 'n behoorlike kerkverband waardeur organisatoriese eenheid verhinder is."*[224] Hierdie gegewens dien ook as agtergrond vir die behandeling van die gemeentes Lindley en Frankfort.

In die kerklike dokumente is daar bitter min gegewens oor die aangeleentheid rakende die kruiskerk op Hoopstad. Ons kan dus aanneem dat sy invloed onberekenbaar klein was, ook vanweë die volgehoue en toegewyde arbeid van ds. T. C. Dönges en die kerkraad. Hy werk op Hoopstad tot in 1920 - geseënde jare. *"Aan die Vrystaatse Kerk het hy belangrike dienste gelewer, en was hy 'n vertroude raadgewer."*[225]

---

222 Van der Watt, P. B., Beroeders en beroeringe, bl. 44.
223 Oberholster, J. A. S., a.w., bl. 255 e.v.
224 Van der Watt, P. B., a.w., bl. 46.
225 Flemming, H. C. J., a.w., bl. 194.

### 4.3.19 Vredefort

*De Kerkbode* vermeld dat ds. J. A. Joubert reeds op 11 September 1902 terug op Vredefort was, terwyl sy gesin eers later by hom sou aansluit omdat die pastorie totaal verwoes was en alternatiewe verblyf gereël moes word.[226] Aanvanklik het ds. J. A. Joubert ses maande lank by ouderling Fanie Cloete op Holfontein in die distrik gewoon, vanwaar hy sy geestelike arbeid gedoen het.[227] Die eerste kerkraadsvergadering word op 19 Januarie 1903 onder voorsitterskap van ds. J. A. Joubert gehou, wat met dankbaarheid melding maak *"dat na zoo vele jaren van moeite en verdriet, lijding en strijden, de Kerkraad andermaal kan bijeen komen. Met dankbaarheid herinnert hij er aan, dat er gedurende den oorlog slechts een lid des Kerkeraads door den dood is weggenomen, de broeder D. Jansen, en spoort aan tot dankbaarheid en nieuwen moed en ijwer in het werk des Heeren."*[228] Op tydelike gebied het die gemeente baie verloor, *"dit dorp is geheel en al verwoest in den oorlog. De kerkbanken zijn op 10 na allen verdwenen, alsmede de kerkeregisters en nachtmaalservies."*[229] Soos ander predikante in die Vrystaat het ds. J. A. Joubert ook sy hele boekery verloor, terwyl hy onder moeilike omstandighede sy arbeid voortgesit het.[230] 'n Lening van £500 word by die Regering aangegaan vir die herstel van die kerkgebou, terwyl die kwessie van die herstel of die bou van 'n pastorie op 'n gemeentevergadering bespreek sou word. Alle kerklike bedrywighede soos die viering van die Heilige Nagmaal en die aanneming van lidmate, het weer momentum gekry.[231] Tydens 'n gemeentevergadering op 14 Februarie 1903 word besluit om die pastorie geheel en al te herbou en om intussen 'n ander huis te huur vir die gebruik van die leraar en sy gesin.[232] 'n

---

226 De Kerkbode, 11 September 1902.
227 Ferreira, I. L., Vesting vir vrede, bl. 131.
228 Notule, Kerkraad Vredefort, 19 Januarie 1903.
229 De Kerkbode, 18 Desember 1902.
230 De Kerkbode, 11 September 1902.
231 Notule, Kerkraad Vredefort, 19 Januarie 1903.
232 Notule, Gemeentevergadering, 14 Februarie 1903.

Lening vir die bou van *"de nieuwe Pastorie"* word by die Nasionale Bank aangegaan teen ses persent rente per jaar.[233]

'n Ondersoek word deur die kerkraad onder die lidmate gedoen na *"personen die in grooten nood verkeeren"*. Drie broeders uit die gemeente het hulp aangebied wat met dank deur die kerkraad aanvaar is. Daar sou tydens die volgende Nagmaal hieroor verslag gedoen word.[234] Ds. J. A. Joubert kry goedkeuring van die kerkraad om op Sondagaande dienste in Engels in die kerkgebou te hou. Aangesien dit as 'n sensitiewe saak beskou is, spreek dit boekdele dat dit sonder 'n teenstem aanvaar is. *"Met die oorname deur Brittanje van die Boererepublieke en dus die infiltrasie van Engelssprekendes in hierdie gebiede aanvaar ds. Joubert en sy Kerkraad dat daar 'n 'groote behoefte aan sulke diensten' bestaan. Dit beteken egter nie klakkelose aanvaarding by almal van die nuwe bewind nie en oormatige simpatie met die Britse owerheid nie."*[235]

'n Basaar word gehou as 'n fondsinsameling vir die pastorie, terwyl herstelwerk ook aan die kerkgebou gedoen word.[236] Op onderwysgebied sou daar ook, soos in die res van die Vrystaat, C.N.O.-skole gestig word, een op die dorp en twee in die distrik. Die skool op die dorp is in die konsistorie van die plaaslike kerkgebou gehou, en dit het die daadwerklike ondersteuning van die kerkraad geniet. Op aanbeveling van 'n kommissie deur die Vrystaatse Sinode benoem, het die kerk- en staatskole later herenig en so is die saak van die onderwys ook op Vredefort gedien.[237] Ná 'n besondere geseënde bediening aanvaar ds. J. A. Joubert op 1 Junie 1920 sy emeritaat.

---

233 Notule, Kerkraad Vredefort, 13 April 1903.
234 Notule, Kerkraad Vredefort, 27 Junie 1903.
235 Ferreira, I. L., a.w., bl. 41.
236 Notule, Kerkraad Vredefort, 9 Januarie 1904.
237 Notule, Kerkraad Vredefort, 19 Maart 1904; Kriel, J. D., Vredefort driekwart-eeufees - 25 tot 28 April 1957, bl. 8-9.

## 4.3.20 Parys

Die eerste kerkraadsvergadering ná die oorlog word op 1 Desember 1902 onder leiding van ds. J. C. Hefer waargeneem. Hy wys daarop *"dat het meer dan drie jaren is sedert men laast ter vergadering kon bijeen zijn; dat in dien tijd Gods Hand zwaar was op Volk en Gemeente en ook zwaar op Kerkraad zijnde er niet minder dan drie Broeders uit het midden door den dood weggenomen, de Geliefde Broeders Ouderlingen T. M. Dannhauser en A. P. Minnaar, en de ywerige Diaken Kassier J. P. Janse; tevens wordt aangetoond dat 't door God gespaard leven geheel des Heeren moet zijn en met blijdschap en groote dankbaarheid aan den dienst des Heeren moet worden gewijd."*[238]

Enkele maande voor die uitbreek van die oorlog in 1899 het ds. J. C. Hefer siek geword en is hy met siekteverlof na die Kaapkolonie, vanwaar hy kort voor die oorlog weer na Parys teruggekeer het. Die ellende en spanning van die oorlog het ook daartoe bygedra dat sy gesondheid verder verswak het. Tog het hy getrou met sy arbeid voortgegaan. *"Trouens, ons tref hom uiteindelik in die konsentrasiekamp by Uitenhage naby Port Elizabeth aan waar hy gees en liggaam wy aan die vertroosting van gevangenes uit die Woord van God."*[239] *De Kerkbode* berig dat ds. J. C. Hefer na Parys teruggekeer het. Spoedig word hy weer siek, sodat hy nie met sy gemeentelike werk kon voortgaan nie. Dit loop uit op sy bedanking as predikant van Parys.[240] Die aanvaarding van sy bedanking deur die kerkraad op 7 Desember 1903, is 'n hartseer oomblik in die geskiedenis van die gemeente.[241] Alhoewel daar in die gemeente vurig om sy herstel gebid is, sou hy eers ná maande herstel. Ds. J. C. Hefer kry toestemming om vir eers in die pastorie te bly woon, totdat 'n ander leraar gevind kon word. Ds. P. J. J. Boshoff van Jacobsdal word beroep, maar word gelei om daarvoor te bedank.[242]

---

238 Notule, Kerkraad Parys, 1 Desember 1902.
239 De Kerkbode, 24 Julie 1902.
240 De Kerkbode, 24 Julie 1902.
241 Notule, Kerkraad Parys, 7 Desember 1903.
242 Ferreira, I. L., Genade op die Vaaloewer : Ned. Geref. Gemeente Parys 1884-1984, bl. 34.

Intussen herstel ds. J. C. Hefer wonderbaarlik en stel homself weer beroepbaar, waarna hy vir 'n tweede maal na Parys beroep word. Hy aanvaar die beroep en word op 30 Oktober 1904 weer eens as herder en leraar bevestig.[243]

Ten spyte van die aanvanklike beproewing waarin die gemeente en sy leraar verkeer het, word die gemeentelike lewe ná die oorlog goed gevestig. Die kerkraadsnotules dui aan dat daar op byna elke vlak van die kerklike werk vordering was. Reeds tydens die eerste kerkraadsvergadering word daar nuwe kerkraadslede verkies, terwyl 'n meer funksionele wyksindeling ook aandag kry.[244]

Op Parys het die kerklike verdeeldheid ná die oorlog veel minder spanning gebring as elders. Ds. J. C. Hefer skryf op 14 Augustus 1902 in 'n brief aan sir Hamilton Goold-Adams, die destydse luitenant-goewerneur van die Oranjerivier-Kolonie, soos volg: *"With regard to the good progress of Peace in my Congregation, I may state that through God's blessing and gracious workings of the Spirit of Peace, all bitterness is being removed. Some of the Kerkeraden of the late burghers refused coming to church and taking their places alongside their fellow Kerkeraden, who had, after surrender, assisted the British Army - last Sunday, however, the most determined, who repeatedly refused, an ex-commandant, at the repeated injunction of God's word, came and resumed his place, joining also in the evening prayer ..."*[245]

Dit blyk ook dat ds. Hefer en die kerkraad daadwerklike pogings aangewend het om vrede ná die oorlog te bewerk. *"De oneenigheid in de gemeente is weggeruimd, de oneenigheid ontstaan gedurende den oorlog. Gods volk heeft gebeden om de vervulling van des Heeren Belofte in Jer. 32:39."* Die getuienis dui ook daarop dat die gemeente met innerlike

---

243 Odendaal, B. J., Ned. Geref. Gemeente Parys 1884-1959, bl. 17.
244 Notule, Kerkraad Parys, 1 Desember 1902, 12 Januarie 1903.
245 Grundlingh, A. M., Die hendsoppers en joiners : die rasionaal en verskynsel van verraad, bl. 315.

krag opgetree het. *"Opkomsten tot prediking van Gods Woord, Bidstonden en bediening van Sakramenten zeer bemoedigend."*[246] Ds. J. C. Hefer sou die gemeente bedien tot met die aanvaarding van sy emeritaat op 10 Julie 1911 weens swak gesondheid.[247]

### 4.3.21 Bothaville

Ná die sluiting van die Vrede van Vereeniging kon ds. T. C. Dönges nie na Bothaville terugkeer nie, omdat daar geen huisvesting in die verwoeste dorp was nie. Op aanbeveling van ds. J. J. T. Marquard, moderator van die Vrystaatse Sinode, werk ds. T. C. Dönges tydelik in die gemeente Hoopstad.[248] Aangesien alle notules en kerklike dokumente gedurende die oorlog verlore geraak het, bestaan daar geen kerklike kroniek tot 1903 nie. Die eerste kerkraadsvergadering word op 6 Junie 1903 gehou, onder leiding van 'n nuwe leraar, ds. C. H. Boshoff. Hierin is geen verwysing na die vorige leraar en sy vertrek nie, wat noodsaak dat daar na ander bronne gesoek moet word.[249] Op 12 Januarie 1903 het ds. T. C. Dönges 'n beroep na Hoopstad aangeneem en dit het die gemeente Bothaville herderloos gelaat.[250] *De Kerkbode* vermeld dat proponent C. H. Boshoff na die gemeente Bothaville beroep is, wat hy dan ook aanvaar.[251] Hy is kort daarna in die gemeente bevestig. Voorbereidings vir sy koms is met geesdrif getref. *"De Kerkeraad heeft dadelijk stappen genomen om het kerkgebouw gerepareerd te krijgen. De pastorie ziet er net een schoon uit en verscheidene gebouwen zijn in reparatie. De boomen bij het dorp hebben nagenoeg niets geleden, water is er volop en de natuur vertoont zich aldaar in hare schoonheid."*[252]

---

246 Notule, Kerkraad Parys, 27 April 1903.
247 Odendaal, B. J., a.w., bl. 17.
248 Kerkraad, Hoopstad, Jubileumfees : Nederduitse Gereformeerde Gemeente Hoopstad, O.V.S. 1876-1951, bl. 21 e.v.
249 Notule, Kerkraad Bothaville, 6 Junie 1903.
250 Flemming, H. C. J., a.w., bl. 194.
251 De Kerkbode, 5 Maart 1903.
252 De Kerkbode, 15 Maart 1903.

Op gemeentelike vlak sou ds. C. H. Boshoff met daadwerklike ywer homself aan sy taak wy. Soos elders in die Vrystaat, het die finansiële las swaar op die gemeente gerus, wat korrekte hantering gevra het. Die kerkraad besluit om vier erwe om die kerkgebou en twee by die pastorie te verkoop.[253] 'n Gemeentebasaar word gehou, waar *"de Zusters Koffie, Koek en een 'dinner' zullen geven."*[254] Dit is treffend dat die vroue in dié tyd met verskeie aksies wat geloods is, die nood probeer verlig het. 'n Gemeentevergadering word gehou, waar daar besluit word *"dat de Diakenen zullen collekteeren om Kerk te repareeren en pastorie schuld zoover mogelijk af te betalen."*[255] Die kerkraad gee toestemming dat dienste in Engels so dikwels as nodig deur die leraar waargeneem mag word. Daar is ook aan die behoeftiges aandag gegee, want 'n skenking van tien sakke meel word onder verdienstelike gevalle verdeel.[256]

'n Versoekskrif van gemeentelede wat 'n afsonderlike gemeente te Odendaalsrus wil stig, word goedgekeur. 'n Besondere mooi verhouding het tussen die leraar en kerkraad bestaan, wat gestalte kry in 'n daad van liefde. *"De vergadering kent aan den voorsitter een gift van £10 toe."*[257] In die heropbou van die gemeente sou ds. C. H. Boshoff hom onderskei as 'n opregte en waardige bedienaar van die Woord. Sy skielike afsterwe op 10 Julie 1909 in die fleur van sy lewe, was 'n harde roepstem.[258] Die gemeente sou nog lank die nagedagtenis van hierdie geliefde leraar in herinnering roep.

---

253 Notule, Kerkraad Bothaville, 6 Junie 1903.
254 Notule, Kerkraad Bothaville, 10 Julie 1903.
255 Notule, Gemeentevergadering Bothaville, 11 Julie 1903.
256 Notule, Kerkraad Bothaville, 9 Oktober 1903.
257 Notule, Kerkraad Bothaville, 5 Desember 1903.
258 Hoops, O. W. A., Bothaville 1891-1966, bl. 48.

### 4.3.22 Harrismith

Die opskrif van die eerste na-oorlogse vergadering onder leiding van ds. J. D. Kestell, is tiperend van die gevoel wat daar geheers het: *"Eerste Kerkraadsvergadering, na den verwoestenden en uitputtenden Oorlog, die ons volk van zijne Onafhankelijkheid ontroofde, gehouden in de Consistoriekamer der Nederduitsche Gereformeerde Kerk te Harrismith op den 19den Januarie 1903."*[259] Gedurende Julie 1902 skryf ds. J. D. Kestell aan die kerkraad 'n brief waarin hy meld dat hy enkele maande verlof neem om saam met generaal C. R. de Wet op 'n oorsese toer te vertrek in belang van die Boeresaak. In dié tyd neem ds. P. A. Roux in sy plek waar en lewer geseënde werk. In die brief lig hy ook die sluier oor sy toekomsplanne: *"Hy wijst op zijn aanname van het beroep naar de gemeente Ficksburg, en zegt dat hij er toe geleid is, door de overtuiging dat zijn werk te Harrismith voltooid is, en dat het best zal zijn indien hy nu plaats voor ander zal maken."*[260]

Uit ander bronne blyk dit dat omstandighede in die gemeente dit vir hom onmoontlik gemaak het om verder op Harrismith te arbei. 'n Kenner van die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog, en biograaf van ds. J. D. Kestell, M. C. E. van Schoor, is van mening dat weens die verraaiers in die gemeente en die hantering van die moeilike situasie, dit vir hom die besieling ontneem het om langer as bedienaar van die Woord op Harrismith te werk.[261] Tydens 'n kerkraadsvergadering op 14 Februarie 1903 word demissie aan ds. J. D. Kestell verleen, nadat op 'n gepaste wyse van hom afskeid geneem is. Hy wys daarop dat *"hij niets dan aangename herinneringen heeft wat zijn verhouding met de Kerkeraad betreft"*, en dat waar verskil van mening was, dit uitgepraat is sodat hulle mekaar altyd weer die hand kon gee.[262] Ds. C. P. Theron van

---

259 Notule, Kerkraad Harrismith, 19 Januarie 1903.
260 Notule, Kerkraad Harrismith, 19 Januarie 1903.
261 Basson, A. P., Na honderd jaar : eeufees N.G. Gemeente Harrismith 1849-1949, bl. 48, en Navorsingsmateriaal in besit van prof. M. C. E. van Schoor, asook persoonlike gesprek met hom oor die aangeleentheid.
262 Notule, Kerkraad Harrismith, 14 Februarie 1903.

Bethlehem het as konsulent waargeneem, en daarmee is 'n nuwe hoofstuk in die kroniek van die gemeente ingelui.

Op 11 April 1903 word 'n gemeentevergadering belê, waar die geweldige skuldelas van die gemeente bespreek is. 'n Spesiale insamelingspoging en 'n basaar word in die vooruitsig gestel, terwyl vrywillige bydraes reeds ontvang is.[263] *"Die plek van ds. Kestell is nie onmiddellik na sy vertrek gevul nie. Dit was 'n tyd van armoede, ontwrigting, moedeloosheid en geestelike verval. Die onderlinge verhouding by lidmate en volksgenote het ook heelwat te wense oorgelaat."*[264] 'n Beroep slaag tog later en op 13 April 1903 begin ds. J. Rabie van Uitenhage sy arbeid op Harrismith, met 'n kerkskuld van £850.[265] Ten spyte daarvan is daar telkens aanduidings van 'n oop hand vir die saak van die Here, soos blyk uit 'n kollekte van £12.10 vir die sendingwerk wat deur eerw. J. J. Ross van Witzieshoek gedoen is.[266]

Aanvanklik is ds. J. Rabie se salaris met £50 per jaar verminder, maar dit is na 'n paar jaar weer verhoog. Benewens die gewone skadevergoeding, is 'n bedrag van £25 per maand vir die huur van die pastorie van die Britse owerheid gevra. Daar word ook 'n poging aangewend om die 21 kerkbanke wat gedurende die oorlog geneem is, te soek. Daar word besluit om ter wille van beter bearbeiding die hoeveelheid kerkraadslede in die gemeente met drie broeders te vermeerder.[267] Ook word besluit om 'n C.N.O.-skool op die dorp te begin, 'n uitvloeisel van Sinodale- en Ringsbesluite. Ds. J. Rabie aanvaar ná tien geseënde jare in die gemeente, 'n betrekking as hoofdosent aan die Sending-Instituut te Wellington. Hy sal altyd onthou word as 'n harde werker wat in die krisis ná die oorlog met oorgawe die saak van die Here op Harrismith gedien het.[268]

---

263 Notule, Gemeentevergadering, Harrismith, 11 April 1903.
264 Basson, A. P., a.w., bl. 49.
265 Notule, Kerkraad Harrismith, 13 April 1903.
266 Notule, Kerkraad Harrismith, 20 Julie 1903.
267 Notule, Kerkraad Harrismith, 13 April 1903, 31 Oktober 1903.
268 Basson, A. P., a.w., bl. 51; Lombard, R. T. J., Ds. J. Rabie, In Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel IV, onder redaksie van Beyers, C. J., bl. 511.

### 4.3.23 Bethlehem

Ds. C. P. Theron keer gedurende Junie 1902 na die gemeente terug. *"Onbeskryflik was die tonele wat sy oog in dorp en distrik begroet. Nadat die strome van twee oorlogsjare oor die Suid-Afrikaanse aarde gewoed het, lê die vlaktes en bulte woes en verlate, en waar eenmaal bewoonde en bewerkte plase was, steek nou slegs die kaal murasies teen die hemel af. Baie wonings is deur brand met die grond gelyk gemaak, selfs vrugteboorde is uitgekap; landerye is deur onkruid ingeneem. Die eertydse ryk veestapel het verdwyn, is deur die vyand gebuit of met geweer en bajonet by duisendtalle afgemaak. Die aarde het woes en leeg geword. 'n Gedeelte van die dorp, o.a. die kerkgebou, het gespaar gebly. Kerkstraat was egter 'n groue ruïne."*[269] Bogenoemde is tiperend van meer as een gemeente, waarin die leraar en kerkraad hulle geestelike werk moes voortsit. Dit is net logies dat dit 'n neerdrukkende uitwerking op menige gemoed sou hê, soos blyk uit verskeie kerkraadsnotules.

Die eerste kerkraadsvergadering word op 13 September 1903 in die konsistorie gehou, onder voorsitterskap van ds. C. P. Theron. Verskeie kerkraadslede is nog nie terug uit ballingskap nie, een het die hoogste offer gebring. Ds. C. P. Theron open die vergadering met *"een hartroerend gebed"*, waarna hy in 'n broederlike onderhoud op *"de voorrechten dezer gemeente boven vele anderen, gedurende den oorlog"* wys.[270] Met die deurlees van die notule, blyk dit dat talle vraagstukke die aandag van die kerkraad gevra het. Die grootste hiervan was sekerlik die skeuring in die geledere van die Afrikanerdom, wat veral onderlinge verhoudinge in die kerklike lewe vertroebel het. Die Bittereinders, wat brandarm van die slagveld na die puin van hulle wonings teruggekeer het, moes aanskou hoe die ruggraatlose "hensoppers" en "joiners" op die vettigheid van die vyand se omkoopgeld teer. Daarenteen was hulle bewus van die steun van die nuwe bewind en het

---

269 Van Rensburg, A. P. J., Eeufeesalbum van die Ned. Geref. Gemeente Bethlehem 1869-1969, bl. 54.

270 Notule, Kerkraad Bethlehem, 13 September 1903.

'n uitdagende en astrante houding teenoor die Bittereinders en *bona fide*-krygsgevangenis ingeneem. *"Heel gou was daar 'n sterk gevoel tussen Bittereinders en verraaiers wat selfs in kerkrade sy neerslag gevind het waar Bittereinders geweier het om saam met verraaiers in dieselfde kerkraadsvergadering en nagmaalsbank aan te sit."*[271]

Hoewel die verdeeldheid in Bethlehem nooit die intensiteit van dié in Lindley bereik het nie, word daar ook in die kerkraad van Bethlehem sterk standpunt ingeneem oor die verraaier-element. Daar word verwys na die rol wat ds. H. E. du Plessis gedurende die oorlog gespeel het: *"Br. Hoffman adviseert dat, na zijne bevinding, het voor den plaatselijken Leraar best zal zijn, Ds. du Plessis van Lindley niet verlof te geven, de Kansel in deze Kerk te bestijgen."*[272] Die bitterheid en verdeeldheid het ds. C. P. Theron in 'n onbenydenswaardige posisie geplaas, want hy was reeds by sekere bittereinders onder verdenking omdat hy nie die kommando's gedurende die oorlog vergesel het nie. Dit is versterk deur die feit dat hy in die sogenaamde "hensopper"-konsentrasiekamp in Ladysmith gewerk het. Enige simpatie met die verraaiergroep sou sy posisie as leraar onuithoudbaar maak, terwyl hy ook moes waak teen vereenselwiging met die Bittereinders, waardeur hy van die ander groep kon vervreem. Op 'n kalm en taktvolle wyse sou hy ewenwel met verloop van tyd daarin slaag om die eensgesindheid in die gemeente te herstel.[273]

Die eerste na-oorlogse Nagmaalsviering word uitgestel. *"Met het oog op vele geschillen in die gemeente, die eers moeten weggeruimd, en andere moeijelijkheden, wordt het best geoordeeld, het houden van Nachtmaal, en aanneming van ledematen, uit te stellen tot in Januarie e.k. ..."*[274] Hierdie drastiese stap sou goeie vrugte lewer, soos blyk uit 'n berig

---

271 Notule, Kerkraad Bethlehem, 13 September 1903, 4 Oktober 1903; Van Rensburg, A. P. J., a.w., bl. 54.

272 Notule, Kerkraad, Bethlehem, 4 Oktober 1904.

273 Van Rensburg, A. P. J., a.w., bl. 55.

274 De Kerkbode, 29 Januarie 1903.

in De Kerkbode: *"Wonderlijke dingen zijn in deze gemeente gebeurt. Wij hebben geene woorden om ons gevoel van dankbaarheid uit te spreken, en kunnen niet begrijpen dat zulks werkelijk kon geschieden, zoo kort na de verstrooiing en verwarring des oorlog."*[275] Hierin het ds. C. P. Theron geen geringe rol gespeel nie, soos blyk uit 'n voorstel wat hy tydens 'n kerkraadsvergadering gedoen het. Hy was van voorneme om *"eene gedachtenisfeest te hebben, over de afgestorvenen gedurende den oorlog"*.[276] 'n Aangrypende roudiens word op diè eerste Sondag van Februarie 1903 deur ds. C. P. Theron gelei, 'n geweldige deurbraak, wat gemoedere tot bedaring bring. Dit word opgevolg deur 'n volgende versoeningspoging, die oprigting van *"een Monument in het Kerkgebouw"* ter nagedagtenis van 112 gesneuweldes wat in die oorlog omgekom het.[277] Dit het allerweë gunstige reaksie ontlok. Die ererol, wat ná al die jare nog in die voorportaal van die Moederkerk op Bethlehem pryk, is 'n stille getuie van ds. C. P. Theron se goedbedoelde pogings om eenheid in die gemeente te herstel.

Op alle gebiede het ds. C. P. Theron in die na-oorlogse tyd 'n stempel afgedruk, soos blyk uit die volgende beskrywing: *"Ds. Theron se optrede tydens die swaarkry-jare het hom met die gemeente verinnig. Sy simpatieke oor, sy troosvolle woorde en sy volgehoue bemoediging het blywende herinnering aan die jare geword toe sy gemeente deur die lewensmeule van verarming en verguising moes gaan."*[278] Ná die afsterwe van ds. C. P. Theron, lewer ds. J. D. Kestell die volgende treffende huldeblyk: *"Omdat die leraar se rytuig gedurende die oorlog voete gekry het, moes hy staat maak op gemeentelede wat hom na buitedienste moes kom haal. Eendag daag die rytuig egter nie op nie. Ewe getroos het ds. Theron sy wandelstok geneem en die tien myl na die betrokke plaas te voet afgelê - en dit op 57-jarige ouderdom!"*[279] Op sendinggebied het

---

275 De Kerkbode, 29 Januarie 1903.
276 Notule, Kerkraad Bethlehem, 12 Januarie 1903.
277 Notule, Gemeentevergadering Bethlehem, 31 Januarie 1903.
278 Van Rensburg, A. P. J., a.w., bl. 56.
279 Van Rensburg, A. P. J., a.w., bl. 56.

ds. C. P. Theron blywende monumente nagelaat, waar hy as lid en voorsitter van die Sinodale Sendingkommissie 'n lewende legende word. Die sending te Witzieshoek het tot die einde van sy lewe sy simpatieke en daadwerklike aandag gekry. Die hou van kategesekonferensies, asook die totstandkoming van die Stofberg-Gedenkskool, sal altyd aan hierdie groot sendingman se naam verbind wees. Ds. C. P. Theron se bydrae tot die ontwikkeling van die sending in die Oranje-Vrystaat is in alle opsigte merkwaardig.[280] Op onderwysgebied was die aandeel van ds. en mev. C. P. Theron fenomenaal. Die oprigting van die Meisieseminarie in 1879, 'n soortgelyke inrigting as die Hugenote Kollege op Wellington, getuig daarvan. Die skool wat in 1896 ontstaan, is die voorloper van die Charlotte Theron Kinderhuis wat vandag nog bestaan. Ds. C. P. Theron aanvaar in 1912 sy emeritaat en vestig hom op Bethlehem, waar hy op 2 Junie 1924 die tydelike met die ewige verwissel.[281]

### 4.3.24 Frankfort

Kort ná die terugkeer van ds. Geo Thom, vind die eerste kerkraadsvergadering op 14 Februarie 1903 in 'n tent plaas. *"De voorzitter opent de vergadering met gebed en spreekt een gepast woord by deze gelegenheid, de vergadering herinnerende aan het voorrecht nog gespaard te zijn en alzoo hier tezamen te komen om de belangen der kerk te behartigen, terwyl het leven van zovelen op het oorlogsveldt en noch veel meer in de kampen afgemaaid werd, gedurende de drie jaren van oorlog die in ons land heerschte. Hy wekt voorts de leden des kerkraads op om met toegewydheid en ernst het werk des Heeren in die gemeente te hervatten en met den profeet Nehemia te zeggen: 'komt laat ons de muren van Jeruzalem opbouwen; God van den Hemel, die zal het ons doen*

---

280 Du Preez, J. (red.), Sendinggenade : sendingwetenskaplike opstelle aangebied aan prof. W. J. van der Merwe by geleentheid van sy tagtigste verjaarsdag, bl. 58. Verwys na die artikel van Odendaal, A. A., Ds. Charles Petrus Theron (1844-1924) - sendingman by uitnemendheid.

281 Beyers, C. J., a.w., bl. 684. (Biografiese skets van ds. C. P. Theron, geskryf deur A. P. J. van Rensburg).

*gelukken en ꞌij Zijne knechten zullen ons opmaken en bouwen'."*[282] Te midde van d armoede was daar 'n sterk begeerte om weer op die been te kom. Aar esien die kerkgebou en pastorie verwoes was, het die heropbou daꞔ van prioriteit geniet. 'n Tender van £880.0.0 word aanvaar vir die her el van die pastorie, terwyl die gesin intussen in 'n buitevertrek ewoon het. *"Die vertrek is met 'n gordyn afgeskort. Agterin het die fam ie gekook en geslaap terwyl ds. Thom in die voorste gedeelte paꞔ tjies in die huwelik bevestig het of lidmate geestelik bearbei het.'* [83]

Die kerkgebc , voor die uitbreek van die oorlog 'n sieraad, is totaal verwoes en ; ɔes herbou word. Aangesien daar nie fondse vir hierdie taak beskikb ar was nie, in elk geval nie vir 'n permanente gebou nie, besluit die ‹erkraad om 'n "noodkerk" te bou. 'n Kommissie word aangestel, *"t neinde een plan van specifikatiën te doen optrekken van een kerkgeb( ıw van hout en sink voor 500 sitplasen met of zonder steenen uitg( ꞌoerd, en tenders te vragen".*[284] Later sou dit verander word in 'n g( ou van sink en hout *"met steenen van binnen"*, met sitplek vir 600 mens .[285] Hierdie kerkgebou is voltooi en is gebruik totdat die huidige kerk ɜbou op 19 Julie 1912 ingewy is.

Op finansiël( gebied het die gemeente geweldig swaar gekry, soos blyk uit verskeie kerkraadsnotules. Ds. Geo Thom is deur die kerkraad versoek om e ꞁers geld in te samel vir die gemeente en is per trein na die Boland aar hy £679-5.6 kollekteer.[286] In hierdie tyd sou die diakonie ook besondere liefdesdiens verrig, soos die verdeling van bydraes onc r behoeftiges. Die diakens het opdrag ontvang om 'n ondersoek in die wyke te doen om die behoeftes van die lidmate te

---

282 Notule, Ker aad Frankfort, 14 Februarie 1903.

283 Notule, Ker aad Frankfort, 20 Junie 1903, 9 September 1905; Van der Merwe, J., Ons eerste eeu : die g kiedenis van die Frankfort gemeente van die Ned. Geref. Kerk, 1873-1973, bl. 44.

284 Notule, Ker aad Frankfort, 30 Maart 1903.

285 Notule, Ker aad Frankfort, 31 Augustus 1903.

286 Van der Mer , J., a.w., bl. 38.

bepaal, asook om uit te vind *"hoevelen er zonder Bijbels zijn"*.[287] Baie Bybels is saam met die huise verbrand, terwyl baie soldate van die Familiebybels as aandenkings saamgeneem het. Ná die oorlog is pogings in Engeland aangewend om dit te versamel en na Suid-Afrika terug te stuur. *"Het blijkt dat de Boeren in de Z.A. Kolonies hunne Huisbijbels hoogschatten."*[288]

In die Frankfortse gemeente sou die spanning in kerklike geledere rondom vier persone, naamlik J. Steenkamp, G. Muller, R. van Rensburg en J. Benade wentel. Hulle het gedurende die oorlog aan Britse kant geveg, met die gevolg dat gemoedere ná die vrede hoog geloop het. In die kerkraadsnotules vanaf 1903 tot 1906 was daar voortdurende onenigheid, terwyl die kerkraad aanvanklik tevergeefs gepoog het om hulle tot 'n skulderkentenis van 'n morele misdryf te bring. *"Veral R. van Rensburg het baie verontreg gevoel. In April 1904 het hy selfs sover gegaan om te sê dat die Bittereinders deur hulle voortsetting van die stryd vir die dood van die vrouens en kinders in die konsentrasie-kampe verantwoordelik was. Op 'n onbeteuelde wyse het Van Rensburg ook teen ds. J. D. Kestell van Ficksburg te velde getrek en gesê dat Kestell 'gesteenigd moest geweest zijn voor hij den Kerkdrempel overtrad'. Van Rensburg en enkele van sy geesgenote is onder kerklike sensuur geplaas en kon derhalwe nie aan die Heilige Nagmaal deel hê nie."*[289] Dit sou later by die Rings- en Sinodale Kommissie te berde gebring word, wat die uitspraak van die kerkraad van Frankfort ongedaan gemaak het. Uit die stryd sou egter 'n nuwe kerk gebore word, want R. van Rensburg en ander beswaardes sluit by die Scoutkerk aan. Ds. S. J. du Toit kom hou dienste, wat daarop uitloop dat 'n gemeente van die Gereformeerde Kerke onder die Kruis in Suid-Afrika, op Frankfort gestig word.[290]

---

287 Van der Merwe, J., a.w., bl. 39.
288 De Fakkel, 20 Augustus 1903.
289 Notule, Kerkraad Frankfort, 23 April 1904; Grundlingh, A. M., a.w., bl. 315.
290 Oberholster, J. A. S., a.w., bl. 260-267; Grundlingh, A. M., a.w., bl. 315; Notule, Oostelike Ring, 4 Mei 1905.

In hierdie tyd het ds. Geo Thom met ywer en volharding gepoog om eenheid in die gemeente te bewerkstellig. Sy vroeë dood op 26 September 1908 word as 'n geweldige verlies vir kerk en volk bestempel. Hy het vier-en-twintig jaar lank die gemeente Frankfort met oorgawe gedien, 'n veelbewoë tydperk. *"'n Tydperk waarin die leraar ten spyte van swak gesondheid sy gemeente bygestaan het op die slagveld, as prisonier en te midde van verguising en armoede toe van 'n salaris aan hom geen sprake was nie."*[291]

## 4.3.25 Lindley

Die eerste na-oorlogse kerkraadsvergadering word op 18 November 1902 gehou, in afwesigheid van ds. H. E. du Plessis, aangesien hy te Kroonstad was weens *"ziekte in zijn huisgesin"*. 'n Brief van die moderator, ds. J. J. T. Marquard, word gelees, waarin hy meer inligting oor die kerklike eiendomme vra. Die kerkraad antwoord deur die volgende beskrywing van die plaaslike toestande te gee: *"Onze Kerk is geheel verbrand met alles wat er in was, allen de muren staan nog en zijn nog voor eenigen tijd te gebruiken indien behoorlijk gerepareerd en onder dak gebracht. Twee bouwmeesters hebben als hun gevoelen opgegeven dat omtrent £2,000 voldoende sal zijn om de kerk weer bruikbaar te maken."*[292] Daar is nie daadwerklike besluite geneem nie, aangesien heelwat kerkraadslede nog nie terug was van ballingskap nie. Daar is behalwe die rede vir sy afwesigheid, geen verdere verwysing na ds. H. E. du Plessis nie.[293]

Dit is reeds bekend dat die optrede van ds. H. E. du Plessis gedurende die oorlog vir die Bittereinders in die gemeente Lindley 'n steen des aanstoots geword het. Hulle kon hulle net nie vereenselwig met die optrede van hulle leraar gedurende die oorlog nie. Veral sy verbintenis

---

291 Van der Merwe, J., a.w., bl. 48.
292 Notule, Kerkraad Lindley, 18 November 1902.
293 Notule, Kerkraad Lindley, 18 November 1902.

met die vredeskomitee het hom onder verdenking gebring. Alhoewel hy aanvanklik met hierdie komitee suksesvol was, sou hy hom die gramskap van baie op die hals haal. Hy vertrek na die konsentrasiekamp te Kroonstad, waar hy geestelike werk doen en sekere take verrig om sy doelstellings te verwesenlik. *"Op 25 Januarie 1902 het die Vrystaatse Regering hom weens 'verraad' verbied om as huweliksbevestiger op te tree. Hy sou nog as predikant werksaam kon wees, maar 'gene Huwelik door hem in de toekoms bevestigd', sou as wettig beskou word nie."*[294] Dit was gou duidelik dat ds. H. E. du Plessis nie meer as predikant op Lindley welkom was nie. Die Bittereinders het geweier om sy dienste by te woon. *"Hoe kan een burger die tot den laasten toe gestaan heeft, luisteren naar iemand die gepredikt heeft voor de personen (klaarblyklik O.R.C. Volunteers) die hem trachten dood te schieten."*[295]

Op 13 Desember 1902 word 'n kerkraadsvergadering gehou, die eerste waar ds. H. E. du Plessis teenwoordig is, met verreikende gevolge vir die leraar en gemeente. Tydens hierdie kerkraadsvergadering, wat ons as besonder openhartig kan beskryf, is die krisis tot op die been oopgevlek. *"De Praeses brengt onder de aandacht der vergadering den toestand der gemeente. Hy zegt onder anderen dat die toestand hem pijnlik is. De gemeente lijdt er onder en hij ook. Verdeeldheid is een kanker die vreet aan het geestelijk maatschappelijk en financieel bestaan eener gemeente. Er moet verandering komenen der tegenwoordigen toestand van zaken."*[296] Ds. H. E. du Plessis meld dat hy sekere vrae aan die kerkraad wil vra wat openhartig beantwoord moet word. Die bespreking van vier belangrike vrae word op 'n verantwoordelike wyse gedoen:

---

294 Grundlingh, A. M., a.w., bl. 314.

295 De Vriend, 28 Januarie 1903; The Bloemfontein Post, 6 en 28 Januarie 1903; Oberholster, J. A. S., a.w., bl. 278.

296 Notule, Kerkraad, Lindley, 13 Desember 1902.

[1] **Heers daar nog onderlinge verdeeldheid tussen die gemeente en kerkraad en tussen die gemeente en die leraar?**

Hierop word geantwoord dat die toestand onveranderd voortduur.

[2] **Wat is die oorsaak van die verdeeldheid, bestaan daar wettige klagte teen die leer of sedelike gedrag van die leraar of is die politieke siening van die leraar 'n oorweging vir die verwydering en vyandskap?**

Hierop word geantwoord dat dit nooit gegaan het oor die leer of sedelike gedrag van die leraar nie, maar wel dat *"het gevoel van afkeurigheid te danken is aan het politieke gedrag van den Predikant gedurende den oorlog"*.[297]

[3] **Is die kerkraad in staat om die beloftes in die beroepsbrief aangaande huisvesting en finansiële vergoeding vir die leraar na te kom?**

Dit blyk dat solank daar op so 'n groot skaal verdeeldheid in die gemeente bestaan, die gemeente sonder fondse gelaat word, wat daarop neerkom dat hulle nie in staat is om hulle finansiële verpligtinge na te kom nie.

[4] **Wat verwag die kerkraad van die leraar, moet hy onder sulke omstandighede as predikant van Lindley bedank? Indien hy sou bedank, watter finansiële eise sou hy stel?**

*"De voorzitter antwoordt dat hij zich door geene gemeente laat uitkoopen. Het is tegen zijn beginsel. Hij wil niets meer hebben dan een gedeelte van zijn achterstallig salaris."*[298] Hierna het verskeie broeders die woord gevoer, waar onder meer aangevoer is dat die leraar sy skuld moet bely, waarop eensgesindheid sal volg. *"De voorzitter neemt nu het woord en zegt dat het hem innig grieft te zien van hoedanigen geest de gemeente is. Wat belydenis van*

---

297 Notule, Kerkraad Lindley, 13 Desember 1902.
298 Notule, Kerkraad Lindley, 13 Desember 1902.

*schuld aangaat. Waaraan is hij schuldig? Hij heeft gehandeld naar zijne overtuiging en gedaan wat recht was. Geen enkele schrede zal hij achteruitgaan, met zijn gedrag in het verleden staat of val hij. Hy heeft feiten als bergen achter zich (de uitslag van den oorlog en de toestand van Land en Volk) om hem in zijne handelingen te bevestigen. Het doel van zijne brieven in de couranten was om een einde te maken aan den hopeloozen strijd en de onnoodige verwoesting van Land en Volk."*[299] Ds. H. E. du Plessis beskryf die doel van sy terugkeer na Lindley soos volg: *"Hij is na Lindley terug gekomen na de vredesluiting met de eerlijke intentie om het verlede te begraven, niemand iets te verwijten en broederlijk met kerkeraad en gemeente zamen te werken tot heil van Kerk en Staat. En wat vond hij? Een toestand van verbittering, vyandschap in de gemeente."*[300] Hierna volg 'n breedvoerige beskrywing van wat hy reeds in die gemeente moes verduur, wat hom noodsaak om tot 'n ongewone stap oor te gaan: *"De zaak van Gods Koninkrijk wordt verwaarloosd. Hij gevoelt zich genoodsaakt zijne bediening als Predikant van Lindley neer te leggen ter wille van de gemeente en zijn huisgezin. Aanstaand week zal hij zijne bedanking in handen der Ringscommissie stellen en den 21 dezer zijn afscheidspreek houden."*[301]

Hierna word enkele ander sake behandel, waarna die leraar 'n laaste woord spreek. Elke broeder word aangespoor *"om hunne krachten in te spannen tot het bewaren van vrede in de gemeente zonder welke geen zegen van den Heer kan verwacht worden, en nadat enkele leden ook een laatste woord tot den Leraar gesproken hebben"*, word die vergadering met gebed gesluit.[302]

Dit moet egter tot eer van ds. H. E. du Plessis gesê word dat hy dadelik die gevoelens van die kerkraad begryp en respekteer het, en

---

299 Notule, Kerkraad Lindley, 13 Desember 1902.
300 Notule, Kerkraad Lindley, 13 Desember 1902.
301 Notule, Kerkraad Lindley, 13 Desember 1902.
302 Notule, Kerkraad Lindley, 13 Desember 1902.

nie daarvan 'n persoonlike twissaak gemaak het nie. Sy grootmoedige besluit om te bedank, sou die saak van die Here in Lindley dien. Demissie is deur die Ringskommissie aan hom verleen, en daarmee is 'n aantal jare van storm en drang afgesluit.[303]

Dit sou gou blyk dat die verdeeldheid in die gemeenskap van Lindley hoofsaaklik rondom die persoon van ds. H. E. du Plessis gesentreer het. Dit blyk uit 'n skrywe van vier plaaslike Bittereinders aan sir Hamilton Goold-Adams, waarin hulle hul ten gunste van *"mutual reconciliation"* uitspreek en die luitenant-goewerneur se toestemming vra om op Geloftedag, 16 Desember 1902, 'n groot vergadering te hou, *"in order to remove all differences"*.[304] In hierdie krisistyd het ds. D. J. Viljoen van Reitz, die gemeente met raad en daad bygestaan. 'n Paar maande na die losmaking van die band tussen die leraar en die gemeente, getuig hy dat *"er eene toenadering en verzoening plaats vond te Lindley tusschen partijen die van elkander vervreemd waren"*.[305]

*"Sonder 'n kerk, sonder pastorie en sonder 'n leraar, ja, selfs sonder 'n dorp van aansien sou die N.G. Gemeente van Lindley die eeu moes begin. In 'n sekere sin was die gemeente presies waar dit met sy stigting 'n kwarteeu tevore gestaan het. Eintlik slegter, want toe was daar reeds 'n kerkgebou waarin dienste gehou kon word."*[306] Die lig sou weldra deurbreek, want op 10 Oktober 1903 word proponent M. Smuts as nuwe herder en leraar bevestig. Onder leiding van hierdie jong predikant sou 'n nuwe begin met geesdrif en erns aangepak word. Tydens 'n gemeentevergadering word besluit om die £1 200 wat gedurende die oorlog in die bank belê is, te gebruik vir die herstel van die kerkgebou.[307] Intussen word eredienste onder bokseile en in die pakkamers van F. Richter en die firma Spence en Ficher gehou. Ná 'n kort maar geseënde bediening aanvaar ds. M. Smuts 'n beroep na

---

303 Van Schoor, M. C. E., Eeufeesgedenkboek N.G. Gemeente Lindley 1876-1976, bl. 39.
304 Grundlingh, A. M., a.w., bl. 314.
305 De Fakkel, 14 Mei 1903.
306 Van Schoor, M. C. E., a.w., bl. 40.
307 Notule, Kerkraad Lindley, 12 September 1903, 25 April 1903.

Darling, terwyl ds. A. J. Troskie reeds op 13 April 1907 as nuwe herder en leraar van Lindley bevestig word.[308]

### 4.3.26 Vrede

Ds. J. H. Enslin en sy gesin keer op 25 September 1902 na Vrede terug. *"Mijne pastorie of liever eenige kamers heb ik op eene manier bewoonbaar gemaakt. Studeerkamer en Bibliotheek heb ik niet. Wij houden des Zondags dienst in de Consistorie om redenen gij ligt kunt begrijpen."*[309] Weens 'n tekort aan perde is dit nie vir ds. Enslin moontlik om sy gemeentelede te besoek nie. *"Er zijn ook vele andere moeilijkheden mede te kampen, die naar wij hopen, onder Gods zegen met den tijd verdwijnen zullen."*[310] Aangesien die Notuleboek van Vrede en alle ander kerklike registers in 1916 deur 'n brand in die pastorie verwoes is, kan geen rekonstruksie vanuit primêre bronne gemaak word nie. Op 1 November 1903 vier die gemeente die Heilige Nagmaal, terwyl die opkoms onder die moeilike omstandighede goed was. *"Er heerschte een goede geest. Er zijn thans 530 zitplaatsen. Wij hopen langzamerhand het volle getal te herstellen."*[311] Die kerkraad het £50 bestee om die pastorie van binne te herstel, *"behalve het buitenwerk waaraan wij nog niets hebben kunnen doen"*.[312] Dit is insiggewend dat 'n jaar en 'n half ná die Vrede van Vereeniging, die pastorie nog nie aan die buitekant herstel was nie. Op 6 Februarie 1904 word die nuwe kerkgebou van die Sendingkerk ingewy. Die bouwerk aan die gebou is reeds voor die uitbreek van die oorlog begin, maar moes in die hitte van die stryd gestaak word. *"Toen de Vrede hersteld was en de leden teruggekeerd sloeg men dadelijk weer de hand aan het werk. Niettegenstaande dat de kleurlingen ook zeer verarmd zijn, velen gebrek hebben, was de*

---

308 Notule, Kerkraad Lindley, 25 Augustus 1906, 13 April 1907.
309 De Kerkbode, 16 Oktober 1902.
310 De Kerkbode, 23 Oktober 1902.
311 De Fakkel, 12 November 1903.
312 De Fakkel, 12 November 1903.

*hartelijke samenwerking en bereidwilligheid om iets voor hun Kerk te doen waarlijk te bewonderen."*[313]

Op kerklike gebied sou daar ook onenigheid tussen die Bittereinders en afvallige burgers kom. Die gedrag van drie kerkraadslede gedurende die oorlog was die oorsaak dat gemeentelede onwillig was om die eredienste by te woon. Daar is geëis dat hulle moet bedank, maar die persone het geweier, met die gevolg dat ander kerkraadslede in Maart 1903 uit protes bedank het. 'n Kerkraadsvergadering is toe gehou waar slegs Bittereinders tot ampsdraers van die kerk verkies is.[314] Ds. en mev. J. H. Enslin het met geloofsmoed en volharding in hierdie moeilike tyd die toon aangegee en sou hulle beywer vir die bou van 'n toring aan die bestaande kerkgebou, wat in 1913 voltooi is. Die leraar sterf op 14 Oktober 1916, nadat hy 31 jaar lank bedienaar van die Woord op Vrede was.

### 4.3.27 Reitz

Die eerste kerkraadsvergadering ná die oorlog word op 29 November 1902 deur ds. D. J. Viljoen in die buitekamer van die pastorie gelei, waar hy onder meer toestemming kry om in die Kaapkolonie te gaan kollekteer. Weens die finansiële toestand waarin die gemeente verkeer, aanvaar die leraar net £200 van sy agterstallige salaris en maak bekend dat hy vir die eerste jaar tevrede sal wees met £300 per jaar.[315] Van die kerkgebou het net die murasies gestaan, want die banke, vloere, preekstoel, deure en vensters is uitgebreek en as vuurmaakhout gebruik. Op twee foto's wat behoue gebly het, kan 'n mens duidelik die vernietigingswerk sien. Aan die binnekant van die kerk is daar teen die mure gekrap en geskryf.[316]

---

313 De Fakkel, 3 Maart 1904.
314 Grundlingh, A. M., a.w., bl. 314.
315 Notule, Kerkraad Reitz, 29 November 1902.
316 Kerkraad, Ned. Geref. Kerk Reitz : jubileumfees 1891-1966, bl. 18; Hobhouse, E., War without glamour, bl. 62, 63.

*"En daarin het hulle in 1902 kerkgehou, sommer so tussen die muurtjies op die grondvloer. Hulle het 'n kas aanmekaar getimmer vir 'n verhoog. Mense is daar aangeneem en hulle kindertjies gedoop. En hulle moes oor die muurtjies na die verhogie geklouter het. Na Ds. Viljoen se terugkoms as banneling, het hulle dadelik, die eerste Sondag, afgekondig dat die eerste Sondag nagmaal gaan wees. Elkeen moes tog asseblief sy eie sitplekkie saambring. Daardie week het mense gewoel om 'n kerkbankie te maak."*[317] Die herderspaar was vasbeslote om so spoedig moontlik weer die kerklike werksaamhede op 'n vaste grondslag te plaas. Die leraar wou dadelik met huisbesoek begin, maar die kerkraad besluit om *"Buitenkerken in plaats van Huisbezoek te houden"*.[318]

In dié tyd het Emily Hobhouse Reitz besoek en is sy deur ds. en mev. Viljoen in 'n skoolvertrek met 'n adres verwelkom: *"Baie van die vroue het stil gesnik. By die flikkerende kerslig het sy die moedeloosheid op die beplooide gesigte van die mans gelees. Sy moes met hulle praat. Maar hoe om so 'n gehoor te nader? Jy kan vir hulle sê: 'Vertrou op God'. Maar hulle het op God vertrou. Hulle het alles prysgegee in die stryd om hulle vryheid te behou. Hulle het alles verloor, hulle vryheid ook. Tog is dit al wat oorgebly het, die vertroue dat God die ellende sal aansien en genadig wees."*[319] Uit die kerkraadsnotules blyk dit dat heelwat tugsake in hierdie tyd voor die kerkraad gedien het. Die tug is streng toegepas en oortreders moes voor die kerkraad verskyn om belydenis van hulle sonde te doen. Persone wat in onvrede met mekaar gelewe het, is ook hieroor aangespreek.[320]

Met die Nagmaalsviering op 27 Desember 1903, was nie net die pastorie nie, maar ook die kerkgebou herstel. Die kerkklok het as geskenk uit Pretoria gekom. Daar is ook 'n basaar gehou, wat nie minder as £155

---

317 Kerkraad, Ned. Geref. Kerk Reitz : jubileumfees 1891-1966, bl. 18; Hobhouse, E., War without glamour, bl. 62, 63.
318 Notule, Kerkraad Reitz, 28 Maart 1903.
319 Terblanche, A., Emily Hobhouse, bl. 259.
320 Notule, Kerkraad Reitz, 3 Januarie 1903, 28 Maart 1903, 4 Julie 1903, 3 Oktober 1903.

opgelewer het nie. "*Nog komen de vrijwillige giften in, en wij gelooven, dat de som nog stijgen zal tot £250. De Heere zij al de eer.*"[321] Kort hierna neem ds. D. J. Viljoen 'n beroep aan na Bredasdorp en neem einde Januarie 1904 afskeid van die gemeente wat hy sedert 1892 bedien het.[322]

### 4.3.28 Fouriesburg

Die eerste na-oorlogse kerkraadsvergadering word op 6 Desember 1902 deur ds. M. Heyns waargeneem. Nadat hy in gebed voorgegaan het, "*verwelkomt hij de leden en wijst ze op den tijd van beproeving, welken wij door gegaan zijn en op den tegenwoordigen treurigen toestand van ons land, ons volk, onze Kerk en onze gemeenten.*"[323] Daar was ook ernstige roepstemme, soos die dood van twee dienende kerkraadslede. Die kerkboeke het verdwyn, terwyl 'n notuleboek in 'n erg verskeurde en beskadigde toestand in 'n Britse blokhuis naby Fouriesburg gevind is. Ds. M. Heyns doen ook verslag van sy doen en late nadat hy die gemeente gedurende die oorlog moes verlaat. Hy is na Natal weggestuur, maar kon na 'n jaar verlof kry om hom by sy familie in Basoetoland aan te sluit. "*Na den vrede is hij doorgekomen, en woont op de woonsplaats, in het huis van Br. F. Lategan, aangezien de pastorie onbewoonbaar is.*"[324] Ds. Heyns verkies om onder die huidige moeilike omstandighede geen salaris te ontvang nie, maar wys daarop dat hyself finansiële verpligtinge het wat nagekom moet word. 'n Voorstel in dié verband word deur die leraar gemaak. "*Hij wil het eerste jaar niets van de zijde der Gemeente ontvangen, en aan het einde van het jaar, kunnen wij zien wat gedoen kan worden, door een vrywillige bijdrage of andersins.*"[325]

---

321 De Kerkbode, 31 Desember 1903.

322 Kerkraad, Reitz, Jubel-fees gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Reitz 1891-1941, bl. 19.

323 Notule, Kerkraad Fouriesburg, 6 Desember 1902.

324 Notule, Kerkraad Fouriesburg, 6 Desember 1902.

325 Notule, Kerkraad Fouriesburg, 6 Desember 1902.

Ds. D. P. M. Olivier sou oor ds. Heyns se terugkoms soos volg skryf: *"Baie pynlik en hartverskeurend was die teruggaan na Fouriesburg in Augustus 1902. Menige vriend was nie meer daar nie, die dorp in puin, kerk en pastorie verniel, sy gemeentelede op die plase nie by magte om die dienste by te woon weens gebrek aan vervoermiddels, allessins was dit 'n jammerlike toestand, nogtans het hy die moeilike werk met moed aangevat."*[326] 'n Klag word teen sommige kerkraadslede by die kerkraad ingedien, maar dit word nie behandel nie aangesien dit 'n saak vir die Oostelike Ring was. Die wenslikheid word bespreek dat die leraar en sy gesin liefs op Fouriesburg moet kom woon. Die buitegeboue van die pastorie word bewoonbaar gemaak, met die versoek dat dit nie meer as £25 mag bedra nie.[327] In 'n brief waarin ds. Heyns die verwoesting in die gemeente beskryf, sluit hy af met 'n trooswoord uit die hart: *"Het is ons een troost de verzekering te hebben dat onze God ons uit liefde kastijdt, tot ons nut. Bidt den Heere dat Hij ons genadiglijk een geest van vergevingsgezindheid en liefde schenke, daar ons volk erg verdeeld schijnt te zijn."*[328]

Ds. M. Heyns se gesondheid het ingegee onder die spanning en druk van die oorlog en hy was verplig om 'n paar maande verlof te neem, maar dit het nie die gewenste uitwerking gehad nie. Hy is derhalwe verplig om in 1906 tydelik as predikant uit te tree, aangesien hy nie met sy werk kon voortgaan nie.

Voor sy vertrek het hy eers die gemeente deurreis om geld in te samel vir die herstel van die kerkgebou. Hy het £400 vir dié doel ingesamel vir gebruik deur sy opvolger. *"Pas 'n jaar na sy vertrek uit Fouriesburg het hy 'n onweerstaanbare begeerte gevoel om weer sy ou vriende te gaan besoek. Daar het hy skielik siek geword in die huis van ouderling Thomas Theron, 'n innig en beproefde vriend. Met die grootste liefde en toewyding is hy versorg deur die lede van daardie*

---

326 Olivier, D. P. M., Kerk souvenier van Senekal : vyftigjarige bestaan, 1879-1929, bl. 140.
327 Notule, Kerkraad Fouriesburg, 6 Desember 1902.
328 De Kerkbode, 28 Augustus 1902.

*familie en ander vriende vir tien dae lang, maar sy lewensreis het vinnig ten einde gespoed. Op Sondagmôre 5 Mei 1907 het hy die ewige Sabbatsruste ingegaan. Hy is begrawe in die kerkhof van Fouriesburg. So het die liewe Heer hom vergun om te sterf en te rus by hulle wat hy liefgehad en gedien het."*[329]

### 4.3.29 Smithfield

Ná die Vrede van Vereeniging het die gemeentelede stadig maar seker na Smithfield en omstreke teruggekeer. Die gemeente was steeds vakant, en moes die behoefte en vertroosting van 'n eie leraar in die moeilike tyd ontbeer. Tog het ds. H. C. J. Bekker van Bethulie die kerkraad en gemeente met raad en daad bygestaan. Hy tree ook as voorsitter op by die eerste na-oorlogse kerkraadsvergadering op 24 Januarie 1903. 'n Aantal dringende sake vra die aandag van die vergadering. 'n Bedanking van 'n ouderling, blykbaar weens broederlike twis, dien voor die vergadering en word aanvaar. Op tydelike gebied word daar ook 'n hand van liefde uitgesteek met die beskikbaarstelling van £40 uit die kerkkas vir die verligting van nood onder behoeftiges. Goedkeuring word ook verleen om die nodige herstelwerk aan die kerkgebou, pastorie en uurwerk van die horlosie te doen. Bogenoemde is tydens die oorlog beskadig.[330]

Op 21 Februarie 1903 word 'n spesiale gemeentevergadering in die kerkgebou gehou, met 'n belangrike saak op die agenda: die beroeping van 'n nuwe herder en leraar. Aangesien daar nie geld in die kerkkas was om 'n predikant te betaal nie, besluit die gemeentevergadering dat kerkraadslede in die onderskeie wyke sal kollekteer vir die salaris van 'n predikant, asook om die kerkskuld van £327 te delg.[331] Hierna sou die kerkraad kon oorgaan tot die beroeping van 'n nuwe herder en

---

329 Olivier, D. P. M., a.w., bl. 141.
330 Notule, Kerkraad Smithfield, 24 Januarie 1903.
331 Notule, Gemeentevergadering, 21 Februarie 1903.

leraar vir Smithfield. Op geestelike gebied het die instelling van maandelikse bidure in 'n besondere behoefte voorsien, wat bygedra het tot eenheid in gemeenteverband. Tydens 'n kerkraadsvergadering op 30 Maart 1903 word vermeld dat die Nagmaalservies nie opgespoor kan word nie, terwyl die lede voel dat aan 'n gemeentelid van Smithfield geleentheid gegee moet word om 'n ander servies vir die gemeente aan te koop. Dat armoede in hierdie na-oorlogse jare nie 'n uitsondering op die reël was nie, blyk uit 'n mededeling aan die vergadering. 'n Gesiene inwoner van die distrik, broer H. A. Mentz, is verkies om die Sinode in Bloemfontein by te woon, maar kan nie gaan nie omdat hy geen rytuig besit nie.[332] Ná twee onsuksesvolle beroepe, word ds. P. T. Retief van Villiersdorp beroep en hy aanvaar dit.[333]

Die naweek van 2 Oktober 1903 bly onvergeetlik, want ná 'n vakature van meer as vier jaar lank, word ds. en mev. P. T. Retief as nuwe leraarspaar ontvang en bevestig. *"Hij werd op een afstand van 't dorp ingehaald door een aantal lidmaten der gemeente, en bij de ontmoeting en later aan de pastorie zeer hartelijk verwelkom. Vanwege de droogte en gebrek aan trekdieren en andere moeilijkheden kon een groot deel der gemeente niet naar het dorp komen. Er was echter een aanzienlijke opkomst, grooter dan door velen verwacht werd."*[334] Ander leraars het ook aan die feesvieringe deelgeneem, waar die Heilige Nagmaal ook gevier is.[335]

Kort ná sy aankoms sou die nuwe leraar ook aandag gee aan onenigheid wat ná die oorlog tussen partye geheers het. Dit sou korrekte optrede van ds. Retief vra in 'n gespanne tydvak. *"Na eenige hartelijke gebeden om de leiding des Heeren smeekende, gaat de vergadering over om de zaak van ontevrede"* tussen twee broeders te besleg.[336] Daar sou ook

---

332 Notule, Kerkraad Smithfield, 30 Maart 1903.
333 Notule, Kerkraad Smithfield, 8 Junie 1903, 13 Julie 1903.
334 De Kerkbode, 24 Oktober 1903.
335 De Kerkbode, 24 Oktober 1903.
336 Notule, Kerkraad Smithfield, 3 Oktober 1903.

skenkings ter stywing van die kerkkas kom. As kompensasie vir skade tydens die oorlog, is £50 van die regering ontvang, terwyl ds. Retief in sy vorige gemeente, Villiersdorp, £22 vir die boeresaak ingesamel het. Die kerkraad ontvang ook £4, 'n gedeelte van die kollekte wat gemeentelede tydens die oorlog in die konsentrasiekamp te Aliwal-Noord gegee het. 'n Kommissie is ook deur die kerkraad benoem om uit die kerkkas behoeftige gemeentelede te help.[337] Soos elders in die Vrystaat sou die stigting van kerkskole ook die aandag van die leraar en kerkraad geniet. Dit is gou duidelik dat ds. en mev. P. T. Retief in hierdie verband baanbrekerswerk sou verrig. Hy belê 'n gemeentevergadering waar die stigting van kerkskole indringend bespreek word. Die gevolg was 'n besluit om *"dadelijk een Kerkschool te stichten. Wij gaan onze School in het wagenhuis der pastorie beginnen en als die te klein is, nemen wij een gedeelte van onzen paardenstal er bij."*[338]

Spoedig sou die leraar ernstig siek word, want tydens 'n kerkraadsvergadering op 16 Januarie 1905 neem die kerkraad kennis van *"eene ernstig lichaamlijke kwaal"*.[339] Na enkele maande hervat die leraar weer sy werksaamhede om met aansteeklike ywer homself te gee. Gedurende die naweek van 21 Oktober 1905 is die nuwe orrel in die kerkgebou in gebruik geneem. Nagmaal is ook gevier en dit is deur verskeie leraars bygewoon.[340] Tog sou die leraar nooit volkome herstel nie, want in 1911 is ds. P. T. Retief genoodsaak om sy bediening op Smithfield neer te lê. *"Die gevreesde kanker het hom 'n byna tweejarige smartvolle lyding besorg totdat hy op 56-jarige leeftyd in 1913 sy ewige rus ingegaan het. Hierdie Godsman met sy beminde eggenote sal altyd herinner word vir sy aandeel aan die C.N.O.-stryd na die Driejarige oorlog."*[341] Hy word op 25 Januarie 1913 opgevolg deur ds. J. H. Blignaut.

---

337 Notule, Kerkraad Smithfield, 8 Junie 1903, 13 Julie 1903, 3 Oktober 1903.
338 De Fakkel, 14 April 1904.
339 Notule, Kerkraad Smithfield, 16 Januarie 1905.
340 Prinsloo, A., Die geskiedenis van Smithfield en die Caledonrivierdistrik, 1819-1952, bl. 509.
341 Gerdener, G. B. A., Deur 'n eeu gelei : N.G. Gemeente Smithfield O.V.S. 1848-1948, bl. 36.

4.3.30 Philippolis

Ná die vredesluiting is die vroue en kinders van die gemeenskap per trein tot op Springfontein vervoer. Vandaar was dit hulle eie verantwoordelikheid om by hul vernielde tuistes te kom. Dit het met pyn en smart gepaard gegaan; in byna alle gevalle was die vader dood of nog as krygsgevangene in Indië, Ceylon of Bermuda. Weens die lang afstande het die mans eers vanaf Oktober 1902 begin terugkeer, waarna met die heropbou van eiendom begin kon word.[342] In hierdie tyd ondergaan ds. Colin Fraser 'n operasie, wat hom verhinder om na Philippolis te vertrek. Gedurende September 1902 vertrek hy egter per trein na die Vrystaat om persoonlik die omstandighede in die gemeente te gaan ondersoek, waarna hy na Oos-Londen terugkeer. Hieroor skryf hy: *"Our Parsonage having been laid in ashes, we will have to wait until some house has been put into habitable order for us. I think it will be quite the middle or end of next month before we will be able to return."*[343]

In sy afwesigheid hou ds. P. du Toit van Edenburg 'n gekombineerde kerkraadsvergadering op 2 Maart 1903, waartydens nuwe ampsdraers verkies word. Ds. en mev. Fraser sou eers gedurende April 1903 na Philippolis terugkeer om hulle geestelike arbeid te hervat. *"Min gemeentelede het hulle langs die pad ingewag, want die meeste was verarm en het geen rytuie besit nie. Die terugkoms in Philippolis het 'n einde gemaak aan die langdurige wedersydse bekommernis van leraar en gemeente, want meer as drie jaar lank was hulle van mekaar geskei."*[344] Binne 'n week na sy terugkoms word 'n kerkraadsvergadering op 6 April 1903 gehou, waartydens die kerklike werksaamhede weer op 'n vaste grondslag geplaas is. Ds. Fraser het aangebied dat sy salaris

---

342 Van der Merwe, G. A., Colin MacKenzie Frazer 1837-1911 : die lewensbeeld van 'n Vrystaatse predikant uit die negentiende eeu, bl. 77.

343 Fraser-briewe, Brief van ds. Colin Fraser aan sy dogter, mev. M. T. Steyn, East London, 1 Julie 1902.

344 Notule, Kerkraad Philippolis, 6 April 1903; The Friend, 13 April 1903.

met £200 per jaar verminder moet word, maar die kerkraad besluit op £160 per jaar. Die Moederkerk in Kaapstad skenk 'n nuwe Nagmaalservies aan die kerkraad, terwyl mevrou Koopmans de Wet verskeie kiste met noodsaaklike benodigdhede aanstuur wat onder armes uitgedeel word.[345]

Soos elders sou die verdeeldheid in kerklike geledere ook op Philippolis die aandag van die leraar verg. Hieroor skryf ds. Colin Fraser aan sy dogter: *"I hope 'alles zal nog een dag recht komen', but in the meantime it is very unpleasant."*[346] Die kerkraad het £551.8.0 as kompensasiegeld van die regering ontvang, wat nie al die skade gedek het nie, maar gebruik kon word om die kerklike geboue te herstel. Benewens die besnoeiing van ds. Fraser se salaris, het die vermindering van die Sinodale aanslag baie gehelp.[347]

Kort ná sy aankoms op Philippolis, vertrek ds. Fraser na Bloemfontein as afgevaardigde na die eerste na-oorlogse Sinodesitting. Hieroor skryf hy: *"There are still many officers and strangers in the city, so I and I may say the other ministers also, found themselves strangers in their own capital. I don't know if I'll be spared to attend another Synod or if I'll have health to do so, yet I feel very thankful that we have a noble set of able ministers, some in the strength of their days, and others quite young. Humanly speaking, our Church is in good hands, both here and in the Transvaal."*[348]

Op 13 Maart 1905 is 'n Spin- en Weefskool op Philippolis deur Emily Hobhouse gestig en is groot opheffingswerk verrig. Die skool was vir moeders en dogters waar hulle vir hul eie gerief die kuns kon aanleer. Daar is baie matte, dekens en komberse gemaak, wat teen billike pryse aan die plaaslike mense verkoop is.Emily Hobhouse kon volkome steun op

---

345 Notule, Kerkraad Philippolis, 6 April 1903.

346 Fraser-briewe, Brief van ds. Colin Fraser aan sy dogter, mev. M. T. Steyn, Philippolis, 15 Junie 1903.

347 Notule, Kerkraad Philippolis, 7 September 1903.

348 Fraser-briewe, Brief van ds. Colin Fraser aan sy dogter, mev. M. T. Steyn, na sy terugkeer van die eerste Sinodesitting na die Anglo-Boereoorlog, Philippolis, 23 Mei 1903.

die hulp en vriendskap van ds. en mev. Fraser, wat al die aanvoorwerk voor haar koms gedoen het.[349] *"Haar naam was toe 'n towerwoord by die Boere; en dit is nog die geval. Ds. Fraser het die geesdrif, gewek deur die noem van haar naam, in die regte kanale gelei."*[350] Die sukses wat Emily Hobhouse met die skool bereik het, maak deure na ander dorpe en stede oop, waar soortgelyke skole gestig word. Haar dryfveer word soos volg beskryf: *"Haar volgende onderneming was die instelling van tuisnywerhede vir Boeremeisies in die verarmde distrikte, nie slegs met die oog op die ekonomiese bystand wat dit sou verleen nie, maar ook as gebaar van Britse kant om 'n deel van die bitterheid wat deur die oorlog aangewakker is, uit te wis."*[351] Uiteindelik was daar tien van hierdie skole in die Vrystaat en sestien in Transvaal, met 'n kantskool op Koppies.[352] Daar was 'n noue verbintenis tussen die Frasers van Philippolis en Emily Hobhouse, tot voordeel van elkeen, terwyl hulle mekaar met raad en daad ondersteun het. 'n Skrywe van Emily Hobhouse aan die eggenote van pres. M. T. Steyn wat ook in haar dagboek voorkom, getuig van dié samewerking: *"I talked over the ploughing scheme with your father, whose opinion was that a team of donkeys would best suit their local conditions, and you know how well he and his 'kerkraad' worked the scheme for many years, during which the donkeys multiplied and were finally sold and the money distributed at his discretion."*[353]

Op 25 Januarie 1907 is die nuwe orrel, wat destyds as die mooiste in die Oranje-Rivier Kolonie beskou is, in gebruik geneem. By die inwyding het nie minder nie as ses gemeenteseuns van Philippolis wat predikante geword het, aan die feesviering deelgeneem. Te midde van die blydskap en feesvreugde was daar tog iets wat die feesvreugde gedemp het, want baie het geweet dat *"haar ouden leeraar haar weldra gaat verlaten om*

---

349 Terblanche, A., a.w., bl. 288; Van Reenen, R., Heldin uit die vreemde, bl. 92 e.v.

350 Terblanche, A., a.w., bl. 290.

351 Krüger, D. W., Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel II, p. 311. (Artikel oor Emily Hobhouse, geskryf deur S. B. Spies).

352 Krüger, D. W., a.w., bl. 311.

353 Van Reenen, R., Emily Hobhouse : Boer War letters, bl. 304.

*ene welverdiende rust te genieten".*[354] Die naweek van 7 Julie 1907 was droewige dae vir die gemeente Philippolis, aangesien daar afskeid van ds. en mev. Colin Fraser geneem is. Tydens die 125-jarige feesviering van die gemeente Philippolis in 1987, word die geseënde werk van ds. Colin Fraser in herinnering geroep: *"Met sy grenslose toewyding aan die bediening, verwerf hy 'n ereplek in die harte van die gemeente en word met liefde en respek behandel. Ná 'n bediening van vier-en-veertig jaar in die gemeente, aanvaar hy op 7 Julie 1907 sy emeritaat en word na sy dood in 1911 op Philippolis begrawe."*[355] Hy word in 1907 deur ds. S. J. Perold opgevolg, wat 'n nuwe era vir die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Philippolis inlui.

### 4.3.31 Edenburg

Die eerste na-oorlogse kerkraadsvergadering word op 30 Maart 1903 deur ds. Piet du Toit gelei. Die leraar rig 'n ernstige woord aan die broeders, waarin hy op die gemeente se vele voorregte wys. Ds. P. du Toit sê *"dat er heden menig Kerkeraad is, waar vele leden gemist worden, doch ons is de Heere gunstig geweest, zodat er niemand van ons gemist wordt. Ook is er menig Kerkgebouw en pastorie vernield geworden, ja sommige tot den grond toe, doch ons heeft de liewe Heer gespaard."* Hy vervolg deur te wys *"over de benarde toestand van Land, Volk en Kerk".* Nadat hy Psalm 116 voorgelees het, versoek hy die kerkraad om te kniel en die Here te dank vir sy bewarende hand van liefde en beskerming.[356] Die kerkraad ontvang £19 van ds. A. A. L. Albertyn van Rouxville, as deel van die som waarvoor die kerkgebou in die konsentrasiekamp te Aliwal-Noord verkoop is. Die bedrag word verdeel tussen die persone tans in die gemeente woonagtig, wat gehelp het met die oprigting van die gebou. Aangesien daar net £21.19.2 in die kerkkas is, doen die orrelis en kassier afstand van

---

354 De Fakkel, 27 Februarie 1907.
355 Botha, R. P. (red.), Feesalbum van die Ned. Geref. Gemeente Philippolis 1862-1987, bl. 7.
356 Notule, Kerkraad Edenburg, 30 Maart 1903.

hulle agterstallige salaris.[357] Ds. P. du Toit doen ook afstand van sy vergoeding in oorlogstyd, die bedrag van £175. Die kerkraad maak ook 'n toegewing en stel alle sitplekgelde wat gedurende die oorlog betaal moes word, vry.[358]

*"Ten spyte van hierdie wonderlike gees onder die dienaars van die gemeente, het daar 'n besondere gespanne toestand in die gemeente self geheers. Die 'bittereinders' was nie bereid om die broederhand aan 'n 'handsopper' of 'joiner' te reik nie. Dit was egter grootliks aan ds. Du Toit se takt te danke dat die vrede en eensgesindheid van voor die oorlog in die loop van die volgende paar jaar herstel is."*[359] Op 20 Junie 1903 is die pastorie en gemeente in rou gedompel, met die skielike afsterwe van die eggenote van ds. P. du Toit, na 'n betreklik kort siekbed.[360] Tydens 'n kerkraadsvergadering op 13 Julie 1903, spreek die leraar sy dank uit aan die kerkraad en gemeente vir hulp en bystand tydens die siekte en dood van sy lewensmaat. Ook vir *"de troosthulp hem in die donkere dagen verleend, en niet minder voor de rekeningen voor hem vereffend in verband met de begrafnis, dat hem na dezen nog altoos zal zijn eerbewijs van zijn veel achting en liefde"*.[361]

Ná die oorlog is daar hard gewerk en die seën het nie uitgebly nie, want die dankfees vir 1903 beloop die som van £425, terwyl nege erwe vir £249 verkoop word. Die kerkraad besluit ook om die skoolhuis teen £900 te verkoop. Op finansiële gebied sou die gemeente die mas kon opkom.[362] Veral 21 en 22 November 1903 sal onthou word as besondere geseënde dae in Edenburg se geskiedenis: *"Deze dagen werden door den Kerkeraad gekozen, tot boete en bededagen. Iedereen gevoeldt dat hij den Heere iets verschuldigd was, en was ook gewillig zelfs van het*

---

357 Notule, Kerkraad Edenburg, 30 Maart 1903.
358 Notule, Kerkraad Edenburg, 13 April 1903.
359 Van Schoor, M. C. E., Edenburg : grepe uit die geskiedenis van die dorp en distrik, bl. 56.
360 Van Loggerenberg, J. H., Gedenkboek van die Ned. Geref. Gemeente Edenburg, O.V.S. 1863-1938, bl. 20.
361 Notule, Kerkraad Edenburg, 13 Julie 1903.
362 Notule, Kerkraad Edenburg, 23 November 1903.

*weinige dat hij nog overig had, den Heere een dankoffer te brengen."*[363] By dié geleentheid sou nuwe kerkraadslede ook voorgestel word en 'n gedenksteen op die graf van mev. ds. P. du Toit onthul word. Daar was veel dankbaarheid in die harte van gemeentelede, daarom kon daar getuig word: *"Hoe vele zoete droppelin in den bitteren beker! De Heer is goed, En Zijn doen is majesteit en heerlijkheid! Wat zullen wij den Heer vergelden voor al Zijne gunstbewijzen."*[364] Ds. Piet du Toit sou tot aan die einde van 1924 in die gemeente arbei, 'n dienstyd van 31 jaar op Edenburg.

## 4.3.32 Bethulie

Die eerste kerkraadsvergadering ná die oorlog word op 3 Januarie 1903 deur ds. H. C. J. Bekker gelei. Benewens 'n paar belangrike sake soos 'n eis vir skadevergoeding vir die vernieling van die ou kerkgebou deur die Engelse magte, word besluit om weer wyksbidure te hou. *"Ter sprake komt ook de noodzakelijkheid dat de Leraar de Gemeente zal bezoeken. Hy heeft echter nog geen rytuig en paarden, doch heeft de som van £67.10 inhanden ter aankooping daarvan."*[365] Intussen sal daar gereël word om die leraar te vervoer waar hy moet wees. By die vergadering maak ds. Becker die eerste keer bekend dat daar 'n "weeshuis" op Bethulie geopen gaan word. Hy voeg by dat daar gereken word *"op de medewerking des Kerkeraads in deze zaak".*[366] Op 7 Maart 1903 word 'n gemeentevergadering oor die saak gehou, waar besluit word om 'n gedeelte van die kerkgronde gratis te gee vir die oprigting van 'n kinderhuis. Dit blyk dat die gemeenskap besonder entoesiasties oor die projek was en dit mildelik sou ondersteun.[367]

---

363 De Fakkel, 24 Desember 1903.
364 De Fakkel, 24 Desember 1903.
365 Notule, Kerkraad Bethulie, 3 Januarie 1903.
366 Notule, Kerkraad Bethulie, 4 April 1903.
367 Notule, Kerkraad Bethulie, 4 Aril 1903.

Die kwessie van die geestelike welsyn van die inwoners van die "Herstellingskamp" te Kransdraai in die gemeente Bethulie, word bespreek. Die kerkraad is die saak goedgesind, maar kan weens 'n tekort aan fondse nie tot die salaris van die beoogde hulpleraar bydra nie. Die vergadering verneem van ten minste sewe belowende Sondagskoolklasse in die gemeente, terwyl die Sondagskool op Bethulie uit 'n groot aantal kinders bestaan. Ds. Bekker maak bekend dat hy aan verskeie behoeftiges byle, hamers, sae en grawe uitgedeel het.[368] Daar word besluit om aandag te gee aan die kerktoring. Die met steen gemesselde toring het soveel probleme gegee dat dit in 1906 vervang is met een van hout en sink. Ds. H. C. J. Bekker doen afstand van sy agterstallige salaris van £314 *"gedurende den oorlog en den tegenwoordige gedrukte tyd"*. Die leraar is tevrede met 'n jaarlikse salaris van £300, wat die toelae van die regering insluit. *"Den Kerkeraad vertrouwt dat de tijden spoedig zullen meer gunstig worden, en dat hij spoedig in staat zal zijn weer de volle salaris te kunnen geven."*[369]

Die Kinderhuis op Bethulie word op die suidoostelike hoek van die kerkplein opgerig. Dit is opgerig van hout en sink wat voorheen deur die militêre owerheid gebruik is. Die inrigting word op 31 Augustus 1903 amptelik ingewy, terwyl daar nie minder nie as 50 aansoeke was vir opname. Die eerste hoof van die kinderhuis is mnr. P. Elfers, voor die oorlog hoofonderwyser te Fauresmith. Hy word in 1904 opgevolg deur J. M. Brink, voorheen hoofonderwyser te Jagersfontein. Die kinderhuis het tot 1910 bestaan toe dit gesluit is. Die kinders is toe na die Gedenkkinderhuis op Ladybrand oorgeplaas.[370] Ná 'n versoek deur die Sinodale Kommissie word daar op 16 Januarie 1905 'n C.N.O.-skool in die ou kerkgebou op Bethulie begin. Daar was toe reeds twee in die distrik, naamlik te Kroonpos en Vergelegen.[371]

---

368 Notule, Kerkraad Bethulie, 25 April 1903.
369 Notule, Kerkraad Bethulie, 4 Julie 1903; Pellissier, S. H., Eeufeesalbum Bethulie 1863-1963, bl. 100.
370 De Kerkbode, 20 Augustus 1903; Pellissier, S. H., a.w., bl. 99.
371 Pellissier, S. H., a.w., bl. 99.

*"Die opbouwerk na die oorlog was vir die predikant 'n groot verantwoordelikheid. Behalwe toesig oor die weeshuis op die dorp, moes hy die geestelike werk op Kransdraai se nedersetting, waar al die arm mense wat deur die oorlog geruïneer is, aan 'n groot dam gewerk het, ook waarneem. Die kerkraad had reeds besluit om met hulp uit die sinodale fondse proponent A. D. Lückhoff as hulpprediker op Kransdraai te plaas, toe daardie kamp aan die einde van Mei 1904 gesluit is."*[372] Ds. H. C. J. Bekker bedien die gemeente 16 jaar lank tot in 1914, toe hy 'n beroep na Ventersburg aanvaar.[373]

4.3.33 Rouxville

Die eerste na-oorlogse kerkraadsvergadering word op 12 Januarie 1903 onder voorsitterskap van ds. A. A. L. Albertyn gehou. *"De Voorzitter spreekt een kort woord, er op wijzende dat wij overvloedig stof tot dankbaarheid hebben, dat wij leden onze plaatsen mogen innemen. Allen waren wij uit ons geliefde vaderland verdreven, sommigen naar verre eilanden weggevoerd, allen hebben wij veel moeten verliezen en ontberen, twee onzer leden zijn gestorven, en hier komen wij heden in leven en gezondheid tezamen. Er is wel veel gebeurt, dat het hart heeft gewond. Vele lidmaten onzer Kerk, vooral vrouwen en kinderen, zijn in de kampen gestorven, onze afhankelijkheid, ons en onze vaderen zoo dierbaar, hebben wij, na een bloedigen driejarigen oorlog, moeten prijsgeven. Velen van ons volk hebben op het slagveld hun leven gelaten voor vrijheid en vaderland, ons volk heeft byna al zijne tijdelike bezittingen verloren, maar onder dit alles hebben wij de hulp onzen Gods ondervinding, daarom danken wij Hem voor Zijne goedheid ons betoond, geloovende dat wij na dezen zullen verstaan wat wij nu niet begrijpen."*[374] Dit is die gees waarin die gemeente en kerkraad van Rouxville 'n nuwe era begin. Dit blyk ook dat die registers van die

---

372 Pellissier, S. H., a.w., bl. 99.
373 Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, 1967, bl. 519.
374 Notule, Kerkraad Rouxville, 12 Januarie 1903.

plaaslike sendingkerk byna geheel en al vernietig is. Daar word ook besluit om die huurgeld van sitplekke in die kerkgebou weens die finansiële toestand te verminder.[375]

Dat daar ook traagheid of moeilike omstandighede was, blyk uit die feit dat daar tydens 'n gekombineerde kerkraadsvergadering op 2 Februarie 1903 net vyf rustende broeders opdaag. *"Dit toont aan gebrek aan belangstelling in Kerkzaken. De Kiezing van Voorgangers der gemeente is toch eene zaak van groot belang. De Broeders die thans ter vergadering zijn moeten tegen deze nalatigheid getuigen, wanneer zij de andere Broeders ontmoeten. De Leeraar zal van den Kansel hieroor spreken."*[376] Ds. A. A. L. Albertyn besluit dat sy salaris met £100 per jaar verminder kan word, wat met dank deur die kerkraad aanvaar word.[377] In dié tyd word ds. A. A. L. Albertyn ernstig siek, blykbaar 'n ineenstorting ná die krisisjare wat hy beleef het. Dit sou later blyk dat hy nooit weer volkome sou herstel nie. Tydens 'n kerkraadsvergadering op 6 April 1903 word 'n paar maande betaalde siekteverlof aan hom gegee. Die leraar bedank ook die kerkraad en gemeente vir die liefde en hulpvaardigheid tydens sy ernstige siekte.[378] *De Kerkbode* van 15 Oktober 1903 meld dat dit baie beter met die gesondheid van ds. Albertyn gaan, dat hy *"zoo goed as hersteld"* is.[379] Verskeie kiste met klere, skoene en ander ware word uit Kaapstad ontvang, wat deur die leraarsvrou verdeel word, sodat elke kerkraadslid in sy onderskeie wyk dit aan verdienstelike gevalle kon uitdeel. *"De groenten en condensed melk zullen verkocht worden op een kleine Basaar, de opbrengst waarvan aan behoeftigen besteed zal worden."*[380]

Op 25 Oktober 1903 help ds. P. T. Retief van Smithfield met Nagmaal in die gemeente. *"De opkomst was niet groot, daar vele menschen, vanwege*

---

375 Notule, Kerkraad Rouxville, 12 Januarie 1903.
376 Notule, Kerkraad Rouxville, 2 Februarie 1903.
377 Notule, Kerkraad Rouxville, 2 Februarie 1903.
378 Notule, Kerkraad Rouxville, 6 April 1903.
379 De Kerkbode, 15 Oktober 1903.
380 Notule, Kerkraad Rouxville, 6 April 1903.

*de droogte, die nog voortduur, met hun vee getrokken zijn naar den kant van Basutoland."*[381] Op landbougebied was die toestand sleg; die koringoes het nie alleen weens die droogte misluk nie, maar ook weens die laat ryp. *"Armoede drukt, want die arme, al wil hij werken, kan geen werk krijgen, omdat de nog welgestelde niet kan laten werken voordat het regent."*[382] Verskeie tuggevalle word ook behandel. Weens die verswakkende gesondheidstoestand van die leraar, besluit die kerkraad dat hy net een erediens per Sondag moet waarneem.[383] Ds. Albertyn bring onder die kerkraad se aandag dat die lidmaattal van die Sendingkerk geweldig afgeneem het ná die oorlog, want baie van die lede het in dié tyd na Aliwal-Noord verhuis. Daar bestaan finansiële nood, waarna die kerkraad besluit om by elke Nagmaalsgeleentheid en Sondagaande *"een vrywillige bijdrage van de blanke gemeente te vragen"*.[384] Tydens 'n gemeentevergadering word besluit dat 'n kerkskool gestig moet word. Kerkraadslede sal met waarborglyste bydraes vra om die onderwysers te betaal.[385] Die kerkraad besluit om die ou kerkgebou terug te koop, wat dan as lokaal van die C.N.O.-skool op Rouxville sou dien. Die skoolkommissie sou uit vyf persone bestaan, drie deur die kerkraad benoem en twee uit die gemeente. Hierdeur word volle beheer oor die kerkskool verkry.[386] 'n Spesiale *"Bazaar voor Weezen"* word gehou, wat nie minder nie as £200 oplewer en onder agt kinderhuise verdeel word. Dit is veelseggend dat nie net Vrystaatse kinderhuise nie, maar ook drie Kaapse kinderhuise ondersteuning ontvang het.[387]

Tydens die sitting van die Vrystaatse Sinode in 1906 te Bloemfontein word ds. A. A. L. Albertyn siek, en voel hom verplig om na Rouxville terug te keer. Hy reis per trein tot op Aliwal-Noord, waar sy gestel geheel en al in duie stort. Hy sterf op 6 Mei 1906 voordat hy Rouxville kon bereik en word 'n paar dae later onder blyke van groot

---

381 De Kerkbode, 5 November 1903.
382 De Kerkbode, 5 November 1903.
383 Notule, Kerkraad Rouxville, 7 Augustus 1903.
384 Notule, Kerkraad Rouxville, 13 Februarie 1904.
385 Notule, Kerkraad Rouxville, 12 Maart 1904.
386 Notule, Kerkraad Rouxville, 25 Julie 1904.
387 Notule, Kerkraad Rouxville, 5 Maart 1906.

belangstelling op die kerkterrein van Rouxville begrawe. *"Op de gemeente Rouxville, die hij 23 jaren lang met de groot getrouwheid en toegewijdheid bediende, laat hij een onuitwischbaren indruk achter."*[388] Hy word in 1907 opgevolg deur ds. H. S. M. Botha, wat die gemeente 'n verdere 36 jaar lank sou bedien tot met sy aftrede in 1943.[389]

### 3.3.34 Wepener

Kort voor die uitbreek van die oorlog word proponent E. Dommisse as nuwe herder en leraar van die gemeente beroep. Weens die uitbreek van die oorlog kan hy nie bevestig word nie, alhoewel hy tog ná 'n besoek in Europa oorkom om in dié krisistyd die gemeente te bearbei. Op 25 Oktober 1902 word hy met handoplegging in die gemeente bevestig.[390] *"De opkomst, niettegenstaande een zwaren regen en het gebrek aan middelen van vervoer, was tamelijk goed. Ds. Robertson, die schoonvader van den bevestigde, werd door krankheid verhinderd van te komen om de bevestigingsrede te houden. Tot groote vreugde van den Consulent en allen kwam Ds. W. Marais, van Beaconsfield, onverwacht de consistoriekamer binnen, juist toen de dienst zou beginnen. Na de oplegging der handen zong de gemeente met dankbaarheid in het hart en biddend haar nieuwen Leraar toe: 'Dat 's Heeren zegen op u daal'. In den namiddag verhinderde een stortregen den Broeder zijn intré-preek te leveren, en moest het Zondag, bij de viering van het Avondmaal, geschieden."*[391] Ná die geweldige greep van droogte waarin die gebied geknel was, het die reën sekerlik die feesvreugde nog inniger gemaak.

Sy koms na Wepener was 'n genadegawe van die Here, terwyl sy diepe menslikheid in die jare van armoede en swaarkry vir almal 'n riem

---

388 De Kerkbode, 10 Mei 1906.
389 Henning, O., Eeu van genade : N.G. Gemeente Rouxville 1870-1970, bl. 7.
390 Dreyer, A., Kerksoewenier van Middelburg, K.P. 1852-1927, bl. 28.
391 De Kerkbode, 13 November 1902.

onder die hart was. Die leraar en kerkraad sou nie alleen die geestelike bearbeiding waarneem nie, maar sou ook op materiële gebied hulp verleen. Die kerkraadsnotule gee 'n indruk van die benarde posisie waarin gemeentelede verkeer het, sodat die kerkraad oorgaan tot die stigting van 'n "Behoeftige Weduwee- en Wesefonds".[392] Dat die gemeente in hierdie moeilike tyd die hand diep in die sak gesteek het, blyk uit die besonder geseënde dankofferbasaar wat gehou is. Alleen die lyste wat kerkraadslede deur die wyke geneem het, het die mooi som van £1 537.3.3 beloop. *"De samenwerking was allerheerlijkst, en melding moet gemaakt worden van de zusters, die zeer hard gewerkt hebben."*[393] Ná die Vrede van Vereeniging het die gemeenteskuld £3 700 bedra, terwyl dit binne 'n bestek van twee jaar gedaal het tot £1 700, voorwaar 'n puik prestasie in 'n moeilike tyd.[394]

'n Afvaardiging van die skoolraad ontmoet die kerkraad om inligting te verskaf oor die geweldige armoede wat in die distrik heers. Die band tussen kerk en skool word op dié wyse verstewig, terwyl medeverantwoordelikheid jeens mekaar aanvaar word. Daar word verwys na *"de armoede die er in 't distrik heerst, waardoor 'n aantal kinderen verhinderd wordt de scholen by te wonen. Dat wegens gebrek aan klederen vele kinderen niet naar school komen. Hij wil gaarne van de Kerkeraad weten of hij met de Schoolraad zal samenwerken ten einde 'n publieke vergadering te beleggen en de zaak al dus niet alleen ter kennis van 't publiek te brengen, maar ook plannen te beramen om in de behoefte te voorzien."*[395] Die geskiedenis bewys dat die kerkraad van Wepener alles in sy vermoë gedoen het om hierdie vraagstuk met raad en daad die hoof te probeer bied.

Ten spyte van 'n insinking op ekonomiese gebied en skaarste van geld, word geld bymekaargemaak om 'n nuwe orrel vir die kerkgebou te koop.

---

392 Notule, Kerkraad Wepener, 15 Januarie 1903.
393 De Fakkel, 26 Mei 1904.
394 De Fakkel, 26 Mei 1904.
395 Notule, Kerkraad Wepener, 14 April 1909.

Op 27 Julie 1907 word die orrel in die teenwoordigheid van pres. M. T. Steyn in gebruik geneem.[396] Soos in byna elke gemeente in die Vrystaat sou daar ook op Wepener 'n geleentheid wees om die nagedagtenis van die gesneuwelde burgers van die Anglo-Boereoorlog in herinnering te roep. Op 11 November 1905 is 'n herbegrafnis van die burgers gehou in die kerkhof op die rant bokant die kerk. Onder meer het genl. J. B. M. Hertzog aan die plegtigheid deelgeneem.[397] Aan die begin van 1909 aanvaar ds. E. Dommisse 'n beroep na Middelburg, Kaap, waarna die gemeente herderloos bly tot en met die bevestiging van ds. J. F. Marais op 19 Maart 1910.[398]

### 4.3.35 Dewetsdorp

Die eerste kerkraadsvergadering ná die oorlog word op 26 Januarie 1903 onder voorsitterskap van die konsulent, ds. E. Dommisse van Wepener, gehou. 'n Brief van ds. A. J. Malherbe word gelees, waarin aangedui word dat hy reeds op 12 Oktober 1899 die beroep na Dewetsdorp aangeneem het. In die oorlogstyd het hy nog in die gemeente Jagersfontein gearbei, tot en met sy wegvoering. In die brief bied hy ook aan *"om £50 voor goed te laat vallen en £100 voor een paar jaar of totdat de moeilijkheden voorbij zijn"*.[399] Die kerkraad en gemeente was dankbaar dat ds. Malherbe nog sy weg oopgesien het om na die gemeente oor te kom, ten spyte van veranderde omstandighede. Die kerkraad het die beroep *"bekrachtigd en het salaris op £300 gesteld"*.[400] Ds. A. J. Malherbe word op 4 April 1903 in die gemeente ontvang en bevestig deur die konsulent, ds. E. Dommisse van Wepener, wat ook die volgende kerkraadsvergadering bywoon.[401]

---

396 Kayser, F., Eeufees-album van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wepener 1870-1970, bl. 12.
397 Oberholster, J. J., Wepener 1869-1969, bl. 146.
398 Dreyer, A., a.w., bl. 28; Kayser, F., a.w., bl. 12.
399 Notule, Kerkraad Dewetsdorp, 26 Janaurie 1903.
400 Notule, Kerkraad Dewetsdorp, 26 Januarie 1903.
401 Notule, Kerkraad Dewetsdorp, 16 April 1903.

Soos elders in die Vrystaat het die gemeente ook finansieel noustrop getrek, en die kerkraadsnotules van die na-oorlogse tyd maak voortdurend daarvan melding. 'n Lening van £500 is by die regering aangegaan, terwyl ook aansoek gedoen is *"om 't salaris voor een pastor"*.[402] Die oorlog het ook onderlinge spanning tussen gemeentelede gebring. Sekere persone was ontevrede oor die hulp wat 'n aantal landgenote aan die vyand gebied het, en veral die hulp in die vorm van transport. 'n Ontstoke broer in die kerkraad het so ver gegaan om 'n lys van "joiners" op te stel en dit aan die kerkraad voor te lê, sodat die nodige stappe teen hulle geneem kon word. Die kerkraad van Dewetsdorp kon moeilik optree omdat die Vrystaatse Sinode geen pertinente besluit hieroor geneem het nie. Ds. Malherbe en die kerkraad het met die nodige takt en wysheid opgetree en 'n gevaarlike situasie ontlont.[403]

Die onderwys het ook die volgehoue aandag van die kerkraad geniet, veral nadat lord Milner met sy verengelsingsbeleid gekom het. Op 15 Augustus 1903 besluit die kerkraad om drie "memories" aan die plaaslike regering te stuur, wat nie net gehandel het oor die aanstelling van onderwysers nie, maar waarin versoek word dat 'n *"aantal uren per week voor Hollandsch en het onderwijs in Bijbelsche Geskiedenis"* ingestel moet word.[404] Hieroor sou die kerkraad baie sterk standpunt inneem, en soos in die meeste gemeentes was dit die begin van die C.N.O.-skole.

Op 4 Januarie 1903 word 'n *Christelijke Strevers Vereeniging* gestig, wat die hartlike samewerking van die leraar en kerkraad verkry en op die gebied van die jeug baanbrekerswerk verrig.[405] Op sendinggebied het die gemeente nie nagelaat om sy deel te doen nie. Op 24 Oktober 1904 rig die kerkraad 'n versoek tot die munisipaliteit om *"een stukje grond*

---

402 Notule, Kerkraad Dewetsdorp, 26 Januarie 1903.
403 Notule, Kerkraad Dewetsdorp, 30 September 1905.
404 Notule, Kerkraad Dewetsdorp, 15 Augustus 1903.
405 Boshoff, Z. C. P., Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Dewetsdorp : eerste jare 1882-1907, bl. 72-73.

*voor het oprichten van een Zending gesticht".*[406] Die versoek word toegestaan, waarna begin word met die bou van 'n Sendingkerk onder toesig van 'n kommissie wat deur die kerkraad benoem is. Dit het uitgeloop op die stigting van 'n eie Sendinggemeente op 21 Mei 1906, terwyl *"een net zinken gebouw 20 vt by 30 vt opgetrokken en bij se stichting der gemeente ingewijd"* word.[407] Op sendinggebied sou die gemeente sy taak en roeping getrou nakom.

Dit blyk dus dat ds. A. J. Malherbe en die kerkraad met moed en ywer aan die gemeente gebou het, en nie sonder die kennelike seën van die Gees nie. Hy sou op Dewetsdorp arbei totdat hy in 1913 'n beroep na Boshof aanvaar het.[408]

### 4.3.36 Zastron

Ná die vrede sou dit maande duur voordat almal weer op die dorp en in die distrik terug was. Ds. P. A. M. de Vos het in September 1902 per fiets vanaf Aliwal-Noord in die gemeente aangekom. *"Op die bult buite die dorp het vir 'n tyd gedurende die oorlog 'n Engelse kamp gestaan, en daar is hout en meubels uit dorpshuise as vuurmaakhout verbrand."*[409] Soos elders in die Vrystaat het die inwonertal ná die oorlog vinnig gestyg, sodat daar 1 600 lidmate op Zastron was, in vergelyking met die 1 000 van voor die oorlog. *"Die mense het onder swaar en armoede hard aan die werk en heropbou gegaan. Hoe die toestand geleidelik verbeter het, kan hieruit afgelei word, nl., die predikant moes eers per fiets ry; daarna te perd; toe per kar; en later met 'n motor."*[410]

---

406 Notule, Kerkraad Dewetsdorp, 24 Oktober 1904.
407 Boshoff, Z. C. P., a.w., bl. 74.
408 Hattingh, I., Dewetsdorp 1880-1980, bl. 46.
409 Rabie, J., Jubileumfees van die Ned. Geref. Gemeente Zastron, O.V.S. : 1893-1943, bl. 15.
410 Rabie, J., a.w., bl. 15.

Die behoefte aan 'n doelmatige kerkgebou het sterk in die harte van die lidmate geleef, sodat daar kort ná die kerklike werksaamhede weer begin is, besluit is om 'n kerkgebou te bou. Allereers moes die Sendingkerk voltooi word, voordat begin kon word met 'n eie kerkgebou. Op 14 November 1903 lê prof. P. G. J. de Vos van die Teologiese Seminarium op Stellenbosch en vader van die leraar, die hoeksteen. "*De Zending Gemeente en ook anderen waren talrijk opkomen om deze plechtigheid bij te wonen. Met een ijzeren troffel in de hand verklaarde hij den steen goed gelegd.*"[411] Wat 'n treffende getuienis dat daar eers in 'n behoefte vervul word waar die nood die hoogste is. Die gedagte aan 'n ander kerkgebou was ook 'n noodsaaklikheid, aangesien die ou kerkgebou te klein geword het weens die vermeerdering van lidmate. 'n Nuwe kerkgebou, volgens die plan van Rouxville se kerkgebou sonder toring, is in die vooruitsig gestel. Dit is in 1906 ingewy, maar na net ses jaar gesloop. 'n Nuwe kerkgebou word op 21 Januarie 1915 ingewy, wat teen 'n koste van £23 000 voltooi is.[412] Die susters van die gemeente het geld ingesamel vir die orrel en die kinders vir die ligte. Die rede tydens die inwyding is deur prof. P. G. J. de Vos waargeneem en dié van die orrel deur proff. J. J. Marais en P. K. de Villiers, èn die inwyding van die ligte deur di. S. J. Perold (Philippolis) en H. S. M. Botha (Rouxville). Hierdie kerkgebou kan voorwaar as 'n monument van die ywer en volharding van ds. P. A. M. de Vos dien.[413] Hierdie toegewyde dienskneg van die Here sou vir byna 30 jaar lank die lief en leed van Zastron en sy mense deel, totdat hy in 1929 'n beroep na Alexandria aanvaar het.[414]

---

411 De Fakkel, 26 November 1903.
412 Eloff, C. C., Oos-Vrystaatse grensgordel, bl. 187.
413 Rabie, J., a.w., bl. 16-17.
414 Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk, 1967, bl. 532.

## 4.3.37 Trompsburg

Hierdie jongste gemeente in die Vrystaatse kerk het die nuwe era herderloos begin, maar gelukkig het ds. Piet du Toit van Edenburg die gemeente met raad en daad bedien. Hy lei ook die eerste kerkraadsvergadering ná die oorlog op 13 Oktober 1902. 'n Groep van 24 lidmate van die gemeente rig 'n versoek dat 'n geheel nuwe kerkraadsgroep verkies moet word, wat deur die vergadering na die Sinodale Kommissie verwys word. Daar word ook besluit om *"de op handen zijnde avondmaalsviering, alsmede de voorstelling der Kerkeraadsleden voor een wijle uit te stellen, totdat er meer rust en vrede in de gemeente is"*.[415] 'n Gemeentevergadering word op 21 Maart 1903 gehou, waar besluit word om eers te wag voordat 'n nuwe herder en leraar beroep word. Ná verskeie onsuksesvolle beroepe word prop. C. G. Jooste op 16 November 1903 beroep, en hy aanvaar dit.[416]

Die hoeksteen van die eerste kerkgebou word op 16 Januarie 1904 deur ds. Piet du Toit van Edenburg gelê.[417] Gedurende die naweek van 12 tot 14 Februarie 1904 word die eerste herder en leraar, prop. C. G. Jooste in die gemeente bevestig. Aan die handoplegging neem nege predikante deel, terwyl die bevestigingsrede deur ds. C. H. Stulting van Venterstad gelewer word. Die jeugdige ds. Gert Jooste lewer 'n treffende intreepreek na aanleiding van Romeine 1 vers 16: *"Het Evangelie is 'n kracht Gods tot zaligheid"*. Gedurende die feesnaweek het elkeen van die besoekende leraars geleentheid gehad om 'n geestelike boodskap te lewer. Daarby neem di. P. du Toit en C. G. Jooste ook deel aan die inwyding van die pas voltooide gebou van die Sendingkerk. Hulle word vergesel van drie ouderlinge wat ook elkeen 'n gepaste woord spreek, *"'n bewijs van belangstelling in de zending gemeente te Trompsburg"*.[418]

---

415 Notule, Kerkraad Trompsburg, 13 Oktober 1902.
416 Notule, Kerkraad Trompsburg, 16 November 1903.
417 De Fakkel, 7 Januarie 1904.
418 De Fakkel, 3 Maart 1904.

Die nuwe kerkgebou word die naweek van 13 tot 14 Augustus 1904 deur 'n dankbare gemeente ingewy. Nadat ds. Colin Fraser die deur plegtig ontsluit het, lewer hy 'n wydingsrede na aanleiding van Daniël 9 vers 17. Verskeie ringsleraars neem aan die plegtigheid deel, onder meer di. H. C. J. Bekker (Bethulie), C. Stulting (Venterstad), J. D. Louw (Vosburg) en J. P. van Huijssteen (Jagersfontein). Die nuwe kerkgebou en die pastorie wat op 15 April 1905 ingewy word, is altwee deur M. A. van der Walt gebou.[419]

Ds. C. G. Jooste lê op 'n bekwame wyse die eerste boustene in die jong gemeente Trompsburg, nie sonder die seën van die hemelse Boumeester nie. Sy dienstyd begin in 'n baie moeilike tyd, maar deur harde werk en pligsgetrouheid sou die leraar die gemeente tot standvastigheid lei. Weens swak gesondheid is hy genoodsaak om op 13 April 1924 sy emeritaat te aanvaar. *"Gedurende sy 20-jarige bediening het hy blywende grondslae gelê om op voort te bou. Die gemeente het beskik oor 'n doelmatige kerkgebou, 'n ruime kerksaal, en 'n pastorie wat nog jarelange diens sou doen."*[420]

## 4.4 SAMEVATTING

*Gewond - maar nie oorwin nie.* Hierdie woorde wat op die front van die voetstuk van die Vredesmonument in Vereeniging uitgebeitel is, roep veral twee gedagtes in herinnering: enersyds die diepe verslaenheid van die Afrikanervolk nadat hy op 31 Mei 1902, met die ondertekening van die vrede, van die onafhanklikheid van sy twee republieke afstand moes doen; andersyds die onverslaanbare geloof en lewenskrag wat tot die weeropstanding van die Afrikanervolk gelei het. So is dit deur 'n dankbare nageslag in herinnering geroep toe hierdie monument op 10 Oktober 1961 onthul is.[421]

---

419 De Fakkel, 1 September 1904.
420 De Wet, H. C., Jubileumfees van die Ned. Geref. Gemeente Trompsburg, O.V.S. 1898-1948, bl. 19.
421 Otto, J. C., Veertien gedenktekens van Suid-Afrika, onder redaksie van J. J. van Tonder, bl. 133-138.

Die voorafgaande hoofstuk spreek eweneens van die verslaenheid soos die Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat dit ervaar het. Maar dan ook van die onwankelbare geloofsmoed en byna bomenslike daadkrag wat in die proses van heropbou tot openbaring kom. Hierby word in meer besonderhede in die slothoofstuk stilgestaan.

---oOo---

# HOOFSTUK 5

# SLOTSOM EN BEVINDINGE

By wyse van samevatting, en om die leser met 'n aantal slotbevindinge te dien, word die studieveld in hierdie hoofstuk stellingsgewyse kortliks in oënskou geneem.

5.1 **Tot aan die einde van die republikeinse tydperk groei** die Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat **bestendig** onder die genadehand van die Koning van die kerk. Dit is duidelik en van betekenis dat die Voortrekkers die Ned. Geref. Kerk op hul trek na die binneland meegeneem het. Behalwe Winburg, wat waarskynlik reeds onder leiding van die Natalse Volksraad op 16 Januarie 1841 gestig is, word die eerste gemeentes, Fauresmith, Smithfield, Bloemfontein en moontlik ook Harrismith, nog voor die totstandkoming van die Ring van Transgariep, deur **deputasies van die Kaapse kerk** gestig. Die band word verder verstewig wanneer die **Ring van Transgariep** in 1850 in die lewe geroep word. Die Ring neem sterk leiding by die stigting van nuwe gemeentes. Wanneer die Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat op 15 November 1864 as **selfstandige Sinode** konstitueer, is **elf** gemeentes deur hul afgevaardigdes teenwoordig - slegs drie minder as die getal by die eerste Sinode in Kaapstad in 1824, 172 jaar ná die koms van Jan van Riebeeck in 1652!

Die totstandkoming van 'n eie sinodale verband dien as 'n nuwe stimulus en in die laaste drie dekades van die negentiende eeu groei die Vrystaatse gemeentes tot sewe-en-dertig.

Melding moet gemaak word van die **gesonde verhouding** wat daar in hierdie tydperk **tussen kerk en staat** bestaan het. Tekenend

daarvan is die kerkgeboue wat verrys en waarvan die hoekstene feitlik sonder uitsondering deur die staatspresidente van die Republiek gelê word. Om maar enkeles te noem: pres. J. H. Brand lê op 31 Oktober 1885 die hoeksteen van die kerk in Vrede; pres. F. W. Reitz op 6 Junie 1891 dié van Hoopstad en pres. M. T. Steyn op 14 Januarie 1899 en 20 Januarie 1899 onderskeidelik dié van Petrusburg en Winburg. Sonder om die gereformeerde beginsel van soewereiniteit in eie kring te skend, is kerk en staat **vennote** in die bouwerk wat op vele terreine gedoen word.

'n Oorheersende kenmerk van die kerklike lewe in die Vrystaatse Republiek is die **rustige en kalme wyse** waarop dit veral in die laaste drie dekades van die negentiende eeu ontplooi en ontwikkel het. By die Sinode van 1895 word die totstandkoming van 'n vyfde Ring goedgekeur. Benewens die 37 gemeentes in die Oranje-Vrystaat, word twee gemeentes, Bulawayo en Enkeldoorn wat in 1895 in Rhodesië gestig is, ook aan die sinodale ressort toegevoeg. Van die kant van die **Sinode**, wat dikwels jaarliks en andersins twee- of driejaarliks vergader het, en die **Ringe**, het **sterk leiding** uitgegaan. Plaaslik het die **kerkrade** met getrouheid en toewyding hulle verantwoordelike taak behartig. Dit is opvallend hoe dikwels daar in hierdie tyd, en ook weer ná die oorlog, van **gemeentevergaderinge** gebruik gemaak is. Hoewel 'n gemeentevergadering kerkregtelik geen amptelike gesag het nie, getuig dit van die versigtigheid waarmee kerkrade belangrike ondernemings, soos die bou van kerke en pastorieë, aangepak het. Met die nalees van die notules van Sinodes, Ringe en kerkraadsvergaderinge is voorbeelde van oorhaastige en onbesonne besluite nie te vinde nie. Waar daar wel verskille voorgekom het, is dit in 'n gees van broederlike liefde opgelos.

5.2 By die **voorspel en ontplooiing van die stryd** is die **Ned. Geref. Kerk intens betrokke.**

Die verbondenheid met die **Kaapse kerk** blyk ook in hierdie

donkere uur. Die feit dat die **moderatuur** van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika (die Kaapse kerk) by die Britse regering pleit om die aktiewe vyandelikhede ongedaan te probeer maak, spreek van besorgdheid oor die implikasies wat 'n moontlike oorlog ook vir die kerk sou inhou. Die inspraak van proff. J. I. Marais en C. F. J. Müller deur middel van die *Gereformeerd Maandblad*, en die verdediging van die saak van die Boere in Skotland deur prof. Müller, spreek hierin 'n woord mee. Dit geld ook van 'n toespraak deur ds. J. P. van Heerden waarin hy, by geleentheid van haar tagtigste verjaarsdag, 'n sydelingse beroep op koningin Victoria doen om *"vrede door gansen haar uitgestrekt Rijksgebied"*. In 'n amptelike skrywe wys die Kaapse moderatuur op die eenheid van geloof, taal, lidmaatskap en bloedverwantskap en stel dit onomwonde dat die verskille tussen Kruger en Milner nie genoeg rede vir oorlog is nie. Selfs word op 20 Augustus 1899 'n **dag van verootmoediging** met die oog op die dreigende oorlog gehou. Ook nog ná die uitbreek van die oorlog verskyn op 1 Maart 1900 'n manifes in *De Kerkbode* ter weerlegging van *"the many misrepresentations which have tended to increase the bitterness now existing between the two white races in this country"*.

Veel meer nog sou die **Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat** 'n boodskapdraer in hierdie krisistyd wees. Die Sinode van 1897 was die laaste voor die uitbreek van die oorlog. Ten tye van die vergadering was daar reeds sprake van 'n dreigende oorlog tussen Brittanje en die Boererepublieke. Dat so iets werklik sou realiseer, is stellig op dié tydstip egter nog nie verwag nie. Waarskynlik in die lig daarvan was daar van die kant van die Vrystaatse Sinode geen direkte poging om die oorlog te probeer afweer nie. In die **onderskeie gemeentes** is egter baie ernstig gebid dat die Here die Republieke hierdie onheil moes spaar. Die amptelike kerkblad van die Vrystaatse kerk, *De Fakkel*, maak ook melding van 'n **spesiale biddag** om vrede op die eerste Woensdag van Julie 1899. Uit die beskikbare bronne is dit duidelik dat dit nie 'n eenmalige gebeurtenis was nie en dat daarbenewens by die

huisgodsdiens op boereplase ernstig om uitredding gebid is.

Nadat die stryd losgebars is, doen die **moderatuur** van die Vrystaatse Sinode, saam met woordvoerders van die drie Afrikaanse kerke in *De Zuid-Afrikaansche Republiek* 'n ernstige beroep op die Christelike kerke in Groot Brittanje en Ierland om die oorlog te beëindig. Soos in die geval van dié van die Kaapse kerk, het ook hierdie pleitskrif geen verandering gebring nie.

Van besondere betekenis is die rol wat *De Fakkel* te midde van die ontplooiing van die stryd speel. Die blad rig op 5 Oktober 1899 'n woord aan alle leraars en lede van die Afrikaanse kerke in Suid-Afrika en versoek hulle om *"dag en nacht met ons in de gebeden te strijden, dat de Heer aan onze zijde sta, het recht doe zegevieren en de Beschermer van den zwakkere tegen den sterkere zijn"*. Verder word gelowiges verseker dat daar uit die kwaad soms groot seën na vore tree.

Ná die uitbreek van die oorlog op 11 Oktober 1899 reageer *De Fakkel* soos volg: *"De oorlog is verklaard. De zaak der Republieken is eene rechtvaardige. In zelfverdediging zijn de wapenen opgenomen."* Dit is 'n betekenisvolle standpuntinname.

Van die kant van die **moderatuur** word daar geen amptelike verklaring uitgereik nie. In *De Fakkel* van 19 Oktober 1899 verskyn daar egter 'n boodskap, wat na alle waarskynlikheid deur die redakteur, ds. J. J. T. Marquard, moderator van die Sinode van 1897, geskryf is. Na aanleiding van 2 Kronieke 28:2-4, en met as hoofgedagte *"Van den Heeren hulp zoeken"*, word 'n woord gespreek wat sekerlik vir vele tot bemoediging moes wees. So staan die Vrystaatse kerk en die Vrystaatse Republiek sy aan sy met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog.

5.3 **Die optrede van die Ned. Geref. Kerk tydens die oorlog** verdien eervolle vermelding. Veral twee feite kom hier sterk na vore: die **verwoesting en grootskaalse ontwrigting** wat die kerk belewe het,

en die moedige wyse waarop daar ook onder die haglikste omstandighede met die werk voortgegaan is.

5.3.1 Die oorlog het oor 'n wye front 'n **spoor van verwoesting** agtergelaat.

Die **kerkregering** is in 'n groot mate gekortwiek. Ses jaar gaan ná 1897 verby voordat die Sinode in 1903 weer kan vergader. Geeneen van die Ringe kon in dié tyd byeenkom nie. Die bydrae van die **kerkverband** tot die **welwese van die kerk** moes gevolglik ontbeer word. Ook die hou van kerkraadsvergaderinge is bemoeilik, indien nie onmoontlik gemaak nie. 'n Groot getal kerkraadslede van Vrystaatse gemeentes was op kommando. Na-oorlogse kerkraadsnotules maak tewens melding van 'n hele aantal wat die hoogste prys vir die vryheid van die Republiek betaal het. Besetting van dorpe deur die vyandelike magte, naas ander faktore, dra ook tot die ontwrigting by. In sommige gemeentes, soos Jacobsdal, kon geen kerkraadsvergadering gedurende die oorlog gehou word nie. In Kroonstad is slegs een keer tydens die oorlog vergader; in vele ander heel selde.

Die **gemeentelike bediening** is geraak deur die feit dat enkele predikante saam met die burgers op kommando gegaan het. Ander is gevange geneem en weggestuur. Leraars wat geweier het om die eed van getrouheid aan die vyand af te lê, is verhinder om hulle arbeid na behore te volbring.

**Kerklike geboue** en **ander kerklike goedere** soos Nagmaalserviese en notuleboeke is beskadig, verwoes of verwyder. Die hou van eredienste is daardeur geraak. **Ekonomies** is gemeentes swaar getref. Plase is verwoes, huise afgebrand en vee uitgeroei. Gemeentelede is geruïneer en die meeste kerkkaste het leeg geword, terwyl sommige gemeentes selfs met skuldlaste geworstel het. Geld vir die traktement van leraars was daar feitlik nie.

Tydens die oorlog word **konsentrasiekampe** in etlike Vrystaatse gemeentes opgerig. Dit verhoog die verantwoordelikheid en vermeerder die bedieningsverpligtinge in die betrokke gemeentes.

In sommige gemeenstes was **kerkbouprojekte** aan die gang; dit is onderbreek tot ná die oorlog. Predikante was onderweg na nuwe gemeentes, maar kon eers ná die vredesluiting daar bevestig word.

In die **algemeen** was dit 'n tyd van **namelose leed en smart.** Dierbares het op die slagveld gesneuwel, ander is na krygsgevangenekampe gestuur en in die konsentrasiekampe het duisende vroue en kinders gesterf. Onder hierdie donker wolk moes die kerk sy werk voortsit.

5.3.2 **Die Vrystaatse kerk het** inderdaad, selfs ook in die donkerste omstandighede, sy **Godgegewe roeping probeer vervul.** Die **bediening** is in al die gemeentes voorgesit. Die Woord is verkondig en die sakramente, hoewel nie gereeld nie, bedien. Doop- en lidmateregisters van gemeentes getuig van kinders wat gedoop en persone wat belydenis van geloof afgelê het.

Bedrywighede in die **gemeente van Bloemfontein dien as voorbeeld** van die bestendige voortsetting van kerklike werk tydens die oorlog. Reeds op 13 Maart 1900 is die Vrystaatse hoofstad deur 'n sterk Britse mag ingeneem. Emily Hobhouse vertel van 'n ringmuur van soldatekampe rondom die dorp, as gevolg waarvan die normale lewe van Bloemfontein tot stilstand gekom en die inwoners daar lewensloos en lusteloos uitgesien het. Die kerk van Jesus Christus sou egter, te midde van soldate, krygsgevangenes, konsentrasiekampe en 'n diepverskeurde bevolking, die lig van die Evangelie helder laat skyn. Op 13 Oktober 1899, twee dae ná die uitbreek van die oorlog, is die **Gedenksaal** ingewy; dit sou egter eers tydens die sitting van die eerste na-oorlogse Sinode in 1903 werklik in gebruik geneem word. Volgens die kerkraadsnotule is nie minder nie as elf kerkraadsvergaderings tydens die oorlog

gehou - die meeste van al die gemeentes in die Vrystaat. Op die vergadering van 13 Januarie 1900 word twee nuwe ouderlinge verkies. Groot verantwoordelikheid het op die kerklike amptenare gerus, veral op die ouderlinge. Ds. P. A. Roux, tydelike hulpleraar in die uitgestrekte gemeente, word op parool na Prins Albert gestuur. Ds. H. T. Kriel, die *pastor loci*, is genoodsaak om vir ses maande met siekteverlof te gaan. In die herderlose gemeente tree ouderling D. van Niekerk as voorsitter op by 'n noodvergadering van die kerkraad. Daar word besluit om die konsulent van die gemeente, ds. W. Robertson van Petrusburg, te versoek om intussen by eredienste op te tree. Hy willig in en onder sy leiding lê 61 persone op 19 Julie 1902 belydenis van geloof af. Intussen is di. R. H. Daneel en H. C. de Wet vir die bearbeiding van meer as 7 500 mense in die plaaslike konsentrasiekamp verantwoordelik. Dit is duidelik dat die gemeente van Bloemfontein die wel en wee van die mense in die konsentrasiekamp op die hart gedra het.

Met 'n kleiner getal kerkraadslede as gevolg van die oorlogsomstandighede, word die gemeente op 4 Oktober 1901 opnuut in wyke ingedeel met die oog op beter geestelike bearbeiding. Op 1 November 1901 rapporteer die kassier dat die gemeente in die voorafgaande twee jaar £600 moes leen om die lopende uitgawes te dek. In weerwil daarvan gee die kerkraad toestemming dat musiekboeke vir gebruik deur koorlede aangekoop mag word.

Vanaf 17 tot 27 Maart 1902 word die finale katkisasie onder leiding van ds. Robertson, bygestaan deur ouderlinge Fraser en Theron, gehou. Die Heilige Nagmaal word tydens Paasfees gevier. By die laaste kerkraadsvergadering in oorlogstyd, op 22 Mei 1902, word enkele tugsake, voortvloeiende uit die oorlogsituasie, in behandeling geneem.

Uit die Doopregister van Bloemfontein blyk dat die doop sonder enige onderbreking tydens die oorlog bedien is. Tien verskillende predikante het 415 kinders, sommige van wie uit die

konsentrasiekamp was, gedoop.

Getrou aan sy roeping, was die kerk in die Vrystaatse hoofstad soos 'n stad op 'n berg.

Van die ander gemeentes was swakker daaraan toe, maar beskikbare gegewens getuig eweneens van hulle goeie wil in hierdie verband. Die **opoffering** waartoe die **Vrystaatse predikante** in die nakoming van hul ampspligte bereid was, moet eervol vermeld word. Ds. H. C. J. Becker, leraar van Bethulie, vra op 30 Junie 1900 dat die kerkraad sy traktement met £50 moet verminder. Ná die besetting van Bethulie deur die Britse troepe, is hy verbied om in die distrik uit te gaan en het hy die grootste deel van sy tyd en krag aan die plaaslike konsentrasiekamp bestee. Dit was sy sombere plig om daagliks die gestorwenes wat eenmaal tydens 'n epidemie tot 26 per dag gestyg het, te begrawe. Hy moes aanskou hoedat families van sy gemeente wegkwyn en uitsterf en hoe die boere van die distrik se plase verniel en hul huise afgebrand word. Sy simpatieke gemoed het saam met die slagoffers van die oorlog gely en swaar gekry. Hy het hom dié opoffering getroos. Dit geld ook van ander predikante van die Vrystaatse kerk.

Melding moet ook gemaak word van **besoeke** wat predikante aan **burgers op kommando** gebring het. Reeds teen die einde van 1899 besoek ds. J. J. T. Marquard, moderator van die Sinode van 1897, die laers te Ficksburg en neem ook 'n erediens in die plaaslike kerkgebou waar. In *De Fakkel* van November 1899 word berig dat di. J. D. Kestell (Harrismith), J. C. Hefer (Parys), H. E. du Plessis (Lindley), P. A. Roux (Petrusburg), T. D. Dönges (Bothaville), P. H. Roux (Senekal) en J. J. T. Marquard (Winburg) reeds die kommando's besoek, dienste gehou en in gevalle selfs die Nagmaal bedien het.

5.4 Ná die vredesluiting **aanvaar die Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat die taak van heropbou.** Dit verloop op

verskillende vlakke.

5.4.1 Op 30 April 1903 neem die eerste na-oorlogse Sinode 'n aanvang. Nie maar toevallig nie, word ds. J. J. T. Marquard tot moderator verkies. Ses jaar tevore was hy ook in die stoel; deur die moeilike oorlogsjare het hy kerklik en andersins mee gelewe en waar nodig en moontlik, leiding gegee; en uit hoofde van hierdie agtergrond was hy uitnemend geskik om die voortou in die moeilike proses van heropbou te neem. Reeds by die aanvang van die vergadering roep hy die droewige gebeure van die oorlogsjare in herinnering, maar vind hy ook bemoediging en krag in die drievoudige opstandingseën van die Here Jesus: *"Vrede zij ulieden! Ik send u! Ontvangt den Heiligen Geest."* In hierdie gees en gesindheid verloop die vergadering dan ook.

Afgevaardigdes wat die groete van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal, Natal en Kaapland oordra, beklemtoon almal die noodsaaklikheid van kerkeenheid. Hierdie gedagte het twee jaar later, in 1905, die stigting van **Die Raad van die Nederduitse Gereformeerde Kerke** tot gevolg. Vir die Vrystaatse en Transvaalse kerke moes die meelewing van die geloofsgenote uit Natal en die Kaap veel beteken het.

In die situasie wat ná die vredesluiting ontstaan het, kom die **verhouding tussen kerk en staat** sterk na vore. Die intieme vooroorlogse verhouding tussen kerk en staat het nie meer bestaan nie, maar die moderator gee aan 'n gesant van die Britse owerheid die versekering *"dat wij, in gehoorzaamheid aan Gods Woord, immer Gods zegen zullen afbidden over allen die over ons regeeren"*.

Die Sinode van 1903 maak 'n deeglike opname van die stand van die godsdiens in die verskillende gemeentes. Aan die hand van die godsdiensverslae word verskeie knelpunte geïdentifiseer: die bywoning van eredienste, die gebruik van die sakramente,

verbittering en verwydering tussen gelowiges as gevolg van die oorlog, en die haglike finansiële toestand waarin die meeste gemeentes en die kerk as geheel verkeer het.

Die **Herderlike Brief** gee 'n sterk boodskap van bemoediging, maar ook 'n ernstige wekroep tot toewyding deur aan die gemeentes.

5.4.2 Die aanvoorwerk van die Sinode van 1903 word op **Ringsvlak** verder gevoer.

In April 1904 vergader al vyf Ringe. Hier ook word die **wekroep om 'n nuwe begin te maak**, gehoor; trouens, dit is duidelik dat 'n nuwe begin reeds gemaak is: *"Kerken worden gebouwd, en scholen gesticht."* Die Sentrale Ring besluit om kerkrade te versoek om, indien nodig, oor te gaan tot die stigting van nuwe gemeentes. Tewens word die stigting van 'n nuwe gemeente te Odendaalsrus ter vergadering goedgekeur. By die Westelike Ring word besluit om tot die stigting van nuwe gemeentes te Dealesville en Koffiefontein oor te gaan. Die Oostelike Ring keur in beginsel die stigting van 'n nuwe gemeente tussen Harrismith en Vrede goed.

Die aandag wat die Ringe aan **onderwys** gee, is opvallend en van belang. Die oprigting van kerkskole in al die Ringsgemeentes word deur die Sentrale Ring ten sterkste aanbeveel, en daar word met dankbaarheid kennis geneem van die opofferings wat gemaak word om 'n gesonde Christelike opvoeding vir die kind te verseker. By die Westelike Ring blyk dat Boshof reeds die voortou met die stigting van kerkskole geneem het en dit het tot gevolg dat besluit word om 'n skrywe aan al die gemeentes te rig, waarin aanbeveel word dat kerkskole gestig moet word. Ook by die Noordelike Ring kom die kwessie van Christelike Onderwys sterk ter sprake en word kennis geneem van die stigting van kerkskole in byna elke dorp. By die Oostelike Ring word die kwessie van godsdiensonderrig indringend bespreek, waarna die Ring besluit dat 'n pos geskep moet word vir 'n persoon wat die

saak van die onderwys kon bevorder ten einde *"uniformiteit in schoolbestuur en schoolstandaards te bevorderen"*.

Voorts word allerlei **ander sake**, soos die noodsaaklikheid om gereeld uit die Heidelbergse Kategismus te preek, die belangrikheid van gebed as middel tot kragtige evangelieprediking en geestelike herlewing, gemeentesang, erns met die gebruikmaking van die sakramente, die toepassing van die kerklike tug, die hou van huisgodsdiens, sendingwerk in Nyasaland, asook plaaslike sendingwerk, bespreek.

So lewer die Ringe 'n eie en belangrike bydrae tot die nuwe begin wat ná die oorlog gemaak moes word.

5.4.3 Uit die aard van die saak sou die eintlike werk van heropbou sy beslag in die verskillende gemeentes vind. Op **gemeentelike vlak** is daar inderdaad veel gedoen.

Die notules van kerkrade en ander gemeentelike argiefstukke vertel nie die volle verhaal nie, maar tog genoeg daarvan om 'n indruk te gee van die ontsaglike taak wat daar in elke gemeente op die kerk gewag het. Die Anglo-Boereoorlog met sy nasleep van ellende op tydelike gebied, het ook op kerklike gebied veel ontwrigting veroorsaak. Kerke en pastorieë was erg beskadig en in sommige gevalle totaal verwoes. Van die owerheid is weinig aan skadevergoeding ontvang. Die gemeente van Luckhoff het 'n noukeurige lys opgestel van verliese wat gely is en 'n eis van £1 500 ingestuur. Ná eindelose getalm, is berig ontvang dat daar besluit is om nege pennies in die pond as vergoeding te betaal. Finansieel was al die gemeentes baie swak daaraan toe. Van die geruïneerde gemeentelede kon uiteraard nie veel steun verwag word nie. Daarby het onderlinge verdeeldheid, verbittering en verwydering in mindere of meerdere mate in elke gemeente voorgekom. 'n Gees van verslaendheid en moedeloosheid was aan die orde van die dag. Dit alles, en meer nog, moes die hoof gebied word.

5.4.3.1 Met die gewone **gemeentelike bediening** is so gou as moontlik ná die vredesluiting voortgegaan. Soos voorheen vermeld, het die bediening nêrens werklik tot stilstand gekom nie, maar daar was veel wat die behoorlike uitoefening daarvan erg gestrem het. 'n Groot deel van die leraars is verhinder om vir die volle duur van die oorlog hulle gemeentes te bearbei. In Winburg kan ds. J. J. T. Marquard op 3 Augustus 1902 vir die eerste keer sedert 18 April 1900 weer *"het eeuwig evangelie aan een zeer klein gedeelte zijner gemeente verkondigen"*. Dit geld van 'n hele aantal ander gemeentes. Enkeles was sedert die uitbreek van die oorlog vakant en kon ná die vredesluiting eers hulle leraars ontvang. Onder uiters moeilike omstandighede, maar met onwrikbare getrouheid, word die Woord verkondig en die sakramente bedien. Vir die gemeentelede wat uit die as van die vernietigingsgeweld moes opstaan, was dit van onnoemlike betekenis.

5.4.3.2 **Kerkrade** speel 'n leidende en belangrike rol in hierdie tyd. Die meeste kon binne enkele maande ná die vredesluiting vergader. Van die inisiatief wat geneem is, die beplanning en uitvoering van gemeentelike projekte, vertel die notules van kerkraadsvergaderinge.

Van die eerste sake wat aandag geniet, is die **vergoeding van leraars**. Dewetsdorp moet £500 by die regering leen om hulle verpligtinge na te kom, en dit in weerwil van die feit dat ds. A. J. Malherbe aanbied om van sy salaris *"£50 voor goed te laat vallen en £100 voor een paar jaar of totdat de moeilijkheden voorbij zijn"*. Hierdie offervaardige houding kom by feitlik al die predikante voor. Omtrent almal doen afstand van die traktement wat hulle tydens die oorlog moes ontvang het. Daarby dring 'n groot getal by hul kerkrade aan om vermindering van hul traktement in die moeilike na-oorlogse tyd. Ds. J. A. Pienaar van Bultfontein is met £100 per jaar tevrede; ds. P. J. J. Boshoff van Jacobsdal moet volgens sy beroepsbrief £275 per jaar ontvang, maar hy onthef die kerkraad daarvan en die kerkraad onderneem om £175 per jaar vir dié doel bymekaar te

maak; ds. J. D. Kestell weier om die regeringstoelae tot sy salaris te aanvaar, maar onderneem om dit in die hande van die kerkraad van Ficksburg vir uitdeling aan behoeftiges te laat. Prysenswaardige ondernemingsgees word deur kerkrade aan die dag gelê ten opsigte van die herstel van **kerklike geboue** of die bou van nuwes. Die onvoltooide kerkgebou in Winburg is tydens die oorlog as hospitaal gebruik. In 'n gedrukte skrywe roep ds. J. J. T. Marquard op 21 Januarie 1903 gemeentelede op om *"zeer spoedig"* die bouwerk voort te sit. Die pragtige kerk, wat £21 334.11.3 gekos het, is kort daarna met 'n skuldelas van slegs £9 014.18.6 in gebruik geneem. Hierdie ondernemingsgees en spanwerk kom ook elders voor. In Frankfort vind die eerste kerkraadsvergadering ná die oorlog op 14 Februarie 1903 in 'n tent plaas. Die kerk, voor die oorlog 'n sieraad, is totaal verwoes. Die kerkraad besluit om 'n "noodkerk" van sink en hout te bou. Hulle leraar, ds. Geo Thom, word na die Boland gestuur waar hy £679.5.6 vir die gemeente kollekteer. Terwyl die pastorie herstel word, woon die pastoriegesin in 'n buitevertrek waarvan die voorste gedeelte vir gemeentelike gebruik afgeskort is.

Met die oog op beter bearbeiding en spesifiek **geestelike bouwerk** is kerkrade vergroot en gemeentes gereorganiseer. Dienste, ook in Engels, is in Vredefort gehou. Die kerklike tug is, waar nodig, toegepas.

5.4.3.3 Die wenslikheid van **Christelik-nasionale onderwys** het as gevolg van lord Milner se **verengelsingsbeleid**, die onmiddellike aandag van die Sinode en Ringe geniet. Die gemeentes het geesdriftig op dié weg gevolg. Reeds op 5 Desember 1903 word besluit om 'n kerkskool op Ladybrand te stig. In Brandfort neem ds. J. G. C. de Bruyn leiding met die stigting van die eerste *"Christelijke Nationale School"*. Met die eerste Nagmaal in 1904 word 'n spesiale waarborglys van £150 geopen vir 'n eie kerkskool in Jacobsdal. In Heilbron amalgameer die C.N.O.- en Goewermentskool in 1905. In belang van die onderwys het die

gemeenskap saamgestaan. In Vredefort is in 1904 drie C.N.O.-skole gestig: een op die dorp en twee in die distrik. Dit geld ook van die meeste ander gemeentes.

5.4.3.4 Die Anglo-Boereoorlog het honderde kinders wees gelaat. Verskeie gemeentes het hulleself geroepe gevoel om weeshuise op te rig. In Winburg neem ds. Marquard sedert 1902 hierin leiding. Ook in Ladybrand, Brandfort en Bethulie kom sodanige huise tot stand.

5.4.3.5 Voorts is aan die bearbeiding van die **rypere jeug** gedink. Takke van die **Christelike Strewersvereniging** is vir dié doel onder meer in Bultfontein en Dewetsdorp gestig.

5.4.3.6 Te midde van die groot finansiële nood is na die **behoeftiges** omgesien. Die notules van Smithfield en Vredefort maak melding van hulp wat aan sodaniges verleen is. In Rouxville word met 'n basaar vir die wese £200 byeengebring en onder agt weeshuise verdeel. Op inisiatief van Emily Hobhouse word 'n spin- en weefskool op Philippolis begin. Hierdie vorm van opheffing vind weldra in omliggende gemeentes navolging. Tuisnywerhede vir Boeremeisies in die verarmde distrikte kom tot stand en dra ook daartoe by om bitterheid tussen die bevolkingsgroepe te temper. Die gemeente van Bethulie gee voorts aandag aan die nedersetting by Kransdraai waar persone wat deur die oorlog geruïneer is, werksgeleentheid gekry het.

5.4.3.7 Gemeentes het in die na-oorlogse jare hulle roeping tot die verbreiding van die koninkryk van God nie agterweë gelaat nie. In Zastron word eers 'n **sendingkerk** gebou en daarna 'n kerk vir die blanke gemeente. Ook in Trompsburg word 'n sendingkerk gelyktydig met dié van die moedergemeente gebou en in gebruik geneem. Die oprigting van 'n sendingkerk in Dewetsdorp lei tot die stigting van 'n sendinggemeente in 1906.

5.4.3.8 In etlike gemeentes was daar **ernstige spanning en onderlinge verdeeldheid** as wrange nasleep van die oorlog. Die betrokke gemeentes het hulle ernstige aandag hieraan gegee. In Trompsburg word op 13 Oktober 1902 besluit om die op hande syne Nagmaal uit te stel *"totdat er meer rust en vrede in die gemeente is"*. In Dewetsdorp tree ds. Malherbe en die kerkraad met die nodige wysheid en takt op om die situasie te ontlont. Vanuit Parys kan ds. J. C. Hefer met dank rapporteer: *"De oneenigheid in de gemeente is weggeruimd ..."* In Bethlehem, waar die eerste Nagmaalsviering omrede van *"vele geschillen in de gemeente"* ook uitgestel is, word die vrede, veral onder leiding van ds. C. P. Theron, gaandeweg herstel. In Frankfort gaan dit moeiliker en word, ook met die bemoeienis van ds. S. J. du Toit, 'n gemeente van die **Gereformeerde Kerke onder die kruis** gestig. In Lindley is die stryd eers beëindig nadat ds. H. E. du Plessis, wat van simpatie met die vyand verdink is, bedank het.

In die geheel genome, het die Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat sy mooi leuse ***Lux in tenebris*** (Lig in die duisternis) in die donker tyd vóór, tydens en ná die Anglo-Boereoorlog getrou gestand gedoen. Soos die Boerevolk het die kerk uit die stryd getree, gehawend maar ook gelouterd; gewond, maar nie oorwin nie. In die na-oorlogse jare gaan die kerk voort met sy Godgegewe taak en groei uit tot groter hoogtes as tevore - in die krag van die lewende Here en tot sy verheerliking.

---oOo---

BYLAE A

Brief van M. T. Steyn, Staatspresident van die Vrystaatse Republiek, aan ds. P. A. Roux met sy besoek aan die kommando's aan die westelike front.

Hy tree as kapelaan op in 'n nie-vegtende hoedanigheid.

Geteken te Bloemfontein, 16 November 1899.

I Marthinus Theunis Steyn President of the Orange Free State do hereby certify that the Revd P. A. Roux Clergyman of the Dutch Reformed Church in the Orange Free State is authorised to accompany the Commandos on and beyond the Western Borders of the Orange Free State as Clergyman and that he only acts in said capacity and is a non-combatant.

This done and given under my hand at Bloemfontein this sixth day of November 1899.

M. T. Steyn
Staatspresident

BYLAE B

Amptelike brief van die moderator, ds. J. J. T. Marquard, aan sir Alfred Milner.

Geskryf vanuit Stellenbosch, 27 Oktober 1900; 14 November 1900.

Stellenbosch
27th October

To His Excellency, The High Commissioner,
Sir Alfred Milner

Sir

In acknowledging of your reply to my letter of the 12th October I deeply regret that your Excellency has not been able to comply with my request regarding a matter, described by your Excellency to be of "grave concern". My prayer was made on behalf of women and children, widows and orphans, homeless and houseless ones, deprived of the help ~~of~~ and all helpful comfort derived from the spiritual ministration of their pastors. ~~By the removal of the ministers these helpless ones have lost~~ ~~me~~ By the removal of their ministers the lot of the poor helpless women, terribly sad as it was has become intensely more so.

~~By sending~~ By imploring ~~the~~ permission for the return of the ministers ~~we~~ I only ask

2 for the extending of ~~th~~ a helping hand
to those who, under all circumstances
ought to be ~~helped~~, protected
helped and comforted. I regret that
your Exc. considers ~~generally~~ that the operations, now
~~go~~ going on in the country, makes it
doubtful as to whether the return of the
ministers would be possible. I beg to remind
Your Excellency that I appealed on behalf
of ministers who are and have been non-combatants, and

With regard to Your Excellency's request
to furnish you with the names of any clergymen,
who, to my ~~own~~ knowledge, are absent from
their parishes, and unwilling to return, frankly
accepting the new order of things", I may
state that I have not a complete list of the
addresses of the clergymen referred to. But then, even if I had,
I would like to have a clear definition of
what is implied by the "new order of things"
Just now a ~~proclamation~~ amongst others for making it
possible to compel ministers, as leading
inhabitants of towns, to accompany trains; then too
under martial law anyone may be arrested
without warrant on behalf of the ministers I would

3 like to know whether they will be exempt from what is required by proclamations from the burghers, who are combatants.

By the post, which brought Your E's telegram I received a letter from the Treasurer of our Board at Finance at Bloemfontein intimating that the Military Governor had instructed him to call upon the Ministers of the DRC who may refuse to take the oath of allegiance to His Brit. Majesty K. before the 30th of Nov, otherwise they will forfeit the contribution towards their stipends hitherto paid by the Government of the Free State and will not be allowed to return to their parishes. I take it to mean that every minister, unwilling to take the oath, will be practically discharged, though I still hope that it will appear that the Board has misunderstood the Military Governor's instructions. The discharge of a minister is a matter so intimately connected with spiritual authorities that I cannot believe that instructions have been given whereby it is intended to place the attachment or discharge of ministers on a par with that of civil servants. If

4 would be very gratifying to hear from Y. E.
that my intention of getting [illegible] is a [illegible]
In conclusion I beg to repeat my last
prayer. What we ask is to be allowed to go back to
our employments and to remain there on "parole"
subject to the strictest possible neutrality
as regards political matters. Our prayer is we
save the mine of thousands who are now
under the Spaniards as [illegible] help which
the ministers could so easily give [illegible]
And so we shall continue to pray.
~~pray for [illegible]~~ as in ~~duty~~
Believe me to be,
Your Excellency's obd. servant
J. [illegible]
[illegible]

Stellenbosch
14/11/00

To His Excellency, The High Commissioner,
Sir Alfred Milner

Sir,

I beg to acknowledge the receipt of Your Excellency's communication of ~~yo~~ the 12th instant, and in reply once more to express my deep regret ~~that you have are not yet at liberty to~~ that the condition of the helpless women and children does not appear to Your Excellency a sufficient reason for urging upon the Military Authorities the favourable consideration of the return immediate of the Ministers. ~~on this behalf and for the benefit the ministers desire to return to their congregation~~ To us the lot of the women and children is a terrible one and for their sakes we are prepared to go back to ~~their~~

2

stand, if necessary, poverty with them. The question of stipends is, as I have already informed the Military Governor at Bft. ~~is~~ not one of primary importance.

With regard to the oath of allegiance I humbly submit that it is not fair to compel us to take during the war the side hostile to our people. There could have been no objection ~~to the oa~~ such a oath had the Country really submitted and its Government given in.

In thanking Your Excellency for your further statements with regard to the expression "frankly accepting the new order of things" I beg to state that the ministers are not prepared to give their word that they will exercise their influence to discourage any further resistance on the part of their congregations during the war. Some of the ministers have by their neutrality-oath promised to remain neutral till the end of the present war.

3

~~how~~ ~~by~~ how then can they bear this oath by, [illegible] of [illegible] neutral, definitely siding against one of the contending parts. Others again have been sent out of their congregations ~~for for not being clear~~ on the charge of not being strictly neutral; this oath would make them do the very thing ~~we~~ they have always been blamed for doing.

Referring to the ~~fifth~~ fourth paragraph of your Excellency's letter I ~~do~~ am afraid you not quite understand my difficulty. As Martial law is now ~~applied~~ enforced any minister is liable to arrest and removal without the opportunity of meeting the charges brought against him. I was arrested at [illegible] and removed from there sometime last August. Up to the present time I have no clear idea ~~of the supposed crime committed by me.~~ of what the crime is of which I was supposed to be guilty.

~~In~~ I look forward to the result of Your Excellency's further enquiries re the alleged "discharge" of ministers. The circular, issued by one of the Military Gov at D distinctly stated that no minister, unwilling to take the oath of allegiance, will be allowed to return to his congregation.

I remain
Sir
Yours respectfully,
J. G. Fraser
Min Sygn -

BYLAE C

Amptelike brief van die moderator, ds. J. J. T. Marquard aan die owerheid te Bloemfontein insake finansiële sake.

Gedateer: 29 Oktober 1900.

Stellenbosch
29/1/'00

Den Sec der Financiele Com.
Bloemfontein

Wel Ed. Heer.

In myne betrekking des Predikant van [illegible] hebt u een circulaire ons u ontvangen en daarin leid ik af dat een dezelfde circulaire aan alle predikanten is verzonden.

In alle bescheidenheid moet ik zeggen dat de beslissingen der Com. my verstaant en wel om de volgende redenen: —

1) 't Is u bekend dat volgens de Kerkenorde commissie slechts salarissen uitbetaalt volgens instructies van den Quaestor Synodi; instructies die hij weer op zijne beurt van de H.E.C. Synode ontvangt. Zonder aan den Q.S. kennis te geven, of hem zelfs in de gelegenheid te stellen de Alg. Syn. Comm. te raadplegen, gaat uwe Comm. eene verandering aanbrengen in de uitbetaling der salarissen

2) 't Is u overbekend dat de regeering niets te doen had met uwe aanstelling

2

met de enkele predikanten. Zij behandelde eene ~~bedrag~~ som
aan de Synode, en de Synode beschikte over de wijze &
't bedrag van uitbetaling. Nu gaat zij in onderhandeling
treden met elken predikant afzonderlijk, hem stellende
eene voorwaarde door de Synode hem niet voorgelegd, en
zij introduceert een beginsel dat eene inmenging van staats-
wege huldigt, die ongetwijfeld door de Synode zal wor-
den afgekeurd.

3). Zij laat u in met eene zaak die geheel & al buiten
uwe bevoegdheid ligt. Wat heeft de financieele comm.
te doen met het benoemen van predikanten al dan niet?
Wat zij nodig had was — om het verzoek van
den Edel Achtb. Gouv. aan mij voortelegen om van mij
te vernemen of ik ~~niet~~ gewillig was van het innemen
van 't geval de leden van, der Alg. Syn. Comm. het bedrag op
de voorwaarde door H. M. Reg. gesteld aantenemen, zoo niet.
Ik kan niet denken dat het beginsel bij u was dat
ik met u comm. zoude kunnen komen met de leden
als Alg. Syn. Comm.: Kunnen uwe circulaires die
persoon bereiken waarom dan ook niet eene circulaire
die ik zoude kunnen zenden.

Ik verzoek u derhalve. duidelijk te ver-
staan dat de toelage sinds eenige predikanten aan de
voornoemde zaak saldo direkt aan hen & niet door
middel van uwe comm. moet uitbetaald worden.

Daar de circulaire niet had behooren verzonden
te worden zonder mij voorgelegd te zijn, en het eene bijzonder-
heid bevat die met de formaliteiten der Kerk niets te doen
heeft, behoort zij teruggetrokken te worden

Eene circulaire en aanvanding bericht

3. bevattende dat H.E.M.R. niet genegen is de toelage verder uit te betalen tenzij de predikanten den Eed v Getr. afleggen zou binnen de bevoegdheid van eene Commissie zijn. Zulk eene Circulaire zou eene bloote Kennisgeving bevatten, die deze Comm. natuurlijk behoort te ~~te~~ doen.

Maar het eene beslissing ~~raakt~~ meen ik dat zulks niet door de predikanten afzonderlijk kan genomen worden, maar alleen door de Synode behoorlijk vergaderd. De Synode moet besluiten of zij de toelage voorwaardelijk of niet zal aannemen.

Hoogachtend
Uw Dw. Dr.
J. J. E. Marquard.

BYLAE D

Omsendskrywe aan alle Vrystaatse predikante oor die aflê van die eed van getrouheid aan Engeland.

Ds. Geo Thom van Frankfort ontvang sy kopieë op reis tussen Tafelbaai en Natal op 24 November 1900.

Geteken te Bloemfontein, 19 Oktober 1900.

1647

Beantwoord 24 Nov. 1900. Zie Inl. Albumi en Notule

*Bloemfontein,*
*Oranje Rivier Kolonie,*
*19den October, 1900.*

*Den WelEerw. Heer* G. Thom
*Predikant der Ned. Geref. Gemeente,*
*te* Frankfort

*WelEerw. Heer,*

